

DIE ROL VAN DIE GEMEENTE AS 'N GEMEENSKAP VAN GELOWIGES IN BEGELEIDING TOT BELYDENISAFLEGGING

THOMAS FREDERICK DREYER

B.Com.; Hons. B.Th.; M.Div.

**Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir
die graad Magister Theologiae in Pastoraal aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

Studieleier: Prof. Dr. B.J. de Klerk

**2003
Potchefstroom**



WE KNOW OUR EFFORTS CANNOT BRING IN GODS
COMMUNITY, BUT FAITH PLUNGES US INTO THE
STRUGGLE, AND HOPE GIVES US COURAGE AND ENERGY
TO LIVE FROM REFORM TO REFORM.

JOHN H. WESTERHOFF III

vir Erna

VOORWOORD

Ek het daarvan oortuig geraak dat die grootse waarde van so 'n studie nie in die eerste plek geleë is in die eindproduk of die bydrae wat die navorsing tot die wetenskap maak nie, maar veel eerder in dit wat in die proses met die navorsers gebeur. Die Here het hierdie studie op 'n besondere manier in my lewe gebruik - en my in die proses meer geleer van geduld, toewyding, deursettingsvermoë, verhoudings, die groot krag van gebed en van sy groot genade. Hy het ook die inhoud van hierdie studie gebruik om my weer te laat nadink oor my eie kerkbeskouing, my geloofwaardigheid, my gemeenskap met medegelowiges en uiteindelik my persoonlike verbintenis met Hom en sy Liggaam – die kerk van Jesus Christus. Ek het egter veral bewus geword van sy genade in die selfopofferende liefde van mense wat Hy op my pad gestuur het. Daarom noem ek graag die volgende mense se name, tot sy eer:

In die eerste plek, my vrou. Jou bid, jou belangstel, jou liefde, jou opoffering, jou Milo-, koffie- en hot-chocolate-aandra in die aande het my gedra. Ek kan nie vir die Here genoeg dankie sê dat Hy jou vir my gegee het nie. Daarom wil ek ook hierdie werk aan jou opdra.

Die drie ouers in my lewe. My eie ma en pa - vir wie ek eintlik nie met woorde kan dankie sê nie - en my skoonma, wat sonder ophou opreg belang gestel het in my studies. Dankie vir julle bid, bel en bemoediging. Julle is vir my en Erna baie spesiaal.

Ongelooflike goeie vriende. Die Here het my en Erna geseën met vriendskappe wat vir ons so baie beteken. Ek wil vir almal van julle wat deel is van ons lewens baie dankie sê. My klasmaats van die afgelope vyf jaar verdien egter besondere vermelding. Dankie vir die manier waarop die Here julle in my lewe gebruik het. Dankie vir die saam bid, saam lag, saam huil, saam groei, saam lewe. Elkeen van julle het 'n aandeel in hierdie studie.¹

Die Gereformeerde Kerk, Marble Hall. Baie dankie vir julle betrokkenheid by my en Erna die afgelope vyf jaar. Deur julle finansiële ondersteuning het julle dit vir my moontlik gemaak om al my aandag aan my studies te gee.

¹ Vir meer inligting sien De Kock (2003); Van der Klasthorst (2003); Zwemstra (2003).

My studieleier, prof. Ben de Klerk. Dankie dat u vertrouwe in my gehad het, toe ek self baie getwyfel het. Dankie vir die tydige en ontydige tye wat ek maar net kon bel of kom aanklop. Deur u begeleiding het my opgewondenheid 'n passie geword.

My taalversorger. Pieter, ek gebruik doelbewus die woordjie “my” omdat jy nie weer van my gaan ontslae raak nie. Dankie vir jou uiters bekwame en professionele diens. Sê ook vir Kathleen baie dankie vir die vertaling op kort kennisgewing. Dankie dat ek die hele tyd wat ons saam gewerk het die warm verbondsliefde van יהוה in jou lewe kon sien.

Mag die Here in sy genade ook hierdie werk gebruik om die mense wat dit lees se visie van die kerk te vorm na gelang van sy Woord en deur sy Gees; mag dit ons almal opskerp in ons geloofwaardigheid; in ons selfopofferende liefdesdiens, aanvaarding en onderrig van mekaar en veral van ons jongmense; mag dit die persepsie dat jongmense nie volwaardig deel is van die geloofsgemeenskap nie verander en mag dit ons almal opskerp in ons persoonlike verbintenis met God en die gemeente op grond van sy genadige verbintenis met ons. Mag die verandering op al hierdie terreine daartoe dien dat die geloofsgemeenskap weer haar uiters belangrike rol in die begeleiding van jongmense tot belydenisaflegging na behore vervul.

Thomas Dreyer

September 2003

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1:

INLEIDING	1
1. VOORGESTELDE TITEL	1
2. PROBLEEMSTELLING	1
3. DOELSTELLINGS EN DOELWITTE	4
4. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT	4
5. METODE	5
6. HOOFSTUKINDELING	6
7. OUTEURSOPMERKINGS	6
8. SKEMATIESE VOORSTELLING OM KORRELASIE TE LAAT BLYK	8

HOOFSTUK 2:

BASISTEORETIESE BEGINSELS	9
1. INLEIDING	9
2. 'N SISTEMATIES-TEOLOGIESE BASISTEORIE VAN DIE GEMEENTE (KERK)	10
2.1 'N OORSIG OOR DIE BYBELSE GETUIENIS VAN DIE KERK	10
2.1.1 Die getuienis uit die Ou Testament	11
2.1.2 Die getuienis uit die Nuwe Testament	13



2.1.2.1	Oorsigtelik	13
2.1.2.2	Die Evangelies	14
2.1.2.3	Handelinge	16
2.1.2.4	Die briewe van Paulus	16
2.2	DIE KERK AS 'N SKEPPING VAN DIE DRIE-ENIGE GOD	17
2.2.1	<i>Die kerk as die volk van God</i>	18
2.2.2	<i>Die kerk as die liggaam van Christus</i>	20
2.2.3	<i>Die Kerk is die "tempel van die Heilige Gees"</i>	23
2.3	SAMEVATTENDE AFLEIDINGS VAN BELANG VIR DIE STUDIE	26
3.	'N PRAKTIES-TEOLOGIESE BASISTEORIE OOR DIE KERK AS 'N GELOOFSGEMEENSAP	29
3.1	DIE VERTREK PUNT	29
3.2	DIE KERK AS 'N GELOOFSGEMEENSAP: EKSEGESE VAN HANDELINGE 2:42-47	31
3.2.1	<i>Agtergrond en afbakening</i>	31
3.2.2	<i>Kursoriese eksegeese oor Handelinge 1 en 2 as breër konteks van Handelinge 2:42-47</i>	32
3.2.3	<i>Detail-eksegeese van Handelinge 2:42-47</i>	33
3.2.3.1	<i>'n Oorsig oor die perikoop in geheel en motivering vir die spesifieke keuse</i>	33
3.2.3.2	<i>'n Gedagtestruktuur en verklaring van Hand. 2:42-47</i>	34
3.2.3.3	<i>Besondere aandag aan die begrip koinonia</i>	37
3.2.3.4	<i>'n Korporatiewe getuienis: Verklaring van Hand. 2:47</i>	39
3.2.4	<i>Samevattende afleidings van belang vir hierdie studie uit Handelinge 2:42-47</i>	41



3.3	DIE VIER BEDIENTINGS VAN DIE GEMEENTE IN AANSLUITING BY DIE VIER WESENSEIENSKAPPE	43
3.3.1	<i>Kerugma</i>	44
3.3.2	<i>Leitourgia</i>	44
3.3.3	<i>Diakonia</i>	45
3.3.4	<i>Die vier bedienings ineengewef</i>	46
3.3.5	<i>Samevattende afleidings van belang vir hierdie studie</i>	47
4.	DIE GEMEËNSKAP VAN DIE GELOWIGES AAN DIE HAND VAN DIE “MEKAAR”-OPDRAGTE	48
4.1	DIE VERTREKPUNT	48
4.2	DIE INDIKATIEF VAN DIE “MEKAAR”-TEKSTE	49
4.3	’N BREË OORSIG OOR DIE “MEKAAR”-OPDRAGTE	50
4.4	DIE “MEKAAR”-OPDRAGTE WAT VAN BESONDERE BELANG IS IN DIE LEWE VAN JONG GELOWIGES	51
4.4.1	<i>Aanvaar mekaar (Romeine 15:7)</i>	51
4.4.2	<i>Dien mekaar</i>	54
4.4.3	<i>Leer en onderrig mekaar</i>	56
4.5	SAMEVATTENDE AFLEIDINGS VAN BELANG VIR HIERDIE STUDIE	58
5.	DIE BEGRONDING VAN BELYDENISAFLEGGING NA AANLEIDING VAN DIE VERBINTENISKARAKTER	60
5.1	VERTREKPUNT	60
5.2	BELYDENISAFLEGGING AS ANTWOORD OP GOD SE VERBINTENIS MET DIE VERBONDSKIND	61
5.2.1	<i>Die verbond</i>	61
5.2.2	<i>Die doop</i>	64
5.2.3	<i>Die verband tussen die verbond, die doop en openbare geloofsbelydenis</i>	66
5.2.4	<i>Samevattende afleidings van belang vir hierdie studie</i>	67



5.3	BELYDENISAFLEGGING AS 'N PERSOONLIKE GELOOFSVERBINTENIS AAN GOD EN SY GEMEENTE	69
5.3.1	<i>'n Persoonlike geloofsverbintenis aan God, gegrond in kennis: Matt. 16:15-18</i>	69
5.3.1.1	Motivering vir die keuse van hierdie gedeelte	69
5.3.1.2	Kursoriese eksegesi van Matt. 16:13-20 as breër perikoop	69
5.3.1.3	Detail-eksegesi van Matt. 16:15-18	70
5.3.1.4	Die volgende afleidings kan na aanleiding van Matt.16:15-18 gemaak word:	73
5.3.2	<i>Geloofsbelydenis as toe-eiening van die genade in Christus: Eksegesi van Joh. 20:28</i>	73
5.3.2.1	Motivering vir die keuse van hierdie gedeelte	73
5.3.2.2	Plek van Johannes 20:24-29 as breër perikoop in die hoofstuk en die boek	74
5.3.2.3	Kursoriese eksegesi van Johannes 20:24-29	75
5.3.2.4	Detail-eksegesi van Tomas se geloofsbelydenis in Johannes 20:28	75
5.3.2.5	Die volgende afleidings kan na aanleiding van Johannes 20:28 gemaak word:	77
5.3.3	<i>Verbintenis aan die geloofsgemeenskap</i>	77
5.3.4	<i>Samevattende afleidings van belang vir hierdie studie</i>	78
6.	OPSOMMEND	79
7.	BASISTEORETIESE BEGINSELS	81



HOOFSTUK 3:

METATEORETIESE PERSPEKTIEWE	82
1. INLEIDING	82
2. METATEORETIESE PERSPEKTIEWE VANUIT DIE SOSIOLOGIE	83
2.1 VERTREKPUNT	83
2.2 SOSIALISERING	84
2.2.1 <i>Die agente van sosialisering</i>	85
2.2.1.1 Die familie as 'n agent van sosialisering	86
2.2.2 <i>Intensionele en onintensionele sosialisering</i>	89
2.2.2.1 Intensionele sosialisering	89
2.2.2.2 Onintensionele sosialisering	90
2.3 SAMEVATTENDE AFLEIDING VAN BELANG VIR HIERDIE STUDIE	93
3. PERSPEKTIEWE OP DIE HEDENDAAGSE KERKBESKOUING ONDER GEREFORMEERDES VAN DIE DRIE SUSTERKERKE	96
3.1 VERTREKPUNT	96
3.2 'N KULTUURKERK-SITUASIE	97
3.3 SAMEVATTENDE AFLEIDINGS VAN BELANG VIR HIERDIE STUDIE	99
4. JONGMENSE SE ONTEVREDENHEID MET DIE HUIDIGE SITUASIE IN DIE KERK	101
4.1 VERTREKPUNT	101
4.2 JONGMENSE SE KRITIEK OP HULLE KERKE	101
4.3 DIE BEHOEFTE VAN JONGMENSE	103
4.4 SAMEVATTENDE AFLEIDINGS VAN BELANG VIR HIERDIE STUDIE	104



5. EMPIRIESE STUDIE OOR DIE ROL VAN DIE GEMEENTE AS 'N GEMEENSAP VAN GELOWIGES IN BEGELEIDING TOT BELYDENISAFLEGGING	105
5.1 VERTREKPUNT	105
5.2 TEORIE VIR EMPIRIESE NAVORSING	105
5.3 METODIEK	106
5.4 TERUGVOER	108
5.4.1 <i>Jongmense wat kerklos raak of by ander kerkgroepe inskakel</i>	109
5.4.2 <i>Die belangrikheid en besonderheid van belydenisaflegging</i>	111
5.4.3 <i>Jongmense se inskakeling by en deelname aan die geloofsgemeenskap</i>	117
5.4.4 <i>Die rol wat volwasse gelowiges speel om jongmense deel te maak van die geloofsgemeenskap en hulle te wys op hulle rol en roeping in die kerk</i>	120
5.5 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING NA AANLEIDING VAN DIE EMPIRIESE STUDIE	124
6. SAMEVATTENDE METATEORETIESE PERSPEKTIEWE	126

HOOFSTUK 4:

PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE	129
1. INLEIDING	129
2. RIGLYNE VIR DIE KONKRETISERING VAN DIE ROL VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP IN BEGELEIDING TOT BELYDENISAFLEGGING	130
2.1 DIE VORMING VAN 'N BYBELS-TEOLOGIESE VISIE VIR DIE KERK	130
2.1.1 <i>Vertrekpunt</i>	130
2.1.2 <i>Riglyne ten opsigte van die herstel en vestiging van 'n Bybels-teologiese visie vir kerk</i>	131



2.1.2.1	Algemene riglyne	131
2.1.2.2	Die identiteit van die kerk/gemeente	133
2.1.2.3	Die missie van die kerk/gemeente	134
2.1.2.4	Die bedieningsstrategie (die manier waarop die opdrag uitgevoer word)	134
2.2	'N FOKUS OP DIE GELOOFWAARDIGHEID VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP	135
2.2.1	<i>Vertretpunt</i>	135
2.2.2	<i>Riglyne vir die herstel van die geloofwaardigheid van die geloofsgemeenskap</i>	136
2.2.2.1	Algemene riglyne	136
2.2.2.2	Riglyne vir die herstel van jongmense se vertroue in die κοινωνία van die gemeente	137
2.2.2.3	Riglyne ten opsigte van κήρυγμα as een van die bedienings van die gemeente	139
2.2.2.4	Riglyne ten opsigte van λειτουργία as een van die bedienings van die gemeente	141
2.2.2.5	Riglyne ten opsigte van διακονία as een van die bedienings van die gemeente	144
2.3	GEFOKUSDE BEDIENING VAN DIE JEUG DEUR DIE GELOOFSGEMEENSAP	145
2.3.1	<i>Vertretpunt</i>	145
2.3.2	<i>Riglyne vir 'n gefokusde beoefening van gemeenskap met jongmense</i>	146
2.4	JONGMENSE AS 'N INTEGRALE DEEL VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP	150
2.4.1	<i>Vertretpunt</i>	150
2.4.2	<i>Riglyne vir die regstelling in persepsies oor jongmense se deel-wees en deel-voel van die geloofsgemeenskap</i>	151
2.5	GELOOFSVERBINTENIS BINNE DIE GELOOFSGEMEENSAP	153
2.5.1	<i>Vertretpunt</i>	153
2.5.2	<i>Riglyne vir die beklemtoning van die verbintenisaspek in belydenis-van-geloof-aflegging</i>	154



3. SAMEVATTING	157
-----------------------	------------

HOOFSTUK 5:

SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING	159
------------------------------------	------------

1. INLEIDING	159
---------------------	------------

2. FINALE GEVOLGTREKKING	165
---------------------------------	------------

3. TERREINE VIR VERDERE ONDERSOEK	167
--	------------

UITTREKSEL	168
-------------------	------------

ABSTRACT	170
-----------------	------------

SLEUTELTERME / KEY TERMS	172
---------------------------------	------------



HOOFSTUK 1

INLEIDING

1. VOORGESTELDE TITEL

Die rol van die gemeente as 'n gemeenskap van gelowiges in begeleiding tot belydenisaflegging.

2. PROBLEEMSTELLING

Belydenis-van-geloofaflegging moet 'n hoogtepunt wees in die lewe van die gemeente as 'n gemeenskap van gelowiges - as 'n verbondsgemeenskap. Dudley (1994:9) probeer om só 'n geleentheid in woorde te beskryf as hy sê: "The vaulted ceiling of the gothic nave seemed warmer and closer than usual as we received these young people through the rite of passage into the historic traditions of the church. Friends smiled, parents beamed, grandparents cried." Dat dit so 'n grootse geleentheid is, is ook heeltemal te verstane. In die Gereformeerde tradisie word daar groot klem gelê op die verbond. Gereformeerdes glo dat God in Jesus Christus die verbond van genade met hulle en hulle kinders opgerig het (Hand. 2:39). Belydenis-van-geloofaflegging is die amptelike geleentheid waartydens die gelowige voor God en die gemeente antwoord op God se verbond. Dit is dus inderdaad gepas om verwonderd te staan wanneer jongmense belydenis van geloof aflê. Elke geleentheid waar verbondskinders deur hulle belydenis van geloof bevestig dat hulle God se beloftes toe-eien en dat hulle volkome deel wil wees van sy verbondsgemeenskap, is 'n bevestiging van God se trou en genade.

Die praktyk skets egter 'n ander prentjie van hierdie saak. Volgens Hanekom en Hendriks (1996:642) staan belydenisaflegging as liturgiese handeling waarmee dooplidmate formeel belydende lidmate van die kerk word, reeds geruime tyd in die brandpunt. Hulle beskryf die situasie soos volg:



“Van die besware wat dikwels gehoor word, is dat jongmense lidmaatskap van die kerk aanvaar sonder dat daar enige ware verbintenis gemaak word. Jongmense toon nie die nodige erns vir dit wat gebeur nie. Min persone word weggewys. Daar word van die “worsmasjieneffek” of “drukgingeffek” gepraat. Elke jaar word nuwe lidmate “geproduseer” wat ... soos ‘droë hout’ in die kerk opgaar. ...Almal is dit eens dat te veel jongmense feitlik onmiddellik na hulle belydenisaflegging van die kerktoneel verdwyn.” (Hanekom & Hendriks, 1996:642.)

In dieselfde trant spreek Yurs (1999:17) sy kommer uit:

“Confirmation is in serious trouble. Ideally, it is the gateway to active discipleship; in reality, it is the off-ramp. It seems to function more as a rite of release than of initiation. It marks honorable discharge more than eager enlistment. There is pride in a job done, but little commitment to a task that awaits. No wonder many pastors and parishioners believe there is something wrong with this rite.”

’n Nuwe probleem is dit beslis nie. De Klerk (1999:31) getuig oor die situasie in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) as hy sê: “Van ons kerke se begaafde mense in statistiek het al in die vroeë tagtigerjare gewys dat jongmense na belydenisaflegging van die kerk afdwaal.” Van Gorsel (1978:4) skryf byna ’n kwarteeu terug in ’n referaat, getiteld *Doop en Belijdenis*, die volgende oor die hele saak van belydenisaflegging: “Het valt niet te ontkennen dat formalisme en oppervlakkigheid hier hun kansen hebben gekregen, waardoor de kerk honderden papieren leden heeft gekweekt.”

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar iets van die grootsheid van belydenisaflegging verlore geraak het. Daarom ook dat Burger (1991:95) sê: “Daar sal dogmaties, maar veral *prakties-teologies* baie kreatief gedink moet word aan maniere waarop ’n maksimum aantal dooplidmate gehelp kan word om via ’n egte geloofsverbintenis ten volle deel te word van die geloofsgemeenskap.” (Kursivering deur TFD.)

Verskeie oplossings vir die probleem is al oorweeg. ’n Baie insiggewende en meer onlangse voorstel is dié van Hanekom en Hendriks (1996:643). Hulle lê ’n voorstel ter tafel wat hulle bewoord as “’n keuse vir ’n sensitiewe hantering van belydenisaflegging as oorgangsritueel”.



Dudley (1994:9) soek die oplossing vir die probleem in “continual confirmation”. Hy skryf die volgende: “As communities of faith we must find ways to reconfirm our commitments at significant moments throughout our lives.”

In die GKSA is die probleem vanuit twee hoeke benader. Vir baie lank is daar na die oplossing gesoek in die bepaling van die regte ouderdom vir belydenisaflegging (vgl. Postma, 1918:13; Spoelstra, 1956:6; Van der Walt, 1950:6; Van Wyk de Vries, 1956:7; Van Wyk, 1972:33-40). Van der Walt (1976:1-177) doen byvoorbeeld ’n baie deeglike en insiggewende studie oor rypheid en die aflegging van geloofsbelydenis.

Dit wil voorkom asof die navorsing wat tot dusver oor die onderwerp gedoen is grootliks gefokus het op die persone wat belydenis aflê (vgl. Hanekom & Hendriks, 1996:642-652; Dudley 1994:9; Van der Walt, 1976:155-157). Daar is egter baie min, indien enige, literatuur beskikbaar wat ondersoek instel na die rol van die gemeente as ’n gemeenskap van gelowiges in begeleiding tot belydenisaflegging. De Klerk (1999:31-32) en Boy (1991:19-20) raak wel die saak aan in hulle pleidooi vir voorgaande begeleiding van die ná-belydenisgroep. De Klerk (1999:31-32) skryf in sy artikel die volgende:

“ ... dit is baie nodig om besondere verdere begeleiding aan hulle te gee in hulle eerste jaar na belydenis. Dikwels word net verwys na die feit dat kinders in die tyd van die Reformasie baie vroeër belydenis afgelê het, maar nie na die groot sorg wat die destydse kerke, soos Calvyn ons leer, aan hierdie jongmense na belydenisaflegging gegee het nie.”

Daar is egter ook by beide die skrywers ’n sterk fokus op die persone wat belydenis aflê en die rol wat die gemeente moet speel, word nie duidelik aangetoon nie. Dit bring die oorkoepelende navorsingsvraag na vore wat hierdie studie sal poog om te antwoord: Wat is die rol van die gemeente as ’n geloofsgemeenskap in die begeleiding tot jong lidmate se belydenisaflegging?

Die spesifieke vrae wat uit die oorkoepelende navorsingsvraag voortspruit en wat in hierdie studie aan die orde kom, is die volgende:



- Watter riglyne gee die Skrif oor die verantwoordelikheid van die gemeente as geloofsgemeenskap in die begeleiding van jongmense tot belydenisaflegging?
- Watter lig werp die sosiale wetenskappe op die rol van die geloofsgemeenskap in die godsdienstige sosialisering van jongmense?
- Wat is die huidige situasie met betrekking tot die betrokkenheid van die gemeente as geloofsgemeenskap in begeleiding tot belydenisaflegging?
- Watter riglyne bied die hermeneutiese wisselwerking tussen beginsels en huidige praktyk vir 'n nuwe praktykteorie?

3. DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

Die doelstelling van die voorgestelde navorsing is om vas te stel wat die rol van die gemeente as 'n geloofsgemeenskap is in die begeleiding van die jong lidmaat tot belydenis-van-geloofaflegging.

Om hierdie doel te bereik word die volgende doelwitte vir die navorsing gestel:

- 1) Om 'n ondersoek te doen na die verband tussen begeleiding tot belydenisaflegging en die gemeente as 'n gemeenskap van die gelowiges.
- 2) Om 'n ondersoek te doen na die rol van die geloofsgemeenskap in die godsdienstige sosialisering van die jongmense – vanuit 'n sosiologiese hoek.
- 3) Voorts, om 'n literatuurstudie oor die situasie binne die breër Gereformeerde tradisie van die drie Susterkerke, sowel as 'n empiriese ontleding van die situasie in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA), te doen.
- 4) Om 'n kritiese sintese van die gegewens te maak ten einde sodoende 'n nuwe of verstellde praktykteorie daar te stel.

4. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat geloofsgemeenskap 'n belangrike rol speel in die begeleiding van jongmense tot uiteindelijke belydenisaflegging.



5. METODE

In die metode van hierdie studie word aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:166 e.v.) vir die Praktiese Teologie ontwerp het. 'n Basisteorie word gevorm uit die teologiese "tradisie". 'n Metateorie word vanuit onder andere grens- en hulpwetenskappe medebepaal, en praktykteoretiese perspektiewe artikuleer uiteindelik nuwe of aangepaste teorie (Erasmus, 2001:4). Sodoende word vanuit die twee refleksiedomeine van basisteorie en situasie/werklikheid (in hermeneutiese wisselwerking) 'n nuwe praktykteorie ontwerp (Venter, 1992:42-44; 1996:198-200; Heyns & Pieterse, 1990:38-39).

Basisteorie-perspektiewe (vgl. doelstelling 1) sal vanuit die volgende aan die orde kom:

- 'n Sistematies-teologiese oorsig oor dít wat die Bybel oor die kerk (gemeente) openbaar.
- 'n Prakties-teologiese oorsig oor die kerk as geloofsgemeenskap. Dit sal gedoen word deur die eksegeese van Handeling 2:42-47 tesame met 'n oorsig oor die vier bedienings van die gemeente.
- Perspektiewe op die geméenskap van gelowiges sal aan die hand van die "mekaar"-opdragte aan die orde kom - met 'n fokus op die opdragte wat van besondere belang is in die lewe van jong gelowiges.
- Die basisteoretiese begronding van belydenisaflegging vanuit 'n oorsig oor enkele belangrike begrippe, naamlik die verbond en die doop - met 'n besondere fokus op die verbinteniskarakter van belydenisaflegging. Die persoonlike verbintenis aan God en die gemeente sal aan die orde kom vanuit die eksegeese van onder andere Matteus 16:15-18 en Johannes 20:28.

Op metateoretiese vlak sal daar in die eerste plek vanuit 'n sosiologiese hoek gekyk word na godsdienstige sosialisering. Die godsdienstige sosialisering binne die geloofsgemeenskap sal aandag geniet (vgl. doelstelling 2). Vervolgens sal 'n literatuurstudie sal gedoen word ten einde 'n bepaalde beeld van die werklike situasie binne die breër Gereformeerde tradisie te kry. Daar sal egter veral aandag gegee word aan die situasie binne die GKSA deur middel



van 'n empiriese studie (vgl. doelstelling 3). In hierdie studie word 'n kwalitatiewe metode gevolg, waar in-diepte onderhoude aan die hand van vooraf gestruktureerde vrae met 'n vooraf gekose groep individue gevoer word (vgl. Heitink, 1993:229). Een plattelandse, een stads- en twee semi-stadsgemeentes sal geïdentifiseer word. In elke gemeente sal daar vyf persone geïdentifiseer word.

Om tot die daarstelling van praktykteoretiese riglyne te kom (vgl. doelstelling 4), sal van 'n hermeneutiese wisselwerking tussen die gegewens uit die basisteorie, die metateoretiese perspektiewe en die huidige probleme in verband met die praktyk in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gebruik gemaak word (vgl. Erasmus, 2001:4).

6. HOOFSTUKINDELING

Die volgende hoofstukindeling word in hierdie studie gevolg:

1. Inleiding
2. Basisteoretiese beginsels rondom die rol van die geloofsgemeenskap in begeleiding tot belydenisaflegging.
3. Metateoretiese perspektiewe, vanuit die Sosiologie, sowel as 'n situasie-analise aan die hand van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek gefokus op die huidige rol van die geloofsgemeenskap in begeleiding tot belydenisaflegging.
4. Praktykteoretiese riglyne ten opsigte van die rol van die geloofsgemeenskap in begeleiding tot belydenisaflegging.
5. Samevattende gevolgtrekking.

7. OUTEURSOPMERKINGS

- Alle Afrikaanse aanhalings uit die Bybel kom uit die nuwe Afrikaanse vertaling (Bybel 1983), tensy anders aangedui.
- Wanneer in hierdie studie na die derde persoon enkelvoud verwys word, sal ter wille van die leesbaarheid en eenvormigheid slegs die manlike besitlike voornaamwoorde (hy, hom, sy) gebruik word. Behalwe as die konteks anders aandui, word daarmee ook na vroulike



individue verwys.

- Bronverwysings geskied volgens die Harvard-styl, soos deur die Senaat van die PU vir CHO aanbeveel. By die gebruik van elektroniese bronne, soos kompakskywe (CD-ROM), word slegs die outeur en jaar in die studie aangedui. Die volle besonderhede van die bronne verskyn in die Bronnelys.



8. SKEMATIESE VOORSTELLING OM KORRELASIE TE LAAT BLYK

PROBLEEMSTELLING	DOELSTELLING	METODOLOGIE
Watter riglyne gee die Skrif oor die verantwoordelikheid van die gemeente as geloofsgemeenskap ten opsigte van jongmense wat belydenis aflê?	'n Ondersoek na die verband tussen begeleiding tot belydenisaflegging en die gemeente as 'n gemeenskap van die gelowiges.	'n Basisteoretiese definiering van belydenisaflegging en van die gemeente as 'n gemeenskap van gelowiges d.m.v. 'n literatuurstudie en eksegeese van sekere Skrifgedeeltes volgens die grammaties-historiese metode van eksegeese.
Watter lig werp die sosiale wetenskappe op die verantwoordelikheid van geloofsgemeenskap ten opsigte van jongmense wat belydenis aflê?	'n Ondersoek vanuit 'n sosiologiese hoek na die geloofsgemeenskap as agent van godsdienstige sosialisering.	'n Literatuurstudie binne die vakwetenskap Sosiologie.
Wat is die huidige situasie met betrekking tot die rol wat die gemeente speel in die jongmense se belydenisaflegging?	'n Literatuurstudie oor die huidige situasie in die breër Gereformeerde tradisie van die drie Susterskerke, sowel as 'n empiriese ontleding van die situasie in die praktyk van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.	'n Literatuurstudie tesame met 'n kwalitatiewe onderhoudsvraelys by vyf gemeentes.
Watter nuwe praktykteoretiese riglyne artikuleer vanuit die wisselwerking tussen die basisteorie, die metateoretiese perspektiewe en die situasie/werklikheid?	'n Kritiese sintese van die gegewens om sodoende 'n nuwe of verstellde praktykteorie daar te stel.	Analise en sintese.

HOOFSTUK 2

BASISTEORETIESE BEGINSELS

1. INLEIDING

Hierdie hoofstuk het ten doel om basisteoretiese perspektiewe te gee op die rol van die gemeente as 'n gemeenskap van gelowiges in die begeleiding van jongmense tot belydenisaflegging. 'n Probleem kan ontstaan deurdat 'n bepaalde bedieningspraktyk nie meer bevredig nie (Heystek, 2000:24). Die probleem wat geïdentifiseer is, is dat baie jongmense ná belydenisaflegging nie meer inskakel by die kerk nie. Die bepaalde bedieningspraktyk wat hier aan die orde kom, is die begeleiding van jongmense tot belydenisaflegging. Die fokuspunt van hierdie navorsing is die vraag na die rol van die gemeente as 'n geloofsgemeenskap in die begeleiding van jong lidmate tot belydenisaflegging.

Om die probleem op 'n wetenskaplike wyse op te los, word 'n basisteorie ontwerp, alvorens 'n nuwe praktykteorie daargestel kan word (Zerfass, 1974:14). Kilian (1992:171) verduidelik die belangrikheid van 'n Skrifgefundeerde basisteorie soos volg: “Die basisteorie is 'n kommunikatiewe *bemiddelingsteorie* wat ten grondslag van die kerklike praktyk lê - en wat op bibliologies-sistematiese wyse die wese en doel van die kerk aan die hand van bepaalde aspekte van kerk-wees beskryf”. Die basisteorie wat vir hierdie studie van belang is, word in aansluiting by Kilian (1992:171) as 'n *prakties-teologiese* ekklesiologie ontwikkel.

Met hierdie doel voor oë sal daar dus in die eerste plek op 'n sistematies-teologiese wyse sekere basisteoretiese afleidings oor die *gemeente (kerk)* gemaak word. Aangesien dit in hierdie studie juis gaan oor die rol wat die gemeente (kerk) as 'n geloofsgemeenskap in begeleiding tot belydenisaflegging speel, is dit nodig om vanuit 'n prakties-teologiese hoek ondersoek in te stel na die aard van so 'n *geloofsgemeenskap*. Dit sal aan die orde kom deur eksegese van Handeling 2:42-47.



'n Ondersoek na die aard van die *gelóofsgemeenskap* maak dit noodsaaklik om aandag te gee aan die *geméénskap* wat gelowiges met mekaar moet beoefen as deel van die *gelóofsgemeenskap*. Dit is juis in hierdie ondersoek wat spesifieke opdragte vir volwasse gelowiges teenoor jong gelowiges na vore kom. Die *geméénskap van gelowiges* sal aan die orde kom deur 'n eksegetiese studie van die “mekaar”-tekste met 'n spesifieke fokus op die “mekaar”-opdragte in Romeine 15:7, Galasiërs 5:13 en Kolossense 3:16.

Die fokus van die studie vereis verder 'n begronding van belydenisaflegging. Die doel van hierdie begronding is om uiteindelik die algemene afleidings oor die rol van die gemeente as 'n geloofsgemeenskap in die lewe van jong gelowiges saam te trek in spesifieke afleidings oor die gemeente as 'n geloofsgemeenskap se rol in begeleiding tot belydenisaflegging. In die begronding van belydenisaflegging is dit nodig om veral aan die verbinteniskarakter van belydenisaflegging aandag te gee. Die feit dat die openbare belydenisaflegging 'n opdrag is wat gegrond is in God se verbintenis met die kind by sy doop sal eerstens aan die orde kom by wyse van 'n literatuurstudie oor die begrippe doop en verbond. Vervolgens sal die aspek van persoonlike geloofsverbintenis, wat hand aan hand gaan met belydenisaflegging, aan die orde kom deur 'n eksegetiese ondersoek van die geloofsbelydenisse in Matteus 16:15-18 en Johannes 20:28.

2. 'N SISTEMATIES-TEOLOGIESE BASISTEORIE VAN DIE GEMEENTE (KERK)

2.1 'N OORSIG OOR DIE BYBELSE GETUIENIS VAN DIE KERK

Heyns en Pieterse (1990:59) stel dit onomwonde as noodsaaklik om 'n duidelike siening of beskouing van die gemeente te hê, omdat die gemeente die ruimte is waarbinne die kommunikatiewe handeling van die lidmate geskied. Burger (1999:42) bevestig die belangrikheid van so 'n duidelike visie van wat die Kerk is. Dit is egter nie so maklik om presies te sê wat die kerk of gemeente is nie (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:615; Heyns, 1981:352). Daarom ook dat Van der Walt (1999:47) sonder huiwering sê: “'n Kerk of gemeente is 'n komplekse samelewingsverband met baie kante.”



In aansluiting by Burger (1999:49) wil die skrywer vanuit 'n prakties-teologiese hoek na hierdie “komplekse samelewingsverband” kyk. 'n Prakties-teologiese ekklesiologie het ten doel om werklike gemeentes te help om in die praktyk van die lewe, nader aan 'n Bybelse visie van die kerk te beweeg (vgl. Burger, 1999:19). Wanneer daar egter van 'n Bybelse visie van die kerk gepraat word, is dit nodig om in die eerste plek by die sistematiese teologie te gaan aanklop. Heyns (1981:352) merk tereg op dat die beginpunt nie gesoek moet word by dít wat die mens in sy sonde van die kerk in die loop van die geskiedenis gemaak het nie. Hy sê: “Ons moet by die openbaringswaarheid aangaande die kerk begin, en dan die feitelike situasie van die empiriese kerk in berekening bring (Heyns, 1981:352).” Daarom dat daar begin word met 'n oorsig oor die Bybelse getuienis van die kerk.

2.1.1 Die getuienis uit die Ou Testament

In die geskiedenis van die Nuwe-Testamentiese bedeling verskyn die kerk nie as *novum* nie (Heyns, 1981:355). Die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) sê dan ook dat die enige katolieke of algemene kerk daar was van die begin van die wêreld af en daar sal wees tot aan die einde toe (NGB, Art. 27). Om hierdie rede is dit noodsaaklik om te gaan kyk na dit wat die Ou Testament openbaar oor die kerk.

Een van die eerste dinge wat waargeneem kan word, is die gebruik van die woord **עַם** en **גוֹיִם** wat beide vertaal kan word met “volk”. Daar is in die Ou Testament 'n tendens om die woord **עַם** spesiaal vir Israel te gebruik en ander volke/nasies **גוֹיִם** te noem (vgl. Küng, 1968:116). Die feit dat Israel in 'n besondere verhouding met God gestaan het word nog duideliker wanneer Israel die **עַם הָאֱלֹהִים**, die “volk van God” genoem word. In Deuteronomium 14:2 staan die volgende: “Julle is 'n volk wat aan die Here julle God gewy is. Hy het julle uit al die volke op die aarde uitgekies om sy eiendomsvolk te wees.” Die verpligting wat hierdie verhouding met God vir Israel meebring, kom ook telkens na vore: “Julle moet heilig lewe, want Ek die Here is heilig. Ek het julle afgesonder uit die volke om aan My te behoort (Lev. 20:26).”



Diegene wat in Israel, kragtens die verbond, hulle gehoorsaamheid aan die Here kulties belewe en ook bewys het, is in die Ou Testament met twee belangrike woorde omskrywe, nl. קהל en עדה. Hierdie begrippe word meestal vertaal met die woorde “vergadering” of “gemeente” (Heyns, 1981:357; vgl. Van Genderen & Velema, 1993:616; Duvenage, 1962:42; Ridderbos, 1966:365; Jay, 1977:6). Hierdie woorde word dus gebruik met verwysing na die kultiese samekomste van die volk met die oog op die dien van die Here (vgl. Deut. 5:22; 1 Kon. 8:22). Volgens Van Genderen en Velema (1993:616) kom daar sekere wesenlike elemente van Israel as gemeente na vore:

“De gemeente dankt haar bestaan aan het feit, dat de Here haar bijeenroept en is daarom de gemeente van die Here. Zij schaart zich om Hem. Hij is in haar midden. Daarom leert het volk zich in de woestijn rondom de tent der samekomst. De Here openbaart Zich in het midden van de gemeente. Zij kom bijeen voor de cultus en wordt door de dienst van de verzoening meer en meer geheiligd.”

Heyns (1981:357) lê klem op die feit dat hierdie Ou Testamentiese gemeente van die Here nie identies was met die genealogiese volk Israel nie. Nie-Israeliete was toegelaat, en Israeliete was uitgesluit op grond van vereistes soos o.a. besnydenis, reinheid – eties en religieus – en in die algemeen ’n regte verhouding teenoor God en die naaste, m.a.w. gehoorsaamheid aan die wet.

Die volgende afleidings kan gemaak word:

- Die enige katolieke of algemene kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal daar wees tot aan die einde toe.
- Dit is God wat mense ook in die Ou Testament versamel en in ’n besondere verhouding (verbond) met hulle tree - wat veral tot uitdrukking kom in die benaming “volk van God”.
- Alhoewel die Ou-Testamentiese kerk hoofsaaklik bestaan het uit Israel, was dit nie daartoe beperk nie.



2.1.2 Die getuigenis uit die Nuwe Testament

2.1.2.1 Oorsigtelik

In die Grieks van die Nuwe Testament, is die gemeente (kerk) die ἐκκλησία. Omdat die woord in die Septuaginta meestal as vertaling vir die woord קָהָל gebruik is, kry hierdie gewone woord 'n Bybelse inhoud (vgl. Van Genderen & Velema, 1993:617; Heyns 1981:357). Die nuwe eiendomsvolk van die Here, die Christelike kerk, kry die titel van die Ou-Testamentiese volk van God (vgl. Du Plooy, 1979:14). Ἐκκλησία in die Nuwe Testament sien dus nie net meer op Israel van die Ou Testament nie, maar ook en veral op sy “ware Israel”, die nuwe verbondsvolk (vgl. Du Plooy, 1979:14).

Die is opmerklik dat ἐκκλησία in die Nuwe Testament gebruik word om die kerk in sy geheel sowel as die plaaslike kerk of die samekoms van die gemeente aan te dui (vgl. Matt. 16:18 met Matt. 18:17; Ef. 3:10 met 1 Tess. 1:1; Kol. 1:18 met Kol. 4:16; Van Genderen & Velema, 1993:621). Die meervoud, ἐκκλησίαι, word óók gebruik vir die kerk in sy geheel (1 Kor. 11:16). “Dat wijst erop, dat het geheel van die kerk niet de som is van een aantal delen. De kerk lijkt niet op een vereniging met plaatselijke afdelingen!” (Van Genderen & Velema, 1993:620). Die plaaslike gemeente is die ἐκκλησία, die universele kerk op 'n bepaalde plek (vgl. Du Plooy, 1979:28). Wat vir die universele kerk geld, geld ook vir die plaaslike kerk (vgl. Du Plooy, 1979:26). Alhoewel die universele kerk sigbaar moet word in die kerkverband, moet die een wat die kerk wil sien gaan kyk na die plaaslike gemeente. Die plaaslike gemeente is volledig liggaam van Christus (vgl. Du Plooy, 1979:28; Van Genderen & Velema, 1993:653).

Die volgende afleidings kan gemaak word:

- Daar is alreeds in die benaming van die Nuwe-Testamentiese kerk as die ἐκκλησία 'n band met die Ou-Testamentiese kerk.
- Die plaaslike gemeente is die universele kerk op 'n bepaalde plek.
- Wat vir die universele kerk geld, geld ook vir die plaaslike kerk.



verversingspos of ontmoetingspunt wat aan God se stormroep die geestelike voedsel en inspirasie moet gee vir diens en stryd in die allesomvattende koninkryk van God wat alle lewensterreine insluit.



Die evangelies laat ons sien hoe Jesus besig is om sy gemeente in die eerste plek te vergader uit die Joodse volk. Alhoewel Jesus fokus op die Joodse volk, is sy bediening allermens beperk tot Israel. 'n Voorbeeld hiervan is sy gesprek met die Samaritaanse vrou (Joh. 4). Dit is egter veral in sy opdrag aan sy apostels, waar dit duidelik word dat die boodskap van verlossing nie tot Israel beperk is nie, maar vir al die nasies se ore bedoel is. Hy gee aan sy apostels die opdrag om vir Hom dissipels te maak van alle nasies (Matt. 28:19).

Jesus bind die mense wat aan Hom behoort nie net aan sy leer nie, maar veral ook aan sy persoon (Van Genderen & Velema, 1993:618). Daarom is die kernbelydenis van hierdie mense wat Jesus Christus deur sy Gees roep om deel te wees van die ἐκκλησία, dat hulle in Hom glo (vgl. Van Genderen & Velema, 1993:618). Heyns (1981:364) maak dit duidelik dat die kerk maar een belydenis het, dié van Petrus: “U is die Christus, die Seun van die lewende God” (Matt. 16:16). Die een wat dit met sy hart glo en met sy mond bely (vgl. Rom. 10:9), het deel aan Christus se verlossingsweldade en is 'n (ware) lid van sy kerk (vgl. De Bruyn, 1997). Hierdie belydenis van Petrus, wat deur God self in sy hart gewerk is (vgl. Matt. 16:17), word die rots waarop Jesus sy kerk van die eeue bou (Matt. 16:18).

Die volgende afleidings kan gemaak word:

- Ons kan die kerk net verstaan as ons dit sien in die lig van die koninkryk van God.
- Hulle wat met 'n gelowige hart die Koninkryk bely, daarvoor bid, daarvoor wag, vervulde profesieë in Christus en sy Gees sien, en hulleself in gehoorsaamheid onderwerp aan die koninkryk (die heerskappy van Christus), is die kerk.
- Die kerk is nie die belangrikste nie, maar die feit dat sy die aandag op God en sy ryk fokus.
- Die kerk is nie 'n doel op sigself nie, maar die koninkryk van God wat – onder andere deur die werk van die kerk – in sy skepping tot stand moet kom.
- Jesus versamel sy kerk uit al die nasies.
- Hy verbind mense nie net aan sy leer nie, maar veral aan sy persoon.
- Iemand het deel aan Jesus se verlossingsdade en is 'n ware lid van die kerk as hy met die hart in Hom glo en met die mond bely dat Hy die Christus is.



2.1.2.3 Handelinge

Die boek Handelinge is van groot belang vir die kerk wat Christus deur sy Woord en Gees versamel (Van Genderen & Velema, 1993:619). Die eerste samekoms van 'n gemeente vind ons reeds in Handelinge 1:14 e.v. Met die uitstorting van die Heilige Gees word die gemeente deur die krag van die Gees 'n getuienislewende gemeente (vgl. Van Genderen & Velema, 1993:619). Dit word duidelik uit Handelinge dat die ontstaan en groei van die kerk geheel en al aan die kragtige werking van die Heilige Gees te danke is en dat dit die Gees is wat die kerk met groot krag toerus om die evangelie na die uithoeke van die wêreld te bring (vgl. Joubert 1999:1375; Du Plessis, 1993:1647). Handelinge teken ook veral vir ons die voortgang van die werk van die Here, waaraan die kerk haar bestaan te danke het (Van Genderen & Velema, 1993:619). Dit vertel hoe die boodskap van die evangelie van Jerusalem dwarsdeur die Romeinse Ryk versprei het (Du Plessis, 1993:1647).

Een van die mees aangrypende beskrywings van die vroeë kerk is sekerlik Handelinge 2:42-47. Op grond van hierdie verse skryf Van Genderen en Velema (1993:619): “Kenmerkend voor de christelijke gemeente is, dat zij blijft volharden bij het onderwijs der apostelen en de gemeenschap, het breken van het brood en de gebeden.” Hierdie perikoop sal later in die studie in meer detail ontleed word.

Die volgende afleidings kan gemaak word:

- Dit word duidelik uit Handelinge dat die ontstaan en groei van die kerk geheel en al aan die kragtige werking van die Heilige Gees te danke is.
- Dit is ook die Gees wat die kerk met groot krag toerus om die evangelie na die uithoeke van die wêreld te bring.

2.1.2.4 Die briewe van Paulus

'n Soektog na die ekklesiologie van die Nuwe Testament lei onomwonde na die briewe van Paulus (vgl. Ridderbos, 1966:479). Van Genderen en Velema (1993:620) skryf oor Paulus: “Ook voor hem is de gemeente het *volk van God*, waarop de beloften van het O.T., . . . betrekking hebben (zie 2 Kor. 6:16-18 en 1 Kor. 10:1-11).” Paulus lê ook baie klem op die



feit dat gelowiges uit die heidenwêreld deel uitmaak van die Nuwe-Testamentiese volk van God (vgl. Du Plessis, 1993:1671).

Paulus gebruik 'n besondere beeld, waarmee hy 'n nuwe aspek van die kerk bekendstel. Hy noem die kerk die liggaam van Christus (1 Korintiërs 12:12, 27; Ef. 3:6, 4:12; Kol. 1:24, 2:19, 3:15; Rom. 12:5; vgl. Ridderbos, 1966:404). Hy gebruik hierdie beeld op verskillende maniere. In Romeine en 1 Korintiërs gaan dit veral oor die eenheid van die gemeente en die verskeidenheid wat binne die gemeente 'n dienende funksie het. In Efesiërs en Kolossense word die beeld gebruik met verwysing na die verhouding van Christus en die gemeente (vgl. Van Genderen & Velema, 1993:620).

In Ef.2:19 praat Paulus ook van die gelowiges as “lede van die huisgesin van God”. Dit dui op die intieme en baie persoonlike verhouding wat gelowiges as kinders van God met Hom en mekaar het (Oostenbrink, 1996:28).

'n Verdere belangrike eienskap van die kerk wat Paulus beklemtoon, is dat die kerk die woonplek of tempel van die Gees is [Ef. 2:22 (Bybel 1953); vgl. 2 Kor. 6:16]. Die kerk is “... de plaats waar de Heilige Geest woont en waar Hij alles bepaalt (Van Genderen & Velema, 1993:620).”

Die volgende afleidings kan gemaak word:

- Die Nuwe-Testamentiese gemeente is die *volk van God* waarop die Ou-Testamentiese beloftes van toepassing is.
- Die kerk is die *liggaam van Christus*.
- Die kerk is die *tempel van die Heilige Gees*.
- Die gelowiges vorm saam die huisgesin van God, wat dui op die intieme en baie persoonlike verhouding wat hulle as kinders van God met Hom en met mekaar het.

2.2 DIE KERK AS 'N SKEPPING VAN DIE DRIE-ENIGE GOD

“De Kerk doet zich aan ons voor als een gemeenschap of een organisatie van mensen.” (Van Genderen & Velema, 1993:630). Op die oog af kan die kerk dus na 'n vereniging lyk. Uit die



oorsig oor dit wat die Bybel openbaar van die kerk, word dit egter baie duidelik dat die kerk méér is as net dit. Burger (1999:12) stel dit soos volg:

“Ons glo saam met gelowiges deur die eeue heen dat die kerk ’n geestelike realiteit is: die volk van God, die liggaam van Christus, ’n skepping van die Gees. Dit beteken dat, terwyl die kerk op baie punte soos ander organisasies is, ons voortdurend moet onthou dat die kerk op kritieke punte uniek – heel anders as ander organisasies is.”

Die kerk is uniek omdat dit ’n skepping van God is. Van Genderen en Velema (1993:631) skryf oor die kerk: “Zij heeft haar ontstaan niet aan een menselijke initiatief te danken en haar voortbestaan niet aan menselijke trouw. *De kerk is Gods werk.*” In die oorsig oor dit wat die Bybel openbaar oor die kerk (vgl. 2.1) het hierdie aspek veral na vore gekom in die benaminge: *volk van God, liggaam van Christus en tempel van die Heilige Gees*. In die eerste benaming kom die verhouding van die kerk tot God die Vader veral na vore; in die tweede die verhouding tot Jesus Christus, die Seun van God en in die derde die verhouding tot die Heilige Gees (vgl. Van Genderen & Velema, 1993:631).

Volgens Burger (1999:12) is dit nodig om in ’n Trinitariese lig na die kerk te kyk, omdat die diepste waarheid van die kerk eers verstaan kan word as ons teologies oor die kerk dink (vgl. Heyns, 1981:352). Vir hierdie doel bied die benaminge *volk van God, liggaam van Christus en tempel van die Heilige Gees* die nodige handvatsels.

2.2.1 *Die kerk as die volk van God*

Hierdie beeld het, wat die Ou-Testamentiese getuienis daarvan betref, reeds in 2.1.1 aan die orde gekom. Wat dus hier van belang is, is hoe die beeld in die Nuwe Testament gebruik word. Van Genderen en Velema (1992:632) haal 2 Kor. 6:16 aan as hulle sê: “Van het nieuwtestamentische volk van God, dat uit de Joden en uit de heidenen vergaderd wordt, geldt de oudtestamentische belofte: Ik zal onder hen wonen en wandelen, en Ik zal hun God zijn en zij zullen mijn volk zijn.” In 1 Petr. 2:9-10 word dieselfde name wat vir Israel gebruik is ook gebruik vir die Nuwe-Testamentiese gelowiges. Petrus spreek die gemeente aan as ’n



uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God. Dit is alles terme wat uit die Ou Testament kom.

Paulus doen dieselfde as hy die Nuwe-Testamentiese gemeentes aanspreek as “heiliges” (Rom 1:7; 1Kor 1:2; 2Kor 1:1; Ef. 1:1; Fil. 1:1; Kol 1:2). Hy gebruik ook die benaminge “uitverkorenes” en “geliefdes” as sinonieme wanneer hy die gemeentes aanspreek (Rom 8:33; Kol. 3:12; Tit. 1:1). Hy verwys na die gelowiges as geroepenes (Rom. 8:28; 9:11,12; 2 Tess. 2:13,14). Hieruit blyk dit duidelik dat die kerk die heilshistoriese volk van God is (vgl. Du Plooy, 1979:14; Van Genderen & Velema, 1992:633).

Die feit dat die kerk die *volk van God* genoem word, is baie belangrik wanneer ons die vraag wil antwoord: wie of wat is die kerk? In hierdie metafoor kan ons die motief van “behoort aan” duidelik hoor (Burger, 1999:56). God het 'n eksklusiewe verhouding met sy kerk. Die feit dat die kerk die *volk van God* genoem word dui op God se seggenskap, sy eiendomsreg oor die kerk (vgl. Burger, 1999:54). God, die Vader, het in sy Raad oor die bestaan van die kerk besluit, mense uitverkies om langs die weg van die historiese verbond met die volk van Israel sy heilsplan met hulle te verwerklik en besluit om Jesus en die Heilige Gees te stuur om die uitverkorenes vir die kerk te versamel (Jes. 46:10, 14:24 e.v.; Openb. 4:11; Ef. 1:4, 9, 19). Die kerk is ge-“wil”, verkies, geroep en versamel deur God die Vader (Heyns, 1981:359).

Die volgende afleidings kan gemaak word:

- Daar word ook na die Nuwe-Testamentiese kerk verwys as die *volk van God*, wat die band tussen die Nuwe-Testamentiese en Ou-Testamentiese kerk duidelik maak.
- Die feit dat die Kerk die *volk van God* genoem word, dui daarop dat die kerk aan God behoort.
- Die kerk het deur God se wilsbeslissing tot stand gekom, is verkies, geroep en versamel deur God die Vader en kan daarom tereg *skepping van God* genoem word.



Volgens Ridderbos (1966:441) werp die benaming *liggaam van Christus* die volle lig op die plek en betekenis van die gemeente as Nuwe-Testamentiese volk van God. Waar dit by die metafoor *volk van God* meer gaan oor die kerk se oorsprong, verkiesing en gang deur die geskiedenis, dui die beeld van die kerk as *liggaam van Christus* die bestaanswyse van die kerk aan (vgl. Ridderbos, 1966:439).

Die beeld van die kerk as *liggaam van Christus* is alleen by Paulus te vinde (Rom. 12; 1 Kor. 12; Efesiërs en Kolossense.). Dit is ongetwyfeld die beeld waarin die rykste betekenisshakeringe voorkom. Volgens Heyns (1981:360) is die besondere verhouding van die kerk tot Christus 'n belangrike aspek van die "liggaam"-beeld. Wie gelowig geword het is nie meer in die liggaam van die dood (Rom. 7:24) - d.w.s. in die korporatiewe persoon van Adam nie - maar is deur die Gees oorgeplaas *in Christus*, wat eweneens 'n korporatiewe persoon is (Heyns, 1981:360; vlg. Du Plooy, 1979:19; vgl. Moller, 1999). Juis omdat Hy in alle gelowiges individueel en kollektief is, homself deur hulle openbaar en oor en deur hulle regeer, kan hulle sy liggaam hier op aarde wees (Moller, 1999).

In Romeine 12:4-5 en in 1 Korintiërs 12:12-27 gaan dit oor die verskeidenheid en die verbondenheid van die klomp lede van die een liggaam (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:634). Die eenheid van gelowiges is die liggaam, terwyl die afsonderlike gelowiges die ledemate is (Moller, 1999). Dit beteken dat 'n gelowige hom nooit kan losmaak van die lotgevalle van ander gelowiges nie. Almal is *in Christus* en Hy en sy Gees *in hulle*, sodat hulle al Christus se weldade gemeenskaplik besit en daarby ook nog al die besondere gawes wat deur die Gees aan die gelowiges uitgedeel is (Heyns, 1981:367).

Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal en tot opbou van die liggaam (1 Kor. 12:7; vgl. 1 Kor. 14:12; Ef. 4:11-12). As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly (1 Kor. 12:26). In die liggaam van Christus mag niemand homself hoër ag as 'n ander nie (Rom 12:3; 1Kor. 12:15-17). Daar mag geen onderlinge verdeeldheid wees nie (Van Genderen & Velema, 1992:634). Die gelowiges moet vir mekaar sorg dra (vgl. Moller, 1999). Dit word hieruit duidelik dat die



beeld van die gemeente as liggaam van Christus groot betekenis het vir die onderlinge verhoudinge (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:634). Die kerk kan met reg as 'n gemeenskap van heiliges (*communio sanctorum*) omskrywe word (vgl. Heyns, 1981:367). Heyns (1981:360) gee 'n belangrike perspektief op die "liggaam"-beeld as hy sê:

"Die liggaam is dus 'n lewende organisme wat groei maar helaas ook kan kwyn. Die liggaam groei ekstensief wanneer nuwe lede toegevoeg word, en intensief wanneer die lede ál meer na die Hoof toe groei (Ef. 4:15) en aan Hom vashou (Kol. 2:19) en gevolglik ook ál hefter aan mekaar gebind word."

In Efesiërs en Kolossense kom dit sterk na vore dat Christus die Hoof van sy liggaam is en dat sy liggaam, die kerk, aan Hom onderworpe is (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:635). Moller (1999) maak dit duidelik dat dit nie beteken dat Christus die kopgedeelte en die gemeente die res van die liggaam is nie. Christus bestaan in die ewige Goddelike Drie-eenheid en Hy is nie vir sy bestaan afhanklik van die kerk, wat sy liggaam genoem word nie (Moller, 1999). Die hoofskap van Christus oor die liggaam beteken dat die liggaam aan Hom behoort, dat Hy deur sy Gees daarin woon, dat Hy dit beheer en dat dit in sy diens is (Moller, 1999). Paulus maak dit duidelik dat dit vir die wese van die kerk beslissend is, dat Christus haar hoof is (Ef. 1:9-11; vgl. Van Genderen & Velema, 1993:620; Du Plooy, 1979:20-21). Christus se hoofskap oor die kerk bestaan daarin dat Hy dit lief het, dit uit sondemag verlos en tot sy eie gemaak het, dit reinig en heilig en steeds daarmee besig is tot die voleinding toe (Moller, 1999).

Du Plooy (1979:19-20) gee belangrike insigte oor die Hoof-liggaam-metafoor. Hy stel dat Christus as Hoof van die liggaam die oorsprong en doel van die groei van die kerk is (Ef. 4:15; Kol. 2:12-19, 3:1). Die liggaam groei vanuit die Hoof en dit groei na die Hoof toe (Ef. 4:15-16; Kol 1:18, 2:19). Van Genderen en Velema (1992:635) brei hierop uit as hulle sê: "Aan Christus ontleent het gehele lichaam zijn geestelijke groei om zichzelf op te bouwen in de liefde. Het gaat erom dat wij, ons aan de waarheid houdende, in liefde in elk opzicht naar Hem toe groeien, die het Hoofd is, Christus."



Daar is ten slotte nog 'n aspek van die “liggaam”-beeld waarop die aandag gevestig moet word. Die feit dat die kerk die liggaam van Christus is, beteken dat Hy Homself deur die kerk hier op aarde openbaar (Moller, 1999). Heyns (1981:361) stel dit soos volg: “ ... die liggaam is nie net 'n organisme wat deur Christus geskep en onderhou word nie, dit is ook 'n orgaan wat Hy gebruik om daardeur die wêreld te bereik.” Die kerk het 'n roeping om te vervul deur van Jesus Christus te getuig en heilig voor Hom te lewe en in die proses dissipels van al die nasies te maak (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:636; Du Plooy, 1979:20; Matt. 28:19-20). Die gelowiges is sy mond, sy oë, sy voete, sy hande, sy liggaam waardeur Hy hier spreek en werk (vgl. Moller, 1999). Die kragtige boodskap wat in hierdie verband in die “liggaam”-beeld opgesluit lê, is dat die bestaan van die kerk as sodanig - en by name die besondere aard van die gemeenskap van die gelowiges - op sigself 'n boodskap aan die wêreld is (vgl. Heyns, 1981:361).

Die volgende afleidings kan gemaak word:

- Die feit dat die kerk die *liggaam van Christus* genoem word, belig in die eerste plek die besonderse verhouding tussen Christus en sy kerk.
- Sonder Hom sou daar dus geen kerk gewees het nie.
- Die kerk bestaan immers uit mense wat deur die geloof en die werk van die Heilige Gees in Christus ingelyf is en deel het aan al sy weldade.
- Die gelowiges is nie net in Christus nie, maar Hy is ook in alle gelowiges, individueel en kollektief.
- Omdat Hy so in alle gelowiges is, homself deur hulle openbaar en oor en deur hulle regeer, kan hulle sy liggaam hier op aarde wees.
- Die eenheid van die gelowiges is die liggaam, terwyl die afsonderlike gelowiges die ledemate is.
- 'n Gelowige mag homself dus nooit losmaak van die lotgevalle van ander gelowiges nie.
- In die liggaam van Christus mag die een homself nie hoër ag as die ander nie, daar mag geen onderlinge verdeeldheid wees nie en die gelowiges moet sorgsaam wees teenoor mekaar.
- Op grond van die “liggaam”-beeld kan die kerk met reg 'n gemeenskap van gelowiges genoem word.
- Dit is vir die wese van die kerk beslissend dat Jesus haar Hoof is.



- Christus se Hoofskap bestaan daarin dat Hy die kerk liefhet, dit uit die sondemag verlos en tot sy eie gemaak het, dit reinig en heilig, deur sy Gees daarin woon, dit beheer en dienend daarmee besig is tot die voleinding toe.
- Dit is deur die krag van die opgestane Hoof van die kerk dat daar die moontlikheid is van geestelike groei en opbou.
- Die kerk word geroep en gestuur deur Christus om van Hom 'n getuie te wees in die wêreld en om dissipels te maak van al die nasies.
- Die bestaan van die kerk as liggaam van Christus moet op sigself 'n boodskap aan die wêreld wees.

2.2.3 *Die Kerk is die "tempel van die Heilige Gees"*

Die Bybelse uitgangspunt vir die beeld van die kerk as *tempel van die Heilige Gees* vind ons in enkele uitsprake van die apostels (Van Genderen & Velema, 1992:636). Paulus sê vir die gemeente in 1 Kor. 3:16: "Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?" In Ef. 2:22 noem hy die gemeente die woonplek van die Gees (Bybel 1953). Petrus praat van die gemeente as 'n geestelike huis (1 Pet. 2:5). Afgesien van hierdie direkte uitsprake in die Bybel is daar genoeg rede om na te dink oor die Heilige Gees en sy werk wanneer daar oor die kerk gedink word (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:636).

Pinkster is vir die Christelike kerk van beslissende betekenis (vgl. Burger, 1999:156; Van Genderen & Velema, 1992:636). Die band tussen die Ou- en Nuwe-Testamentiese kerk is reeds aangedui en daarom is Pinksterdag nie die ontstaansdag van die kerk in sy geheel nie. Dit kan egter wel gesien word as die skeppingsdag van die Nuwe-Testamentiese kerk (vgl. Burger, 1999:156; Heystek, 2000:36). Die gebeure wat in Handeling 1 en 2 ontvou, skets Jesus se hemelvaart, die uitstorting van die Heilige Gees, Petrus se kragtige prediking en die totstandkoming van die eerste plaaslike gemeente in Jerusalem. Burger (1999:156) maak dit duidelik dat die kerk van vandag nie gelyk gestel kan word met die kerk van die Ou Testament of selfs die dissipelgemeenskap van Jesus is nie. Die derde fase van die geskiedenis van die kerk het op Pinksterdag begin. Die heilshistoriese werklikheid van Pinkster is die oorvloedige uitstorting van die Heilige Gees op almal wat deel is van die gemeente van Jesus Christus (Burger, 1999:156). Die groot verskil in die kerk voor en na



Pinkster lê op die vlak van intensifisering van God se teenwoordigheid in en by die gemeente (Burger, 1999:156; vgl. Heyns, 1981:362). Küng (1968:170) sluit by die gedagte van intensifisering van God se teenwoordigheid aan as hy sê: "The church is the place of God's special presence on earth. Just as God was once thought of as dwelling in a stone temple, both in the Jewish and gentile religions, he now lives in the community of Christ. It no longer needs a stone temple, it is itself the new spiritual temple." In hierdie opsig is die Nuwe-Testamentiese kerk 'n skepping van die Heilige Gees (vgl. Heystek, 2000:36).

Burger (1991:27) beskou die feit dat die kerk 'n skepping van die Gees is, as die teologiese geheim van die Christelike geloofsgemeenskap. Na aanleiding van die feit dat die kerk nie blote mensewerk is nie, maar gestig en in stand gehou word deur die Gees, lê hy klem op drie dinge wat vir die kerk van groot belang is (Burger, 1991:27-28). In die eerste plek lê hierdie waarheid ten grondslag aan ons geloof dat die kerk 'n totale unieke gemeenskap is (vgl. Heyns, 1981:365). Dit is belangrik om te verstaan dat dit nie mense is of die byeenkomste of die prosesse van die kerk wat dit uniek maak nie, maar die feit dat dit bestaan in die krag van die Gees. In die tweede plek is die feit dat die kerk gestig en in stand gehou word deur die Gees die grond vir die Reformatoriese belydenis van die onvernietigbaarheid of volharding van die kerk. Daarom dan ook die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) se belydenis dat die poorte van die hel die kerk nie sal oorweldig nie (Matt. 16:18). In die derde plek beteken die feit dat die kerk 'n skepping van die Gees is dat die kerk leef in 'n oop werklikheid. Hiermee bedoel Burger (1991:28) dat die teenwoordigheid van die Gees in die midde van die gemeente die gelowige daaraan moet herinner dat die kerk sy wese daarin vind dat dit die ondenkbare dink, die ongelooflike glo en die onmoontlike verwag. Om in die Gees te wandel is om te wandel op die rand van die wonder.

Heyns (1981:365) beskou die werk van die Heilige Gees vanuit 'n verbindingsperspektief. Hy stel sekere verbindings aan die orde wat insiggewend is (Heyns, 1981:365-366). In die Kerk as Christologiese gemeenskap gaan dit allereers oor die verbinding met Jesus. Niemand kan Jesus immers die Here noem nie, behalwe deur die Heilige Gees (1 Kor. 12:3). Deur die mens met Jesus te verbind, stel die Heilige Gees Jesus en al sy weldade tot beskikking van die mens. Die oorsprong en die realisering van die nuwe lewe van die gelowiges kan dus toegeskryf word aan die werking, krag en gawes van die Gees (Ridderbos, 1966:244). Die



Heilige Gees maak van die kerk 'n Christologiese gemeenskap. Met verwysing na Joh. 16:13, 14 en 1 Kor. 2:12 stel Heyns (1981:365) dit soos volg:

“Sonder die Heilige Gees, dus geen inwonende Christus nie, geen geloof dat Jesus die beloofde Christus is nie, geen berou oor sonde nie, geen bekering weg van die sonde af nie, geen wedergeboorte as die oorplanting in Jesus Christus nie, geen oor vir die evangelie wat roep nie, en geen begeerte om in geloofsgehoorsaamheid op die weg van heiliging te vorder nie.”

Vanuit hierdie verbinding met Christus bewerk die Gees ook die onderlinge verbinding tussen mense. Die verhouding van gelowiges tot mekaar in die kerk is in alle opsigte so volledig afhanklik van die werking van die Gees, dat die kerk met reg 'n pneumatologiese gemeenskap genoem kan word (vgl. Küng, 1968:171). Die Heilige Gees self woon in elke gelowige (Gal. 4:6) en dit is hierdie inwonende Gees wat gelowiges voortdurend ook van hulle kindskap verseker (Rom. 8:16). Die gemeenskap wat daar dus tussen gelowiges bestaan, is gegrond op, spruit voort uit en word gerig deur die breë spektrum van gemeenskaplikhede waaraan die Gees die gelowiges laat deel. Die Heilige Gees maak die gemeente tot 'n gemeenskap en dit is ook Hy wat die gemeente in staat stel om in die gemeenskap te volhard (Van Genderen & Velema, 1992:638). Heyns (1981:362) vat dit mooi saam as hy sê: “In hierdie tempel is daar geen skeidsmure wat mense van mekaar afgrens en bepaalde ruimtes net vir sekere mense reserveer nie. Dit is 'n tempel waar almal priesters en huisgenote van God is. Daar tree almal dan ook dienoooreenkomstig met mekaar op.”

In die laaste plek word daar aandag gegee aan 'n belangrike saak in die nadenke oor die kerk as tempel van die Heilige Gees. Van Genderen en Velema (1992:637) stel dit soos volg: “Waar de Geest komt, brent Hij Zijn gaven mee.” Daar is 'n groot verskeidenheid gawes wat deur die Heilige Gees aan die gemeente gegee word. In die Pauliniese briewe word verskeie reekse genoem (Rom. 12:7-10; 1 Kor. 12:8-10, 28-30). Al hierdie geestelike gawes wat deur die apostel as genadegawes (charismata) aangedui word, hang saam met die genade (charis) wat in Christus geskenk is (Van Genderen & Velema, 1992:637). Hierdie gawes is gegee tot opbou van die gemeente (1 Kor. 14:12; Ef. 4:11-12). Die Heilige Gees bly soewerein in die uitdeel van hierdie gawes en nie een van die gelowiges word oorgeslaan nie (1 Kor. 12:11).



Die gemeente word in die lig van hierdie verryking en toerusting met die gawes van die gees met reg 'n charismatiese gemeente genoem (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:638).

Die volgende afleidings kan gemaak word:

- Die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag, is vir die kerk van beslissende betekenis.
- Die groot verskil in die kerk voor en na Pinkster lê op die vlak van intensifisering van God se teenwoordigheid in en by die gemeente.
- Die Heilige Gees is verantwoordelik vir die ontstaan, bestaan en die groei van die Nuwe-Testamentiese kerk.
- Die feit dat die kerk bestaan in die krag van die Gees, maak van die kerk 'n totaal unieke gemeenskap.
- Die gemeenskap met Christus en die onderlinge gemeenskap is 'n gemeenskap deur die Heilige Gees.
- Dit is dus die Heilige Gees wat gelowiges deel maak van die liggaam van Christus en wat hulle so tot 'n eenheid saamvoeg.
- Die gelowiges is deur die krag van die Gees in staat om in hierdie gemeenskap te volhard en daarom mag daar geen skeidsmure wees wat groepe mense van mekaar afgrens nie.
- Dit is die Gees wat die kerk in staat stel om sy roeping te vervul.
- Daar is 'n groot verskeidenheid gawes wat deur die Gees aan die gemeente gegee word tot opbou van die gemeente.
- Nie een van die gelowiges word oorgeslaan by die uitdeel van die genadegawes nie.

2.3 SAMEVATTENDE AFLEIDINGS VAN BELANG VIR DIE STUDIE

Die enige katolieke of algemene kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal daar wees tot aan die einde toe. Dit is God wat sy kerk versamel en in 'n besondere verhouding (verbond) met hulle tree - wat veral tot uitdrukking kom in die benaming *volk van God*. Alhoewel die Ou-Testamentiese kerk hoofsaaklik bestaan het uit Israel, was dit nie daartoe beperk nie. Daar is alreeds in die benaming van die Nuwe Testamentiese kerk as die *ἐκκλησία* 'n band met die Ou-Testamentiese kerk.



Daar word ook na die Nuwe-Testamentiese kerk verwys as die *volk van God*, wat die band tussen die Nuwe-Testamentiese en Ou-Testamentiese kerk duidelik maak. Die feit dat die kerk die *volk van God* genoem word, dui daarop dat die kerk aan God behoort. Die kerk het deur God se wilsbeslissing tot stand gekom, is verkies, geroep en versamel deur God die Vader en kan daarom tereg 'n **skepping van God** genoem word.

Die plaaslike gemeente is die universele kerk op 'n bepaalde plek. Wat vir die universele kerk geld, geld ook vir die plaaslike kerk. Ons kan die kerk net verstaan as ons dit sien in die lig van die koninkryk van God. Hulle wat met 'n gelowige hart die Koninkryk bely, daarvoor bid, daarvoor wag, vervulde profesieë in Christus en sy Gees sien, en hulleself in gehoorsaamheid onderwerp aan die koninkryk (die heerskappy van Christus), is die kerk. Die kerk is nie die belangrikste nie, maar die feit dat sy die aandag op God en sy ryk fokus. **Die kerk is nie 'n doel op sigself nie, maar die koninkryk van God wat – onder andere deur die werk van die kerk – in sy skepping tot stand moet kom.**

Jesus versamel sy Nuwe-Testamentiese kerk uit al die nasies. Hy verbind mense nie net aan sy leer nie, maar veral aan sy persoon. Wanneer 'n persoon met sy hart glo en met die mond bely dat Jesus die Christus is, het hy deel aan Jesus se verlossingsdade en is hy 'n ware lid van die kerk. Die kerk is die *liggaam van Christus*. Daar word ook na die kerk verwys as die huisgesin van God, wat dui op die intieme en baie persoonlike verhouding wat hulle as kinders van God met Hom en met mekaar het.

Die feit dat die kerk die *liggaam van Christus* genoem word, belig in die eerste plek die besondere verhouding tussen Christus en sy kerk. Sonder Hom sou daar dus geen kerk gewees het nie. **Die kerk bestaan immers uit mense wat deur die geloof en die werk van die Heilige Gees in Christus ingelyf is en deel het aan al sy weldade.** Die gelowiges is nie net in Christus nie, maar Hy is ook in alle gelowiges, individueel en kollektief. Omdat Hy so in alle gelowiges is, homself deur hulle openbaar en oor en deur hulle regeer, kan hulle sy liggaam hier op aarde wees. Die eenheid van die gelowiges is die liggaam, terwyl die afsonderlike gelowiges die ledemate is. 'n Gelowige mag homself dus nooit losmaak van die lotgevalle van ander gelowiges nie. In die liggaam van Christus mag die een homself nie hoër ag as die ander nie, daar mag geen onderlinge verdeeldheid wees nie, en die gelowiges moet



sorgsaam wees teenoor mekaar. **Op grond van die “liggaam”-beeld kan die kerk met reg ’n gemeenskap van gelowiges genoem word.**

Dit is vir die wese van die kerk ’beslissend dat Jesus haar Hoof is. Christus se hoofskap bestaan daarin dat Hy die kerk liefhet, dit uit die sondemag verlos en tot sy eie gemaak het, dit reinig en heilig, deur sy Gees daarin woon, dit beheer en dienend daarmee besig is tot die voleinding toe. Dit is deur die krag van die opgestane Hoof van die kerk dat daar die moontlikheid is van geestelike groei en opbou. Die kerk word geroep en gestuur deur Christus om van Hom ’n getuie te wees in die wêreld en om dissipels te maak van al die nasies. Die bestaan van die kerk as liggaam van Christus moet op sigself ’n boodskap aan die wêreld wees.

Dit word duidelik uit Handelingte dat die ontstaan en groei van die kerk geheel en al aan die kragtige werking van die Heilige Gees te danke is. Dit is ook die Gees wat die kerk met groot krag toerus om die evangelie na die uithoeke van die wêreld te bring. Die kerk is *die tempel van die Heilige Gees*.

Die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag is vir die kerk van beslissende betekenis. Op hierdie dag kom die eerste plaaslike gemeente tot stand en daarom kan dit gesien word as die skeppingsdag van die Nuwe-Testamentiese kerk. Die groot verskil in die kerk voor en na Pinkster lê op die vlak van intensifisering van God se teenwoordigheid in en by die gemeente. Die Heilige Gees is verantwoordelik vir die ontstaan, bestaan en die groei van die Nuwe-Testamentiese kerk.

Die feit dat **die kerk bestaan in die krag van die Gees**, maak van die kerk ’n totaal unieke gemeenskap. Die gemeenskap met Christus en die onderlinge gemeenskap is ’n gemeenskap deur die Heilige Gees. Dit is dus die Heilige Gees wat gelowiges deel maak van die liggaam van Christus en wat hulle só tot ’n eenheid saamvoeg. Die gelowiges is deur die krag van die Gees in staat om in hierdie gemeenskap te volhard en daarom mag daar geen skeidsmure wees wat groepe mense van mekaar afgrens nie. Dit is die Gees wat die kerk in staat stel om sy roeping te vervul. Daar is ’n groot verskeidenheid gawes wat deur die Gees aan die gemeente



gegee word tot opbou van die gemeente. Nie een van die gelowiges word oorgeslaan by die uitdeel van die genadegawes nie.

Met hierdie oorsig het 'n Bybels-teologiese visie van die kerk aan die orde gekom wat soos volg saamgevat kan word: **Die kerk is 'n skepping van God in Jesus Christus deur die krag van die Heilige Gees wat sigbaar word in die plaaslike geloofsgemeenskap en wat diensbaar is aan die Koninkryk van God.** Volgens Burger (1999:43,49) gee hierdie visie aan die kerk identiteit en betekenis omdat dit bepaal wie die kerk is: Die kerk behoort aan God. Hierdie visie gee verder aan die kerk rigting: Die kerk is deur Jesus Christus verlos, verenig, geroep en gestuur. In die derde plek gee hierdie visie ook aan die Kerk energie en vitaliteit, omdat dit die kerk daaraan herinner dat dit werk onder leiding en in die krag van die Heilige Gees (Burger, 1999:v).

Hierdie Bybelse visie van wat die kerk is, is 'n belangrike vertrekpunt vir die res van die studie. Wanneer hierdie visie uit die oog verloor word, word die kerk identiteitloos, rigtingloos en kragteloos. Dit is op grond van hierdie duidelik omlynde visie, dat verdere ondersoek ingestel word na die rol van die kerk (gemeente) as 'n geloofsgemeenskap in begeleiding tot belydenisaflegging.

3. 'N PRAKTIES-TEOLOGIESE BASISTEORIE OOR DIE KERK AS 'N GELOOFSGEMEENSAP

3.1 DIE VERTREKPOINT

Vir eeue reeds bely die kerk van Jesus Christus op aarde die volgende:

Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, **die gemeenskap van die heiliges . . .**
(Apostoliese Geloofsbelydenis [AGB]:9)²

² Die skrywer is bewus daarvan dat die “gemeenskap van die heiliges”, soos dit bely word in die Apostoliese Geloofsbelydenis, deur die eeue verskillend verklaar is en dat die verklaringsmoontlikheid wat die artikel in verband bring met die gemeenskap van afgestorwe heiliges in die gereformeerde sin van die woord, nie uitgesluit kan word nie (vgl. Steele, 1995:539-547; Van Wyk, 1995:732-752). Hier word egter in lyn met die Gereformeerde tradisie op die voetspoor van Calvyn (1984:IV, 1&3) en die Kategismus (Heidelbergse Kategismus [HK]:21) gekies vir 'n verklaring van “die gemeenskap van die heiliges”, as die gemeenskap van gelowiges met mekaar op grond en as gevolg van hulle gemeenskap met God in Christus, deur die Heilige Gees.



Die lidmate van die kerk, as volk van God, as liggaam van Christus en as tempel van die Heilige Gees, is geroep om in gemeenskap met God én met mekaar te lewe (vgl. Oostenbrink & Lotter, 1999:17). Hulle word immers vergader in die eenheid van die ware geloof (HK, 21:54). Omdat hulle almal deur die geloof aan Christus verbonde is en deel in sy weldade, vorm hulle ook 'n organiese eenheid (De Bruyn, 1997). Die gemeenskap wat gelowiges met mekaar moet beoefen moet dus onderskei word van blote broederskap of warm medemenslikheid (Van der Merwe & Beukes, 1991:637; vgl. Heyns, 1981:369; Moller, 1999). Die Horisontale gemeenskap is gewortel in die vertikale dimensie, dit is die verhouding of die gemeenskap met God (Van der Merwe & Beukes, 1991:637). God het in Christus en deur die kragtige werking van die Gees die verhouding tussen Homself en sy kinders herstel en op grond van daardie verhouding met God staan gelowiges in 'n nuwe verhouding met hulle medemens (vgl. 2.3; HK, 21:55). Dit is waarom die kerk in kort gedefinieer kan word as 'n geloofsgemeenskap of as die gemeenskap van gelowiges (vgl. Oostenbrink & Lotter, 1999:17; Moller, 1999; De Bruyn, 1997; Heyns, 1981:367).

Wanneer daar nagedink word oor die identiteit van die kerk, is die feit dat die kerk 'n geloofsgemeenskap is, veral vanuit 'n prakties-teologiese hoek gesien, van uiterste belang (vgl. Heystek, 2000:16; Burger, 1991:27). Die Praktiese Teologie hou hom hoofsaaklik besig met die "hoe?" van kerk-wees. Dit is immers nog altyd gesien as 'n dissipline wat ten nouste betrokke is by en gerig is op praktiese handeling ten dienste van die evangelie (vgl. Heystek, 2000:4). Die gemeenskap van gelowiges in die geloofsgemeenskap is so 'n praktiese handeling, diensbaar aan die evangelie. Dit lê in die hart van "hoe?" ons moet kerk-wees.

Uit die sistematies-teologiese oorsig oor die kerk het dit duidelik geblyk dat die kerk 'n skepping van God - of anders gestel, 'n geestelike realiteit - is. Wanneer daar egter bely word dat die kerk die geloofsgemeenskap is, word dit ook duidelik dat dit 'n antropologiese werklikheid is. Dit is 'n gemeenskap van gewone mense (vgl. Burger, 1991:28). Die Praktiese Teologie rig hom vanuit die geestelike realiteit van die kerk op die antropologiese realiteit van die kerk. Dit is dus nodig om vanuit 'n prakties-teologiese hoek na die kerk as 'n geloofsgemeenskap te kyk en om op grond daarvan aandag te gee aan die gemeenskap van die gelowiges.



Vervolgens word die eerste gemeente bestudeer, soos wat Lukas dit in Hand. 2:42-47 beskryf, ten einde basisteoretiese perspektiewe oor die kerk as 'n geloofsgemeenskap af te lei. Daar sal ook in aansluiting by die eksegetiese aandag gegee word aan die vier bedieninge van die kerk, soos aangetoon deur Burger (1999:107-117; 203-260). Vanuit die basisteoriperspektiewe oor die kerk as geloofsgemeenskap sal basisteoretiese beginsels oor die rol van die geloofsgemeenskap in begeleiding tot belydenisaflegging aan die orde kom.

3.2 DIE KERK AS 'N GELOOFSGEMEENSAP: EKSEGESE VAN HANDELINGE 2:42-47

3.2.1 *Agtergrond en afbakening*

Dit is beslis so dat die boek Handeling nie as 'n tipe outobiografie oor die vroeë kerk beskou moet word nie (vgl. Joubert, 1999:1371). Tog kan die volgende redes gegee word vir die keuse van 'n teks uit hierdie boek:

- Handeling gee 'n duidelike beeld van die wyse waarop God in Jesus Christus deur die Heilige Gees sy kerk uitbou en opbou (Oostenbrink, 1996:14; vgl. Calvin, 1965:17)
- Die boek teken die kerk van Christus in sy vestigingsjare en beskryf sy geboorte en groei (vgl. Oostenbrink, 1996:14; Du Plessis, 1993; Calvin, 1965:19; Blaiklock, 1961:61).
- Die boek bevat waardevolle inligting oor die verhoudings binne die kerk (vgl. Du Plessis, 1993).
- Die uniekheid van die geloofsgemeenskap lê veral in die feit dat dit bestaan in die krag van die Gees (vgl. 2.2.3) en dit is alom bekend dat die Heilige Gees in Handeling 'n hoofrol speel (De Villiers, 1985:242; vgl. Joubert, 1999:1371; Guthrie, 1990).
- Handeling skets die kerk as 'n gemeenskap van gelowiges wat alles aangepak het deur in die opgestane Christus en in die krag van die Heilige Gees te glo (Du Plessis, 1993).
- Handeling vertel die verhaal van 'n dinamiese, groeiende gemeenskap van gelowiges (Du Plessis, 1993).



3.2.2 *Kursoriese eksegesi oor Handeling 1 en 2 as breër konteks van Handeling 2:42-47*

Handeling 2:42-47 volg op die vertelling van die gebeure rondom Jesus se hemelvaart, Jesus se belofte om die dissipels met die krag van die Gees toe te rus (Hand. 1:8), die verkiesing van Mattias as Judas se opvolger, die uitstorting van die Heilige Gees, Petrus se preek ter verduideliking van die Pinkstergebeure en die bekering van ongeveer 3000 mense (vgl. Oostenbrink, 1996:14). Daar word ook vertel van die dissipels se volhardende gebedslewe (Hand. 1:14,24; vgl. 2:1).

In Handeling 1:1-8 word die teologiese geheim van die Christelike geloofsgemeenskap geopenbaar, naamlik dat die kerk 'n uitsonderlike, eiesoortige gemeenskap is wat deur God self in die lewe geroep en in stand gehou word, en kragtens sy skepping 'n werk van die Heilige Gees is (Heystek, 2000:69; vgl. Burger, 1991:27). In Handeling 1:8, die hoogtepunt van hierdie perikoop, is Jesus self aan die woord net voor sy hemelvaart: “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.” Hierdie vers staan duidelik in teenstelling met vers 6 en 7. Dit gaan nie oor wat die apostels moet doen nie, maar oor wat hulle sal ontvang (vgl. Grosheide, 1962:11; Grosheide, 1941:18).

Hierdie woorde van Jesus word bewaarheid in Hoofstuk 2:1-14 as die Gees uitgestort word. Dié gebeurtenis het die geskiedenis van die wêreld dramaties verander omdat die boodskap van die evangelie van Jesus Christus van hier af oor die aarde versprei het (Matt. 28:19,20). Dit is duidelik dat die Pinkstergebeure nie 'n doel op sigself was nie, maar dat Christus se doel daarmee was om aan die gelowiges krag te gee om getuies te wees (Hand. 1:8). Hiervan sien ons 'n sprekende voorbeeld in die “praat in ander tale” (Hand. 2:4-11) en die prediking van Petrus (Hand. 2:14-41). Volgens Venter (1986:151) is ook hierdie getuie nie 'n doel op sigself nie. Dit het uiteindelik die bekering tot gevolg (Hand. 2:38). Die bekering is egter ook nie die eindpunt van die gelowige se lewe nie (vgl. Venter, 1986:151). Die bekeerlinge is uiteindelik in 'n eenheid van die gemeente saamgebind, soos uit Hand. 2:42-47 blyk. In die geheel van Handeling 2 gesien, was die bestaan van 'n plaaslike gemeente die ware eindproduk van Pinkster (Venter, 1986:151).



Na aanleiding van Grosheide (1962:12) se kommentaar op Handeling, is dit ook merkwaardig om daarop te let dat daar telkens in die uitkring van die evangelie van Jerusalem na Judea en Samaria tot aan die uithoek van die aarde, melding gemaak word van die werking van die Heilige Gees (Hand. 4:31, 8:17, 10:44). Gewoon menslik beskou is dit moeilik om aan te toon hoe die verspreiding van die evangelie deur gewone mense wêreldwyd kon plaasvind (Heystek, 2000:69). Dit is die rede waarom Burger (1991:27) sê: “Uiteindelik besef ’n mens net dat die uniekheid van die kerk ’n geloofsaak is wat saamhang met sy belydenis oor die werklikheid van die uitstorting en werksaamheid van die Heilige Gees.”

In hierdie lig word daar vervolgens na Handeling 2:42-47 gekyk om te verstaan wat die Gees besig was om te doen onder die vroeë volgelinge van Christus (vgl. Heystek, 2000:70).

3.2.3 Detail-eksegese van Handeling 2:42-47

3.2.3.1 ’n Oorsig oor die perikoop in geheel en motivering vir die spesifieke keuse

MacArthur (1994a:79) verwys na Hand. 2:42-47 as *the first Christian fellowship*, (kursivering deur TFD), waarvan hy sê: “In this brief cameo of life in the early church, three distinguishing dimensions emerge that reveal this to be a remarkable assembly. The manifested spiritual duties and spiritual attitudes, and the result was spiritual impact.”

Ortberg (1999:13,14) sê opsommenderwys oor Hand. 2:42-47:

“History shows that when God moves in mighty ways the people of God face life together. They don’t just go to church - they meet together, pray together, share what they have, and invest deeply in each other’s lives. Explosive energy is generated when God’s people are together. We are created for community. We long to be with other Christ-followers, to know and be known, love and be loved, serve and be served, celebrate and be celebrated.”

Lawson (2001:200) sluit by beide die skrywers aan as hy oor Hand. 2:42-47 sê:

“These verses contain the major components of the dynamic life of this first congregation – the apostle’s teaching, fellowship, worship, prayer, service, and evangelism. Here are six




channels through which God's Spirit pulsed through believers and dramatically impacted the world around them. Each of these spiritual disciplines is critical for the health of any vibrant church."

3.2.3.2 'n Gedagtestruktuur en verklaring van Hand. 2:42-47

Die verskillende elemente wat in Hand. 2:42 genoem word, is:

- Die leer van die apostels;
- Die gemeenskap;
- Die breking van die brood;
- Die gebede.

In navolging van Venter (1986:152) kan die verband tussen hierdie elemente met 'n chiasme aangetoon word:




Volgens Calvin (1965:80) beskryf Lukas in vers 42 die wesenskenmerke van 'n ware kerk, dit wat sigbaar is vir die publieke oog. Lukas begin by die leer, wat Calvin (1965:80) beskryf as *the soul of the Church* (kursivering deur TFD). Volgens Lawson (2000:200) is dit nie toevallig dat die leer heel eerste vermeld word nie. Hy stel dit soos volg: "In the Christian life, precept comes before practice, doctrine before duty, and exposition before experience." Grosheide (1962:45) som die inhoud van die leer van die apostels na gelang van Joh. 14:26 op as *het werk van Christus en de betekenis daarvan* (vgl. Joubert, 1999:1379; kursivering deur TFD). Venter (1986:154) sluit hierby aan as hy sê dat τῇ διδασκῇ τῶν ἀποστόλων hier verwys na 'n getuigenis van die groot daad van God in Jesus Christus deur die Heilige Gees. Petrus se preek in Hand. 2:16-36 is 'n sprekende voorbeeld hiervan (vgl. Oostenbrink, 1996:17).



In die chiasme word die leer van die apostels en die gebede met mekaar verbind (vgl. Hand. 6:4). Die leer van die apostels het as inhoud die evangelie van Jesus Christus gehad (sien bg.) en die gebede was tot Jesus Christus en God gerig (vgl. Venter, 1986:153). Oor die gebede maak Calvyn (1965:86) die volgende opmerking: "It is certain that he is speaking about public prayer. Therefore, it is not enough for men to make their prayers at home by themselves, unless they all assemble together to pray; in this also consists the profession of faith." Oostenbrink (1996:18) bevestig hierdie stelling van Calvyn as hy sê dat die gelowiges deur gesamentlike gebed sigbare uitdrukking gee aan hulle geloofseenheid en geloofsband.

Na aanleiding van die chiasiese verbinding is dit duidelik dat die onderlinge verbondenheid (gemeenskap) en die gemeenskaplike maaltyd (breking van die brood) bepaal word en van ware inhoud voorsien word deur die leer van die apostels en die gebede. Die ware inhoud van die gemeenskap met mekaar en die gemeenskaplike maaltyd was dus: Jesus Christus en God. Venter (1986:153) stel dit soos volg: "Dit het nie om die gemeente gegaan nie, maar om Jesus Christus en sy voortgesette woorde (διδασχῆν en προσευχαῖς) as basis vir sy voortgesette dade (κοινωνία en κλάσει τοῦ ἄρτου) in die gemeente."

Die vier wesenskenmerke word in 2:43-47 saaklik herhaal en dit is opmerklik dat dieselfde chiasiese konstruksie aangewys kan word (vgl. Venter, 1986:153):



Hierdie tweede chiasme kan as 'n verklaring of 'n uitbreiding van die eerste chiasme gesien word (Venter, 1986:153). Hier is ook sprake van 'n omarming van die eensgesinde geloofsgemeenskap en die gemeenskaplike maaltyd deur die optrede van die apostels en die lofprysing aan God. Hieroor sê Venter (1986:153) die volgende:

“Die feit dat bogenoemde vier elemente van 2:42 in die volgende verse saaklik herhaal word, dui daarop dat dit die basiese elemente was wat bly voortbestaan het. Die woorde καθ’ ἡμέραν en καθ’ οἶκον in 2:46 onderstreep hierdie feit: dit het van dag tot dag en van huis tot huis plaasgevind. Hier is dus sprake van 'n voortgaande, opbouende proses.”

Die woord προσκατεροῦντες in Hand. 2:42 en 46 bevestig hierdie waarneming. Volgens Strong (1996) kom hierdie woord tien keer in die Nuwe Testament voor. Hy onderskei ses vertalingsmoontlikhede: “1 to adhere to one, be his adherent, to be devoted or constant to one. 2 to be steadfastly attentive unto, to give unremitting care to a thing. 3 to continue all the time in a place. 4 to persevere and not to faint. 5 to show one's self courageous for. 6 to be in constant readiness for one, wait on constantly.” Oostenbrink (1996:15) stel dat dit hier die betekenis dra van “tyd bestee aan”, “hulleself toewy aan”, “ywerig wees in” of “begerig wees vir”. Dit is dus duidelik nie iets wat eenmalig gebeur nie, maar dit is 'n voortgaande proses (vgl. Venter, 1986:153). Volharding verg tyd, toewyding en ywer in die geestelike dissiplines (Oostenbrink, 1996:15). Die feit dat die gelowiges hulle heelhartig toegewy het aan hierdie vier sake of dan volhard het in hierdie vier geestelike dissiplines, beteken dat dit nie net by woorde gebly het nie, maar dat hulle geloof en belydenis oorgegaan het in daad.

Die geestelike dissiplines wat in die teks vermeld word, maar nog nie aan die orde gekom het nie, is die gemeenskaplike maaltye en die onderlinge verbondenheid of koinonia. Grosheide (1962:45) toon oortuigend aan dat die gemeenskaplike maaltye of soos dit in die Grieks staan, die breking van die brood (Bybel 1953) heenwys na die Nagmaal, as deel van die liefdesmaaltyd (vgl. Calvyn, 1965:85; Morgan, 1946:75; Bruce, 1952:100; Venter, 1986:161; Oostenbrink, 1996:20). Die liefdesmaaltye (wat met 'n Nagmaalviering afgesluit is) het op 'n besondere wyse uitdrukking gegee aan die gemeentelike se κοινωνία en eenheid met mekaar in Christus (Oostenbrink, 1996:20; vgl. Venter, 1986:161). Op hierdie wyse is Jesus Christus



se kruisdood, as die saambindende feit in die lewe van die gemeente, in herinnering geroep (Venter, 1986:162).

3.2.3.3 Besondere aandag aan die begrip koinonia

Die laaste wesenskenmerk van die gemeente wat hier onder bespreking kom, is die onderlinge verbondenheid of κοινωνία. Vir die doeleindes van hierdie studie is dit nodig om in besonder na dié spesifieke eienskap te kyk. Κοινωνία dui volgens Oostenbrink (1996:19) die konteks aan waarbinne die volharding in die leer van die apostels, die gemeenskaplike maaltye en die gebede plaasgevind het (vgl. Erasmus, 2001:52). Uit 2:43-47 is dit immers duidelik dat die volharding in leer veral 'n korporatiewe dissipline is. Die gelowiges het hulle geloof in gemeenskap met mekaar beoefen (Oostenbrink, 1996:19). Daar is reeds genoem dat die gelowiges deur die gesamentlike gebed en die gemeenskaplike maaltye uitdrukking gegee het aan hulle geloofseenheid en gemeenskap met mekaar. Die gelowiges het alles met mekaar gedeel en saam in die tempel en in mekaar se huise byeengekom. Al hierdie aktiwiteite het plaasgevind in 'n konteks van onderlinge verbondenheid met mekaar in Christus. Dit word bevestig wanneer daar van naderby na die begrip κοινωνία gekyk word.

κοινωνία is 'n oorkoepelende term vir 'n aantal begrippe wat almal in dieselfde bedieningsmodus val (Erasmus, 2001:51). As oorkoepelende term word die volgende Griekse woorde saam met κοινωνία bestudeer: κοινωνος, κοινωνω, κοινωνεω en κοινωνικος.

Louw en Nida (1993:446, 447, 559, 569) plaas die gebruik van hierdie groep woorde in die Nuwe Testament in verskillende hoofdomeine. Κοινωνία kom voor in domein 34, wat handel oor assosiasie. Die woord kom ook saam met κοινωνος, κοινωνω en κοινωνικος voor in domein 57, wat handel oor besitting. Erasmus (2001:52) beskryf na aanleiding van Louw en Nida die res van die woorde soos volg: “ 'n κοινωνος (34.6) is 'n vennoot wat iets gesamentlik [κοινωνος (57.9)] met ander mense deel. Hierdie deelgenootskap [κοινωνία (34.5 en 57.101)] vind volkome vrywillig plaas en kan handel oor besittings (Hand. 2:45), lering (Gal. 6:6) en dienswerk (2 Kor. 8:4). 'n Gelowige moet voortdurend gereed wees om dit wat hy verniet van Christus ontvang het, met ander te deel – κοινωνικος (57.100).” Dit is belangrik om daarop te let dat die gemeenskap wat die gelowiges met mekaar in handeling 2:42-46 gehad



het, nie dui op die opsegging van private eienaarskap nie, maar dat dit te doen het met die hulpverlening aan mekaar (Erasmus, 2001:53). Die gelowiges moes sorgsaam wees teenoor mekaar.

Dit bring die diakonale dimensie van κοινωνία na vore. In Hand. 2:42-47 is dit duidelik dat daar 'n baie sterk diakonale bewussyn in die gemeenskap van die gelowiges geleef het (vgl. Van Wyk, 1995:745). Hulle het alles met mekaar gedeel en na mekaar se behoeftes omgesien (Hand. 2:44). Volgens Calvin (1984:IV, 1&3) is die lede van hierdie gemeenskap verplig om die gawes en weldade wat hulle van God ontvang, met mekaar te deel. Die Heidelbergse Kategismus (HK, 21:54) en Hand. 2:42-47 bevestig dit deur die gemeenskap van die heiliges as die eerste vrug van die werk van die Heilige Gees in die Nuwe-Testamentiese kerk te stel.

Wanneer die woord κοινός toegepas word op mense, dui dit op mense wat met 'n band aan mekaar verbind is. Die werkwoord wat verband hou met κοινός is κοινοῶ. Κοινοῶ beteken om te deel, of om jouself by iets te voeg. Hierdie saamwees van mense wat bymekaar gevoeg is en gebind word deur 'n nabye en broederlike band, word beskryf met die woord κοινωνία (Erasmus, 2001:52). Die Griekse filosowe het die woord κοινωνία gebruik om inhoud te gee aan die begrip “assosiasie” om daarmee 'n ideale harmonieuse sekulêre gemeenskap te vestig (Heystek, 2000:29; vlg. Erasmus, 2001:52). Daarom dat Louw en Nida (1989:446-447) die eerste vertalingsmoontlikheid van die woord aandui as: “an association involving close mutual relations and involvement: 1 Jh. 1:3; 1 Cor. 1:9.”

Wanneer Du Rand (1985:99) die begrip κοινωνία omskryf, is dit duidelik dat die Bybelse gebruik van die woord wel aansluiting vind by die Griekse filosowe, maar daaraan 'n totaal verskillende betekenis gee. Volgens hom is dit duidelik dat κοινωνία nie in die mens sy oorsprong het nie, maar in God. Hy stel dit soos volg:

“*Koinonia* druk iets nuuts en dinamies in die vroeë Christelike gemeente uit. Dit vertolk die eenheid wat deur die Heilige Gees bewerk is. Die individu het volledig opgegaan in hierdie gemeenskap. Dit is nie 'n vrywillige samekoms van gewone mense omdat hulle gemeenskaplike belang besit nie. Dit is die vergadering van hulle wat God geroep het tot *koinonia* met Homself deur sy Seun en met mekaar ... Sowel by Paulus as in Handeling en in



1 Johannes is die Goddelike inisiatief wat *koinonia* betref, opvallend. God roep die mens, gee aan hom lewe en laat hom deur sy Gees deel hê aan Homself en met mekaar deur *koinonia*.”

Hendriks (1999:99) vat dit goed saam as hy sê dat κοινωνία per definisie verwys na dit wat God die Vader heilshistories, verbondsmatig steeds tot stand bring; gegrond is in Jesus Christus se soenverdienste en gedra en bewerk word deur die Heilige Gees. Dit realiseer volgens hom in die onderlinge verhoudinge tussen gelowiges, jy ontvang en gee dit, dit is gawe en opdrag; dit word gekenmerk deur liefde, diens, eenheid, wedersydse stigting, meegevoel in lyding, vreugde, orde en aanbidding; dit besit ’n gedeelde eskatologiese koninkryksvisie en is ten diepste gegrond in ’n persoonlike geloofsverhouding tot God.

3.2.3.4 ’n Korporatiewe getuienis: Verklaring van Hand. 2:47

Die lewe en gebeure in die eerste gemeente het verskille in reaksie onder die buitelanders gehad. Oostenbrink (1996:16) som dit soos volg op:

- almal (letterlik: “elke siel”) is met diep ontsag (vrees) vervul (2:43);
- die hele volk was hulle goedgesind (2:47b); en
- mense het deur die Here se beskikking tot bekering gekom en deel van die gemeente geword (2:47c).

Hoewel 2:47 dit duidelik stel dat die Here dié wat in Christus gered is by die gemeente gevoeg het, kan aanvaar word dat Hy die korporatiewe getuienis van die lewe (dade en woorde) van die vroeë kerk hierin gebruik het (Oostenbrink, 1996:16). Hy het immers sy Gees gestuur sodat sy volgelinge kragtig kan getuig (Hand. 1:8) en Hy deur hulle die uitverkorenes na Hom toe kan roep (vgl. Hand. 13:48). Joubert (1999:1380) stel dit soos volg: “Die eenvoud en toewyding waarmee die Jerusalem-gemeente God en mekaar dien, het die verbeelding van Jerusalem aangegryp. Daarom het baie mense elke dag tot inkeer gekom.” Blaiklock (1961:61-62) sê oor vers 47: “Lastly, joy and the respect of the multitude and continual effectiveness (‘the Lord was adding daily . . . those who were being saved’) were natural fruits of such united testimony.”



Hierdie stellings geld natuurlik van al vier die wesenseienskappe van die kerk wat in hierdie perikoop na vore kom. Waar enigeen van die eienskappe ontbreek, sal die gevolg nie dieselfde wees nie. As *κοινωνία* egter gesien word as die konteks waarbinne die volharding in die leer van die apostels, die gemeenskaplike maaltye en die gebede plaasgevind het (vgl. 3.2.3.3), verdien dit besondere vermelding. Die liefdevolle *κοινωνία* van hierdie eerste gemeente was 'n kragtige getuienis in die wêreld (Oostenbrink, 1996:16). Uit handeling 2:46-47 blyk dit dat die werfkrag van die kerk in *κοινωνία* geleë is (Combrink, 1986:10; vgl. Erasmus, 2001:53). Dit geld natuurlik dat *κοινωνία* sonder volharding in die suiwer leer van die apostels en die onderlinge gebede, nie ware *κοινωνία* is nie. As die leer en onderlinge gebede waarin 'n gemeente volhard egter nie ware *κοινωνία* tot gevolg het nie, moet ons vrae vra oor die suiwerheid van die leer of dan die gemeente se volharding in en gehoorsaamheid aan daardie leer. Uit hierdie gedeelte in Handeling word een ding baie duidelik: Dit is wanneer mense die unieke onderlinge liefde binne die geloofsgemeenskap sien, dat hulle besef dat daar iets besonders aan hierdie saak is (vgl. Burger, 1999:86).

In die beklemtoning van die voorbeeldige bestaan van die geloofsgemeenskap sien ons 'n baie sterk Ou-Testamentiese lyn deurkom. Die Here se plan met Israel was dat hulle so moes leef met God, met mekaar en met ander dat die nasies dit sou hoor en van oor die wêreld heen na Jerusalem sou kom om dit te aanskou (vgl. Burger, 1999:86). Van die tekste waarin dit die heel duidelikste na vore kom, is Sagaria 8:20-23:

“²⁰So sê die Here die Almagtige: Volke sal kom, inwoners van baie stede. ²¹Die inwoners van een stad sal na dié van die volgende toe gaan en elkeen sal sê: “Kom ons gaan raadpleeg die Here, ons gaan vra na die wil van die Here die Almagtige. Ek gaan ook!” ²²Baie volke sal kom, groot nasies, om in Jerusalem na die wil van die Here die Almagtige te vra, om Hom te raadpleeg. ²³So sê die Here die Almagtige: Daardie tyd sal uit al die nasies tien man een Judeër aan die klere gryp en sê: “Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor God is by julle.”

Dit is presies hierdie idee van 'n aktiewe getuienis van die gemeenskap van gelowiges wat weer in die Nuwe Testament opgeneem word.



Die teendeel is ook waar. Die kerk kan geen werfkrag hê as die kwaliteit van sy liefdesgemeenskap nie die gemeenskap wat enige ander samekoms bied, oortref nie (Buys, 1984:13). Calvin (1965:90) bevestig dit as hy sê: “And surely the fact that the Church is diminishing rather than increasing is to be ascribed to our slothfulness, or indeed our sinfulness.”

3.2.4 Samevattende afleidings van belang vir hierdie studie uit Handeling 2:42-47

Uit die breër konteks van Handeling 1 en 2 word dit baie duidelik dat die kerk 'n eiesoortige gemeenskap is wat deur God self in die lewe geroep en in stand gehou word en kragtens sy skepping 'n werk van die Heilige Gees is. Die ware eindproduk van Pinkster was die bestaan van 'n plaaslike gemeente. Die uniekheid van die kerk is dus 'n geloofsaak wat saamhang met die belydenis oor die werklikheid van die uitstorting en werksaamheid van die Heilige Gees. Die Heilige Gees woon en werk op 'n besondere manier in die kerk as die gemeenskap van gelowiges.

In Hand. 2:42-47 kry ons die eerste beskrywing van 'n Christelike geloofsgemeenskap. In hierdie gedeelte kom daar vier wesenseenskappe na vore, waarop hierdie eerste geloofsgemeenskap hulle heelhartig toegelê het, nl. die leer van die apostels, die onderlinge verbondenheid of gemeenskap, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede. Die feit dat die gelowiges hulle heelhartig daarop toegelê het en daarin volhard het, wys dat hulle geloof en belydenis oorgegaan het in daad. Dit is dus duidelik dat hulle God se handeling in Christus, deur die kragtige werking van die Gees, nie net verstaan het nie, maar ook ervaar het en dat dit in hulle lewens gerealiseer het.

Die leer van die apostels het as inhoud die evangelie, d.w.s. die werk van Christus en die betekenis daarvan. Die gebede was tot Jesus Christus en God gerig, en het sigbare uitdrukking gegee aan die gelowiges se geloofseenheid en geloofsband met mekaar. Die gemeenskaplike maaltyd wys heen na die Nagmaal, as deel van die liefdesmaaltyd, en het op 'n besondere wyse uitdrukking gegee aan die gemeentelike se κοινωνία met mekaar in Christus. Die onderlinge verbondenheid en die gemeenskaplike maaltyd is deur die leer van die apostels en die gebede bepaal en van ware inhoud voorsien. Die ware inhoud van



gemeenskap met mekaar en die gemeenskaplike maaltyd was dus: Jesus Christus en God. Die onderlinge gemeenskap of κοινωνία as wesenseienskap dui die konteks aan waarbinne die volharding in die leer van die apostels, die gemeenskaplike maaltye en gebede moet plaasvind.

Κοινωνία vertolk verder die eenheid wat deur die Heilige Gees bewerk is. Die geloofsgemeenskap is nie 'n vrywillige samekoms van gewone mense omdat hulle gemeenskaplike belange het nie. Dit is die vergadering van hulle wat God geroep het tot κοινωνία met Homself deur sy Seun - en daarom met mekaar. Κοινωνία verwys dus na dit wat: God die Vader heilshistories en verbondsmatig tot stand gebring het en steeds tot stand bring; gegrond is in Jesus Christus se soenverdienste; gedra en bewerk word deur die Heilige Gees; en realiseer in die onderlinge verhoudinge tussen gelowiges.

Κοινωνία is iets wat die gelowiges ontvang en gee, dit is 'n gawe en 'n opdrag. Hierin sien ons ook die diakonale dimensie van κοινωνία wat in Hand. 2:42-47 sterk na vore kom. Hulle het immers alles met mekaar gedeel en na mekaar se behoeftes omgesien. Die liefdevolle κοινωνία, as die konteks waarbinne die volharding in die leer van die apostels, die gemeenskaplike maaltye en die gebede plaasgevind het, was 'n kragtige getuigenis in die wêreld.

In vers 43-47 word die vier eienskappe wat in vers 42 aan die orde gekom het, herhaal en daarop uitgebrei. Hier is dus sprake van 'n voortgaande proses waarin die gemeenskap van gelowiges mekaar onderling opgebou het. Dit bevestig die stelling in vers 42 dat die gelowiges in hierdie vier wesenseienskappe *volhard* het. Die gelowiges se reaksie op die ervaring van God in die gemeenskap van die gelowiges is om God meer toegewyd te dien en lief te hê. Die Here het hierdie uitsonderlike gemeenskap van gelowiges nie net gebruik om die gemeente na binne opgebou te hou nie, maar Hy het dit ook gebruik om die uitverkorenes na Hom toe te roep. Die κοινωνία het 'n suigkrag gehad en so het mense tot bekering gekom en deel geword van die gemeente. Wanneer die Here nie mense toevoeg tot die gemeente nie, moet die vraag gevra word of die geloofsgemeenskap funksioneer soos dit in Handeling 2:42-47 geskets word.



3.3 DIE VIER BEDIENTINGS VAN DIE GEMEENTE IN AANSLUITING BY DIE VIER WESENSEIENSKAPPE

Die vier wesenseienskappe van die eerste gemeente is duidelik uitgewys in die verklaring van die gekose perikoop. Daar kan ook na hierdie vier eienskappe verwys word as geloofshandeling (vgl. Dreyer, 1995:795-796). Dit is immers handeling wat deur hierdie gelowiges uitgevoer is omdat hulle in Christus glo. Daar is ook duidelik aangetoon dat God hierdie handeling gebruik om die Christelike geloof oor te dra. Die handeling is dus kommunikatief.

Omdat hierdie geloofshandeling in diens van die evangelie staan, praat Burger (1999:108) en Nel (1994:26) daarvan as dienste of bedienings. Nel (1994:28) onderskei sewe bedienings vanuit die Nuwe Testament, naamlik: κήρυγμα (prediking), μαρτυρία (missionêre), διδασκαλία (onderrig), λειτουργία (aanbidding), κοινωνία (gemeenskap), παράκλησις (sorg) en διακονία (diens). Uiteindelik groepeer Burger (1999:108) en Nel (1994:24) dit in vier kleiner groepe, naamlik κήρυγμα, λειτουργία, κοινωνία en διακονία. Volgens Burger (1999:108) verwys λειτουργία na dit wat te doen het met die aanbidding van die gemeente, κήρυγμα na dit wat te doen het met die woorde of boodskap van die gemeente, κοινωνία na dit wat verband hou met wat die gemeente is ('n geloofsgemeenskap) en διακονία na dit wat verwys na die liefdesdade wat die gemeente doen.

Die wesenseienskappe of bedieningsaktiwiteite wat in Handeling 2:42-47 geïdentifiseer is, word verdiskonteer binne hierdie breër raamwerk van die totale bediening van die gemeente. Die leer van die Apostels is die inhoud van die κήρυγμα. Die onderlinge gebede vorm deel van die λειτουργία, die aanbidding van die gemeente. Die woord κοινωνία kom net so in Hand. 2:42 voor. Die διακονία blyk duidelik uit die gemeente se onderlinge sorg vir mekaar (vgl. 3.2.4). Aangesien daar reeds aan κοινωνία as een van die bedienings aandag gegee is, word daar vervolgens gefokus op die Skrifopenbaring oor die ander drie bedieningsaktiwiteite.



3.3.1 *Kerugma*

In Romeine 10:14 sê Paulus: “Maar hoe kan ’n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? *En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek?*” (Kursivering deur TFD.) Hiermee is die belangrikheid van die κήρυγμα as prediking of verkondiging gestel.

Burger (1999:216) verstaan onder die *kerugmatiese diens* alle aktiwiteite in die gemeente wat primêr gefokus is op die Bybel en sy unieke boodskap – hetsy dit is om die boodskap beter te hoor, te verstaan, met ander te bespreek of om dit deur te gee aan mense wat dit nog nie ken nie. Hy maak dit duidelik dat die κήρυγμα rus in die oortuiging dat die waarheid wat aan ons bekendgemaak is in die Bybel en aan ons gegee word in die verhale oor Jesus van Nasaret, dié weg tot die lewe bied (Burger, 1999:217).

Die κήρυγμα het as inhoud die leer van die apostels, d.w.s. die boodskap van die kruisiging en opstanding van Jesus Christus (vgl. Hand. 2:42; Rom. 16:25-27; Gal. 3:1). Geloof en gehoorsaamheid aan God moet deur die verkondiging van die evangelie by elke volk op aarde gewek word (Erasmus, 2001:36).

Alhoewel die κήρυγμα nie daartoe beperk is nie, realiseer dit veral in die prediking tydens ’n erediens en tydens huisbesoek (vgl. Erasmus, 2001:38; Nel, 1998:88; Hand. 5:42; Joubert, 1999:1387). Κήρυγμα lê ook in die hart van die kategetiese onderrig. Die Woord moet op bevatlike wyse aan elke katekisant verkondig word. Die enigste gesag in Bybelonderrig is die gesag van die Woord van God (vgl. Richards & Bredfeldt, 1998:62-63).

3.3.2 *Leitourgia*

Vos en Pieterse (1997:5) gee die volgende opsomming oor die Nuwe-Testamentiese gebruik van λειτουργία: Λειτουργία omvat:



- a) Die Ou-Testamentiese tempeldiens. In hierdie verband dui dit op die Levitiese diens in die tempel oor die algemeen en spesiaal op die offerdiens (Luk. 1:23; Heb. 8:2, 9:21, 10:11).
- b) Persoonlike liefdesdiens aan mense (Fil. 2:25,30). Dit sluit geldelike hulp in (Rom. 15:27; 2 Kor. 9:12).
- c) Diens aan Christus (Rom. 15:16; Fil. 2:17).
- d) Die samekoms van dissipels om te bid (Hand.13:2).

In die lig hiervan kan gesê word dat λειτουργία persoonlik, huislik en gemeentelik (kerklik) dui op wat mense doen wanneer hulle God ontmoet, na Hom luister en Hom aanbid, godsdiens beoefen en Hom verheerlik (GKSA, 1997:731).

Λειτουργία dui nie altyd op direkte diens aan God nie. Dit kan ook werk wees wat gedoen word as uitvloeisel van 'n lewende verhouding met God, werk wat gedoen word met die bewuste wete dat die uitvoerder van die werk ook hierdie werk as Godgegewe dienswerk verrig. Deur 'n gelowige se λειτουργία word uitdrukking gegee aan 'n lewe waar die gelowige bewustelik voor die aangesig van God (*Coram Deo*) leef (Erasmus, 2001:49).

Die erediens, as amptelike samekoms van die gemeente, is die plek en die geleentheid waar die λειτουργία die beste waargeneem kan word (Erasmus, 2001:49; vgl. Burger, 1999:204). Die Bybel leer ons ook dat aanbidding oor meer gaan as wat in die formele liturgiese samekoms gebeur. Λειτουργία is iets wat mense ook vanuit die erediens van die gemeente saam met hulle die lewe moet inneem (Burger, 1999:205; vgl. GKSA, 1997:732).

3.3.3 *Diakonia*

Διακονία verwys na die oproep van die evangelie dat ons God nie net sal dien met ons gebede (λειτουργία) en ons woorde van getuigenis (κήρυγμα) nie, maar dat ons Hom ook sal eer deurdat ons ander mense en sy skepping dien met selfverloënde daade van liefdesdiens (vgl. Burger, 1999:245).



Van selfverloënde daad van liefdesdiens is Jesus Christus self die beste voorbeeld. Dit word veral duidelik uit Matt. 20:20-28. Jesus leer hier vir Jakobus en Johannes wat dienende leierskap beteken. Hy verwys in vers 28 na Homself as bewys dat Hy nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe as losprys vir baie mense te gee (Erasmus, 2001:57).

Christus is egter meer as net 'n voorbeeld. Erasmus (2001:58) stel dit soos volg:

“Die dienswerk van die gelowige is gegrond in die selfverloënde, selfvernederende liefdesdiens van Christus wat sy lewe ter wille van die sondegevalle mens geoffer het. Deur nie selfgesentreerd te lewe nie, maar 'n oog te hê vir die behoeftes van ander mense, weerspieël die gelowige die liefde wat Christus teenoor hom bewys het in sy optrede in die wêreld.”

Hierdie liefdesdiens waarbinne die gelowige sy krag en besittings tot voordeel van ander aanwend, kan as een van die belangrikste elemente van die opbou en onderhouding van die κοινωνία in die gemeente gesien word (vgl. 3.2.3.3). Waar die λειτουργία gerig is op die diens aan die Here, is die διακονία van die gelowige en die gemeente gerig op die diens aan die medemens (Erasmus, 2001:58).

3.3.4 Die vier bedienings ineengewef

Die vier bedienings van die gemeente kan nooit as losstaande eenhede hanteer word nie. Nel (1994:28) skryf:

“Ek wil beklemtoon dat daar in gemeentebou *erns gemaak moet word met die totale bediening in diens van die kommunikasie van die evangelie*. Met minder sal die gemeente nie oor die weg kom nie. Wie dit probeer, is in 'n bepaalde sin met 'n stadige maar dodelike verarming van die gemeente besig en so 'n gemeente sterf uiteindelik, al gaan alles rustig voort.” (Kursivering deur TFD.)

Burger beklemtoon ook die band tussen die vier bedienings (vgl. Burger, 1999:108). Volgens hom is die bediening en die getuigenis van 'n gemeente geloofwaardig as dit wat die gemeente



is, sê (of bely), doen, en bid met mekaar in kongruensie is. Op grond hiervan maak hy die volgende skematiese voorstelling:

DIE GETUIENIS VAN DIE TOTALE GEMEENTE

is	→	koinonia
sê	→	kerugma
doen	→	diakonia
bid	→	leitourgia

Op die voetspoor van die chaistiese struktuur van Hand. 2:42 kan ons sê dat die κήρυγμα en die λειτουργία aan die κοινωνία en die διακονία inhoud gee en dit omarm. Λειτουργία stel die gelowige weer in staat om te fokus op God en maak harte en ore ontvanklik vir die κήρυγμα, die verkondiging van die Woord (vgl. Burger, 1999:228). Κοινωνία is aan die ander kant weer wesentlik vir die gelowiges se verstaan van en antwoord op die κήρυγμα. Ons kan dit nooit alleen, op ons eie, verstaan nie (Burger, 1999:228). Dit is ook 'n feit dat dit veel makliker is om die eise van die evangelie te gehoorsaam as jy dit saam met ander doen (Burger, 1999:228). Die gemeente in Handeling 2 het juis binne hierdie liefdevolle gemeenskap volhard in die leer van die apostels. Sonder διακονία word al die ander dienste beroof van hulle krag, omdat dit wat gesê word met die κήρυγμα, gebed word in die λειτουργία en beleef word in die κοινωνία, nie onderskraag en bevestig word deur die selfopofferende daade van liefdesdiens van die gemeente nie (vgl. Burger, 1999:228).

3.3.5 Samevattende afleidings van belang vir hierdie studie

Uit die breër konteks van die Nuwe Testament word dit duidelik dat die wesensteienskappe soos dit uit Hand. 2:42-47 na vore kom, verdiskonteer word in vier bedienings wat die gemeentes regdeur die Nuwe Testament kenmerk, naamlik die κήρυγμα, λειτουργία, διακονία en κοινωνία.

Κήρυγμα-tiese diens is al daardie aktiwiteite in die gemeente wat gefokus is op die uitdra en verkondiging van die unieke boodskap van die Bybel. Λειτουργία dui op wat mense



persoonlik, huislik en gemeentelik (kerklik) doen wanneer hulle God ontmoet, na Hom luister en Hom aanbid, godsdiens beoefen en Hom verheerlik. Διακονία verwys na die oproep van die evangelie om God te eer deur ander mense en sy skepping te dien met selfverloënde daade van liefdesdiens.

Dit is uiteindelik belangrik om klem te lê op al vier bedienings van die gemeente en dit as 'n eenheid te sien. **Die aantrekkingskrag en die geloofwaardigheid van die geloofsgemeenskap hang af van die kongruensie tussen dit wat die gemeente is (κοινωνία), sê (κήρυγμα), doen (διακονία) en bid (λειτουργία), sowel as 'n volharding in al vier hierdie bedienings (vgl. 3.2.4).**

Hierdie saak is van groot belang vir die studie. Reeds in die sewentigerjare stel Westerhoff (1976:78,103) dit duidelik dat goeie kategese en Christelike onderrig alleen nie gaan help om kinders vir die kerk te behou nie. Volgens hom sal ons kinders moeilik behou word vir die geloof en vir die kerk as daar nie 'n lewende geloofsgemeenskap is waarin die kinders die dinge wat vir hulle in die onderrig geleer word, prakties sien gebeur en prakties beleef nie. Oostenbrink en Lotter (1999:17) sluit hierby aan as hulle sê: “Dit is juis binne die gemeente as 'n gemeenskap van verlore mense, waarin gelowiges veronderstel is om te leer om as dissipels van Christus te leef en in hulle geloof te groei - om al meer soos Christus te word.”

4. DIE GEMEÉNSKAP VAN DIE GELOWIGES AAN DIE HAND VAN DIE “MEKAAR”-OPDRAGTE

4.1 DIE VERTREKPUNT

Burger (1999:231) sê opsommenderwys oor die gemeenskap van gelowiges die volgende:

“Dit gaan oor die ondersteunende en gemeenskapskeppende aktiwiteite wat gelowiges in die gemeente uitvoer waardeur Christene aanmekaar gebind word en so die versorgende en helende krag van die evangelie ervaar. Dit gaan in koinoniale aktiwiteite om *mense* - mense wat *mekaar* raaksien, vir *mekaar* omgee, vir *mekaar* verantwoordelikheid aanvaar en so leer om *mekaar* lief te kry soos Christus ons beveel het.” (Kursivering deur TFD.)



Dit is dus nodig om veral aandag te gee aan die maniere waarop die geloofsgemeenskap *gemeenskap met mekaar* moet beoefen. Dit word gedoen deur 'n ondersoek na die “*mekaar*”-opdragte. Hierdie opdragte dui prakties aan hoe gelowiges *gemeenskap met mekaar* moet beoefen (Oostenbrink & Lotter, 1999:18).

4.2 DIE INDIKATIEF VAN DIE “MEKAAR”-TEKSTE

In 'n baie deeglike en omvattende studie oor die “*mekaar*”-tekste in die Corpus Paulinum, maak Heystek (2000:82) onderskeid tussen die “*groot*” indikatief en die “*mekaar*”-indikatief van die “*mekaar*”-opdragte. Die “*groot*” indikatief is 'n verwysing van die skrywer, om daarmee die onlosmaaklike band (fundering) van die “*mekaar*”-opdragte met die heilswerk van Jesus Christus aan te toon. Op grond van deeglike eksegeese van Romeine 3:21,22 en 24 maak Heystek (2000:85) onder andere die volgende afleidings:

- Christus is die epogmakende “gebeurtenis” in die verlossing van sondaars;
- God verlos sondige mense in Christus;
- die “*mekaar*”-opdragte (as imperatiewe) spruit in die eerste plek voort vanuit die indikatief van die heil (as synde vrypraak vanweë die verlossing deur Jesus Christus).

Na aanleiding van die “*groot*” indikatief kom hy uit by Rom. 12:5, wat gesien kan word as die “*mekaar*”-indikatief (Heystek, 2000:86). Hier is dit belangrik om rekening te hou met die beeld van die gemeente as liggaam van Christus. Dit het reeds in hierdie studie duidelik geword dat die “liggaam”-beeld die gemeente se eenheid in Christus aan die orde stel (vgl. 2.2.2). Heystek (2000:89) stel na aanleiding van Rom. 12:5 hierdie eenheid in die gemeente as liggaam van Christus as indikatief (naas die “*groot*” indikatief) vir die “*mekaar*”-opdragte. Volgens hom realiseer die verskeidenheid funksies van die gelowiges ten opsigte van mekaar as imperatief binne die organiese eenheid van die gemeente.

Hieruit kan afgelei word dat:

- die indikatief van die “*mekaar*”-opdragte in die eerste plek geleë is in die heilswerk van Jesus Christus;



- dat die eenheid van die gemeente as liggaam van Christus die ruimte bied waarbinne die “mekaar”-opdragte uitgevoer moet word, en so as verdere indikatief van die “mekaar”-opdragte dien.

4.3 ’N BREË OORSIG OOR DIE “MEKAAR”-OPDRAGTE

Volgens die Nuwe Testament realiseer die sentrale roeping van gelowiges teenoor mekaar in die gebod om mekaar lief te hê (Versteeg, 1980:94,95; Heystek, 2000:77; vgl. Joh. 13:34; 1 Joh. 3:23; 1 Joh. 4:12; Matt. 22:34-40). Die selfde geld vir die “mekaar”-opdragte in die briewe van Paulus (vgl. 1 Tess. 3:12; 1 Tess. 4:9; 2 Tess. 1:3; Rom 13:8). Dit is ook die rede waarom Oostenbrink en Lotter (1999:18) sê dat al die “mekaar”-opdragte in die Bybel saamtrek in die gebod om mekaar lief te hê (vgl. Getz, 1976:5-6). Heystek (2000:92) bevestig dit deur die opdrag om mekaar lief te hê, as die “groot” imperatief van die “mekaar”-opdragte in die Corpus Paulinum uit te wys. Hy toon ook aan dat die “mekaar”-opdragte in werklikheid voortvloei uit die gebod om mekaar lief te hê (vgl. Rom. 13:8).

Dit is dus duidelik dat die liefde wat hier as opdrag vir gelowiges gegee word, nie in die eerste plek ’n emosie of gevoel is nie, maar ’n daad van selfopoffering waarin God se eer en ander mense se belange gedien word (Vergeer, 1999:1486; vgl. Heystek, 2000:91-92; Van Rensburg, 1993:1749). Die liefde kry juis praktiese betekenis in die verskillende “mekaar”-opdragte - of soos Getz (1976:6) dit stel: “They tell us *how* to love!”

Alhoewel Heystek (2000:81) se lys van “mekaar”-opdragte beperk is tot die geskrifte van Paulus, het die skrywer ná ’n soektog op die internet en in ander bronne tot die konklusie gekom dat dit redelik samevattend is van die “mekaar”-opdragte in die Nuwe Testament (vgl. Getz, 1976:3; Oostenbrink & Lotter, 1999:18; Van den Heever, 2002; Anon., 2002a; Anon., 2002b; Anon., 2002c; Anon., 2002d). Met die uitsondering van die opdrag in Heb. 10:24 is die volgende lys net so oorgeneem by Heystek (2000:81): **aanvaar** mekaar (Rom. 15:7); **bemoedig** (troos) mekaar (1 Tess. 4:18; 1 Tess. 5:11); **dien** mekaar (Gal. 5:13); **dra** mekaar se laste (Gal. 6:2); **wees eensgesind** met mekaar (Rom. 12:16; 15:5; Ef. 4:32a; 1 Tess. 5:13b); **betoon eerbied en respek** aan mekaar (Rom. 12:10; Gal. 5:15; Ef. 4:25); **wees geduldig** met mekaar (Gal. 5:26; Ef. 4:2; Kol. 3:13a); **groet** mekaar (Rom. 16:16; 1



Kor. 16:20; 2 Kor. 13:12); **leer en onderrig** mekaar (Kol. 3:16); **lieg nie** vir mekaar nie (Kol. 3:9); **wees aan mekaar onderdanig** (Ef. 5:21); **sing** onder mekaar (Ef. 5:19); **wees toegewyd** aan mekaar (Rom. 14:19; 1 Kor. 12:25); **vergewe** mekaar (Ef. 4:32b; Kol. 3:13b); **vermaan** mekaar (Rom. 15:14); **wag** vir mekaar (1 Kor. 11:33); en **sien om** na mekaar deur mekaar **aan te spoor** tot liefde en goeie daade (Heb. 10:24).

Hieruit kan afgelei word dat:

- die “*mekaar*”-opdragte in die Bybel saamtrek in die gebod om mekaar lief te hê;
- dat die liefde wat hier as opdrag vir gelowiges gegee word nie in die eerste plek ’n emosie of gevoel is nie, maar ’n daad van selfopoffering waarin God se eer en ander mense se belange gedien word.

4.4 DIE “MEKAAR”-OPDRAGTE WAT VAN BESONDERE BELANG IS IN DIE LEWE VAN JONG GELOWIGES

Vanweë die beperkte aard van hierdie studie kan daar nie in detail op elkeen van hierdie opdragte ingegaan word nie. Elkeen van hierdie opdragte sou spesifiek van toepassing gemaak kan word op die verantwoordelikheid van volwasse gelowiges en die volwasse geloofsgemeenskap teenoor jong gelowiges (vgl. Anon., 2002d). Die keuse is egter gemaak vir die volgende “*mekaar*”-opdragte en dit word bespreek met spesifieke verwysing na die belangrikheid daarvan ten opsigte van jong gelowiges:

4.4.1 Aanvaar mekaar (Romeine 15:7)

“Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het,
tot eer van God.” (Rom. 15:7)

Dit is belangrik om aandag te gee aan die onmiddellike konteks (Rom. 14:1-15:13) waarbinne hierdie opdrag staan. Daar was verdeeldheid in die gemeente in Rome omdat sommige mense bepaalde eetreëls en die onderhouding van sekere dae wou handhaaf en ander nie (Rom. 14:2-6). Op grond van die onderhouding of die nie-onderhouding van hierdie reëls, het die verskillende groepe mekaar verag. Dit is belangrik om daarop te let dat Paulus niemand



teregwys oor hulle onderskeie standpunte nie, omdat dít dinge is ‘waarop dit nie neerkom nie’ (vgl. Rom 2:18; Fil. 1:10). Hulle word wel tereggewys oor hulle houding teenoor mekaar. Hy roep hulle op om sensitief te wees vir mekaar en mekaar te aanvaar.

Aanvaar word baie keer verstaan in die sin dat gelowiges mekaar maar moet verduur of verdra. Die woord προσλαμβάνω (aanvaar) kan egter soos volg verklaar word:

- “to come to believe something and to act in accordance with such belief” (Louw & Nida, 1989:372);
- “receiving something or someone to oneself with special concern” (MacArthur, 1994b:318).

Dit is duidelik dat hierdie woord baie meer inhou as om mekaar bloot te “verduur” of te “verdra” (Heystek, 2000:94). Dit word bevestig deur die indikatief van hierdie imperatief. Christus het menslik gesproke genoegsame rede gehad om selfs gelowiges vanweë hulle sonde te verwerp, maar Hy aanvaar hulle! Die opdrag vir gelowiges om mekaar te aanvaar vloei dus voort uit die feit dat Christus hulle aanvaar het en nog steeds aanvaar. Om mekaar te aanvaar, beteken om mense met die liefde van Christus tegemoet te gaan (Heystek, 2000:94). Die eer van God, wat die gevolg is van die eenheid tussen gelowiges in hulle navolging van Christus (vgl. Rom. 15:5-6), is die uiteindelijke doel van die opdrag om mekaar te aanvaar (vgl. Getz, 1976:46; Vergeer, 1999:1488). Wanneer daar onderlinge verdeeldheid is oor dinge waarop dit nie neerkom nie, kom die eer van God in gedrang.

Dit is dié wat sterk is in die geloof, dié wat weet dat hulle verlossing nie afhang van die onderhouding van ’n aantal wette en reëls nie, wat opgeroep word om leiding te neem in die uitvoering van die opdrag om mekaar te aanvaar (Rom. 14:20-21; 15:1). Gelowiges wat werklik volwasse is in die geloof, sal sensitief wees vir dié wat nog jonk en onvolwasse in die geloof is, en onderskei waarop dit werklik aankom (vgl. Getz, 1976:46).

Wanneer iemand aanvaar word vir wie en wat hy is, is dit dikwels een van die mees bevrydende en wonderlikste dinge wat met hom kan gebeur (vgl. Burger, 1999:237). Hierdie gelowige aanvaarding van mekaar in Christus het die potensiaal om mense se lewens op ’n



onvoorstelbare manier te verander (vgl. Burger, 1999:237). Dit wen mense vir Christus (1 Kor. 9:21). Getz (1976:46-47) maak dit duidelik dat die teenoorgestelde ook waar is: “Prejudice, favoritism, and discrimination in the body of Christ violate the law of God ... they violate the very nature of the functioning body of Christ.”

Gelowiges en veral mense wat jonk in die geloof is, het emosionele steun nodig om goed (en veral Christelik) te funksioneer (Burger, 1999:237). Hulle het ’n diepe behoefte om as mense aanvaar te word vir wat hulle is (Nel, 1983:6). Wanneer iemand nie aanvaar word vir wie en wat hy is nie soek hulle aanvaarding op ander plekke òf hulle bly emosioneel-gestremde mense wat nie in staat is om aan meer as net hulle eie oorlewing aandag te gee nie (Burger, 1999:237). Dit is gelowiges se taak om vir mekaar te wys dat hulle vir mekaar belangrik is, maak nie saak of iemand ryk of arm, jonk of oud, swart of wit, swak of sterk in die geloof is nie (Getz, 1976:47, vgl. 2.2.2).

Hieruit kan daar afgelei word dat:

- die opdrag om mekaar te aanvaar méér inhou as om mekaar te “verduur” of te “verdra”;
- om mekaar te aanvaar beteken om mense met die liefde van Christus tegemoet te gaan;
- die opdrag vir gelowiges om mekaar te aanvaar gegrond is in en voortvloei uit Christus se aanvaarding van die sondaarmens;
- die eer van God die uiteindelijke doel is van die opdrag om mekaar te aanvaar;
- mense wat geloofsvolwasse is geroep word om leiding te neem in die opdrag om mekaar te aanvaar en om in hulle uitvoering van die opdrag te onderskei waarop dit werklik aankom;
- gelowige aanvaarding van mekaar in Christus die potensiaal het om mense vir Christus te wen; en dat
- dit gelowiges se taak is om mekaar te aanvaar ten spyte van verskille in ouderdom of menings - en sodat gelowiges daardeur vir die kerk en vir die geloofsgemeenskap behou word.



4.4.2 Dien mekaar

“Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as ’n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde.” (Gal. 5:13)

Dit is inderdaad moontlik om die vryheid van die gelowige in Christus, as tema vir die brief aan die Galasiërs te neem (Tolmie, 1999:1548; Getz, 1976:68; vgl. Guthrie, 1996; Van Rensburg, 1993:1804-1807). Die groot gevaar waarteen Paulus in die brief waarsku, is dat mense hulle vryheid in Christus verkeerd kan verstaan as sou dit beteken dat jy maar kan leef soos jy wil, solank jy maar net in Jesus glo. Só gebruik mense soms hulle vryheid as ’n verskoning om sonde te doen (Heystek, 2000:97; vgl. Getz, 1976:68). Tolmie (1999:1560) stel hierdie verkeerde idee reg as hy sê: “Christelike vryheid maak van ons slawe van die liefde. Christelike vryheid is nie totale vryheid nie, maar ’n nuwe vorm van slawerny: die liefde word jou baas.”

Paulus gebruik die woord δουλεύετε vir “dien”, wat volgens Louw en Nida (1989:741, 461) beteken:

- to be a slave of someone;
- to serve, normally in a humble manner and in response to the demands or commands of others.

Die Christen wat ware vryheid in Christus wil beleef, moet in totale toewyding en gehoorsaamheid aan Christus lewe (vgl. Getz, 1976:70). Omdat dit ’n opdrag van Christus is om mekaar te dien in liefde, beleef die gelowige in die doen daarvan die ware vryheid in Christus (vgl. Getz, 1976:74). Diegene wat weet dat hulle in Jesus Christus vrygespreek is en in hierdie vryheid leef, kom uiteindelik tot “*slavedienst ten opsigte van de anderen*” (vgl. Versteeg, 1980:39). Egte gemeente-wees is niks anders as om deur die liefde slawediens vir mekaar te verrig nie (Versteeg, 1980:39). Volgens Burger (1999:247) is *diens* om te verstaan dat die lewe oor méér gaan as oor persoonlike probleme. Volgens hom word die gelowiges se



lewensin nie bepaal deur wat ander bereid is om vir hom te doen nie, maar eerder deur wat hy bereid is om vir ander te doen. Diens veronderstel dus selfopoffering.

Dit is verder belangrik om te besef dat geloof in Christus nie net gevestig en versterk word deur 'n intellektuele verstaan en instemming nie, maar deur selfverloënde dae van diens aan mekaar (vgl. Burger, 1991:123). Die wesentlike waarhede van die Christelike geloof kan eenvoudig nie die effektiwste in 'n klassituasie oorgedra word nie. Dit is meestal waarhede wat die gelowige eers al dóënde werklik begin glo (Burger, 1991:130).

Diens aan mekaar is ook 'n bevestiging dat gelowiges ernstig is oor die dinge wat hulle glo (vgl. Burger, 1999:228). Volgens Bouwer (2002) word gelowiges in die gemeenskap van die gelowiges gevorm tot volwassenheid deur mekaar te dien met die onderskeie gawes wat hulle van die Gees ontvang het. Wanneer jong gelowiges tuis kom binne 'n gemeenskap wat hulle geloof demonstreer deur hulle diens aan mekaar, word hulle spontaan deur medegelowiges gevorm, geslyp en só tel hulle die nuwe lewenswandel op (vgl. Bouwer, 2002).

Hieruit kan afgelei word dat:

- die gelowiges as slawe van Christus vry is om Hom en mekaar in liefde te dien;
- egte gemeente-wees beteken om deur die liefde slawediens vir mekaar te verrig;
- diens selfopoffering veronderstel;
- geloof in Christus nie net gevestig en versterk word deur 'n intellektuele verstaan en instemming nie, maar deur selfverloënde dae van diens aan mekaar; en dat
- gelowiges en veral jong gelowiges in die gemeenskap van die gelowiges gevorm word tot volwassenheid deur te dien en deur gedien te word.



4.4.3 Leer en onderrig mekaar

“Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid.” (Kol. 3:16)

Die indikatief van hierdie opdrag lê in die woorde: *die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly* (Heystek, 2000:109). Die inhoud van wat Jesus geleer het, moet deur die gelowiges onthou en in hulle lewens toegepas word (Van der Watt, 1999:1604). Daarom moet gelowiges op gesag van die feit van die boodskap van Christus wat in hulle woon, verantwoordelikheid vir mekaar se optrede aanvaar en mekaar leer en onderrig (Heystek, 2000:110).

Alhoewel dit duidelik is uit die Bybel dat daar sekere mense is wat spesifiek die gawe ontvang het om te leer en te onderrig (vgl. Rom. 12:7; Breed, 1994:253), kry die hele gemeente hier die opdrag om mekaar te leer en te onderrig. Die gemeente is dus nie net objek van die Woord nie, maar ook subjek (vgl. Heystek, 2000:110; Breed, 1994:231).

Die hoogste doel van hierdie opdragte om mekaar te leer en te onderrig, is die lof van God wat uit die gemeente opklink vanweë hulle kennis van God se genade (Breed, 1994:240). Verder dien die onderrig en leer van mekaar ook tot die opbou van die gemeente, sodat God deur die lewenswyse van die gemeente in sy geheel verkondig word aan mense binne en buite die gemeente (vgl. Breed, 1994:240).

Wanneer die opdrag van Kol. 3:16 spesifiek toegespits word op die verantwoordelikheid van die gemeente as 'n geloofsgemeenskap teenoor jong gelowiges, word dit reeds in die verklaring van die woorde duidelik dat die leer en onderrig nie beperk kan word tot die klaskamersituasie nie (vgl. Kilian, 1992:373). Louw en Nida (1989:413,414; 1995) verklaar die werkwoorde in die opdrag, naamlik om mekaar te leer en te onderrig, soos volg:



- διδάσκω (leer): to provide instruction in a formal or informal setting. In choosing a term for “to teach” it is important to avoid an expression which will denote merely classroom activity.
- νουθετέω (onderrig): to provide instruction as to correct behavior and belief - 'to instruct, to teach, instruction, teaching; to admonish someone for having done something wrong.

Westerhof (1976:49) stel dit soos volg:

“ ... while the context or place of Christian education is best understood as a community of faith, the means of Christian education is best understood as the actions between and among faithful persons in an environment that supports the expansion of faith and equips persons for radical life in the world as followers of Jesus Christ.”

Hierby sluit Dunn (1999:50) aan as hy sê:

“The growth of a person from childhood to adulthood is a constant process of evolution. Throughout this process there is an interaction with the environment – family, church, community and society in general – which results in a variety of experiences. Christian education is, in the final analysis, a continuing activity in the life-long equipping of persons for engaging in the service, mission and worship of the Church in the word.”

Die beste vorm van onderrig vir 'n jongmens is om in 'n gemeenskap van gelowiges groot te word waarbinne die tradisies getrou oorgedra word deur rituele en leefwyse, waarbinne hy versorg word en tot geloofsvolwassenheid begelei word en waarbinne hy voorberei word vir individuele en gesamentlike diens in die gemeente en samelewing tot eer van God (vgl. Westerhof, 1976:50; Breed, 1994:253).

Na 'n deeglike studie oor geloofsopvoeding, kom Breed (1994:253) tot die konklusie dat onderrig van jongmense veral plaasvind deur prediking, saamwees in die eredienste, gebed en sang sowel as konkrete toepassing en voorbeeld. Hiermee vind hy sterk aansluiting by die vier wesenseienskappe van die geloofsgemeenskap nl. kerugma, koinonia, leitourgia en diakonia (vgl. 3.1.4). Die jongmens word onderrig deur saamdoen en saamluister en ook deur



die waarneming van volwasse medegelowiges in hulle beoefening van die kerugma, koinonia, leitourgia en diakonia (vgl. Breed, 1994:258; Kilian, 1992:375).

Hieruit kan afgelei word dat:

- gelowiges op gesag van die feit van die boodskap van Christus wat in hulle woon, verantwoordelikheid vir mekaar se optrede moet aanvaar en mekaar leer en onderrig;
- die hele gemeente, en nie net spesifieke persone nie, hier die opdrag kry om mekaar te leer en te onderrig;
- die opdrag om mekaar te leer en te onderrig uiteindelik die navolging van Christus, die opbou van die gemeente en sodoende die eer van God ten doel het;
- die leer en onderrig van jong gelowiges nie beperk kan word tot die klaskamer nie;
- die beste vorm van onderrig binne 'n aktiewe geloofsgemeenskap plaasvind; en
- jongmense onderrig word deur saamdoen en saamluister en ook deur die waarneming van volwasse medegelowiges in hulle beoefening van die kerugma, koinonia, leitourgia en diakonia.

4.5 SAMEVATTENDE AFLEIDINGS VAN BELANG VIR HIERDIE STUDIE

Die indikatief van die “*mekaar*”-opdragte is in die eerste plek geleë in die heilswerk van Jesus Christus. Die eenheid van die gemeente as liggaam van Christus bied die ruimte waarbinne die “*mekaar*”-opdragte uitgevoer moet word.

Die “*mekaar*”-opdragte in die Bybel trek saam in die gebod om mekaar lief te hê. Die liefde wat hier as opdrag vir gelowiges gegee word, is nie in die eerste plek 'n emosie of gevoel nie, maar 'n daad van selfopoffering waarin God se eer en ander mense se belange gedien word. Hierdie liefde vir mekaar word sigbaar in die onderskeie “*mekaar*”-opdragte. **Wat vir hierdie studie veral van belang is, is die opdrag om mekaar te aanvaar, mekaar te dien en mekaar te leer en te onderrig.**

Die opdrag om mekaar te aanvaar hou meer in as om mekaar te “verduur” of te “verdra”. Dit beteken om mense met die liefde van Christus tegemoet te gaan. Dit is gegrond in en vloei voort uit Christus se aanvaarding van die sondaarmens. Die eer van God is die uiteindelijke



doel van die opdrag om mekaar te aanvaar. Mense wat geloofsvolwasse is, word geroep om leiding te neem in die opdrag om mekaar te aanvaar en om in hulle uitvoering van die opdrag te onderskei waarop dit werklik aankom. **Die gelowige aanvaarding van mekaar in Christus het die potensiaal om mense vir Christus te wen.** Gelowiges word geroep om mekaar te aanvaar ten spyte van verskil in ouderdom of menings, sodat mense daardeur vir die kerk en vir die geloofsgemeenskap behou word.

As slawe van Christus, is gelowiges vry om Hom en mekaar in liefde te dien. Egte gemeenteweese beteken om deur die liefde slawediens vir mekaar te verrig. Diens veronderstel selfopoffering. Geloof in Christus word nie net gevestig en versterk deur 'n intellektuele verstaan en instemming nie, maar deur selfverloënde dae van diens aan mekaar. **Daarom word gelowiges - en veral jong gelowiges - in die geloofsgemeenskap gevorm tot volwassenheid deur te dien en deur gedien te word.**

Gelowiges moet op gesag van die feit van die boodskap van Christus wat in hulle woon, verantwoordelikheid vir mekaar se optrede aanvaar en mekaar op grond daarvan leer en onderrig. Hierdie opdrag geld vir die hele gemeente en nie net vir spesifieke persone nie. **Die opdrag om mekaar te leer en te onderrig, het uiteindelik die navolging van Christus, die opbou van die gemeente en sodoende die eer van God ten doel.**

Die leer en onderrig van jong gelowiges kan nie beperk word tot die klaskamer nie. Die beste vorm van onderrig vind binne 'n aktiewe geloofsgemeenskap plaas. Jong gelowiges word onderrig deur saamdoen en saamluister en ook deur die waarneming van volwasse medegelowiges in hulle beoefening van die kerugma, koinonia, leitourgia en diakonia.

Die belang van hierdie samevattende afleidings vir hierdie studie, kan soos volg opgesom word: **Volwasse gelowiges het binne die geloofsgemeenskap die verantwoordelikheid om gemeenskap met jong gelowiges te beoefen deur hulle te aanvaar, te dien, met woord en daad te onderrig en hulle sodoende vir die geloofsgemeenskap te behou, te vorm tot geloofsvolwassenheid en te lei tot navolging van Christus.**



5. DIE BEGRONDING VAN BELYDENISAFLEGGING NA AANLEIDING VAN DIE VERBINTENISKARAKTER

5.1 VERTREKPUNT

Wanneer daar gepraat word van die aflegging van belydenis van geloof, kom die begrip verbintenis onmiddellik ter sprake. Dit gaan in belydenisaflegging oor 'n antwoord op die verbintenis (verbond) wat God met die kinders van gelowiges sluit (vgl. Burger, 1991:79; Breed, 1994:262; Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof – Psalmboek, 1999:630-632). Dit is daarom nodig om in die begronding van belydenisaflegging in die eerste plek aandag te gee aan hierdie verbintenis wat God met die kinders van gelowiges aangaan. Die verbond en die doop en die verband wat dit het met die openbare belydenis-van-geloofaflegging, sal dus in die eerste plek aan die orde kom (vgl. Kilian, 1992:192).

Die persoonlike geloofsverbintenis van 'n jong gelowige aan God en sy gemeente as antwoord op die verbondsbeloftes, is ook 'n baie belangrike aspek van belydenisaflegging en verdien daarom besondere aandag. Dit sal aan die orde kom vanuit die eksegeese van onder andere Matt. 16:15-18 en Joh. 20:28, wat betref die persoonlike verbintenis aan God. Die verbintenis aan die gemeente het reeds indirek in hierdie hoofstuk aan die orde gekom (vgl. 3) en daarom sal daar in hierdie afdeling slegs op die verband wat hierdie opdrag met belydenisaflegging het, gefokus word.

Die belangrikheid van hierdie afdeling van die studie in die daarstel van basisteoretiese perspektiewe oor die rol van die gemeente as geloofsgemeenskap in begeleiding tot belydenisaflegging, spreek vanself en sal in die bespreking van die bogenoemde duidelik na vore kom.



5.2 BELYDENISAFLEGGING AS ANTWOORD OP GOD SE VERBINTENIS MET DIE VERBONDSKIND

5.2.1 Die verbond

König (1995:66) beskryf die verbond as die wyse waarop God die verhouding tussen Hom en mense reël. Breed (1994:259) sluit hierby aan as hy sê dat God in 'n persoonlike verhouding met sy volk en elke individu daarbinne tree by wyse van 'n verbond. Daar is nie spanning tussen die genadeverbond in die Ou Testament en die in die Nuwe Testament nie, omdat dit een en dieselfde verbond is (vgl. König, 1995:60-61). Volgens die Nuwe Testament het Jesus juis gekom om heidene in hierdie verbond (wat reeds met Abraham gesluit is) op te neem en hulle só kinders van God te maak (Gal. 3:14,29). Abraham word selfs alle gelowiges se vader genoem (Rom. 4:16). God red mense uit genade, net deur die geloof (Ef. 2:8). Dit was presies ook sy ooreenkom met Abraham waarin Hy lank tevore al beloof het dat Hy mense van al nasies van die wêreld sal opneem (Gen. 13:6; 12:3). Die Abraham-verbond is die genadeverbond en die geloofsverbond (vgl. König, 1995:61).

'n Belangrike aspek van hierdie genadeverbond, is dat dit in Christus gefundeerd is. Hierby word die ou en nuwe verbond as verskillende fases van die genadeverbond ingesluit. Die middelaarswerk van Christus het fundamentele betekenis vir die verbond met Abraham, die verbond met Israel en die verbond met die Nuwe-Testamentiese gelowiges. Christus is die fondament en die vervulling van die verbond. Die verbondsbeloftes is deur Hom vervul (Van Genderen & Velema, 1992:506).

Hierdie verbond is monopleuries in sy oorsprong en dupleuries in sy bestaan. Dit is God wat in sy genade die mens opsoek en met hom in 'n verhouding tree. Met die totstandkoming en sluiting van die verbond neem die mens nie die inisiatief nie (vgl. Van Genderen & Velema, 1992:509; Heyns, 1981:202; Burger, 1991:74). In die bestaan van die verbond vertoon dit egter 'n wedersydse struktuur. Dit word duidelik wanneer die inhoud van die verbond saamgevat word in die woorde: "Ek sal vir julle 'n God wees, en julle sal vir my 'n volk wees..." (Vgl. Eks. 6:7; Jer. 11:4; Jer. 30:22; Eseg. 36:28; 2 Kor 6:16.) Die inhoud van die verbond kan dus tereg beskryf word as die omvattende liefdesverhouding van harmonie en



vrede tussen God en mense, tussen mense onderling en tussen die mense en die natuur (König, 1995:70). König (1995:70) omskryf die inhoud van die verbond verder as hy sê:

“In die verbond leef God uit genade in gemeenskap met sy volk, en Hy seën en bewaar, lei en vermaan hulle, vergewe hulle sonde en gee hulle ’n nuwe lewe sodat hulle Hom sal liefhê, prys en dien, en anders sal lewe as die mense rondom hulle – in heiligheid en liefde, in reg en geregtigheid teenoor armes en veronregtes. So moet hulle deur hulle lewe – en veral deur God se seën op hul lewe – ander oortuig en nader trek. Dit is die verbond.”

Hierdie verbond tussen God en die mens het verder ’n korporatiewe karakter (König, 1995:77). Dit beteken dat God met die individue as deel van groepe werk. Breed (1994:258) verduidelik dit soos volg:

“Verbond en volk is in die Ou en Nuwe Testament onlosmaaklik aan mekaar verbonde. In die Ou Testament skep God vir Hom ’n volk deur hulle uit te lei uit Egipte om Hom te dien. In die Nuwe Testament maak Christus vir Hom die kern van sy volk bymekaar in die dissipels. Elkeen wat deur hulle woorde tot geloof kom, word deel van God se volk.”

Die verbondseëninge word dus saam (korporatief) geniet. ’n Enkele gelowige kan nie net in ’n persoonlike verhouding met die Here leef nie, want God gee nie aan elke gelowige alles wat hy of sy nodig het nie. Elke gelowige is aangewese op die res van die gemeente om die seëninge van die Here ten volle te kan geniet (König, 1995:77; vgl. Hoofstuk 2).

Hierdie korporatiewe karakter is ook die rede waarom die verbond nie net volwassenes insluit nie. Soos wat Ou-Testamentiese verbondskinders saam met hulle ouers in die verbond met God opgeneem is, word die Nuwe-Testamentiese verbondskind, aan wie Jesus self die koninkryk van die hemel toesê (Matt. 19:14; Mark. 10:14) in die verbond met God ingesluit (vgl. Kilian, 1992:197). God het in Jesus Christus die verbond van genade met gelowiges en hulle kinders opgerig (Hand. 2:39; vgl. Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof – Psalmboek, 1999:630-632). As kinders en erfgename het jongmense deel aan die volle rykdom van die weldade van hierdie verbond (Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof – Psalmboek, 1999:630-632).



Honeycutt (1970:34-35) sluit hierby aan. Hy stel dit duidelik dat kinders van Christelike ouers op grond van die verbond deel is van Christelike geloofsgemeenskap. Hulle persoonlike beslissing (wat tot uiting gebring word tydens belydenisaflegging) raak net die vraag of hulle die geloof waarin hulle gebore is en opgevoed is, gaan verwerp of nie; en nie of hulle dit wil “aanvaar” nie. Hulle godsdiens het die huisgesin as fokuspunt en die kerk as klimaks. Hulle ouers, maar ook die hele gemeente, moet direkte verantwoordelikheid vir hulle totale welsyn en geloofsgroei aanvaar (vgl. Breed, 1994:26-50, 231-232, 258). Alhoewel daar reeds oor die verantwoordelikheid van die volwasse gemeenskap ten opsigte van die leer en die onderrig van verbondkinders geskryf is (vgl. 4.4.3), is ’n paar verdere opmerkings in die verband in orde. Volgens Nel (1983:19) is verbondskinders mense op wie God eiendomsregte afgemerkt het, en daarom moet hulle begelei en opgeroep word om God reg te ken, lief te hê en te dien. Die volwassenes het volgens hom die verantwoordelikhede om sodanig aan gehoorsaamheid binne die verbond uitdrukking te gee, dat hulle die kinders begerig maak om hulle te identifiseer met die belydende lidmate van die gemeente. Die geloofsgemeenskap het die verantwoordelikheid om die kind voortdurend te ondersteun op sy weg na belydenisaflegging.

Die belydenis-van-geloofaflegging behoort dus nie vir verbondskinders ’n definitiewe stap te wees waarin hulle “by die kerk aansluit nie”, maar eerder die natuurlike uitvloeisel van hulle eie Christelike erfenis en uitkyk. Verbondskinders wat in die geloofsgemeenskap opgevoed is, moet nooit die frustrasie beleef om skielik op ’n bepaalde ouderdom deur hulle ouers en die kerk behandel te word as mense wat buite die geloof staan en dan iets besonder moet doen om die liefde en vreugde te herwin wat hulle vroeër in die geloofsgemeenskap geken het nie (vgl. Honeycutt, 1970:34-35; Burger, 1991:87).

Hieruit kan die volgende afgelei word:

- God tree in ’n persoonlike verhouding met sy volk en elke individu daarinne by wyse van die verbond.
- Die genadeverbond is in Christus gefundeerd omdat Hy die uiteindelijke vervulling van die verbondsbeloftes is.



- Hierdie genadeverbond is eensydig (monopleries) in sy oorsprong maar tweesydig (dupleries) in sy bestaan.
- Die inhoud van die verbond kan saamgevat word in die woorde: “Ek sal vir julle ’n God wees en julle sal vir my ’n volk wees.”
- Die verbond het ’n korporatiewe karakter, wat beteken dat elke gelowige op die res van die gemeente aangewese is om die seëninge van die Here ten volle te geniet.
- Op grond van die korporatiewe karakter, word kinders van gelowiges saam in die verbond opgeneem.
- As kinders en erfgename, het jongmense deel aan die volle rykdom van die weldade van hierdie verbond en daarom is hulle ook volwaardig deel van die Christelike geloofsgemeenskap.
- Volwassenes het die verantwoordelikheid om sodanig aan gehoorsaamheid binne die verbond uitdrukking te gee, dat dit die kinders begerig maak om God reg te ken, lief te hê en te dien en om hulleself te identifiseer met die geloofsgemeenskap.
- Die geloofsgemeenskap het die verantwoordelikheid om die kind te ondersteun op sy weg na belydenisaflegging.
- Uiteindelik moet belydenisaflegging nie ’n stap wees waarin hulle “aansluit” by die kerk en die geloofsgemeenskap nie, maar eerder ’n natuurlike uitvloeisel van die feit dat hulle deel is van die genadeverbond.

5.2.2 Die doop

In die eerste plek is dit belangrik om te besef dat die doop God se werk is. Dit is God (Vader, Seun en Heilige Gees) wat mense sy eiendom maak - hulle doen dit nie self nie (König, 1995:30). In hierdie sin word gelowiges en hulle kinders deur die doop in die kerk van God opgeneem en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder om heeltemal sy eiendom te wees en sy merkteken en vaandel te dra (NGB, art. 34).

Die dopeling word deur die doop, as heilsdaad van God, op grond van die deur Christus verwerfde heil *in beginsel* aan Hom verbind, en verkry so deel aan die belofte van die heil, binne die konteks van die verbond, op grond van sy inlywing in die verbondsgemeenskap (Kilian, 1992:197; vgl. König, 1995:11). God is binne die kader van die verbond via die



sakrament van die doop heilsmededelend besig met die kinders van die verbond (Kilian, 1992:198).

Dit beteken nie dat die doop self die afwassing van die sondes is nie. By die doop word die verbondskind slegs “geleer” en “verseker” van dit wat in die evangelie beloof word (HK, 27:74). Die doop is die teken en seël van die beloftes van God, waarvan die kern is dat Hy ons vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk (vgl. HK, 25:66). Dit is ’n merkteken van die verbond – teken en seël van die barmhartigheid van God (HK, 21; NGB, art. 15). Die doop wil as seël die betroubaarheid van God se beloftes bevestig (Kilian, 1992:193). In hierdie opsig is die doop net soos geloof - dit het nie op sigself waarde nie. Dit is nie die mens se geloof wat hom red nie, maar die Een in wie hy glo. Dieselfde geld van die doop: dis nie die doop op sigself wat soveel waarde het nie, maar die Een in wie se Naam ’n mens gedoop is (König, 1995:Voorwoord). Ons kan die verlossing nooit anders deelagtig word as deur die geloof nie. Die doop is tesame met die Woord die instrument waardeur die heil aan ons verkondig word, sodat die geloof daarin kan rus (Kilian, 1992:199).

Die doop is sedert die vroegste tye gesien as die openlike, amptelike toetrede tot die kerk - op grond van die deurslaggewende beginsel in die gereformeerde verbondsl eer, naamlik dat die kinders, soos die volwassenes, tot die gemeente van die Here behoort. In 1 Korintiërs 12:13 staan die volgende: “Deur die een Gees het ons immers almal een liggaam geword deur die doop.”³ Die Gees lyf die dopeling deur die doop in Christus se liggaam - die kerk - in (König, 1995:12). Die onmondige dopelinge is volwaardige lidmate van die gemeente (Kilian, 1992:205; vgl. König, 1995:12; Nel, 1983:19; NGB, art. 34; Formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders, 1999:630-632).

Hieruit kan die volgende afgelei word:

- Dit is God wat doop.
- Die doop is nie self die afwassing van die sondes nie.

³ Die vertaling van die vers is in navolging van König (1995:12) wat op sy beurt die 1979 proefvertaling volg. Dit sluit baie nou aan by die Bybel, 1953. Hy toon oortuigend aan dat die Bybel, 1983 vreemd vertaal is, aangesien dit wat in die Grieks die *oorsaak* is (die Gees se werk deur die doop) in hierdie vertaling die *gevolg* word, en omgekeerd.



- Die doop is 'n verbondsteken: Dit beteken en verseël die genadige verbondsbeloftes van God waarvan die grootste die belofte van vergewing van sondes en die ewige lewe is - op grond van die enige offer van Christus aan die kruis.
- Deur die doop word die dopeling openlik en amptelik in die verbond en in die verbondsgemeenskap (die kerk) ingelyf.
- Die dopeling is volwaardig en in geen mindere mate as die volwassenes nie lidmaat, deel van die geloofsgemeenskap.

5.2.3 *Die verband tussen die verbond, die doop en openbare geloofsbelydenis*

Die heilswerk van Jesus Christus is die enigste vertrekpunt vanwaar die band tussen die verbond, die doop en geloofsbelydenis verstaan kan word. Deur Christus se verdienste het die verbond tot stand gekom. Mense word deur die doop in die verbond ingelyf en deur die geloof die volle heil in Christus deelagtig (Killian, 1992:199). Op grond van hierdie gawe van God in die verbond (die indikatief) word verbondskinders opgeroep tot gehoorsaamheid (die imperatief) (Nel, 1983:16). Die gedoopte moet deur 'n ware geloof in Christus ingelyf word en al sy weldade "aanneem" (HK, 7:20). Die verbondskind moet Christus deur die geloof omhels, sodat al Christus se weldade sy eie kan word (NGB, art. 22). Die Gees van God roep die dopeling deur die getuienis van die Woord tot geloof (Breed, 1994:262; vgl. Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof, 1999:630-632). Dit is belangrik om te onthou dat geloof 'n voorwaarde is *in* die verbond, en nie *vir* die verbond nie (Kilian, 1992:180-199).

Wanneer 'n kind tot geloof kom, moet hy openlik daaroor met ander kan praat (Breed, 1994:263). Geloof moet openlik bely word (Matt.10:32-33; Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof – Psalmboek, 1999:630-632). Belydenis hou in dat die kind hom doelbewus met God vereenselwig (Breed, 1989:98,99). Die verbintenis wat God met die dopeling aangaan, is 'n appél om deur geloof in God in 'n lewenslange verhouding met Hom te leef. Daarom antwoord die verbondskind in 'n ware geloof deur homself met sy woorde en dade openlik aan God te verbind (vgl. 1 Tim. 6:12).



inhoud van die verbond saamgevat word in die woorde: "EK sal vir julle 'n God wees en julle sal vir my 'n volk wees."



Breed (1994:263-264) vat die beginsel in die openbare aflegging van belydenis van geloof soos volg saam:

“God het Homself in die midde van die gemeente openlik aan die kind verbind. Hierdie verbinding het ook ’n verbinding van die kind met die volk ingehou. Dit is dus gepas dat die kind ook die geloof, wat deur die geloofsopvoeding in sy hart gegroei het, in die midde van die gemeente bely.”

Dit is dus duidelik dat aflegging van belydenis van geloof die verbondskind se verbondspelig is (vgl. Van Gorsel, 1978:12). Van Gorsel (1978:12) stel dit soos volg: “De keuze van mijn ouders om mij, toen ik nog nergens van wist, te laat dopen, bevestig ek door mij eigen jawoord, nu ik volwassen ben. Wie dus nalatig blijft inzake belijdenis doen, . . . die bewijst daarmee de God van zijn doop niet te willen dienen.”

Hieruit kan die volgende afgelei word:

- Omdat kinders deur die doop volkome deel het aan die verbond met al sy rykdomme en gawes, word hulle tot gehoorsaamheid en aanvaarding van die verbond geroep.
- Die Gees van God roep die dopeling deur die getuienis van die Woord tot geloof.
- Omdat God Homself in die midde van die gemeente openlik aan die kind verbind het en die verbinding ook ’n verbinding met die volk van God inhou, is dit gepas dat die kind die geloof wat deur die geloofsopvoeding in sy hart gegroei het, in die midde van die gemeente bely en homself so openlik aan God en sy gemeente verbind.

5.2.4 Samevattende afleidings van belang vir hierdie studie

God tree in ’n persoonlike verhouding met sy volk en elke individu daarinne, by wyse van die verbond. Die genadeverbond is in Christus gefundeerd omdat Hy die uiteindelijke vervulling van die verbondsbloftes is. Hierdie genadeverbond is eensydig (monopleries) in sy oorsprong, maar tweesydig (dupleries) in sy bestaan. Dit word ook duidelik wanneer die inhoud van die verbond saamgevat word in die woorde: “Ek sal vir julle ’n God wees en julle sal vir my ’n volk wees.”



Die verbond het 'n korporatiewe karakter wat beteken dat elke gelowige op die res van die gemeente aangewese is om die seënninge van die Here ten volle te geniet. Op grond van die korporatiewe karakter, word kinders van gelowiges saam in die verbond opgeneem. **As kinders en erfgename, het jongmense deel aan die volle rykdom van die weldade van hierdie verbond en daarom is hulle ook volwaardig deel van die Christelike geloofsgemeenskap.**

Bo en behalwe die formele verpligting wat op die ouers van die kinders en op die hele gemeente rus, het die volwasse geloofsgemeenskap die verantwoordelikheid om sodanig aan gehoorsaamheid binne die verbond uitdrukking te gee, dat dit die kinders begerig maak om God reg te ken, lief te hê en te dien; en om hulleself te identifiseer met die geloofsgemeenskap. **Die ondersteuning van die jongmens binne die geloofsgemeenskap** moet van so 'n aard wees dat die uiteindelijke belydenisaflegging nie 'n stap is waarin hulle “aansluit” by die kerk en die geloofsgemeenskap nie, maar eerder 'n natuurlike uitvloeisel van die feit dat hulle deel is van die genadeverbond.

Die doop is die teken van die genadeverbond in Christus. Dit beteken en verseël die genadige verbondsbeloftes van God, waarvan die grootste die belofte van vergewing van sondes en die ewige lewe is, op grond van die enige offer van Christus aan die kruis. Die doop is dus nie self die afwassing van die sondes nie. **Die doop is 'n handeling van God, waardeur die dopeling openlik en amptelik in die verbond en in die verbondsgemeenskap (die kerk) ingelyf word.** Die dopeling is, in geen mindere mate as die volwasse lidmaat nie, déél van die geloofsgemeenskap.

Omdat kinders deur die doop volkome deel het aan die verbond met al sy rykdomme en gawes, word hulle tot gehoorsaamheid en aanvaarding van die verbond geroep. Die Gees van God roep die dopeling deur die getuienis van die Woord tot geloof. Omdat God Homself in die midde van die gemeente openlik aan die kind verbind het en die verbinding ook 'n verbinding met die volk van God inhou, is dit gepas dat die kind die geloof wat deur die geloofsopvoeding in sy hart gegroei het, in die midde van die gemeente bely en homself so openlik aan God en sy gemeente verbind.



Die belang van hierdie samevattende afleidings vir hierdie studie kan soos volg opgesom word: **Op grond van die verbond en die doop is kinders volwaardig deel van die geloofsgemeenskap, wat beteken dat belydenisaflegging 'n antwoord is op God se beloftes as deel van die ondersteunende gemeenskap van gelowiges.**

5.3 BELYDENISAFLEGGING AS 'N PERSOONLIKE GELOOFSVERBINTENIS AAN GOD EN SY GEMEENTE

5.3.1 'n Persoonlike geloofsverbintenis aan God, gegrond in kennis: Matt. 16:15-18

5.3.1.1 Motivering vir die keuse van hierdie gedeelte

In Myers et al. (1993:9) word die volgende stelling gemaak: "The current question facing the church as it once again considers what role, if any, confirmation plays, is, what is Christianity in this modern context, or indeed, who is Christ for us today?" In Matteus 16:15 vra Jesus 'n baie soortgelyke vraag aan sy dissipels: "Maar julle, wie, sê julle, is Ek?" Petrus se antwoord op die vraag maak die rede vir die keuse van hierdie fokusverse duidelik, nie net omdat dit een van die eerste geloofsbelydenisse is nie, maar ook omdat dit die kerninhoud van 'n persoonlike geloofsbelydenis is. In kort saamgevat: Dit leer die jong gelowige aan Wie hy homself in die eerste plek verbind tydens belydenisaflegging.

5.3.1.2 Kursoriese eksegesi van Matt. 16:13-20 as breër perikoop

Matt. 16:13-20, as die onmiddellike konteks van die gekose verse, word duidelik afgebaken in die Griekse teks deur struktuurmerkers en die afbakening word deur verskeie kommentare gehandhaaf (vgl. Van Zyl, 1999:1153; Hagner, 1995:466-475; Grosheide, 1954:252; Ridderbos, 1946:6).

Die boek Matteus word op verskillende maniere ingedeel. Du Plessis (1993:1369) verdeel die boek in drie dele, naamlik: die persoon van Jesus die Messias (1:1-4:16); die verkondiging van Jesus die Messias (4:17-16:20); en die lyding, dood en opstanding van Jesus die Messias (16:21;28:20). Volgens hom val die gekose perikoop dus in die tweede deel van die boek, wat handel oor die verkondiging van Jesus die Messias. Van Zyl (1999:1111) identifiseer vyf



blokke in Matteus op grond van die vyf preke van Jesus in hoofstukke 5-7, 10, 13, 18 en 23-25. Hierdie indeling word begrond deur die woorde Καὶ ἐγένετο ὅτε ἐτέλεσεν ὁ Ἰησοῦς aan die einde van elke blok (7:28; 11:1; 13:53; 19:1 en 26:1). Die gekose perikoop val volgens hierdie indeling in die derde blok, wat Van Zyl (1999:1143) in aansluiting by Du Plessis (1993:1369) beskryf as *die onderrig aan die dissipels* (vgl. Henry, 1996).

Matteus 16:13-20 is een van die drie perikope waarin Jesus besig is om sy dissipels te leer dat Hy die Christus, die Seun van God, is (vgl. Matt. 14:22-32; Matt. 17:1-7). Du Plessis (1993:1368) identifiseer hierdie tema, naamlik dat Jesus die Messias is, tereg as die doel van die boek Matteus (vgl. Alexander & Alexander, 1998; Guthrie, 1996). Dit word algemeen aanvaar dat Matteus vir sy mede-Jode geskryf het en dat dit die rede is waarom hy konsentreer op Jesus as die langverwagte Messias - die Christus wat in die Ou Testament voorspel is (Alexander & Alexander, 1998).

Henry (1996) stel die agtergrond van hierdie onderrigende gesprek tussen Jesus en sy dissipels as volg:

“We have here a private conference which Christ had with his disciples concerning himself. It was in the coasts of Cesarea Philippi, the utmost borders of the land of Canaan northward; there in that remote corner, perhaps, there was less flocking after him than in other places, which gave him leisure for this private conversation with his disciples.”

Volgens Hagner (1995:466) is dit wat in Matt. 16:13-20 afspeel 'n klimaks en draaipunt in die evangelie. Die gesprek tussen Jesus en sy dissipels begin in vers 13 wanneer Jesus vra: “Wie, sê die mense, is die Seun van die mens?”

5.3.1.3 Detail-eksegese van Matt. 16:15-18

Nadat hulle hom geantwoord het, vra Jesus dieselfde vraag in vers 15, maar met 'n ander doel: “Maar julle, wie sê julle, is Ek?”. Dit is interessant om daarop te let dat die eerste-persoonsvoornaamwoord με hier in die plek van τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου (die Seun van die mens) gebruik word. Volgens Hagner (1995:468) dui dit daarop dat Jesus die vraag nie so



seer vra om inligting te kry nie, “*but to elicit from the disciples an explicit confession of his messianic identity*”. Jesus het Homself met die verloop van tyd al hoe meer aan die dissipels openbaar. Dit tyd het nou gekom vir hulle om tot die volle belydenis te kom (Grosheide, 1954:254).

Petrus, as *primus inter pares*, antwoord Jesus se vraag namens homself en die ander dissipels (vgl. Van Zyl, 1999:1152; Hagner, 1995:466; Du Plessis, 1993:1413). Hagner (1995:468) sê: “This was something they had undoubtedly discussed again and again, and they had already come to their conclusion.” Hierdie is nog ’n bewys dat so ’n geloofsbelydenis, al word dit hier deur ’n individu hardop uitgespreek, nie ’n geïsoleerde saak is nie. Petrus antwoord hierdie vraag vanuit ’n gemeenskap van gelowiges (die dissipelkring). In hierdie gemeenskap met mekaar en met Jesus, is hulle gevorm tot belydenisaflegging. Burger (1991:79) sluit hierby aan as hy sê: “Geloof in Jesus Christus is nie iets wat ’n mens op jou eie begin en op jou eie volhou nie. Dit is ’n weg waarop die geloofsgemeenskap mekaar moet help en ondersteun.”

Petrus bely op die vraag van Jesus, dat Hy die Christus, die Seun van die lewende God, is. Volgens Hagner (1995:468) word Jesus deur hierdie belydenis geïdentifiseer as “the coming one, the determinative person who brings with him the messianic age and the transformation of the present order.” Χριστός is die Griekse woord vir die “gesalfde” (Hebreeus: מָשִׁיחַ) (Hagner, 1995:468; Grosheide, 1954:154). Dit is duidelik dat die dissipels by ’n punt gekom het waar hulle nie meer wonder of twyfel oor Jesus se identiteit nie. Hy is die Messias, die verlosser wat reeds in die Ou Testament belowe is (vgl. Henry, 1996).

Wanneer daar egter in die lig van die Nuwe- en Ou-Testamentiese openbaring na die betekenis van hierdie belydenis gekyk word, gaan die rykdom van hierdie belydenis oop. Jesus Christus word bely as die Christus omdat:

“... Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar, wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het; tot ons enigste Hoëpriester, wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het en met sy voorbidding



gedurigdeur by die Vader vir ons intree; tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar.” (HK, 12:31)

Die uitdrukking “Seun van die lewende God” val duidelik op in die lig van Jesus se verwysing na homself as “Seun van die mens”. Dit beklemtoon die feit dat Jesus as die Messias, hoewel volkome mens, meer was as bloot ’n menslike figuur. Hy was meer as ’n blote aardse verlosser wat die Jode verwag het. Van Bruggen (1990:305) verduidelik dit soos volg: “Vóór Israël staat de Prins in het kleet van de Zoon van Adam. Herkent men Hem? Of kijkt men zich blind op het kleet en went met de ogen af van zijn goddelijke daden en leer?” Hy was ’n unieke manifestasie van God self en met hierdie belydenis erken die dissipels dit (vgl. Hagner, 1995:468; Van Bruggen, 1990:305). Jesus is die Seun van die lewende God, wat Hom direk stel teenoor die dooie afgode van die wêreld (soos dié van die streke van Sesarea-Filippi). Wanneer iemand Jesus se Godheid misken, sal hy blind bly vir die werklike betekenis vir die feit dat die “seun van die mens” werklik die beloofde Een is wat gekom het om mense te verlos van hulle sonde (Van Bruggen, 1990:305).

Wanneer hierdie belydenis van die dissipels met hulle vroeëre belydenisse in Matt. 8:27 en 14:33 vergelyk word, is die groei wat plaasgevind het duidelik (Grosheide, 1954:254). Volgens Riddersbos (1946:9) “*werden leerlinge tot belijders, volgelingen tot aanbidders*”. Hierdie belydenis lê die Christelike geloof ten gronde. Henry (1996) maak die volgende opmerking: “Here is a confession of the Christian faith, addressed to Christ, and so made an act of devotion.”

Daar kan tereg na hierdie belydenis verwys word as die inhoud van die saligmakende, die ware geloof (HK, 23:60). Dit word ook duidelik uit Jesus se reaksie op hierdie belydenis. Hy noem vir Petrus en elkeen wat van harte saam met hom bely het, gelukkig, salig (Bybel 1953; vgl. Grosheide, 1954:255). ’n Verdere bewys dat hier sprake is van die ware geloof, is die feit dat hierdie belydenis van Petrus en sy mededissipels nie uit hulleself kom nie. Dit is om die woorde van Efesiërs 2:8 te gebruik: ’n gawe van God.



Dit is hierdie belydenis waarna daar in vers 18 verwys word as *die rots waarop Jesus sy kerk sal bou* (Henry, 1996; Keener, 1993; Wiersbe, 1996; Grosheide, 1954:256; Ridderbos, 1946:10-11). Henry (1996) druk dit soos volg uit: “Take away this truth itself, and the universal church falls to the ground. If Christ be not the Son of God, Christianity is a cheat, and the church is a mere chimera; *our preaching is vain, your faith is vain, and you are yet in your sins*, - 1 Co. 15:14–17.”

5.3.1.4 Die volgende afleidings kan vanuit Matt.16:15-18 gemaak word:

- 'n Geloofsbelydenis is 'n vaste verbintenis, wat rus op 'n deeglike kennis van wie Jesus is.
- Hierdie kennis veronderstel om Jesus in die eerste plek te ken as die Christus, die Messias, die gesalfde van God.
- Om Jesus as die Christus te ken, beteken om Hom te ken as die een wat die verborge wil en raad van God aangaande die verlossing bekend maak; as die Verlosser, as die Voorbidder by die Vader, as die Een wat deur sy Woord en Gees regeer; en as die Een wat sy kerk beskerm en bewaar.
- Hierdie kennis beteken verder om Jesus te ken as die enige ware God.
- Die belydenis dat Jesus die Christus is en dat Hy self God is, is die kerninhoud van 'n saligmakende geloof en die rots waarop Christus sy kerk bou.
- So 'n belydenis kan net deur God self in die hart van die mens gegee word.
- God gebruik die geloofsgemeenskap hierin aangesien belydenisaflegging nie geïsoleerd plaasvind nie, maar altyd vanuit - en as deel van - 'n gemeenskap van gelowiges.
- Binne die geloofsgemeenskap word leerlinge belyers en volgelingen in aanbidders, wat 'n duidelike teken is van geloofsgroei.

5.3.2 *Geloofsbelydenis as toe-eiening van die genade in Christus: Eksegese van Joh. 20:28*

5.3.2.1 Motivering vir die keuse van hierdie gedeelte

In die eksegese van Matteus 16:15-18, het dit duidelik geword dat 'n geloofsverbintenis gegrond is daarin dat die gelowige Jesus moet ken as die Christus en as die Seun van God. Dit gaan egter oor meer as 'n verstandskennis. Dit gaan daaroor om Jesus ook met die hart te



ken en geheel en al op Hom te vertrou (vgl. HK, 7:21). Dit is juis hierdie saak wat verder ondersoek word na aanleiding van Tomas wat in Johannes 20:28 vir die opgestane Jesus sê: “*My Here en my God!*”

’n Verdere motivering vir die keuse van die teks, wat eintlik vir beide die tekste geld, is die feit dat die drastiese geloofskeuse en verbintenis wat van die gelowige gevra word, miskien die helderste na vore kom in die Nuwe-Testamentiese verskynsel van dissipelskap en navolging van Christus. Dissipelskap vra immers dat mense hulle bestaande lewenswyse opsê (hulself verloën) en hulle lewens radikaal verbind aan die saak en lot van Christus (d.w.s om Christus na te volg) tot op die punt dat hulle bereid is om te ly (en te sterf!) saam met Hom (Burger, 1991:75). Hiervan is die dissipel Tomas ’n voorbeeld - en sy uiteindelijke geloofsbelydenis ’n bevestiging.

5.3.2.2 Plek van Johannes 20:24-29 as breër perikoop in die hoofstuk en die boek

Nie een van die evangelies het ten doel om ’n volledige geskiedenis van die lewe van Jesus te gee nie. Die evangelie van Johannes is hier geen uitsondering nie (vgl. Van der Watt, 1999:1314). Johannes is egter een van die skrywers wat sy doel met die evangelie baie duidelik uitspel (Groenewald, 1998; Du Rand, 1993:1582). In Johannes 20:31 staan daar: “Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê.”

Johannes 20:1-31 het ’n belangrike plek in hierdie doel, aangesien Jesus se opstanding en eerste verskynings beskrywe word. Groenewald (1998) verdeel hierdie hoofstuk soos volg:

- | | |
|--------------------------------------|----------|
| ○ Die leë graf | 20:1-10 |
| ○ Die verskyning aan Maria Magdalena | 20:11-18 |
| ○ Die verskyning aan die dissipels | 20:19-23 |
| ○ Jesus en Tomas | 20:24-29 |
| ○ Die doel van die evangelie | 20:30-31 |



Van der Watt (1999:1368) beskryf 20:24-29 as die hoogtepunt van die verhaal en die belydenis van Tomas as die klimaks van die Evangelie (vgl. Groenewald, 1998; Walvoord, 1985).

5.3.2.3 Kursoriese eksegeese van Johannes 20:24-29

Net na die gedeelte wat handel oor Jesus se verskyning aan die dissipels, word daar in 20:24 pertinent melding gemaak van die feit dat Tomas nie teenwoordig was nie. Die redes vir sy afwesigheid is onduidelik (vgl. Wiersbe, 1996; Du Rand, 1993:1635; Pfeiffer, 1962). Wat wel duidelik is, is dat hy glad nie die getuienis van sy mededissipels aanvaar nie. Hendriksen (1961:463) beskryf dit soos volg: “Thomas, however, remained stubborn. He was a very devoted disciple. He was also very despondent. Hence, for him the universe collapsed when Jesus was crucified. He was “of all men most pitiable” (1 Cor. 15:19).”

Hy stel sekere vereistes alvorens hy sal glo en dit is insiggewend om daarop te let dat Jesus, in sy eerste woord aan hom, op elkeen van hierdie vereistes reageer deur vir Hom ’n opdrag te gee (Hendriksen, 1961:465). Dit is op Jesus se verskyning en sy self-openbaring dat Tomas in vers 28 reageer en daarom moet hierdie belydenis verstaan word in die lig van Tomas se onmiddellike ervaring van Jesus as die opgestane Here. “He knew he was in the presence of deity” (Pfeiffer, 1962; vgl. Van Zyl, 1997).

5.3.2.4 Detail-eksegese van Tomas se geloofsbelydenis in Johannes 20:28

Tomas se woorde aan Jesus is nie ’n blote uitroep van verbasing nie, maar eerder ’n geloofsbelydenis. Alhoewel dit in die nominatief staan, word die vokatief ongetwyfeld bedoel, wat ’n algemene tendens was in Koine Grieks (Robertson, 1997; vgl. Beasley-Murray, 1987:385). Robertson stel dit soos volg: “Thomas was wholly convinced and did not hesitate to address the risen Christ as Lord and God.”

’n Saak wat veral van belang is in die lig van die doelwitte van hierdie hoofstuk, is die feit dat Tomas Jesus aanspreek as *my* Here en *my* God. Henry (1996) verklaar dit soos volg: “In faith there must be *the consent of the will* to gospel terms, as well as the assent of the



understanding to gospel truths. We must accept of Christ to be that to us which the Father hath appointed him” (kursivering deur TFD). Verder sê hy: “Thomas speaks with an ardency of affection, as one that took hold of Christ with all his might, *My Lord and my God*.” Calvin (1961:211) bevestig dit as hy sê: “He emphatically twice calls Him *his own*, showing that he speaks from a lively and earnest feeling of faith.” Tomas toon duidelik deur hierdie belydenis dat hy besef dat God se genade in Christus nie net vir ander is nie, maar ook vir hom (HK, 7:21). Henry (1996) beskryf hierdie toe-eiening van Christus en sy weldade as *the vital act of faith*.

Henry (1996) belig ’n verdere belangrike aspek hy sê: “He made an open profession of this, before those that had been the witnesses of his unbelieving doubts. He says it to Christ, and, to complete the sense, we must read it, *Thou art my Lord and my God*; or, speaking to his brethren, *This is my Lord and my God*.” Hierdie geloofsbelydenis vind dus weereens plaas binne ’n geloofsgemeenskap wat ten spyte van Tomas se twyfel nie hulle rug op hom gedraai het nie (vgl. 3.2.3).

Tomas erken met hierdie geloofsbelydenis dat Jesus die “Here” is, die een wat na sy opstanding die volstreekte Heerser is oor alle dinge en alle magte, ook oor die dood (Matt. 28:18; vgl. Bouma, 1964:205). Hy is die Oorwinnaar aan wie lof en eer en aanbidding toekom (Groenewald, 1998). Deur Hom *my Here* te noem, aanvaar Tomas die heerskappy van Christus oor sy lewe en onderwerp hy hom om aan Hom gehoorsaam te wees (Groenewald, 1998). Hendriksen (1961:465) skryf die volgende: “He who, a little while ago was trying “to lord it over the Lord” (laying down conditions for him to meet), has become submissive.”

Daarby spreek Tomas Jesus aan soos nog niemand dit gedoen het nie. Petrus het Jesus wel as die Seun van God bely (Matt. 16:16). Tomas vat dit egter ’n trappie verder. Tomas impliseer nie dat Hy God is deur Hom die Seun van God te noem nie. Hy noem Hom God - en nog meer: “*My God!*” Deur die opstanding is dit geopenbaar en bevestig dat Hy ook ware God is (vgl. Van der Watt, 1999:1369). Wat Johannes aan die begin van sy Evangelie aangaande die Woord gesê het (1:1), word nou in die belydenis van Tomas bevestig (Groenewald, 1998).



5.3.2.5 Die volgende afleidings kan vanuit Johannes 20:28 gemaak word:

- Toe-eiening van die genade beteken dat 'n gelowige nie net weet wie Jesus Christus is nie, maar dat hy homself persoonlik aan God verbind deur Jesus as *sy* Here en *sy* God te erken.
- Voordat iemand belydenis aflê, moet dit duidelik word dat hy besef dat die genade van God in Jesus Christus nie net vir ander is nie, maar ook vir Hom.
- Die persoon wat hom deur so 'n openbare geloofsbelydenis aan Christus verbind, verbind homself aan die opgestane Here, die volstreckte Heerser oor alle dinge en alle magte en stel homself so vrywillig onder sy heerskappy.
- Die ondersteunende geloofsgemeenskap is die ruimte waarbinne 'n persoon van ongeloof (kleingeloof/twyfel) na so 'n geloofsbelydenis beweeg word.

5.3.3 *Verbintenis aan die geloofsgemeenskap*

Die Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof (Psalmboek, 1999:630-632) stel dit duidelik dat die gehoorsaamheid en aanvaarding van die verbond waartoe verbondskinders opgeroep word, ook die onderhouding van die verbondsgemeenskap met God inhou. 'n Kind word dus daartoe geroep om bo en behalwe sy persoonlike verhouding met die Here aktief deel te neem aan die gemeenskap van die gelowiges.

Die basisteoretiese beginsels waarop hierdie opdrag rus, is reeds duidelik uitgewys in die voorafgaande (vgl. 2.2.2; 3.2.4). Dit is dus hier net nodig om die verband te trek. Na aanleiding van 2.2.2 en 3.2.4, kan afgelei word dat die plaaslike kerk bestaan as 'n gemeenskap van gelowige mense wat deur die krag van die Gees en op grond van die verlossingswerk van Jesus Christus aan God verbind is en daarom in 'n hegte eenheidsband met mekaar staan. God se handeling met die gelowige in Christus moet in die geloofsgemeenskap nie net verstaan word nie, maar ook ervaar word en realiseer in die gemeenskap van gelowiges met mekaar. Wanneer 'n verbondskind dus belydenis aflê, verbind hy homself aan die gemeenskap van gelowiges - om daarbinne hulp en ondersteuning te kry, maar om ook as belydende gelowige hulp en ondersteuning te gee (vgl Burger, 1991:88).



Hieruit kan afgelei word dat:

- Die geloofsverbintenis tydens belydenisaflegging ook 'n verbintenis aan die gemeente as geloofsgemeenskap inhou, waarbinne die jongmens verder begelei word, maar ook op sy beurt hulp en ondersteuning aan ander moet bied.

5.3.4 Samevattende afleidings van belang vir hierdie studie

'n Geloofsbelydenis is 'n vaste verbintenis, wat rus op 'n deeglike kennis van wie Jesus is. Hierdie kennis veronderstel om Jesus in die eerste plek te ken as die Christus, die Messias, die gesalfde van God. Om Jesus as die Christus te ken beteken om Hom te ken as die een wat die verborge wil en raad van God aangaande die verlossing bekend maak; as die Verlosser; as die Voorbidder by die Vader; as die Een wat deur sy Woord en Gees regeer; en sy kerk beskerm en bewaar. Hierdie kennis veronderstel verder om Jesus te ken as die enige ware God. Die belydenis dat Jesus die Christus is en dat Hy self God is, is die kerninhoud van 'n saligmakende geloof en die rots waarop Christus sy kerk bou. So 'n belydenis kan net deur God self in die hart van die mens gegee word.

Die begrip “toe-eiening”, belig 'n ander belangrike kant van geloofsverbintenis. **Toe-eiening van die genade beteken dat 'n gelowige nie net weet wie Jesus Christus is nie, maar dat hy homself persoonlik aan God verbind deur Jesus as sy Here en sy God te erken.** Voordat iemand belydenis aflê, moet dit duidelik word dat hy besef dat die genade van God in Jesus Christus nie net vir ander is nie, maar ook vir hom. Die persoon wat hom deur so 'n openbare geloofsbelydenis aan Christus verbind, verbind homself aan die opgestane Here, die volstreekte Heerser oor alle dinge en alle magte en stel homself só vrywillig onder sy heerskappy.

God gebruik die geloofsgemeenskap hierin. Belydenisaflegging vind daarom nie geïsoleerd plaas nie, maar altyd vanuit en as deel van 'n gemeenskap van gelowiges. Die ondersteunende geloofsgemeenskap is die ruimte waarbinne 'n persoon van ongeloof (kleingeloof/twyfel) na so 'n geloofsbelydenis beweeg word. **Binne die geloofsgemeenskap moet leerlinge in die geloof groei tot belyers en volgelingen tot aanbidders. Daarom is**



geloofsverbintenis tydens belydenisaflegging ook 'n verbintenis aan die gemeente as geloofsgemeenskap. Binne hierdie gemeenskap moet jong gelowiges verder begelei word, maar ook op hulle beurt hulp en ondersteuning aan ander bied.

Die belang van hierdie samevattende afleidings vir hierdie studie kan soos volg opgesom word: **Die jong gelowige moet as deel van die geloofsgemeenskap begelei word tot belydenisaflegging as die hoogtepunt van 'n persoonlike verbintenis aan God en die gemeente wat gegrond is in kennis en die gepaardgaande persoonlike toe-eiening van die genade in Christus.**

6. OPSOMMEND

Ten einde uit te kom by Skrifgefundeerde basisteoretiese beginsels oor die rol van die gemeente as 'n geloofsgemeenskap in begeleiding tot belydenisaflegging, het hierdie studie sy vertrekpunt geneem by 'n sistematies-teologiese oorsig oor dit wat die Bybel van die kerk (gemeente) openbaar. Hieruit het dit duidelik geword dat die kerk 'n skepping van die drie-enige God is wat op spesifieke plekke sigbaar word in die vorm van 'n plaaslike geloofsgemeenskap. Die kerk is verder nie 'n doel opsigself nie, maar staan in diens van die Koninkryk van God. Na aanleiding van die deeglike bestudering van die drie metafore vir die kerk (*volk van God, liggaam van Christus, tempel van die Heilige Gees*) wat in die oorsig oor die Skrifgetuïenis na vore gekom het, het dit duidelik geword dat die kerk aan God behoort (*volk van God*), dat die gelowiges wat saam die kerk vorm, verlos, geroep, gestuur en tot 'n eenheid saamgebond is in Jesus Christus, die Hoof van die kerk (*liggaam van Christus*) en dat die kerk bestaan in die kragveld van die Gees (*tempel van die Heilige Gees*). Dit kan opgesom word deur te sê: Die kerk is 'n skepping van God in Christus deur die krag van die Heilige Gees (vgl. 2.3).

In die tweede plek het die kerk in sy bestaan as 'n plaaslike geloofsgemeenskap aan die orde gekom. Na aanleiding van die getuïenis uit die Bybel oor die eerste geloofsgemeenskap is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die plaaslike gemeente as 'n geloofsgemeenskap, op grond van hulle verbintenis met God in Christus en deur die krag van die Gees, gekenmerk moet word deur die aktiewe en volgehoue beoefening van gemeenskap met mekaar (*κοινωνία*), die uitdra van die evangelie (*κήρυγμα*), persoonlike, huislike en gesamentlike



aanbidding van God (λειτουργία) en selfverloënde daad van liefdesdiens teenoor medegelowiges en mense buite die gemeente (διακονία). Dit het duidelik geword dat 'n gemeente waar hierdie kernerke in kongruensie met mekaar is en wat in hierdie eienskappe volhard, 'n aantrekkingskrag of suigkrag het wat mense nader trek en begelei tot 'n verbintenis aan God en die gemeente (vgl. 3.2.4; 3.3.5).

In die lig hiervan het dit duidelik geword dat die gelowiges binne die geloófsgemeenskap die verantwoordelikheid het om geloofsgemeenskap met mekaar te beoefen. Daarom is die spesifieke verantwoordelikheid van volwasse gelowiges in die beoefening van gemeenskap met jong gelowiges uitgewys aan die hand van die *“mekaar”*-tekste. Daar is aangetoon dat die *“mekaar”*-opdragte voortspruit vanuit die indikatief van heil (as synde vryspraak vanweë die verlossing deur Jesus Christus) (vgl. 4.2). Daar is ook aangetoon dat die *“mekaar”*-opdragte uiteindelik saamtrek in die groot opdrag om mekaar lief te hê (vgl. 4.3). Die opdrag om mekaar te aanvaar, mekaar te dien en mekaar te leer en te onderrig, is uitgewys as synde van besondere belang te wees om jongmense vir die geloofsgemeenskap te behou, te vorm tot geloofsvolwassenheid en te lei tot navolging van Christus (vgl. 4.5).

Hierdie bevindinge is uiteindelik bevestig deur die begroning van belydenisaflegging en 'n ondersoek na die verbinteniskarakter van die besondere gebeurtenis. Hieruit is aangetoon dat kinders volwaardig deel is van die geloofsgemeenskap, aangesien God met hulle 'n verbond gesluit het en dit verseël het met hulle doop. Hierdie verbond waarin die kind sonder sy medewete opgeneem is, eis dat hy, wanneer hy tot die nodige insig (kennis en vertroue) gekom het, gelowig daarop antwoord en homself persoonlik aan God en die gemeente verbind. Belydenisaflegging is dus nie 'n geleentheid waarby kinders deel word van die geloofsgemeenskap nie. Dit is 'n opdrag van God en in daardie opsig 'n antwoord op die verbond en die verbondsbeloftes waarin hulle reeds deel het. Ten einde hierop te antwoord is die ondersteuning van die geloofsgemeenskap waarvan hulle deel is, van besondere belang (vgl. 5.2.4). Die jong gelowige moet as deel van die geloofsgemeenskap begelei word tot belydenisaflegging as die hoogtepunt van 'n persoonlike verbintenis aan God en die gemeente, wat gegrond is in kennis en die gepaardgaande persoonlike toe-eiening van die genade in Christus (5.3.4).



7. BASISTEORETIESE BEGINSELS

Die volgende basisteoretiese beginsels kan op grond van die voorafgaande geïdentifiseer word en is van belang vir die res van die studie:

- *Die visie van die geloofsgemeenskap:* Die kerk, wat die vorm aanneem van 'n plaaslike geloofsgemeenskap, is 'n skepping van God in Jesus Christus en deur die krag van die Heilige Gees, tot diens aan die Koninkryk van God (vgl. 2.3).
- *Die geloofwaardigheid van die geloofsgemeenskap:* Hierdie geloofsgemeenskap het 'n aantrekkingskrag en is geloofwaardig indien die vier wesensteenskappe van die geloofsgemeenskap, naamlik *κοινωνία*, *κήρυγμα*, *λειτουργία* en *διακονία* in kongruensie met mekaar is en met volharding beoefen word (vgl. 3.2.4; 3.3.5).
- *Gefokusde gemeenskapsbeoefening met jongmense binne die geloofsgemeenskap:* Binne hierdie geloofsgemeenskap het volwasse gelowiges die verantwoordelikheid om gemeenskap met jong gelowiges te beoefen deur hulle te aanvaar, te dien, met woord en daad te onderrig en hulle sodoende vir die geloofsgemeenskap te behou, te vorm tot geloofsvolwassenheid en te lei tot navolging van Christus (vgl. 4.5).
- *Jongmense as deel van die geloofsgemeenskap:* Op grond van die verbond en die doop is kinders volwaardig deel van die geloofsgemeenskap, wat beteken dat Belydenisaflegging 'n antwoord is op God se beloftes as deel van die ondersteunende gemeenskap van gelowiges (vgl. 5.2.4).
- *Geloofsverbintenis binne die geloofsgemeenskap:* Die jong gelowige moet as deel van die geloofsgemeenskap begelei word tot belydenisaflegging as die hoogtepunt van 'n persoonlike verbintenis aan God en die gemeente, wat gegrond is in kennis en die gepaardgaande persoonlike toe-eiening van die genade in Christus (5.3.4).



HOOFSTUK 3

METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

1. INLEIDING

Op die voetspoor van die prakties-teologiese model van Zerfass (1974:164-177), wat as uitgangspunt vir dié studie dien, word daar in hierdie hoofstuk aandag gegee aan die huidige situasie ten opsigte van die rol van die gemeente as 'n geloofsgemeenskap in die begeleiding van jongmense tot belydenisaflegging. Volgens hierdie model is die hermeneutiese wisselwerking tussen die basisteoretiese riglyne (vgl. Hoofstuk 2) en die situasie-werklikheid baie belangrik vir die uiteindelijke ontwerp van 'n nuwe praktykteorie (vgl. Erasmus, 2001:67; Heystek, 2000:14-15; Kilian, 1992:39-44). Die bestudering van die situasie-werklikheid sal dus geskied binne die grense van die tema van hierdie studie en die basisteoretiese riglyne wat in Hoofstuk 2 daargestel is.

'n Belangrike hulpmiddel wat kan lig werp op die situasie-werklikheid, is hulp-wetenskappe. Heyns en Pieterse (1990:37) verstaan onder "metateorie" 'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel, d.w.s vakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek. Dus kan kennis van ander wetenskappe ingespan word om 'n juiste beeld van die werklikheid te verkry (vgl. Heystek, 2000:127). Die Sosiologie sal in hierdie studie betrek word as metateoretiese ondersoekveld met die fokus op die godsdienstige sosialisering van die jongmense binne die geloofsgemeenskap. Dit belig duidelik die tema van hierdie studie vanuit 'n ander hoek en vind sodoende aansluiting by al die basisteoretiese riglyne, omdat die begrip *geloofsgemeenskap* al die basisteoretiese riglyne met mekaar verbind.

Die situasie-werklikheid sal verder aan die orde kom deur middel van 'n literatuurstudie oor twee sake. In die eerste plek kom die huidige kerkbeskouing onder lidmate van die drie Susterkerke onder die soeklig. Die doel hiervan is om te bepaal of die Bybelse idee van wat die kerk is, ook in die praktyk van hedendaagse kerk-wees figureer. Die fokus val dus veral



hier op die werklike situasie, ten opsigte van die Bybelse visie van die kerk in die lig van die eerste basisteoretiese riglyn (vgl. 7., Hoofstuk 2). In die tweede plek sal in die literatuurstudie aandag gegee word aan die kritiek van jongmense binne die Gereformeerde tradisie op die kerk, sowel as hulle behoeftes en verwagtinge as deel van die kerk. Alhoewel beide die twee dele veral fokus op die situasie ten opsigte van die eerste basisteoretiese riglyn, sal die situasie ten opsigte van sekere ander riglyne ook na vore kom.

In die laaste plek word daar spesifiek aandag gegee aan die huidige situasie binne die GKSA, wat betref die rol van die kerk as 'n geloofsgemeenskap in begeleiding tot belydenisaflegging. Dit sal aan die orde kom by wyse van 'n empiriese studie. Persoonlike onderhoude is met 20 respondente (5 in elk van 4 gemeentes) gevoer, ten einde 'n idee te kry van die mate waartoe die basisteoretiese riglyne, soos dit aan die einde van Hoofstuk 2 geformuleer is, praktyk word in gemeentes binne die GKSA.

2. METATEORETIESE PERSPEKTIEWE VANUIT DIE SOSIOLOGIE

2.1 VERTREKPUNT

Popenoe *et al.* (1998:2) definieer Sosiologie as die sistematiese en objektiewe studie van die *menslike gemeenskap* en *sosiale interaksie* (kursivering deur TFD). Volgens Schaefer & Lamm (1997:3) is Sosiologie: “. . . the systematic study of *social behavior* and *human groups*” (kursivering deur TFD). Smelser (1995:1) definieer Sosiologie soos volg: “Sociology can be defined as the scientific study of *social relations, institutions, and society.*” (Kursivering deur TFD.)

Die Praktiese Teologie word op sy beurt deur Louw (1998:61) gedefinieer as:

“Die gesistematiseerde bestudering van die kommunikatiewe ontmoetingsgestaltes van die heil met die oog op 'n funksionele ekklesiologie (*die Christelike geloofsgemeenskap*) en die transformering van sosiokulturele kontekste (die etiek van *regte maniere van doen*).” (Kursivering deur TFD.)



Müller (1996:5) definieer Praktiese Teologie soos volg: “Praktiese Teologie is die sitematies-gestruktureerde, voortgaande hermeneutiese proses, waardeur gepoog word om *menslike handelinge*, wat verband hou met die verhale van die *Christen-geloofsgemeenskap*, teologies te verhelder en te vernuwe.” (Kursivering deur TFD.)

Hierdie onderskeie definisies van Sosiologie en Praktiese Teologie dui die band tussen die twee wetenskappe duidelik aan. Volgens Louw (1996:24) is dit die handelings-wetenskaplike model van die Praktiese Teologie wat dit onteenseglik finaal aan die sosiologie as “handels”-vennoot koppel. Hierdie verbintenis is genoodsaak vanweë die soeke na ’n bepaalde metode, ten einde die kerk se bediening en kommunikasie meer effektief en doeltreffend te maak (Louw, 1996:24). Die vraag wat deur die Praktiese Teologie gevra moet word is dus: Watter lig werp *sosiale prosesse* op die praktyk van kerk-wees?

Die spesifieke sosiale proses wat lig kan werp op die onderwerp van hierdie studie, is dié van sosialisering. Hierdie proses sal vervolgens aan die orde kom.

2.2 SOSIALISERING

Binne die Sosiologie kom die sosialisering van die mens ter sprake. Volgens Knuttila (1996:73) is die sosialiseringsproses een van die belangrikste konsepte in die Sosiologie. Sosialisering vind plaas deur middel van menslike interaksie (Schaefer & Lamm, 1997:58). So beskryf Popenoe *et al.* (1998:80) sosialisering as *the process of social interaction through which people acquire personality and learn the ways of a society or group*. Calhoun *et al.* (1997:120) verklaar sosialisering in lyn hiermee as die proses na gelang waarvan ’n individu houdings, norme en waardes wat van hom verwag word, as deel van ’n spesifieke samelewing of sosiale groep, aanleer. Sosialisering is dus ’n noodsaaklike skakel tussen die individu en die sosiale struktuur waarbinne daardie individu leef en vind binne ’n bepaalde sosiale sisteem of gemeenskap plaas.

Wanneer hierdie definisie van sosialisering toegepas word op die geloofsgemeenskap (kerk) as só ’n sosiale sisteem, word die terrein van godsdienstige sosialisering betree. Dit is dus ook nodig om godsdienstige sosialisering te definieer. Van der Ven *et al.* (1997:867) beskryf



hierdie proses soos volg: “. . . religious socialization refers to the transfer of religious values and norms by one generation to the next.”

Hieruit kan die volgende afgelei word:

- Sosialisering is die proses na gelang waarvan 'n individu houdings, norme en waardes wat van hom verwag word, as deel van 'n spesifieke samelewing of sosiale groep, aanleer.
- Sosialisering is 'n noodsaaklike skakel tussen die individu en die sosiale struktuur waarbinne daardie individu leef.
- Godsdienstige sosialisering is die oordrag van godsdienstige waardes en norme van een generasie na 'n ander.

2.2.1 Die agente van sosialisering

Schaefer & Lamm (1997:59) dui met die volgende stelling dit wat in die sosiologie as die *agente* van sosialisering beskryf word, aan: “We will, of course, learn a great deal from those people most important in our lives – immediate family members, best friends, and teachers. But we also learn from people we see on the street, on television, and in films and magazines.” Sosialiseringsagente is dus persone, groepe en instellings wat betrokke is in die proses van sosialisering (vgl. De Wit & Booysen, 1995:7). Daar word na die persone, groepe en instellings wat die meeste invloed het in die proses van sosialisering verwys as agente. Volgens die bronne geraadpleeg, is die belangrikste agente van sosialisering die familie, die skool, die portuurgroep en die massamedia (vgl. Popenoe *et al.*, 1998:92-96; Calhoun *et al.*, 1997:135; Knutilla, 1996:81-87; De Wit & Booysen, 1995:7-9). In nie een van die geraadpleegde bronne is die godsdienstige groep (in hierdie geval die Christelike geloofsgemeenskap) waaraan 'n persoon behoort, geïdentifiseer as 'n agent van sosialisering nie. Na aanleiding van die basisteoretiese riglyne wat in Hoofstuk 2 geïdentifiseer is, is dit duidelik dat die geloofsgemeenskap 'n belangrike rol speel in die godsdienstige sosialisering (vgl. bogenoemde definisie) van die kind.

Gesien in hierdie lig is die familie as sosialiseringsagent vir hierdie studie van besondere belang, aangesien daar na die kerk (geloofsgemeenskap) as die huisgesin van God verwys word (vgl. 2.3, Hoofstuk 2; Ef. 2:19). Die beginsels wat na aanleiding van die bespreking



van die familie as sosialiseringsagent geïdentifiseer sal word, sal dus lig werp op die geloofsgemeenskap se rol in hierdie verband.

Die volgende kan hieruit afgelei word:

- Daar word na die persone, groepe en instellings wat die meeste invloed het in die proses van sosialisering verwys as sosialiseringsagente.
- Die belangrikste agente van sosialisering is die familie, die skool, die portuurgroep en die massamedia.
- Die geloofsgemeenskap speel 'n belangrike rol in die godsdienstige sosialisering (vgl. bogenoemde definisie) van die kind en kan in hierdie opsig ook as 'n sosialiseringsagent geïdentifiseer word.
- Aangesien die kerk ook die huisgesin van God genoem word, kan sekere afleidings oor die familie as 'n sosialiseringsagent ook op die kerk as 'n geloofsgemeenskap toegepas word.

2.2.1.1 Die familie as 'n agent van sosialisering

Die familie word sedert die begin van die geskiedenis van die mensdom gesien as die belangrikste agent van sosialisering (Popenoe *et al.*, 1998:92; Schaefer & Lamm, 1997:71; De Wit & Booysen, 1995:7-9). Alhoewel dit in teorie nog steeds die geval is, skets die praktyk 'n ander prentjie. Popenoe *et al.* (1997:92) verduidelik dit soos volg:

“ . . . even during a child's first few years, alternative agents of socialisation are challenging the family's leading role in the socialisation process. With parents working outside the home in increasing numbers of families, and with many families headed by just one parent, many children now spend more time watching television or in the company of others than they spend with their parents. Furthermore, the lives of children are increasingly centred around schools, daycare centres and peer groups.”

Dit is dus nodig om opnuut die belangrikheid van die familie as sosialiseringsagent te ondersoek. Popenoe *et al.* (1997:92) verduidelik die belangrikheid daarvan soos volg:



“The continuing importance of family stems from its position on the front line of socialisation during the critical early years in a person’s life. Socialisation begins at home, where children learn who they are, what they can and should expect from their society and what their society expects from them.”

Die verhoudings wat ’n kind met sy ouers vorm, is uiteindelik die bloudruk vir al sy ander verhoudings (vgl. De Wit & Booysen, 1995:8). Hierdie vorming van verhoudings begin alreeds by die pasgebore babatjie. Omdat babatjies kan hoor, sien, ruik, proe en voel, oriënteer hulle hulleself na aanleiding van die omliggende omgewing (Schaefer & Lamm, 1997:71). Hulle sosialiseer deur hulle familieleden en veral hulle ouers te na-aap. De Wit & Booysen (1995:8) beskryf dit soos volg: “First they mime the parents’ facial expressions, then their movements and thereafter their entire behaviour patterns.”

Dieselfde geld vir die kind se verhouding met God. Volgens De Wit & Booysen (1995:8) word die kind se verhouding met God bepaal en gerig deur die voorbeeld wat sy ouers stel. Volgens Kruger (1989:37) plant God die saad van geloof in die hart van elke kind, maar dit is die ouers se verantwoordelikheid om die kind in te ly in ’n betekenisvolle verhouding met God.

Die familie is in baie opsigte die ideale ruimte vir sosialisering om plaas te vind. Dit bestaan gewoonlik uit ’n groep waarbinne daar uitgebreide en intieme kommunikasie tussen lede is (De Wit & Booysen, 1995:8). Die intensiewe en gereelde kontak binne die familie maak dit ook moontlik dat die kinders se aksies van naderby gekontroleer kan word. So kan ongepaste gedrag vroeg geïdentifiseer en gekorrigeer word (vgl. Popenoe *et al.*, 1998:92).

Hieruit kan die volgende afgelei word:

- Die familie is een van die belangrikste agente van sosialisering.
- In die moderne samelewing dreig ander agente van sosialisering, naamlik die massamedia, die skool en portuurgroepe om die sentrale plek van die familie oor te neem.
- Die familie as sosialiseringsagent speel ’n belangrike rol in die kritiese vroeë jare van die kind se lewe.



- Die verhoudings wat 'n kind met sy ouers vorm, is uiteindelik die bloudruk vir al sy ander verhoudings.
- Dieselfde geld vir die kind se verhouding met God - wat tot 'n groot mate bepaal en gerig word deur die voorbeeld wat sy ouers stel.
- Die intensiewe en gereelde kontak binne die familie as ideale ruimte vir sosialisering, maak dit ook moontlik dat die kinders se aksies van naderby gekontroleer kan word.

Wanneer hierdie afleidings toegepas word op die kerk as 'n geloofsgemeenskap, wil die skrywer nie daarmee die belang van die familie binne die kerk onderspeel nie. Soos hierbo reeds genoem, funksioneer families egter in die moderne era nie meer soos dit moet nie. Dit is juis die rede waarom die gemeenskap van die gelowiges so belangrik word. Volgens Burger (1999:245) moet die georganiseerde koinonia in die gemeente (bv. die familie en kleingroep) aangevul en versterk word deur 'n netwerk van *informele verhoudings*. So 'n netwerk van informele verhoudings (of dan die spontane gemeenskap van gelowiges) moet die ruimte wees waarbinne jongmense met ongewenste omstandighede in die familieopset gesosialiseer word. Dit word bevestig wanneer die volgende afleidings aan die orde kom:

- Die geloofsgemeenskap is naas die familie die belangrikste agent van godsdienstige sosialisering.
- In die moderne samelewing dreig ander agente van sosialisering, naamlik die massamedia, die skool en portuurgroepe, om die sentrale plek van die familie en die geloofsgemeenskap oor te neem.
- Die geloofsgemeenskap speel tesame met die huisgesin 'n baie belangrike rol in die kritiese vroeë jare van die kind se geloofslewe.
- Die verhoudings wat 'n kind met sy ouers en met ander volwasse gelowiges binne die "familie" van gelowiges vorm, is uiteindelik die bloudruk vir al sy ander verhoudings.
- Dieselfde geld vir die kind se verhouding met God, wat tot 'n groot mate bepaal en gerig word deur die voorbeeld wat volwassenes binne die geloofsgemeenskap stel.
- Die aktiewe geloofsgemeenskap is die ideale ruimte vir godsdienstige sosialisering, vanweë die intensiewe en gereelde kontak wat die kind het met volwasse gelowiges.



2.2.2 *Intensionele en onintensionele sosialisering*

Vervolgens kry 'n baie belangrike aspek van sosialisering, wat ook in besonder betrekking het op die godsdienstige sosialisering binne die familie en die geloofsgemeenskap as sosialiseringsagente, aandag.

Na aanleiding van die bekende sosioloog van die tagtigerjare, Albert Bandura, wat 'n onderskeid getref het tussen die bewustelike en onbewustelike aspekte van die sosialiseringsproses, identifiseer Van der Ven *et al.* (1997:867) in hulle artikel oor godsdienstige sosialisering die begrippe *intensionele* en *insidentele* of *onintensionele* onderrig. Hulle beskryf dit soos volg:

“Although some main events in this process (*met verwysing na sosialisering*) happen without the two parties involved, namely the older generation and the young people, being aware of them or intentionally aiming at them, other events take place while the parties are conscious of them and willingly directed to them.” (Kursivering bygevoeg deur TFD.)

Na aanleiding hiervan stel Van Wyk & Venter (2003:8) die begrippe intensionele en onintensionele sosialisering aan die orde. Dit kry vervolgens aandag.

Hieruit kan die volgende afgelei word:

- Sosialisering en dus ook godsdienstige sosialisering, vind op 'n intensionele en onintensionele wyse plaas.

2.2.2.1 Intensionele sosialisering

Intensionele sosialisering verwys in ideale omstandighede na dít wat volwassenes intensioneel, deur middel van onderrig en dienooreenkomstige stappe, doen om jongmense in 'n sekere rigting te stuur en 'n spesifieke doel te bereik (vgl. Van der Ven *et al.*, 1997:868). 'n Goeie voorbeeld hiervan is kerklike kategese. Kategese is 'n vorm van intensionele godsdienstige sosialisering (vgl. Van Wyk & Venter, 2003:8) met die uiteindelijke doel om:



- God te verheerlik;
- sy volk tot stand te laat kom, te onderhou en te laat groei;
- 'n lewenswyse volgens God se orde by die kind te kweek;
- en persoonlike geloofsgroei binne die verbondsverhouding met God te ondersteun (vgl. Breed, 1994:280-283).

Ander vorme van intensionele sosialisering is prediking en huisbesoek, wat eie is aan die Gereformeerde tradisie. Aangesien kategeese uiteindelik ook Woordbediening is (vgl. Breed, 1994:304), is die doelstellings by prediking en huisbesoek uiteindelik soortgelyk aan dié van kategeese.

Hieruit kan die volgende afgelei word:

- Intensionele sosialisering verwys na dit wat volwassenes intensioneel, deur middel van onderrig en dienooreenkomstige stappe, doen om jongmense in 'n sekere rigting te stuur en 'n spesifieke doel te bereik.
- Voorbeelde van intensionele godsdienstige sosialisering is prediking, huisbesoek en kategeese.

2.2.2.2 Onintensionele sosialisering

Onintensionele onderrig beteken dat die kind in die sosialiseringsproses 'n bepaalde vaardigheid of gesindheid aanleer, sonder dat die intensie van onderrig teenwoordig was (Van Wyk & Venter, 2003:8). Volgens Van der Ven *et al.* (1997:867) kan onintensionele sosialisering weer op sy beurt verdeel word in *waarnemende* sosialisering of *eksperimentele* sosialisering.

Waarnemende sosialisering is volgens Van der Ven *et al.* (1997:867) 'n vorm van praktiese nabootsing. Iemand doen dit sonder dat hy dit agter kom. Hiervolgens sal 'n kind byvoorbeeld tot op 'n sekere ouderdom sy pa of ma se godsdienstigheid naboots en op 'n soortgelyke wyse deelneem aan die kerklike lewe as sy ouers. Eksperimentele sosialisering vind plaas wanneer 'n kind die waarde, betekenis, effektiwiteit en doeltreffendheid van ander mense se optrede evalueer vanuit sy eie oogpunt en konteks (Van der Ven *et al.*, 1997:867).



Hierdie beskrywing van eksperimentele sosialisering bring 'n ander baie belangrike aspek van sosialisering na vore. Dit gaan daaroor dat sosialisering nie 'n eenrigtingproses is nie. Schaefer & Lamm (1997:73) beskryf hierdie saak as *omgekeerde sosialisering*. Omgekeerde sosialisering verwys na die proses waarin die mense wat gesosialiseer word terselfdertyd die “sosialiseerder” sosialiseer (Schaefer & Lamm, 1997:73). 'n Nuwe babatjie verander immers doodgewone volwassenes skielik in ouers. So beïnvloed kinders van verskillende ouderdomme dikwels die manier waarop hulle ouers (en ander volwassenes) aantrek, eet en selfs die manier waarop hulle dink (Schaefer & Lamm, 1997:73). Dit gebeur veral in die fase van eksperimentele sosialisering. Van der Ven *et al.* (1997:869) verwys spesifiek na godsdienstige sosialisering as hy sê:

“From this perspective, socialization can be understood as an interactive process between generations from different perspectives and spatial-temporal contexts. Put differently, it is a intergenerative process, in which the transfer of values and norms by the older generation to the younger one is complemented by the transfer of values and norms by the latter to the former.”

Hierdie proses van omgekeerde sosialisering as gevolg van eksperimentele sosialisering is belangrik. As gevolg van die inherente eksperimentele aspek in hierdie vorm van sosialisering, gee dit kommentaar en kritiek op die ouer generasie se manier van dink, voel en evaluering. Soms dien dit ook om die volwassenes se manier van dink, voel en evaluering te korreger. Dit help volwassenes om los te kom uit denksisteme waarin hulle vasgevang is. As dit binne die konteks van godsdienstige sosialisering beskou word, kan daar so ver gegaan word as om te sê dat dit volwasse gelowiges help om los te kom uit denksisteme wat nie noodwendig Bybels-gefundeerd is nie, omdat die jongmense dit dikwels bevraagteken en die volwassenes dwing om weer daaroor te dink. Gereelde kontak met jongmense is daarom belangrik - omdat dit volwassenes in kontak hou met die kind se, dikwels ongekompliseerde en kinderlik gelowige, visie op die werklikheid. Van der Ven *et al.* (1997:869) maak die volgende belangrike opmerking: “This is the very reason why open-minded parents and other educators say they always learn from their contact with youth.”

Onintensionele godsdienstige sosialisering plaas noodwendig 'n groot verantwoordelikheid op elke gelowige binne 'n geloofsgemeenskap. Onintensionele godsdienstige sosialisering



behoort immers dieselfde doel na te streef as die intensionele sosialiseringinstrumente, soos hierbo genoem. Daar is egter dikwels konflik tussen die intensionele sosialisering en die onintensionele sosialisering binne die kerk (vgl. Van Wyk & Venter, 2003:8). Dit wat by die kerk geleer word deur middel van prediking, kategeese en huisbesoek, en dit wat volwasse gelowiges as voorbeelde doen, stem nie altyd ooreen nie. Inteendeel, wat hulle doen, negeer dikwels dit wat hulle sê. Van Wyk & Venter (2003:9) praat wel hiervan in die konteks van die ouer-kind-verhouding, maar dit is ook van toepassing op die kind se verhouding met volwasse gelowiges binne 'n geloofsgemeenskap. Hulle stel dit soos volg:

“Die effek van die intensionele onderrig word drasties geminimaliseer wanneer dit teëgespreek word deur die onintensionele onderrig. Net so is die onintensionele onderrig nodig om die effek van die intensionele onderrig tot sy reg te laat kom. As die kind byvoorbeeld nie sien hoe die ouer(s)/gemeentelede se lewens God verheerlik in hul alledaagse optrede nie, gaan die kind dit ook nouliks self doen, al weet die kind teoreties dat dit moet en hoe dit kan gebeur.” (Kursivering bygevoeg deur TFD.)

Die kind word op intensionele en onintensionele wyse gesosialiseer. Intensioneel en onintensioneel word houdings, norme en waardes oorgedra aan die kind (Van Wyk & Venter, 2003:9). Hierdie houdings, norme en waardes bly die kind gewoonlik by vir die res van sy lewe. Na die moeilike jare van adolessensie keer hulle ook in die reël daarna terug (Calhoun *et al.* 1997:139).

Hieruit kan die volgende afgelei word:

- Onintensionele onderrig hou in dat die kind in die sosialiseringproses 'n bepaalde vaardigheid of gesindheid aanleer, sonder dat die intensie van onderrig teenwoordig was.
- Onintensionele sosialisering kan weer op sy beurt verdeel word in waarnemende sosialisering of eksperimentele sosialisering.
- Waarnemende sosialisering is 'n vorm van praktiese nabootsing. Iemand doen dit sonder dat hy dit agter kom.
- Eksperimentele sosialisering vind plaas wanneer 'n kind die waarde, betekenis, effektiwiteit en doeltreffendheid van ander mense se optrede evalueer vanuit sy eie oogpunt en konteks.



- Na aanleiding van eksperimentele sosialisering word dit duidelik dat sosialisering nie 'n eenrigtingproses is nie.
- Omgekeerde sosialisering vind plaas wanneer kinders die manier waarop volwassenes aantrek, eet en dink, beïnvloed.
- Binne die konteks van godsdienstige sosialisering beskou, help omgekeerde sosialisering volwassenes om los te kom uit denksisteme wat nie noodwendig Bybels-gefundeerd is nie, omdat die jongmense dit dikwels bevraagteken en die volwassenes dwing om weer daarvoor te dink.
- Gereelde kontak met jongmense is daarom belangrik omdat dit volwassenes in kontak hou met die kind se, dikwels ongekompliseerde en kinderlik gelowige, visie op die werklikheid.
- Onintensionele godsdienstige sosialisering, met sy eksperimentele en waarnemende aard, plaas noodwendig 'n groot verantwoordelikheid op elke gelowige binne 'n geloofsgemeenskap, omdat dit dieselfde doel nastreef as die intensionele sosialiseringinstrumente.
- Die volwassenes se lewenswyse (wat verantwoordelik is vir die onintensionele sosialisering van die kind) moet ooreenstem met dit wat hulle vir die kinders formeel leer (intensionele sosialisering).
- Die effek van die intensionele onderrig word drasties geminimaliseer wanneer dit teëgesprek word deur die onintensionele onderrig.
- Net so is die onintensionele onderrig nodig om die effek van die intensionele onderrig tot sy reg te laat kom.
- Houdings en norme wat 'n kind deur middel van intensionele en onintensionele godsdienstige sosialisering aanleer, bly gewoonlik by hom vir die res van sy lewe.

2.3 SAMEVATTENDE AFLEIDING VAN BELANG VIR HIERDIE STUDIE

Sosialisering is die proses na gelang waarvan 'n individu houdings, norme en waardes wat van hom verwag word as deel van 'n spesifieke samelewing of sosiale groep, aanleer. Sosialisering is 'n noodsaaklike skakel tussen die individu en die sosiale struktuur waarbinne daardie individu leef. Godsdienstige sosialisering is die oordrag van godsdienstige waardes en norme van een generasie na 'n ander.



Daar word na die persone, groepe en instellings wat die meeste invloed het in die proses van sosialisering verwys as sosialiseringsagente. Die belangrikste agente van sosialisering is die familie, die skool, die portuurgroep en die massamedia. Die geloofsgemeenskap speel 'n belangrike rol in die godsdienstige sosialisering (vgl. bogenoemde definisie) van die kind en kan in hierdie opsig ook as 'n sosialiseringsagent geïdentifiseer word. Aangesien die kerk ook die huisgesin van God genoem word, kan sekere afleidings oor die familie as 'n sosialiseringsagent ook op die kerk as 'n geloofsgemeenskap toegepas word.

Die geloofsgemeenskap is naas die familie die belangrikste agent van godsdienstige sosialisering. In die moderne samelewing dreig ander agente van sosialisering, naamlik die massamedia, die skool en portuurgroepe, om die sentrale plek van die familie en die geloofsgemeenskap oor te neem. Die geloofsgemeenskap speel tesame met die huisgesin 'n baie belangrike rol in die kritiese vroeë jare van die kind se geloofslêwe. Die verhoudings wat 'n kind met sy ouers en met ander volwasse gelowiges binne die "familie" van gelowiges vorm, is uiteindelik die bloudruk vir al sy ander verhoudings. Dieselfde geld vir die kind se verhouding met God, wat tot 'n groot mate bepaal en gerig word deur die voorbeeld wat volwassenes binne die geloofsgemeenskap stel. Die aktiewe geloofsgemeenskap is die ideale ruimte vir godsdienstige sosialisering vanweë die intensiewe en gereelde kontak wat die kind met volwasse gelowiges het.

Sosialisering - en dus ook godsdienstige sosialisering - vind op 'n intensionele en onintensionele wyse plaas. Intensionele sosialisering verwys na dit wat volwassenes intensioneel, deur middel van onderrig en dienoreenkomstige stappe, doen om jongmense in 'n sekere rigting te stuur en 'n spesifieke doel te bereik. Voorbeelde van intensionele godsdienstige sosialisering is prediking, huisbesoek en katechese. Onintensionele onderrig hou in dat die kind in die sosialiseringsproses 'n bepaalde vaardigheid of gesindheid aanleer, sonder dat die intensie van onderrig teenwoordig was.

Onintensionele sosialisering kan weer op sy beurt verdeel word in waarnemende sosialisering of eksperimentele sosialisering. Waarnemende sosialisering is 'n vorm van praktiese nabootsing. Iemand doen dit sonder dat hy dit agter kom. Eksperimentele sosialisering vind



plaas wanneer 'n kind die waarde, betekenis, effektiwiteit en doeltreffendheid van ander mense se optrede evalueer, vanuit sy eie oogpunt en konteks.

Na aanleiding van eksperimentele sosialisering word dit duidelik dat sosialisering nie 'n eenrigtingproses is nie, maar dat daar ook sprake is van omgekeerde sosialisering. Omgekeerde sosialisering vind plaas wanneer kinders die manier waarop volwassenes aantrek, eet en dink, beïnvloed. Binne die konteks van godsdienstige sosialisering beskou, help omgekeerde sosialisering volwassenes om los te kom uit denksisteme wat nie noodwendig Bybels-gefundeerd is nie, omdat die jongmense dit dikwels bevraagteken en die volwassenes dwing om weer daaroor te dink. Gereelde kontak met jongmense is daarom belangrik omdat dit volwassenes in kontak hou met die kind se, dikwels ongekompliseerde en kinderlik gelowige, visie op die werklikheid.

Onintensionele godsdienstige sosialisering, met sy eksperimentele en waarnemende aard, plaas noodwendig 'n groot verantwoordelik op elke gelowige binne 'n geloofsgemeenskap, omdat dit dieselfde doel nastreef as die intensionele sosialiseringinstrumente. Die volwassenes se lewenswyse (wat verantwoordelik is vir die onintensionele sosialisering van die kind) moet ooreenstem met dit wat hulle vir die kinders formeel leer (intensionele sosialisering). Die effek van die intensionele onderrig word drasties geminimaliseer wanneer dit teëgesprek word deur die onintensionele onderrig. Net so is die onintensionele onderrig nodig om die effek van die intensionele onderrig tot sy reg te laat kom. Houdings en norme wat 'n kind deur middel van intensionele en onintensionele godsdienstige sosialisering aanleer, bly gewoonlik by hom vir die res van sy lewe.

Hierdie perspektiewe vanuit die sosiologiese hoek, sluit baie nou aan by die basisteoretiese afleidings aan die einde van Hoofstuk 2. Dit bevestig dat die geloofsgemeenskap die ruimte is waarbinne godsdienstige sosialisering plaasvind. Belydenisaflegging kan gesien word as die hoogtepunt van die godsdienstige sosialiseringproses. Die sosiologiese perspektiewe het bevestig dat dit wat die gemeente sê (κήρυγμα), met die oog op intensionele sosialisering, in kongruensie moet wees met dit wat die gemeente doen (κοινωνία, λειτουργία en διακονία) as onintensionele sosialisering. Die belangrikheid van kontak tussen volwasse gelowiges en jong gelowiges, is bevestig met die bykomende perspektief dat die kontak nie net noodsaaklik



is vir die godsdienstige sosialisering van jong gelowiges nie, maar ook vir dié van die volwassenes.

3. PERSPEKTIEWE OP DIE HEDENDAAGSE KERKBESKOUING ONDER GEREFORMEERDES VAN DIE DRIE SUSTERKERKE

3.1 VERTREKPUNT

In Hoofstuk 2 het basisteoretiese perspektiewe rondom die kerk (gemeente) aan die orde gekom (vgl. 2.3, Hoofstuk 2), wat uiteindelik in die volgende basisteoretiese riglyn saamgevat is: Die kerk, wat die vorm van 'n plaaslike geloofsgemeenskap aanneem, is 'n skepping van God in Jesus Christus deur die krag van die Heilige Gees, ten dienste van die Koninkryk van God (vgl. 2.3, 7, Hoofstuk 2). Daar is ook aangetoon dat die volgende hieruit voortvloei: Die kerk behoort aan God, is verlos, geroep, gestuur en tot 'n eenheid saamgebind in Jesus Christus en bestaan in en deur die krag van die Heilige Gees (vgl. 6, Hoofstuk 2).

As daar volgens Burger (1999:63) na die geskiedenis gekyk word, wil dit lyk asof verreweg die meeste van die kerk se mislukkinge en probleme uiteindelik teruggevoer kan word na mense se kerkbeskouing. Die probleme lê volgens hom dikwels nie op die vlak van oneffektiewe bediening of selfs 'n misverstaan van die taak van die kerk nie. Dit lê daarby dat die kerk sy unieke en eksklusiewe verhouding met God in Christus en sy bestaan in die krag van die Gees nie ernstig opgeneem het nie (vgl. Burger, 1999:64). Vorster (1996:40) merk op: “Die kerkbegrip bepaal die doelpunt van alle vernuwingsaksies.” Heystek (2000:36) sluit hierby aan as hy sê: “. . . meestal moet daar teruggegaan word tot by die kerkbegrip ten einde verkeerde idees reg te stel sodat die praktyk kan verander”. Dit is dus duidelik dat die manier waarop daar oor die kerk gedink word, ook die manier bepaal waarop daar oor belydenisaflegging en die rol van die geloofsgemeenskap daarin, gedink word.

Die doel van hierdie literatuurstudie is om uit te vind hoe lidmate van Gereformeerde belydenis se kerkbeskouing in die praktyk daarna uitsien, om te bepaal of 'n aanpassing nodig is.



3.2 'N KULTURKERK-SITUASIE

Volgens Burger (1991:81) is daar 'n duidelike diskrepansie tussen dit wat Gereformeerdes glo van die kerk en die betekenis van deelgenootskap aan die geloofsgemeenskap aan die een kant - en die praktiese toepassing van hierdie sake aan die anderkant. Hy praat vanuit 'n perspektief op die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) as hy sê: "Of ons van die gedagte hou of nie, is dit net so dat ons in die praktyk ver weg is van die tradisionele Gereformeerde ekklesiologie en tereg gekom het 'n tipiese kultuurkerk-situasie." (Burger, 1991:82.) De Bruyn (1996:78) sluit by hom aan deur die situasie toe te skryf aan die dwaling waarvolgens die toekoms van die kerk van die Here in Suid-Afrika vereenselwig is met die toekoms van die blankes in Suid-Afrika. As teoloog uit die kader van die GKSA maak hy hiermee Burger se waarnemings geldig vir die betrokke kerkverband. Van Wyk (2001:359), 'n teoloog wat in dieselfde tradisie staan as De Bruyn, bevestig dit as hy sê dat die volkskerkgedagte, hoewel dit deur die GKSA afgewys is, tog ondergronds 'n rol speel.

Burger (1991:83) en Van Wyk (2001:360) skryf hierdie situasie binne die Afrikaanse Gereformeerde kerke toe aan die geskiedenis wat die Afrikaner die afgelope dekade of twee beleef het en die sterk historiese band tussen die Afrikanervolk en die drie Susterkerke. Volgens Van Wyk het die vernietiging van die Afrikanervolk deur die Britse imperialisme tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) die kiem gelê vir 'n sterk volksbewussyn en ongekende vryheidstrewe by die Afrikaners. Die kerk is hierby ingetrek. Volgens Burger het dit veroorsaak dat daar so 'n totale verstrengeling van belange gekom het, dat dit vir die kerk nie meer moontlik was om sy eiendomlike prioriteite helder te sien en na te streef nie. Eerder as dat lidmate moes inpas by die eise van geloof, het die kerk aangepas by die smake van die mense – om sy magsgroep binne die groep te kon behou. So word daar vandag nog, tot 'n groot mate van die kerk verwag om nie (net?) die saak van die evangelie op te neem nie, maar ook in besondere mate te waak oor die politieke en kultuurbelange van sy eie lidmate (vgl. Burger, 1991:83).

Dit is dus duidelik dat kerke oor die algemeen aansienlik afgewyk het van die Bybelse model (vgl. Coetzee, 1998:141). Burger (1999:64) stel dit soos volg: "Naas ons verhouding met Christus was daar ook ander verhoudings, ander lojaliteite, ander sake waarop ons hart gerig



was. Mense wat van buite na ons gekyk het, was nooit seker watter van hierdie verhoudings vir ons die heel belangrikste was nie.” Daar het ’n identiteit binne baie kerke van Gereformeerde belydenis ontwikkel waarin nie net geloof in Jesus Christus nie, maar ook sekondêre sake soos kleur en ras ’n deurslaggewende rol begin speel (vgl. Heystek, 2000:164).

Met die klem op lidmate se geloofsverbintenis, skets Burger (1991:82-83) die gevolge hiervan vir die kerk soos volg:

- Die grense van die geloofsgemeenskap het baie vaag geword. Binne die Afrikanerdom behoort feitlik almal aan die kerk.
- Daar is ’n groot vaagheid oor die aard en inhoud van lidmate se geloofsverbintenis.
- Daar is weinig kontrole oor die manier waarop lidmate hulle geloofsverbintenis realiseer.
- Lidmate leef met die idee dat ’n mens in werklikheid **geen vaste onderneming oor enige spesifieke geloofsinset tydens belydenisaflegging** gee nie.
- Die aard en intensiteit van geloofsmeelewing met die kerk, is tot ’n groot mate ’n saak van persoonlike smaak en keuse van elke lidmaat.
- Die lidmaat wat eenmaal in die kerk is, sal nie daarná weer getoets word oor die inhoud en aard van sy geloof nie.

Dit is dikwels die milieu waarbinne die jong gelowiges groot word. In hierdie tipiese “volkskerk”-benadering word kinders van kerklidmate *feitlik almal op ’n bepaalde ouderdom toegelaat as lidmate* van die kerk (vgl. Burger, 1991:88). Vir talle lidmate is belydenisaflegging ’n geleentheid om te sê dat hulle nie téén die godsdiens is nie, en dat hulle – om watter rede dan ookal – sou verkies om hulle name op die kerk se boeke te hê (vgl. Burger, 1991:82). Van ’n persoonlike verbintenis aan God en aan die gemeenskap van gelowiges, is daar nie veel sprake nie.

Van der Walt (1999:23-24) identifiseer verdere gevolge van hierdie kerkbeskouing onder die opskrifte *kerkisme* en *kerkgesentreerdheid* wat hy spesifiek van toepassing maak op die GKSA. Volgens hom skep baie Gereformeerde kerke die idee van selftevredenheid en



gearriveerdheid. Kerkisme kom na vore in verskynsels soos hoogmoed, arrogansie, eksklusivisme en afsydigheid. Kerkgesentreerdheid word sigbaar in verskynsels soos 'n na-binne-gerigtheid en die weinige belangstelling in sendingwerk. Volgens Burger (1999:69) word dit veral sigbaar daarin dat gemeentes al hulle aandag (en geld) aan hulself, hulle eie groei en hulle eie opbou spandeer, terwyl hulle as gemeentes van Christus eintlik op God en op die wêreld georiënteer behoort te wees.

Die uiteindelijke gevolg van hierdie hele tendens word duidelik uit die situasie van kerke in Europa. Jongmense het belangstelling en vertroue in die kerk verloor omdat hulle na die kerk kyk, verhaale oor die kerk se rol in Europa lees en uiteindelik nie veel sien wat blyke gee daarvan dat die kerk werklik uniek en anders is as ander organisasies of liggame nie (Burger, 1999:64). In 'n tyd waarin mense meer informasie oor ander godsdienste en lewensbeskouings tot hulle beskikking het, vergelyk hulle die kerk met ander gelowe en kom hulle klaarblyklik tot die gevolgtrekking dat daar nie regtig iets besonders aan die kerk is nie (Burger, 1999:64). Dit wil voorkom asof dieselfde besig is om te gebeur in Suid-Afrika onder die tradisionele kerke.

3.3 SAMEVATTENDE AFLEIDINGS VAN BELANG VIR HIERDIE STUDIE

By afleidings soos hierdie moet daar gewaak word om growwe veralgemenings te maak. Tog is dit belangrik om 'n idee te vorm van die kerkbeskouing van lidmate en eerstens daaraan aandag te gee, omdat identiteitsfoute moeilik in latere fases reggemaak kan word bloot deur verstellings in ons bediening (vgl. Burger, 1999:64).

Dit wil voorkom of kerke (gemeentes) in Suid-Afrika binne die Gereformeerde tradisie (met verwysing na die drie Susterskerke) hulle unieke en eksklusiewe verhouding met God in Christus en hulle bestaan in die krag van die Gees nie ernstig opgeneem het nie. Alhoewel die belydenisskrifte getuig van 'n suiwer Gereformeerde ekklesiologie, het daar 'n tipiese kultuurkerk-situasie tot stand gekom. Daar het 'n identiteit binne baie kerke van Gereformeerde belydenis ontwikkel, waarin nie net geloof in Jesus Christus nie, maar ook sekondêre sake soos kleur en ras 'n deurslaggewende rol begin speel. Eerder as dat lidmate



moet inpas by die eise van geloof, pas die kerk aan by die smake van die mense – om sy magsposisie binne die groep te behou.

Die gevolge hiervan is dat die grense van die geloofsgemeenskap baie vaag geword het. Binne die Afrikanerdom behoort feitlik almal aan die kerk. Daar is 'n groot vaagheid oor die aard en inhoud van lidmate se geloofsverbintenisse. Daar is weinig kontrole oor die manier waarop lidmate hulle geloofsverbintenisse realiseer. **Lidmate leef met die idee dat 'n mens in werklikheid geen vaste onderneming oor enige spesifieke geloofsinset tydens belydenisaflegging gee nie.** Die aard en intensiteit van geloofsmeelewing met die kerk is tot 'n groot mate 'n saak van persoonlike smaak en keuse van elke lidmaat. Vir talle lidmate is belydenisaflegging 'n geleentheid om te sê dat hulle nie téén die godsdiens is nie, en dat hulle – om watter rede dan ookal – sou verkies om hulle name op die kerk se boeke te hê (vgl. Burger, 1991:82). Die jongmense word dus groot binne 'n kerkmilieu waar die persoonlike verbintenis aan God en aan die gemeenskap van gelowiges, nie ernstig opgeneem word nie.

Verdere gevolge van hierdie kerkbeskouing is *kerkisme* en *kerkgesentreerdheid*. Kerkisme kom na vore in verskynsels soos hoogmoed, arrogansie, eksklusivisme en afsydigheid. Kerkgesentreerdheid word sigbaar in verskynsels soos 'n na-binne-gerigtheid en die weinige belangstelling in sendingwerk.

Alhoewel baie lidmate bely dat die kerk 'n skepping van God is wat aan Hom behoort, skets die praktyk eerder 'n prentjie van 'n kultuurkerk, waarin die mens die septer swaai en waarin die belange van 'n bepaalde volk en kultuur gedien word. Kerkgesentreerdheid en kerkisme staan voorop eerder as 'n koninkryksgerigtheid. Sekondêre sake soos kleur en ras speel dikwels dieselfde rol as geloof in Jesus Christus. Dit het 'n onderspeling van die verbintenis-aspek van lidmaatskap tot gevolg en bring ook dit waartoe Christus die kerk roep, naamlik die uitleef en verkondiging van die evangelie aan alle volke, in gedrang. Dit bring ook die geloofwaardigheid van die kerk in gedrang omdat dit wat die kerk bely en doen, nie ooreenkom nie.



4. JONGMENSE SE ONTEVREDENHEID MET DIE HUIDIGE SITUASIE IN DIE KERK

4.1 VERTREKPUNT

Van der Walt (1999:8-19) het in sy boek *Naby God: Christen en kerk op die drumpel van spiritualiteit*, uiters waardevolle navorsing gedoen wat vir kerke van Gereformeerde belydenis en ook vir hierdie studie, van besondere belang is. Hy het aan die begin van 1999 vir 'n klas van 91 studente (84% was lidmate van die drie Susterskerke; en die oorgrote meerderheid Afrikaanssprekend) opdrag gegee om in 'n kort opstel te sê waarom hulle nie tevrede is nie, of wat hulle hinder in hulle kerke; en om tweedens oor hulle visie vir die ideale kerk te skryf. Vir hierdie studie van belang is veral die waarnemings rondom dít waarmee die jongmense nie tevrede was nie, sowel as die behoeftes wat na aanleiding van hulle ontevredenheid na vore kom. Dit alles dra by tot 'n geheelindruk van die huidige situasie binne die kerke.

4.2 JONGMENSE SE KRITIEK OP HULLE KERKE

Van der Walt sistematiseer die kommentaar onder vyftien trefwoorde, wat volgens hom deur meer as een student aangevoer is. Van hierdie sake is die volgende vir die studie belangrik:

- *Formalisme*

Volgens die jongmense het kerkbywoning vir baie lidmate net 'n gewoonte geword. Dit dien as 'n soort van "aflaat" om jou sondes te verminder. Ouers doen dit ter wille van kinders en kinders vir hulle ouers. Min mense lyk asof hulle dit doen omdat hulle graag daar wil wees.

- *Kerkisme*

Die jongmense lewer kritiek op kerklike verdeeldheid. Hulle pleit vir eenwording - of ten minste, beter samewerking.



- *Selfgesentreerdheid*

'n Groot deel van die groep is van mening dat die kerk net na binne gerig is. Hulle ervaar dat mooi kerkgeboue belangriker is as die uitdra van die Blye Boodskap. Omdat die kerk nie uitdeel nie, word dit steeds armer.

- *Tradisionalisme*

Jongmense is moeg vir 'n onkritiese vashou aan die verlede.

- *Negativisme*

Die jongmense kla dat hulle geestelik uitgehonger is, maar met negatiewe kos gevoer word. Daar is volgens hulle 'n sterk fokus op dit *waarteen* 'n Christen moet wees, maar nie *waarvoor* nie. Daar is volgens hulle onder volwassenes 'n sterk stroming van pessimisme oor die huidige omstandighede en 'n fokus op alles wat sleg en verkeerd is.

- *Materialisme*

Kerke is volgens jongmense baie ingestel op geld, terwyl baie kerke nie terugvoer gee oor wat met die geld gebeur of waarvoor dit aangewend word nie. Onder volwassenes speel aardse besittings en mag 'n te belangrike rol. Hulle ervaar die moderne gejaagdheid na geld as negatief.

- *Melankolie, swarmoedigheid, droefgeestigheid*

Die jongmense hou nie van die swarmoedige atmosfeer wat daar dikwels in kerke heers nie. Volgens hulle moet Christene nie net sê hulle is Christene nie, maar deur hulle hele lewe vir ander wys dat hulle Christene is en dit geniet om Christene te wees. Mense stap dikwels met 'n swaar gemoed en 'n besef van hoe sondig die wêreld is uit die kerk uit, sonder om te weet wat om daaromtrent te doen.



- *Gebrek aan sondebeseft*

Volgens die jongmense skep die kerk baie keer die idee dat dit 'n vertoonkas vir engeltjies is, eerder as 'n hospitaal vir sondaars. Daar is onder baie kerkgangers 'n gebrek aan sondebeseft.

- *Liefdeloosheid, koudheid*

Dit is 'n algemene klag onder jongmense. Hulle soek na liefde, warmte en meelewing wat hulle werklik laat tuis voel.

- *Doelloosheid*

Die jongmense kry dikwels die indruk dat die kerk koersloos is. Prioriteite moet volgens hulle bepaal word volgens dit wat werklik in die oë van die Here die belangrikste is. Talle is van mening dat die kerk sy eintlike doel/taak/funksie/roeping vergeet het.

- *Skynheiligheid, inkonsekwente Christelike lewenswandel*

Jongmense plaas, veral wat die kerk aanbetref, 'n groot premie op opregtheid, eerlikheid en openhartigheid. Volgens hulle is dit juis een van die groot probleme in die kerk. Daar is 'n diskrepansie tussen dit wat lidmate leer/sê/glo, en dit wat hulle doen. Mense woon Sondae die eredienste by, maar slegs 'n handjievol mense leef Maandae soos kerklinge.

- *Terug na die middelpunt*

Daar is 'n groot behoefte onder die jongmense dat God Drie-enig weer in die middelpunt, die sentrum van al die kerk se bedrywighede, moet staan.

4.3 DIE BEHOEFTE VAN JONGMENSE

Al die kritiek op kerke spruit natuurlik voort uit 'n behoefte onder jongmense, en daarom kan elkeen van bogenoemde kritiekpunte ook positief geformuleer word in terme van behoeftes.



Van der Walt (1999:16-17) bevestig dit deur te verwys na relevante ondersoekresultate van onder andere Boshoff (1983), Van der Merwe (1999) en Boer (1996). Veral die ondersoek van Van der Merwe (1999:22) gee insigte wat vir hierdie studie van belang is. Hy identifiseer die volgende behoeftes onder jong mense van die NGK:

- Jongmense worstel met baie hedendaagse vrae, maar vind dat hulle dominees hulle vrae beantwoord sonder om behoorlik na hulle te luister.
- Jongmense wil reguit en openlik gesels oor dinge wat hulle werklik raak, maar kry dikwels nie die geleentheid daarvoor nie.
- Hulle vra nie nuwe *strukture* nie, maar veel eerder betekenisvolle verhoudinge met mense en met God; hulle wil deur die kerk liefgehe word; hulle soek intieme verhoudinge waarin hulle aanvaarding beleef.
- Hulle verlang intense, ekspressiewe aanbidding.
- Jongmense het ook 'n behoefte aan dinamiese, sigbare gemeenskapsbetrokkenheid.

4.4 SAMEVATTENDE AFLEIDINGS VAN BELANG VIR HIERDIE STUDIE

Na aanleiding van die kritiek en die dringende behoeftes van jongmense, is dit duidelik dat die basisteoretiese riglyne wat in Hoofstuk 2 geïdentifiseer is, nie altyd in die praktyk binne kerke funksioneer en toegepas word nie.

Formalisme, kerkisme, selfgesentreerdheid, tradisionalisme, materialisme en 'n gebrek aan sondebeseft, is 'n bevestiging daarvan dat die kerk weg beweeg het van die Bybelse beeld van die kerk as 'n skepping van God in Jesus Christus - en nie diensbaar is aan die Koninkryk nie. Die swaarmoedigheid, droefgeestigheid, negativisme en doelloosheid is 'n teken daarvan dat die kerk nie bewus is van die ongelooflike krag van die Gees waarin en waardeur die kerk bestaan nie. Liefdeloosheid en koudheid staan lynreg teenoor die warm koinoniale eienskappe van die eerste kerk. Die feit dat jongmense kerkgangers as skynheilig beleef, is 'n aanduiding daarvan dat dit wat die gemeente is, doen, sê en bid, nie in kongruensie met mekaar is nie.



Jongmense se groot behoefte aan gesprek oor belangrike sake in hulle lewens, aanvaarding, intieme geloofsverhoudings met medelidmate, intense aanbidding en dinamiese en sigbare gemeenskapsbetrokkenheid, is alles behoeftes wat aangespreek sal word binne 'n gemeente waar die basisteoretiese afleidings, soos in Hoofstuk 2 geformuleer, daadwerklik funksioneer.

5. EMPIRIESE STUDIE OOR DIE ROL VAN DIE GEMEENTE AS 'N GEMEENSAP VAN GELOWIGES IN BEGELEIDING TOT BELYDENISAFLEGGING

5.1 VERTREKPUNT

'n Empiriese studie word gedoen ten einde 'n blik op die werklike situasie te kry (vgl. Leuschner, 2001:49). Die werkswyse wat in hierdie hoofstuk gevolg word, is soos volg:

- In die eerste plek word daar 'n teorie vir empiriese navorsing gestel.
- Daarna word die metodiek van die empiriese navorsing wat gedoen is, verduidelik.
- In die derde plek word terugvoer gegee oor die empiriese navorsing wat gedoen is.
- In die laaste plek word 'n samevattende gevolgtrekking gemaak na aanleiding van die inligting.

5.2 TEORIE VIR EMPIRIESE NAVORSING

Teologiese teorieë word altyd beïnvloed deur die mens se konteks waarin hy teologiseer (vgl. Heystek, 2000:168). Hierdie konteks is die empiriese werklikheid (Heyns & Pieterse, 1990:73). Die doel van empiriese ondersoek is om kennis te genereer wat dit moontlik sal maak om 'n huidige, onbevredigende situasie (werklikheid) na meer aanvaarbaar te verander (Heitink, 1999:223-225).

Heitink (1999:221) toon aan dat die woord *empiries* afgelei is van die Griekse woord *empeira* – wat *ervaring* beteken. Met empiriese navorsing word dus deur ervaring bepaal hoe die basisteorie in die praktykteorie funksioneer. Hierdie empiriese perspektief koppel die basisteorie aan die praktykteorie (vgl. Leuschner, 2001:50; Erasmus, 2001:86).



Daar bestaan verskeie metodes van empiriese navorsing: beskrywend, verkennend en die toets van hipoteses. Heitink (1999:229-231) beskryf hierdie metodes soos volg:

- Beskrywende navorsing fokus op 'n sistematiese beskrywing van 'n tema op grond van empiriese data.
- Verkennende navorsing se klem lê op verduideliking en interpretasie van gegewens waarvan min bekend is en geen teorie daar rondom ontwikkel is nie.
- In navorsing waar die geldigheid van bepaalde hipoteses getoets word, word bepaal of daar bande tussen die werklikheid en die teoretiese grond bestaan.

In hierdie studie word verkennend navorsing gedoen, om te bepaal wat die huidige rol van die gemeente as 'n geloofsgemeenskap in begeleiding tot belydenisaflegging is.

5.3 METODIEK

In hierdie studie word 'n *kwalitatiewe* metode gevolg, waar induktief te werk gegaan word (vgl. Leuschner, 2001:49). Daar word dus deur onderhoude met betrokke mense uit die materiaal uit (induktief) tot sekere bevindinge gekom (Heyns & Pieterse, 1990:81). Halfgestruktureerde onderhoude word met 'n vooraf-gekoose groep individue gevoer, na aanleiding van 'n raamwerk van vrae, wat dan verduidelik en dieper ingevra word tot die presiese bedoeling van die respondent bepaal is (vgl. Heyns & Pieterse, 1990:83).

Vir hierdie studie is 'n paneel van twintig persone saamgestel, vyf uit elk van vier gemeentes binne die GKSA. Die gemeentes wat gekies is, is een stadsgemeente, twee semi-stadsgemeentes en een plattelandse gemeente. Uit elk van hierdie gemeentes is die volgende persone gekies: Die predikant, as herder, leraar en kategeet; 'n ouderling, as die een wat alle Christene met raad en troos moet bystaan en moet toesien dat alles ordelik verloop (Formulier vir die bevestiging van ouderlinge – Psalmboek, 1999:662); een volwasse vrouelidmaat, om beter balans tussen die geslagte te bewerk (aangesien die predikante en ouderlinge almal mans is); een lidmaat (tussen twintig en agt en twintig) wat reeds belydenis afgelê het (manlik of vroulik) en een lidmaat in die belydenisklas self (manlik of vroulik). Die finale verhouding was twaalf manlike en agt vroulike respondente.



Met elkeen van die respondente is 'n individuele onderhoud gevoer. Die gemiddelde tyd van die onderhoud was ongeveer 'n halfuur. Die basiese vraeraamwerk waaruit die gesprek gevoer is, is die volgende:

1. Ervaar jy dat baie jongmense kerklos raak of hulle by ander kerke voeg na belydenisaflegging?
 - 1.1 Waarom dink jy gebeur dit?
2. Dink jy belydenisaflegging is 'n belangrike en 'n besondere geleentheid?
 - 2.1 Waarom dink jy so?
 - 2.2 Is die hele gemeente bewus daarvan dat dit 'n belangrike en besondere geleentheid is?
 - 2.3 Wat gebeur in julle gemeente om die mense wat belydenis aflê, sowel as die res van die gemeente, bewus te maak van die belangrikheid en besonderheid van belydenisaflegging?
 - 2.4 Hoe kan dit verbeter word?
3. Dink jy dat jongmense in die aanloop tot belydenisaflegging en daarna, deel voel van die geloofsgemeenskap en regtig hulle rol en roeping as lede van die liggaam van Christus verstaan?
 - 3.1 Wat is die redes hiervoor?
4. Wat is die betrokkenheid van volwasse gelowiges in die hele proses van begeleiding tot belydenisaflegging in julle gemeente?
 - 4.1 Is dit genoegsaam?
 - 4.2 Dink jy dat volwasse gelowiges 'n verantwoordelikheid het om jong mense deel te maak van die geloofsgemeenskap, en om vir hulle te wys wat hulle rol en roeping in die gemeente is?
 - 4.3 Hoe kan hulle dit doen?



5.4 TERUGVOER

Vervolgens word die terugvoer uit die onderhoude bespreek⁴. Die bespreking geskied onder die vier hoofdele:

- Jongmense wat kerklos raak of by kerkgroepe inskakel.
- Die belangrikheid en besonderheid van belydenisaflegging.
- Jongmense se inskakeling by en deelname aan die geloofsgemeenskap.
- Die rol wat volwasse gelowiges speel om jongmense deel te maak van die geloofsgemeenskap en hulle te wys op hulle rol en roeping in die kerk.

In hierdie studie word die verskillende respondente aangedui deur kodes, soos in die volgende tabel uiteengesit:

Stadsgemeente (M)⁵

M1 - Predikant

M2 - Ouderling

M3 - Volwasse vrou

M4 - Meisie na belydenisaflegging

M5 - Meisie in belydenisklas

Plattelandse gemeente (C)

C1 - Predikant

C2 - Ouderling

C3 - Volwasse vrou

C4 - Jongman na belydenisaflegging

C5 - Meisie in belydenisklas

Semi-stadsgemeente (N)

N1 - Predikant

N2 - Ouderling

N3 - Volwasse vrou

N4 - Jongman na belydenisaflegging

N5 - Meisie in belydenisklas

Semi-stadsgemeente (S)

S1 - Predikant

S2 - Ouderling

S3 - Volwasse vrou

S4 - Jongman na belydenisaflegging

S5 - Seun in belydenisklas

⁴ Opnames van die onderhoude is by die outeur op CD-Rom beskikbaar.

⁵ Die letters wat gebruik word vir die kodes is die eerste letter van die name van die onderskeie gemeentes.



5.4.1 Jongmense wat kerklos raak of by ander kerkgroepe inskakel

Met die uitsondering van twee respondente was almal dit eens dat 'n groot aantal jongmense wegraak na belydenisaflegging. Die twee respondente wat hulle nie hieroor uitgespreek het nie, was onseker of dit wel die geval is (C5; S3). Oor die vraag of hulle van die kerk verwyderd raak en of hulle hulleself by ander kerkgroepe voeg, het min van die respondente hulleself uitgespreek. Die feit van die saak is dat jongmense wegraak. Twee van die jongmense het vanuit hulle onmiddellike konteks en vriendekring gesê dat daar by baie jongmense 'n totale verwydering van die kerk is (M4; S5). Daar was ook ander wat vertel het van jongmense wat by ander kerkgroepe inskakel (M1).

Dit was veral die predikante wat hulle kommer oor die saak duidelik verwoord het. Dit is 'n groot probleem in al die gemeentes (S1). Dit gebeur wel dat die jongmense terugkom as hulle ouer is en die avontuur vervaag het (C2; S1; S2; S4). Dit is egter die minderheid wat terugkom (M1). Die feit dat daar sekere is wat terugkom, kan egter nie as troos dien nie (M1; N1). Daar kan nie geredeneer word dat dit maar net 'n fase en 'n ontwrigtende tyd is wat later weer sal regkom nie (M1). Die risiko is net te groot (N1).

Vir sommiges het die oorsaak van hierdie tendens by die jongmense self gelê. Hulle skryf dit toe aan die lewensfase waarin die jongmense hulle bevind (N3). Dit is 'n aanpassingstyd in kinders se lewe en hulle moet nou besluit hoe hulle hulle lewens gaan inrig (N3). Jongmense het ook skielik die idee van vryheid na belydenisaflegging (S1; S5). Ander het dit toegeskryf aan die samelewingstendense (M2). Jongmense het 'n ander dryfveer (M4). Hulle raak vasgevang in hulle eie dinge en dan is hulle baie keer te besig vir die kerk (M2; M4; N3). Dis nie asof hulle godsdiens heeltemal verwerp nie (M2). Baie lees nog Bybel en bid, maar sien nie waarom dit nodig is om kerk toe te gaan nie (M2).

Party het die probleem gesoek by jongmense se verbintenis aan God en die gemeente (N4; M4). Jongmens bely hulle geloof, maar dit gaan nie oor in daade nie (N4). Dit is asof hulle nie die erns van die saak besef nie (N4; S4). Vir baie jongmense is dit net nog 'n proses waardeur jy moet gaan (N4; S5). Belydenisaflegging het 'n tipe van 'n "prysuitdeling" geword (M4). Jongmense doen dit vanweë die druk van hulle familie (M5). Wanneer



jongmense die ouerhuis verlaat, is daar nie meer 'n verpligting op hulle nie, en dan is kerk toe gaan nie meer vir hulle so belangrik nie (M5; N2; N3).

Die vraag is egter steeds op die tafel, naamlik: waarom maak jongmense nie erns met belydenisaflegging en met die kerk nie? Dit word baie duidelik wanneer die meeste respondente die oorsaak van die probleem voor die voete van die geloofsgemeenskap gaan neerlê.

Dit gaan oor hoe die kind die kerk as geloofsgemeenskap beleef (N2). Mense verstaan nie meer wat kerk is nie (M1). Die kerk het 'n instansie geword en dit is baie keer nie meer iets waarby die individu betrokke is en alles voor gee nie (S1). Iets van die eensgesindheid, die verbondenheid aan mekaar, die warmte, het verlore gegaan en daarmee saam die suigkrag van die gemeente (S1; S2). Daarom ervaar mense nie die gemeente as liggaam van Christus nie (M1). 'n Gemeente is maar net nog 'n groepering van mense wat dink soos ek dink (M1). Dit ontnem 'n gemeente van sy vonk (M1). Mense is nie meer entoesiasies en opgewonde oor die gemeente en oor die gemeenskap van gelowiges nie (S1). Jongmense verstaan ook nie waarom hulle moet kerk toe gaan en entoesiasies wees, as die ouer mense nie daarvoor entoesiasies is nie (C4). Baie volwasse lidmate voel dalk veilig en gerus, maar daar is geen dinamika nie (M1). Dit is daarom te verstane dat katkisante nie by die gemeente bly nie en ook nie baie hartseer is om weg te gaan nie (M1). Hulle koop nie meer in op die huidige manier van kerk-wees nie (M3). Daardie suigkrag en liefdesband wat die kerk moet kenmerk, het op 'n manier verlore gegaan (M4).

Verskeie respondente het in die lig hiervan die belangrikheid van die voorbeeld van volwasse gelowiges aangevoer. Die rede vir jongmense se onbetrokkenheid is dikwels die onbetrokkenheid van volwassenes (C3; S2). Woorde wek en voorbeeld trek (M1). Jongmense leer nie hoe om hulle geloof te leef nie (M3). Omdat daar nie geloofsvoorbeelde is nie, sien jongmense nie hoe dít wat hulle leer by die kerk van toepassing is op die werklikheid van die lewe waarmee hulle gekonfronteer word nie (C2).

Jongmense voel verder ook glad nie deel van die gemeente terwyl hulle kinders is nie (S4). Daar het 'n "nie-spontane", "stilbly"-kultuur in die erediens tot stand gekom, wat deurvloei na



die hele kerklike lewe, omdat dit in die kerk kwansuis oor “ernstige sake” gaan (M1). Kinders moet dus ook in die kerk gesien maar nie gehoor word nie (M1; N3). Kinders word groot met die woorde: Ons gaan Sondag kerk toe, maar as jy jou mond oopmaak, dan vat ek jou uit en jy kry die pakslae van jou lewe (M1). Jongmense kom dus van kleins af onder die indruk dat hulle nie regtig ’n plek het in die kerk nie, en nie deel is van gemeente nie. Daarom is hulle ook nie baie opgewonde om daar te bly nie (M1). Die kerk gee baie min aandag aan hierdie saak (S1). Jongmense word ook nie wanneer hulle ouer word betrek nie (S2). Katkisasie is dikwels die enigste vorm van betrokkenheid en daarby net tot en met standerd nege. Daarna is daar niks (S1).

Verder hou volwassenes nie rekening met dit waarmee jongmense gekonfronteer word nie (C4). Die gevolg is dat ons nie tred hou met die tye nie (N3). Daar is dikwels so ’n groot fokus en klem op die vorm van dinge dat dit belangriker raak as die inhoud (N3). Kerke verloor baie keer hulle jongmense omdat tradisie en sekere vorms voorop staan, wat nie rekening hou met die eise van die tye nie (N3).

5.4.2 Die belangrikheid en besonderheid van belydenisaflegging

Daar was onder geeneen van die respondente twyfel oor die belangrikheid van belydenisaflegging nie. Die meeste respondente het die belangrikheid daarvan gekoppel aan ’n persoonlike antwoord op die doopbeloftes en ’n verbintenis met God en die gemeente (C1-C4; M1; M4; M5; N1-N5; S1; S2; S4; S5). ’n Verdere perspektief op die belangrikheid van belydenisaflegging, is dat dit ook vir die hele gemeente ’n bevestiging moet wees van God se verbondstrou (S1; S4).

Volgens een van die predikante word daar dikwels te veel in ’n hokkie en vakkie (te eng) oor belydenisaflegging gedink (M1). Dit gaan oor ’n verhouding met God waaroor ’n gelowige nie kan stilbly nie en lewenslank van wil getuig (M1). Dit is die rede waarom dit so ’n besondere belewenis moet wees (M1). Formaliteite is nie so belangrik nie (M1; M3). Belydenisaflegging is ’n deurlopende proses met sy hoogtepunt op die dag, maar wat eintlik nooit ophou nie (M3). Dit moet ’n belewenis wees wat hou (M1).



Alhoewel die respondente die belangrikheid van belydenisaflegging in teorie kon uitwys, was hulle dit ook eens dat die belangrikheid daarvan dikwels nie in mense se optrede sigbaar word nie (C3; C4; M2; M5; S4; S5). Mense is nie opsigtelik baie opgewonde oor die geleentheid nie (C4; C5; S4). Ouers is gewoonlik opgewonde daaroor en bewus van die belangrikheid van die geleentheid (C4). Die gemeente neem egter nie regtig deel aan die geleentheid nie (M5). Ander lidmate van die gemeente is baie keer net betrokke as hulle die betrokke kind(ers) persoonlik ken (M3; S5). Sommige gemeentelede bly selfs by die huis omdat hulle dink die erediens gaan te lank wees (C5; N2). Daar is ook diegene wat by elke geleentheid opnuut geraak word, maar hulle is die minderheid (S2).

'n Saak wat verder afbreuk doen aan die belewenis van belydenisaflegging as 'n belangrike en besonderse geleentheid, is die outomatisme wat dikwels daarmee gepaard gaan (M4; S1; S4). Dit word gedoen omdat almal dit doen (M2). Daar is baie druk op jongmense om belydenis af te lê al is hulle eintlik nie reg daarvoor nie (S4; M2; M4; N5). Mense praat van die worsmasjien-effek – kinders word gedoop en lê belydenis van geloof af so asof hulle vleis is wat deur die vleismeule gedruk word en as wors anderkant uitkom (M4). Jongmense besef dus dikwels self nie hoe belangrik die geleentheid is nie (N2; M2). Baie sien dit net as 'n formaliteit (M2).

Jonk en oud sien belydenisaflegging baie keer as die einde van iets en nie as die begin van iets nie (N2). Dit word ook duidelik uit die groot klem wat daar dikwels op die formele geleentheid geplaas word ten koste van die inhoudelike en dit wat regtig gebeur op die dag (N3). Die kinders moet nuwe klere kry (N3). Almal kom en die kinders en hulle ouers moet hulle beste voetjie voorsit (N3). Alhoewel daar dikwels baie van die spesifieke dag gemaak word, is selfs die ouers baie keer nie regtig betrokke by die hele proses van begeleiding tot belydenisaflegging nie (M2).

Dit het duidelik geword uit die onderhoude dat daar sekere pogings aangewend word om mense bewus te maak van die belangrikheid van belydenisaflegging. In elke gemeente was daar ook egter respondente wat gevoel het dat hierdie pogings nie genoegsaam is nie (C4; M5; N3; N4; S5). Dit is interessant om daarop te let dat dit veral die jonger mense is wat voel dat



dit nie genoegsaam is nie. Die gemeentes het, wat hierdie pogings aanbetref, die volgende in gemeen:

Kategese speel 'n baie belangrike rol in al vier die gemeentes om jong mense tot die besef te bring van die belangrikheid van die geleentheid (C2). Daar word veral moeite gedoen met die belydenisklas (C1; M4; M5). Die predikante speel hierin 'n groot rol (C1; M1; N1; S1; S5). Hulle doen baie moeite om vir jongmense duidelik te maak dat hulle antwoord op hulle doopbelofte en 'n verbintenis met God en met die gemeente aangaan (M2; N1; N5; N2; S1; S2). Die jongmense word ook opgeroep om te kyk waar hulle hulle gawes in die gemeente kan gebruik (S2).

By al vier die gemeentes is dit die gebruik dat die uiteindelijke ondervraging voorafgegaan word deur meer as een geleentheid van intensiewe huisbesoek by jongmense deur die predikant en wyksouderling en in teenwoordigheid van die ouers (C1; M1; M3; N1; N3; S1). In twee van die gemeentes is daar ook genoem dat die ouderling bewus gemaak word van 'n belydeniskatgisant in sy wyk en dat hulle dan deurlopend daaraan aandag gee (C1; M1).

By al die gemeentes is dit ook die gebruik dat jongmense moet aansoek doen (C1; M1; N1; S2). Dit is 'n poging om iets van die outomatiese, wat daar baie keer in belydenisaflegging is, uit te sny.

Belydeniskampe het 'n baie gewilde aksie geword en speel duidelik 'n groot rol in die voorbereiding van jongmense vir belydenisaflegging (C3; M1; N5). By een van die gemeentes neem hulle ook vooraf kollekte op spesifiek vir die kamp, om daardeur ook die hele gemeente daarby te betrek (M1). Goeie terugvoer word ook oor die kamp gegee en so word dit iets van 'n gemeente-aksie (M1).

Die gemeente word verder bewus gemaak van die belydenisaflegging deur middel van afkondigings (N4). Die datum van die geleentheid kom lank voor die tyd in die nuusbrieff (S2; S3; S4). Een van die gemeentes plaas ook die skedule van die voorafgesprekke met die katkisante in hulle nuusbrieff en op die kennisgewingbord (M1). Die hele gemeente word opgeroep tot voorbidding (M1).



Daar word baie moeite op die spesifieke dag gedoen (S1; N3). Die jongmense kry gewoonlik 'n boekie of Bybel as geskenk - wat groot simboliese waarde het (N2; S3). By een gemeente bly die katkisante agter na die diens, voor in die kerk, sodat die gemeente hulle kan gelukwens en welkom heet (M1). Daar is gewoonlik ook 'n koek-en-teegeleentheid na die diens waar die gemeente kans kry om jongmense te ontmoet (M1; S2; S3).

Daar is sekere unieke dinge wat in elke gemeente gebeur, wat ook daarop dui dat mense daarvan bewus is dat belydenisaflegging baie aandag nodig het. In een van die gemeentes wend hulle 'n baie ernstige poging aan om die outomatiese, wat belydenisaflegging dikwels kenmerk, uit te sny (C1). As 'n kind te min by die klas was of swak voorberei het, skuif hulle nie outomaties aan in hulle jaargroepe nie (C1). In hierdie gemeente begin hulle al van graad sewe af met ondervraging om die kinders gewoon te maak aan geloofsgesprekke en om die jongmense bewus te maak van die erns en belangrikheid van belydenisaflegging (C1). Daar word deur die jaar twee persoonlike gesprekke deur die predikant en wyksouderling met elke belydenisklas-kind gevoer, waarin daar veral gefokus word op die kinders se verhouding met die Here en hulle meelewing in die gemeente (C1). Na finale ondervraging kry die kinders 'n briefie wat sê dat hulle, wat die kerkraad aanbetref, die kennis en (op die oog af) die vertroue het om belydenis af te lê (C1). Hierna kan die kinders met hierdie bewys by die kerkraad kom aanmeld (C1). Hulle aansoek word oorweeg na aanleiding van hulle persoonlike verbintenis om met die gemeente mee te leef - en hulle word gemonitor oor 'n tydperk van 'n paar maande, om te kyk of dit wat hulle bely ook dit is wat hulle doen (C1). Voordat jongmense nie duidelik hulle plek in die liggaam van Christus inneem nie, lê hulle nie belydenis af nie (C1). Die vestiging van die nuwe stelsel het die hele gemeente baie bewus gemaak van die belangrikheid van belydenisaflegging (C1). Belydenisaflegging geskied nou meer deurlopend en individueel en nie eenmalig in groot groepe nie (C1).

'n Ander gemeente doen baie moeite om van Kategese 'n gemeente-aksie te maak (S1). Die hele gemeente word betrek by die kinders se geestelike groei en ouer mense moet saam met die res groei (S1). Die hele gemeente, van jonk tot oud, leer byvoorbeeld almal dieselfde psalm (S1).



In die stadsgemeente word daar gepoog om die ouers van kinders wat belydenis aflê, baie te betrek (M1). Ouers word vennote in die proses van begeleiding tot belydenis (M1). Daar word 'n vorderingsverslag via die ouderling aan ouers gelewer, wat gerig is op die geloofsgroei van die kind (M1). Die predikant doen ook baie moeite om 'n vennootskap tussen hom en die kinders te bewerk, wat gegrond is in onderlinge respek (M1).

In die laaste gemeente wat aan die orde kom, val die fokus veral op die geleentheid van belydenisaflegging. Die belydenisaflegging geskied saam met nagmaal (N1). Belydenisaflegging vind plaas na die preek, voor die nagmaal (N1). Die preek word spesifiek toegespits op die jongmense wat belydenis aflê (N1). Na die belydenisaflegging staan die hele gemeente op en almal doen saam belydenis van hulle geloof (N1).

Alhoewel daar reeds mooi dinge gebeur, was almal dit eens dat daar baie meer gedoen kan word om mense bewus te maak van die belangrikheid en besonderheid van die geleentheid. Daarom is daar verskeie voorstelle gemaak, ten einde die situasie te verbeter.

Daar is 'n duidelike behoefte daaraan dat volwassenes meer betrokke moet raak (C3). 'n Praktiese voorbeeld om dit te laat realiseer, is 'n gemeente-ete op die dag van belydenisaflegging (C5). Dit sal ook baie help as daar 'n bietjie meer inligting oor kinders vroegtydig in die gemeenteblaaidjie verskyn (M3; N3; S3; S5). 'n Verdere moontlikheid is om die formulier voor belydenisaflegging te laat afrol, sodat die hele gemeente dit weer kan teken (N1). Daar moet ook tydens wyksbyeenkomste melding daarvan gemaak word, sodat daar iets van 'n afwagting is in die gemeente (N3). Daar moet gepoog word om die ouers meer by die hele proses van belydenisaflegging te betrek (S1; M2).

'n Belangrike voorstel wat gemaak is, is dat daar meer aandag gegee moet word aan die hele proses van begeleiding tot belydenisaflegging en dat die fokus nie net op die spesifieke geleentheid moet val nie (C2; M4). Kinders moet van kleins af geleer word om te bely (C2; N4). Die Engelse woord vir Belydenisaflegging, naamlik "Confirmation", vat hierdie gedagte eintlik mooi saam (M4). Die spesifieke dag van belydenisaflegging is net 'n bevestiging van iets wat lankal begin gebeur het (M4).



Die gevoel was verder dat jong mense wat belydenis aflê duidelik daarop gewys moet word dat dit 'n groot stap is en dat hulle self die verantwoordelikheid daarvoor neem (C3). Daarom is dit belangrik dat kinders moet aansoek doen en vra dat hy wil belydenis aflê (S1; N4). Die kind moet self kom en sê hy het die begeerte om belydenis af te lê, sodat die besluit uiteindelik sy eie is (C2; N3; S1). Outomatisme moet beveg word (N4; M4). Daar moet weggedoen word met die wettiese reël dat kinders, op die laaste, in Matriek belydenis moet aflê (M1).

In lyn met die bogenoemde, was die versoek dat daar meer klem gelê moet word op die persoonlike verbintenisaspek van belydenisaflegging (N1). Omdat dit baie keer 'n groepsverbintenis is, maak ons die verbintenis vaag (N1). Prakties kan dit gebeur deur in plaas van net 'n ja-antwoord aan die jongmense eerder die geleentheid te gee om die hele formulier of 'n gedeelte daarvan self te bely (N1; S4). Die belydenisklas kan ook soos 'n spreekkoor optree en die gemeente in die geloofsbelydenis voorgaan (N1).

'n Voorstel word gemaak dat daar weggedoen moet word met die term *ondervraging* en dat daar eerder gepraat moet word van *geloofsgesprekke* (M1; C1). As die predikant of ouderling in 'n geloofsgesprek met 'n jongmens agterkom dat hy die impak van sy verhouding met die Koning van die kerk nie mooi verstaan en beleef nie, moet onderrig voortgaan, en dit moet opgevolg word deur 'n volgende geloofsgesprek (M1). Daar word te veel gefokus op boekekenis, terwyl die ondersoek na die jongmens se verhouding met God, baie keer agterweê bly (C1; C2). Die idee moet by kinders gevestig word dat hulle 'n vennoot, vertroueling en mentor het in die predikant en ouderling (M1).

'n Aktiewe jeuggroep binne die gemeente doen ook baie om van die geleentheid iets besonders te maak en daarom is dit nodig om daaraan aandag te gee (N2). Dieselfde geld vir die klasgroep waarin jongmense is as hulle belydenis aflê (S4). Kinders het 'n behoefte aan geestelike groei en meelewing en die kleingroepsituasie binne 'n katkisasieklas leen homself hiertoe (C2).

Van die jongmense het gepleit vir meer simboliek en simboliese handeling tydens belydenisaflegging, om die geleentheid meer besonders te maak en ook die belangrikheid



daarvan uit te beeld (N4; M5). Jongmense kan byvoorbeeld 'n monument laat oprig buite die kerk, net soos Israel voor hulle gedoen het toe hulle deur die Jordaan getrek het (N1). Hulle kan ook hulle doopbelofte tydens belydenisaflegging in die doopvont neer gaan sit, as simboliese handeling (N3).

5.4.3 Jongmense se inskakeling by en deelname aan die geloofsgemeenskap

Oor die algemeen was die respondente dit eens dat daar 'n baie groot deel van die jongmense is wat nie inskakel nie, en ook nie deel voel van die geloofsgemeenskap nie. Die mense wat wel beleef het dat kinders inskakel en deel voel, het terselfdertyd erken dat dit die uitsondering is, eerder as die reël (S2; N1; N4). Dit verander ook nie ná belydenisaflegging nie. Daar is dikwels 'n groot antiklimaks na belydenisaflegging (C1). Kinders word tot by belydenisaflegging gebring, as 'n hoogtepunt, en dan bars die "seepbel" (C1). Hulle is skielik na belydenisaflegging minder betrokke as voorheen (C1; C5; M4). Uiteindelik voel kinders nie deel nie, nie welkom nie en nie veilig nie (M1). Al wat kinders weet, is dat hulle nou nagmaal kan gebruik en dat hulle nie meer katkisasie hoef by te woon nie (M2; M3).

Die oorgrote meerderheid respondente het hierdie situasie toegeskryf aan die optrede en houding van volwasse gelowiges. Daar was sekere respondente wat die situasie tot 'n mate toegeskryf het aan jong gelowiges se gebrek aan 'n persoonlike verbintenis en onbegrip vir die erns van die saak - maar hulle het ook toegegee dat dit nie die eintlike probleem is nie (C2; C3; C5; N4; S1; S5).

Die probleem begin by mense se idee van wat die kerk is (N1). Dit is vir baie mense net 'n organisasie, 'n struktuur (N1). Dit is asof gelowiges nie meer besef dat hulleself die kerk is nie (N1). Daarom kom daar ook min tereg van ware gemeenskap van die gelowiges (C1). Daar is nie regtig kontak tussen lidmate nie en dit voel asof mense mekaar nie meer ken nie (C4). Die kerklidmate verbind hulle nie meer aan mekaar nie (N1). Dit lyk nie asof volwassenes dit regtig geniet om kerk toe te gaan nie (M5). Die mense sing asof hulle nie regtig lus is daarvoor nie (M5). Hulle steek vas by 'n klomp sake en tradisies, maar praat nooit oor die Here en werklike geloofsake nie (C4; S1). Volwassenes getuig nie spontaan nie, praat nie oor die genade en liefde van God in hulle lewens nie (M5). Tydens die teedrinkery



tussen dienste, gesels mense eerder oor hulle werk en rugby as oor dít wat nou net in die erediens gebeur het of oor hulle persoonlike geloofslawe (C4). Daarom is daar ook nie geloofsondersteuning in die gemeente nie (C5).

Omdat dit dikwels so gaan tussen volwasse lidmate en omdat daar nie meer daardie opgewondenheid in die gemeentesamekomste te bespeur is nie, is daar geen suigkrag nie (C2). Jongmense sien en ervaar ook nie die warm geméénskap van gelowiges en die vreugde om 'n Christen te wees nie (C1; C4; S1; S4). Kinders word baie keer groot in koue, liefdelose konflik tussen kerkmense oor bepaalde sake (S1). Die gevolg hiervan is dat hulle hulleself nie wil assosieer met die kerk as instelling nie (M4). Dis nie dat hulle niks met godsdiens of met Christendom te doen wil hê nie (M2; M4). Hulle voel egter daar is geen rede waarom hulle deel van die kerk behoort te wees en te bly nie (M4). Kinders kyk déúr hierdie valse kerk-idee en hulle vra hoekom hulle ernstig moet wees oor kerk en kerk-wees as hulle ouers en die ander volwassenes nie is nie (N1). Hulle ervaar die kerk as meganisties (N2). Die kerk het onpersoonlik geword (N1). Katkisasie is 'n proses waardeur die individu moet gaan om belydenis te kan aflê ... as jy dít eers gedoen het, dan is alles oor (N2). Die jongmense lê belydenis af sonder om presies te weet waaraan hulle hulleself nou eintlik verbind het (N1). Hulle word groot as “Christene” en doen al die formele dinge saam, soos bid, Bybellees en kerk toe gaan, maar hulle leer nooit hoekom mense dit doen nie (M4). Daarom is hulle verbintenis tydens belydenisaflegging nooit 'n persoonlike verbintenis nie (M4).

Dit bring die tema van geloofsvoorbeelde na vore. As ouers regtig aktief is by die kerk, weet kinders wat hulle rol en roeping is en skakel hulle ook makliker in by die geloofsgemeenskap (C3; S5). As ouers gereeld erediens bywoon, dan leer kinders om dit te doen (C3). Kinders wat wel verstaan en deel voel, is baie keer kinders van ouers wat deel is en betrokke is (N4). 'n Huidige tendens is egter dat ouers hulle kinders net eenvoudig by die kerk aflaai vir kategeese, sonder om self kerk toe te gaan (C2). Die ouers se betrokkenheid is dus 'n groot probleem (C2; N1). Dit geld egter ook vir die res van die volwassenes in die gemeentes (M4). Die hele gemeente moet 'n meer aktiewe rol speel om jongmense te onderrig en te begelei - en dit word dikwels afgeskeep (S2). Jongmense moet maar self 'n plek oopskrop in die gemeente (S4). Kinders is nog onervare. Hulle weet nie wat hulle rol en roeping is nie, en niemand wys hulle nie (M5; N3; N4; S5). Jongmense wil, behalwe vir hulle plek in die gemeente, ook weet hoe om te leef as Christen (N2). Daaglikse belydenis en daaglikse



verheerliking is baie keer vir jong mense 'n verskrikking, omdat hulle dit nie sien en leer in die voorbeelde van die volwasse gemeentelide nie (C4; M3; M4; N2). Hulle sien egter baie keer dat volwassenes se kerkbywoning 'n klug is, omdat hulle nie dit wat hulle bely uitleef nie (M4; S5). Kategese bly dus baie keer net in die klaskamer (M4). Jongmense leer nie hoe om hulle verstandskennis, en dit wat hulle elke Sondag bely, uit te leef nie (M4).

Waar daar wel tekens van geloofsgemeenskap is, word jongmense nie deur ouer mense betrek nie (C4; S1). Jongmense word nie sinvol gebruik en op hulle plek gewys nie (S1). Mense is net nie ingestel daarop om jongmense in te trek by die geloofsgemeenskap nie (C1; M2). Daar kan byvoorbeeld nie van 'n jong meisie verwag word om in te skakel by die susters van die gemeente nie (C1). Geen kind na matriek is lus om daar in te skakel nie (C1). Jongmense het wel die behoefte aan saamwees en aan gemeenskap met mede geloweges (M5). Dit word ook duidelik uit die "church hopping"-verkynsel, waar kinders van kerk tot kerk rondbeweeg om te kyk waar hulle inpas (M4). Jongmense sukkel dus om in te skakel by die geloofsgemeenskap (C4).

Dit hou baie verband met 'n gesindheid by volwassenes teenoor die jongmense (C2). Baie ouer mense leef nog met die idee dat kinders gesien, maar nie gehoor moet word nie (N3; S4). Ouer mense laat nie die jongmense deel voel nie (C5). Volwassenes doen nie baie moeite vir jongmense nie en tensy hulle self kinders het, is hulle ook nie baie betrokke by jongmense nie (C4; N1; N2; M1; M2; M3; S1; S3). Jong mense word nie deurlopend deel gemaak nie, en daarom sal hulle ook nie deel voel wanneer hulle klaar belydenis afgelê het nie (N4). Selfs na belydenisaflegging word jongmense nie nadergetrek nie (C4; C5).

Dit bring mee dat daar dikwels in die kerk 'n groot gaping tussen jeug en die volwassenes is (S4). Daar is ook nie 'n oop vertrouensverhouding tussen jongmense en volwassenes nie (M3; N5). Volwassenes lyk baie keer soos 'n klomp mense wat die sonde oorwin het en met niks struikel nie (N2). Dit word bevestig deur volwassenes wat baie keer veroordelend en erg krities teenoor jongmense staan (M2; M3). Die inisiatief wat jongmense wel toon, word dikwels doodgedruk en nie ondersteun nie (M2; M3). Jongmense sien grootmense as super-heiliges (M3). Hulle dink dat hulle nooit daarby sal kan uitkom nie (M3). Mense deel nie hulle worsteling met mekaar en met jongmense nie (M3). So kry die jongmense ook nie die



geleentheid om met volwassenes oor hulle geloof te praat nie, omdat hulle nie die vrymoedigheid het nie (C4; M3; N5). Jongmense ervaar nie die geloofsgemeenskap as 'n warme ruimte waarbinne hulle die ondersteuning het van waaruit hulle in die geloof 'n vaste verbintenis met God kan aangaan nie (M1). Kinders moet die liefde van God beleef in die liefde van die geloofsgemeenskap teenoor hulle (M1).

Sommige respondente het hulle ook uitgespreek oor die kategeese. Jongmense word gekonfronteer met baie erger dinge as 'n paar jaar gelede (M3). Die materiaal waarmee gewerk word, beantwoord egter nie altyd vrae en lewenskwessies waarmee jongmense worstel nie (C4; C2; M1). Die werk voel asof jy nie daaraan deelneem nie (C4). Dit is baie teoreties (C4; M1; S4). Die werk fokus te veel op "wat doen ander mense verkeerd" en is te gerig daarop om te sê "so moet dit nie wees nie" in plaas van hoe moet dit wees (M1). Daar word nie werklik in die kategeese aandag gegee aan wat jongmense se rol en roeping in die kerk is nie (C4).

5.4.4 Die rol wat volwasse gelowiges speel om jongmense deel te maak van die geloofsgemeenskap en hulle te wys op hulle rol en roeping in die kerk

Dit het baie duidelik geword dat die begeleiding van die jongmense in al die gemeentes neerkom op die ouers en die formeel aangewese persone naamlik die predikant en hulp kategete (C1; M4; N1; S4). In al drie die gemeentes was daar ook 'n sterk aanduiding dat die ouderlinge redelik betrokke is, al verwys dit hoofsaaklik na formele toesig tydens kategeese (C3; M3; N1; S1). Met uitsondering na, is die res van die gemeente redelik onbetrokke as dit kom by geloofsvoorberydning, of vorming tot geloofsrypheid (C1; M2).

In een van die gemeentes wend hulle wel 'n poging aan om die hele gemeente betrokke te maak by kategetiese onderrig. Daar is alreeds daarna verwys dat almal in die gemeente saam 'n psalmvers leer (S1). Die kategesetemas en huisbesoek word gekoördineer sodat die katekisasiewerk ook tydens huisbesoek aan die orde kom (S1).

In een van die ander gemeentes is daar ook 'n groep ouers wat hulle kleingroepaktiwiteite so inrig dat dit direk fokus op die jongmense, en dat hulle maklik daarby kan inskakel (N2). Die



koinonia en Bybelstudie word so ingerig dat die kinders ingetrek word en die hele tyd kan verstaan wat gebeur. In hierdie selfde gemeente het hulle ook 'n redelike mate van studentebetrokkenheid by die jeugaksies (N4).

Dit is duidelik dat daar nog baie aandag aan hierdie saak gegee kan word. Oor die algemeen kom alles neer op die formeel-aangewysde persone (S4). Die gemeente as 'n eenheid en as liggaam ondersteun nie die formele onderrig nie en daarom vra een van die respondente tereg: Wat sal gebeur as formele kategetiese heeltemal afgeskaf word (N2)? Die ouers is meestal net betrokke as hulle self kinders het wat nog op skool is (C1). Daar gebeur wel wat hierdie saak betref nou en dan mooi dinge, maar dit is nie deurlopend die geval nie (C1; S2; S4; N2; N5). Die gemeentelede is oor die algemeen lui (C4).

Almal was dit eens dat volwasse gelowiges (formeel-aangewysde persone sowel as die res van die gemeente) 'n groot verantwoordelikheid het om jong mense deel te maak van die geloofsgemeenskap, en om vir hulle te wys wat hulle rol en roeping in die gemeente is. Dit is immers onmoontlik vir jongmense om deel te wees van die liggaam as daar nie ruimte vir hulle gemaak word en vir hulle gewys word wat dit beteken om deel te wees nie (C1). Die gemeente, die liggaam, speel die belangrikste rol hierin (C1). Die onderskeie lede het rolle om te vervul: hulle moet mekaar opbou en sorg dra vir mekaar, sodat die liggaam in geheel opgebou kan word (C1). Daar is op die oomblik 'n onnatuurlike situasie in die gemeentes. Daar word gespesialiseerd katekisasie gegee, sonder om vir die jongmense te wys waar hulle in die liggaam inpas (C1). Daar is nie 'n spontane organiese leerproses waardeur kinders deel gemaak word en leer wat kerk is nie (C1). Hulle moet as te ware ingroei in die liggaam in en so saam met die liggaam ontwikkel (C1). Hulle moet nie eers na belydenisaflegging probeer inpas nie (C1). Katekisasie moet 'n verduideliking en 'n samevatting wees van dit wat hulle in die gemeente sien gebeur (C1). Volgens die predikant van hierdie gemeente word die huidige situasie baie duidelik weerspieël in die aansoeke vir belydenisaflegging by hulle kerkraad. Hulle kry baie aansoeke waarin die jongmense versoek: Ek wil nou deel word van die kerk (C1). Hulle aanvoeling is dus dat hulle nie deel is van die gemeente nie (C1).

Die verantwoordelikheid van die hele gemeente spruit voort uit die doopbelofte en dit hou nooit op nie, selfs nie na belydenisaflegging nie (M2). Die verbond gaan immers wyer as die



onmiddellike familie en sluit die hele volk van die Here in (S4). Volwasse gelowiges moet 'n voorbeeld wees vir jongmense in alle opsigte (C5; N5). Jongmense het rolmodelle nodig bo en behalwe hulle ouers (N3; S1). Volwassenes moet in hulle uitlewing van die gemeenskap 'n voorbeeld wees (S1; S3; S4). Almal is profeet, priester en koning (S2). Daarin lê die verantwoordelikheid en roeping om jongmense formeel en informeel te onderrig (S2). Jongmense is uiteindelik die opvoedingsproduk van die ouermense (N2). Volwassenes moet jongmense leer hoe om in die lewe van elke dag Christen te wees (M3; N5). Hulle moet vir jongmense wys dat dit wat hulle in die kerk hoor en bely, relevant is, 'n verskil maak - en dat dit bruikbaar is in die daaglikse lewe (M3; N3). Die jongmense moet deur die voorbeeld van ouer mense leer wat hulle rol en roeping is in die kerk en in die samelewing (M5).

Volwassenes se positiewe gesindheid en aktiewe deelname in die gemeente speel 'n groot rol in jongmense se gevoel oor kerk-wees en gemeente-wees (C5). As daar nie 'n warm, liefdevolle atmosfeer in die gemeente is nie en as volwasse lidmate nie self leef vanuit 'n vaste geloofsverbintenis met God en die gemeente nie, sal jong mense moeilik vir die kerk behou word (C2; N1; N2). As jong mense die kerk beleef as positief en waarde uit die gemeentesamekoms te put, gaan hulle hulleself lewenslank daaraan verbind (N2; N3). Daarom is dit die volwassenes se verantwoordelikheid om jongmense opgewonde te maak oor die kerk (M2; N3; S4). Hulle opgewondenheid oor die geloofsgemeenskap moet jongmense nader trek en as te ware insuig (M5). Die verandering moet dus nie in die eerste plek plaasvind by jongmense nie, maar by volwassenes (M4). Daar moet 'n hartsverandering en fokusverskuiwing by mense en gemeentelide plaasvind (C2). Kinders wil nie sommer uit hulle eie dinge doen nie (M5). Hulle het baie motivering van volwassenes nodig (M5). As ouer mense meer betrokke is, gaan jongeres ook meer betrokke wees (C3).

Oor praktiese maniere waarop volwassenes hierdie verantwoordelikheid kan nakom, was daar baie idees.

- Dit sal 'n groot verskil maak as die hele gemeente hulleself tydens 'n belydenisaflegging weer verbind en dalk die formulier weer onderteken (N4).
- Daar moet meer informele, maar goed-georganiseerde geleenthede geskep word om vir volwassenes en jongmense die geleentheid te gee vir gesprek met mekaar (C2; C3; C4;



C5; M3; M5; N1; N2; S4). Dit kan prakties gebeur deur saam te gaan kamp (C4; C5; N1; N4). Met so 'n kamp kan daar geleentheid geskep word vir saambid en vir geloofsgesprekke (M3; S1).

- Bybelstudies, kleingroepe en wyksbyeenkomste moet so wees dat die volle gesin kan inskakel en dat jong- en ouer mense van verskillende gesinne die geleentheid het om bymekaar uit te kom (C1; N1; N2; S2; S3; S4). 'n Kultuur moet weer gevestig word waarin dit maklik is vir jonk en oud om oor hulle geloof te praat (S4).
- Wat die belydenisklas aanbetref, was daar 'n voorstel om 'n bestaande kleingroep verantwoordelik te maak vir twee of drie mense in die belydenisklas (N1).
- Jongmense moet by gestaan en gehelp word om met mekaar in geloofsgemeenskap te leef (N1; N5). Daarom moet daar baie aandag gegee word aan die jeugvereniging van die gemeente en die volwassenes moet dit heelhartig ondersteun met woord en daad (N3).
- Iets wat sal bydrae tot onderlinge gemeenskap tussen jongmense in die gemeente is die toepassing van kleingroepbeginsels in die katkisasieklasse (N1). Jongmense het dikwels die behoefte aan gemeenskap met ander jongmense, onder leiding van ouer mense (N4; N5).
- Daar kan byvoorbeeld voortgegaan word met volwasse kategeese na belydenis, in kleingroepverband (N3).
- Spesifieke ouderlinge en diakens wat gawes het om met jong mense te werk tydens en na belydenisaflegging, kan daarvoor getaak word om jongmense te help om by die gemeente in te skakel. Hulle kan hulle prakties wys wat deel-wees van 'n geloofsgemeenskap beteken vir jou daaglikse lewe in die wêreld daar buite (C2).
- Hierdie voorstel sluit tot 'n groot mate aan by die vorige een. Die idee is om 'n mentorstelsel vir jongmense te vestig (C5; M1; S4). Dit behels dat 'n volwassene (iemand anders as die kind se ouers) as mentor vir 'n kind of kinders optree, en hulle prakties wys waar hulle in die gemeente inpas (M1; N5). Dit veroorsaak ook 'n gees van verantwoordbaarheid (M1). So 'n mentorsverhouding kan al begin in die voor-belydenisklasse en aanhou na belydenisaflegging (M1).
- Mense wat bietjie ouer is (tussen 20-30) kan getaak word om verantwoordelikheid te neem vir jongmense (C4). Die beginsel hierin is om mense verantwoordelik te maak vir mekaar (C4).



- Laat jongmense reeds vroeg 'n ontdek-jou-gawes-kursus doen, sodat hulle gawes geïdentifiseer kan word (N1; S2; S3). Jongmense moet na aanleiding van die kursus besluit waar hulle betrokke gaan raak en begelei word sodat hulle hulle eie gawes kan leer ken (N1; C5). Jongmense moet vroeg reeds in gemeenteaksies betrek word, sodat hulle die voorbeeld van volwassenes kan sien en hulle verantwoordelikhede moet meer word soos hulle groter word (N1; N3; N4; S1; S3).
- Jongmense kan gehelp word om hulle verantwoordelikheid te besef deur vir hulle meer verantwoordelikheid te gee (M2). Gee hulle die geleentheid om byvoorbeeld die erediens te reël en die liturgie uiteen te sit (M2).
- Skep geleentheid vir die jongmense om die kerkraad te ontmoet (N1; N3). Jongmense kan byvoorbeeld kos bedien vir kerkraadsvergaderings (S1).
- Die profiel van die dominee is baie belangrik (M1). Jongmense moet daarvan oortuig wees dat die bedienaar van die Woord 'n doodgewone mens is wat in liefde vir hulle die regte pad wil aanwys (M1). Die predikant mag nie 'n koue afstand hou nie (M1; M3). Jongmense moet vrymoedigheid hê om met hom te gesels (M3).
- Die manier waarop dinge aanbied moet hersien word. Die erediens en katkisasie is dikwels koud en klinies (M1). As kinders reeds in die katkisasieklas verloor word, sal hulle moeilik vir die res van die gemeente-aksies en ook vir eredienste behou word (M1).
- Jongmense sê vreugdes, vrae en hartseer is vir hulle ernstig, en moet ook in die prediking en huisbesoek aandag kry (M3).

5.5 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING NA AANLEIDING VAN DIE EMPIRIESE STUDIE

Dit is tans 'n algemene tendens dat 'n groot aantal jongmense na belydenisaflegging nie meer by die gemeente of kerkverband waarbinne hulle belydenis afgelê het, inskakel nie. Daar is sekeres wat by ander kerkgroepe inskakel, maar daar is ook dié wat totaal van die kerk verwyderd raak. Die feit van die saak is dat baie jongmense wegraak, en dit is rede tot kommer.

Alhoewel die oorsaak hiervoor tot 'n sekere mate by jongmense self gesoek is, was die oorgrote meerderheid van die respondente dit eens dat die probleem by die geloofsgemeenskap lê. Dit gaan oor hoe die jongmense die kerk as 'n geloofsgemeenskap



beleef. Op die oomblik lyk dit nie baie positief nie. Die kerk het vir baie die eensgesindheid, warmte, dinamika en entoesiasme van 'n aktiewe geloofsgemeenskap verloor en daarom is daar geen suigkrag nie. Dit wat die volwassenes sê, bid en bely, stem dikwels nie ooreen met dit wat hulle doen nie. Daar is baie min voorbeelde vir jongmense van volwassenes wat hulle geloof uitleef en vir die jongmense wys wat dit beteken om daaglik Christen te wees. Jongmense se worstelinge en vrae na aanleiding van dit waarmee hulle gekonfronteer word, word nie deur die huidige manier van kerk-wees hanteer of beantwoord nie, en daarom koop hulle nie meer daarop in nie.

Die respondente was dit eens dat belydenisaflegging die hoogtepunt is van 'n persoonlike verbintenis aan God en die gemeente en dat dit uiteindelik vir die hele gemeente 'n bewys is van God se verbondstrou. Alhoewel die respondente dit in teorie kon uitwys, was hulle dit eens dat die belangrikheid daarvan dikwels nie in mense se optrede sigbaar word nie. Die huidige situasie word gekenmerk deur outomatisme. Daar is druk van die gemeenskap op jongmense om belydenis af te lê sonder dat hulle noodwendig daarvoor gereed is, en daarom besef baie jongmense nie die erns daarvan nie. Daar word groot klem op die formele geleentheid geplaas, sonder dat die grootsheid van dit wat gebeur, werklik tot mense deurdring. Daar is ook nie meer 'n werklike opgewondenheid by die gemeentes te bespeur oor jongmense wat belydenis aflê nie. Dit is egter duidelik dat mense bewus is van die erns van die situasie en daar is in al vier gemeentes pogings om veral die outomatisme, teen te werk.

Jongmense se inskakeling en uiteindelijke deelname aan die geloofsgemeenskap het besondere aandag gekry. Die grootse probleem in dié verband is dat die huidige gemeenskap van gelowiges nie regtig lyk soos dit in die Bybel geskets word nie. Jongmense word eerder groot in koue, liefdelose konflik tussen kerke en lidmate oor bepaalde sake. Dit gebeur baie min dat lidmate spontaan, entoesiasties en opgewonde praat oor die liefde en die genade van God.

Waar daar wel sprake is van geloofsgemeenskap, word jongmense dikwels nie deur die volwassenes betrek nie. Daar is 'n groot gaping tussen die jongmense en volwassenes, en jongmense het nie die vrymoedigheid om met hulle oor geloofsake te praat nie. Daar word nie vreeslik baie moeite gedoen om vir jongmense te wys wat hulle rol en roeping in die



gemeente is nie. Dit word dikwels oorgelaat aan die formeel-aangewysde persone, naamlik die predikant en die hulpkategeet. Die ouers en die ouderlinge is dikwels in 'n toesighoudende hoedanigheid betrokke.

Almal was dit egter eens dat al die volwasse gelowiges - en dus die geloofsgemeenskap in sy geheel - die verantwoordelikheid het om jongmense in te trek en te wys wat hulle rol en roeping is. Dit help nie om gespesialiseerde kategeese te gee, terwyl jongmense nie gewys word waar hulle in die gemeente inskakel nie. Die groot klem lê op 'n fokusverskuiwing en 'n hartsverandering wat die gesindheid van volwassenes teenoor die jeug betref. Daar het verskeie praktiese voorstelle op die tafel gekom ten einde hierdie verandering te weeg te bring en jong en ouer mense weer in kontak met mekaar te bring op informele, georganiseerde maniere.

6. SAMEVATTENDE METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

In hierdie hoofstuk is daar van metateoretiese perspektiewe vanuit die Sosiologie gebruik gemaak om verdere lig te werp op die rol van die geloofsgemeenskap in belydenisaflegging. Daar is ook deur middel van literatuurstudies en 'n empiriese ondersoek gepoog om vas te stel tot watter mate die basisteoretiese beginsels van Hoofstuk 2 in die praktyk realiseer. Hierdie beginsels is die volgende (vgl. 7., Hoofstuk 2):

- Die kerk, wat die vorm aanneem van 'n plaaslike geloofsgemeenskap, is 'n skepping van God in Jesus Christus deur die krag van die Heilige Gees, ten dienste van die Koninkryk van God.
- Hierdie geloofsgemeenskap het 'n aantrekkingskrag en is geloofwaardig indien die vier wesenseienskappe van die geloofsgemeenskap naamlik κοινωνία, κήρυγμα, λειτουργία en διακονία in kongruensie met mekaar is en met volharding beoefen word.
- Binne hierdie geloofsgemeenskap het volwasse gelowiges die verantwoordelikheid om gemeenskap met jong gelowiges te beoefen deur hulle te aanvaar, te dien, met woord en



daad te onderrig en hulle sodoende vir die geloofsgemeenskap te behou, te vorm tot geloofsvolwassenheid en te lei tot navolging van Christus.

- Op grond van die verbond en die doop is kinders volwaardig deel van die geloofsgemeenskap, wat beteken dat belydenisaflegging 'n antwoord is op God se beloftes vanuit die ondersteunende gemeenskap van gelowiges.
- Die jong gelowige moet as deel van die geloofsgemeenskap begelei word tot belydenisaflegging as die hoogtepunt van 'n persoonlike verbintenis aan God en die gemeente, wat gegrond is in kennis en die gepaardgaande persoonlike toe-eiening van die genade in Christus.

Opsommend kom die volgende meta-teoretiese perspektiewe aan die orde:

- Die geloofsgemeenskap is as een van die belangrikste agente in godsdienstige sosialisering geïdentifiseer en bevestig dus dat die geloofsgemeenskap 'n belangrike rol speel in die jongmens se uiteindelik besluit om belydenis van geloof af te lê (vgl. 2.3).
- Onintensionele sosialisering is baie belangrik in godsdienstige sosialisering en dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op elke volwasse gelowige binne die geloofsgemeenskap (vgl. 2.3).
- Kontak tussen volwasse gelowiges en jong gelowiges is vanweë omgekeerde sosialisering, belangrik vir die uiteindelijke welwese van die geloofsgemeenskap (vgl. 2.3).
- Die werklikheid is dat die kerk nie meer altyd die kenmerke vertoon van 'n geloofsgemeenskap wat aan God behoort, deur Jesus Christus gestuur word en bestaan in en deur die krag van die Heilige Gees nie. Daar het 'n kultuurkerk-situasie ontstaan, met die gevolg dat baie Gereformeerde gemeentes gekenmerk word deur formalisme, kerkisme, selfgesentreerdheid, tradisionalisme en 'n na-binne-gerigtheid - eerder as deur 'n koninkryksgerigtheid (vgl. 3.3; 4.4). 'n Gebrek aan eensgesindheid, liefde teenoor mekaar, entoesiasme en opgewondenheid oor die geloofsgemeenskap en haar roeping in die wêreld, dui daarop dat baie gemeentes nie meer bestaan vanuit en in die krag van die Gees nie. Hiermee het die Bybels-teologiese visie van die kerk in gedrang gekom (vgl. 5.5).



- Uit die groot hoeveelheid jongmense wat na belydenisaflegging nie meer by die onderskeie geloofsgemeenskappe inskakel nie, word dit duidelik dat die gemeentes hulle suigkrag verloor het. Die vernaamste oorsaak hiervan is die feit dat die κοινωνία, κήρυγμα, λειτουργία en διακονία (dit wat die gemeente is, sê, bid en doen) nie meer in kongruensie met mekaar is nie. Jongmense sien nie dat dit wat vir hulle geleer word, sigbaar word in die bestaanswyse, aanbidding en dienswerk van die geloofsgemeenskap nie en hulle word nie daarby betrek nie. Die prediking beantwoord dikwels nie die lewensvrae waarmee hulle worstel nie. Die gevolg hiervan is dat die huidige manier van kerk-wees nie meer geloofwaardig is nie. Die jongmense verstaan nie wat die kerk anders maak as ander geloofsgemeenskappe nie (5.5).
- Dit het duidelik geword dat die volwasse gelowiges binne die geloofsgemeenskap nie hulle verantwoordelikheid nakom om gemeenskap met jong gelowiges te beoefen deur hulle te aanvaar, te dien, met woord en daad te onderrig en hulle sodoende vir die geloofsgemeenskap te behou nie. Die vorming tot geloofsvolwassenheid word hoofsaaklik oorgelaat aan die formeel-aangewysde persone wat normaalweg die predikant en die hulpkategete is (5.5).
- Jongmense voel nie deel van die geloofsgemeenskap nie omdat hulle nie deur volwassenes ingetrek word en op hulle rol en verantwoordelikhede binne die geloofsgemeenskap gewys word nie. Die jongmense se belewenis is dat volwassenes hulle nie beskou as deel van die gemeente nie. Belydenisaflegging word dikwels deur jongmense en volwassenes gesien as 'n manier waarop jy deel word van die geloofsgemeenskap, eerder as 'n antwoord op God se beloftes as deel van die ondersteunende geméénskap van gelowiges (vgl. 5.2.4).
- Jongmense word nie as deel van die geloofsgemeenskap begelei tot belydenisaflegging as die hoogtepunt van 'n persoonlike verbintenis aan God en die gemeente nie. Die probleem is dat volwasse lidmate baie keer 'n voorbeeld stel van 'n vae verbintenis. Lidmate het nie meer 'n vaste verbintenis met die geloofsgemeenskap nie. Daar bestaan onder baie lidmate die idee dat daar tydens belydenisaflegging geen vaste verbintenis oor enige spesifieke geloofsinset gemaak word nie. Die outomatisme in belydenisaflegging het tot 'n groot mate daartoe bygedra dat dit 'n formaliteit geword het, en dat daar by baie min mense werklik nog 'n opgewondenheid is oor die geleentheid. (vgl. 3.3; 5.5).



HOOFSTUK 4

PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE

1. INLEIDING

Die doelstelling van hierdie hoofstuk is om op die voetspoor van die prakties-teologiese model van Zerfass (1974:164-177) praktykteoretiese riglyne te gee ten opsigte van die rol van die gemeente as 'n geloofsgemeenskap in die begeleiding tot belydenisaflegging. Dat die geloofsgemeenskap 'n baie belangrike rol speel in begeleiding tot belydenisaflegging het duidelik aan die lig gekom na aanleiding van die basisteoretiese riglyne wat in Hoofstuk 2 geformuleer is.

Die metateoretiese perspektiewe vanuit die Sosiologie (vgl. Hoofstuk 3) het hierdie beginsels daarin ondersteun dat die geloofsgemeenskap aangewys is as een van die belangrikste agente van godsdienstige sosialisering. Die mate waartoe die basisteoretiese riglyne ten opsigte van die rol van die geloofsgemeenskap in belydenisaflegging in die praktyk realiseer, is in Hoofstuk 3 verder ondersoek, aan die hand van 'n literatuurstudie en empiriese navorsing. Die gebreke in die praktyk is aangetoon ten opsigte van elkeen van die basisteoretiese beginsels.

Om uiteindelik praktykteoretiese riglyne daar te stel, word die basisteoretiese beginsels met in agneming van die meta-teoretiese perspektiewe in hermeneutiese wisselwerking met die situasie-werklikheid geplaas (vgl. Heystek, 2000:201; Erasmus, 2001:103). In elkeen van die volgende hoofpunte van hierdie hoofstuk (2.1 tot 2.5) sal die basisteoretiese beginsel eerstens gestel word, waarna die metateoretiese perspektiewe wat lig werp op die huidige situasie ten opsigte van die spesifieke beginsel, aan die orde sal kom. Die doel hiermee is die artikulering van praktykteoretiese riglyne ten einde verstellings aan die praktyk te maak, om dit nader aan die basisteorie te kry (vgl. Leuschner, 2001:68).



2. RIGLYNE VIR DIE KONKRETISERING VAN DIE ROL VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP IN BEGELEIDING TOT BELYDENISAFLEGGING

2.1 DIE VORMING VAN 'N BYBELS-TEOLOGIESE VISIE VIR DIE KERK

2.1.1 Vertrekpunt

Burger (1999:49) toon die belangrikheid van 'n duidelike Bybelse visie van die kerk oortuigend aan, wanneer hy dit stel dat so 'n visie vir die kerk sê wie sy is, wat sy hier maak, en hoe sy haar opgelegde taak moet uitvoer. 'n Visie verwoord dus die identiteit, die missie en die uiteindelijke bedieningsplan van 'n gemeente. Die eerste basisteoretiese beginsel stel 'n Bybels-teologiese visie van die kerk soos volg - sonder dat dit aan 'n spesifieke plaaslike gemeente in hulle omstandighede gekoppel:

- Die kerk, wat die vorm aanneem van 'n plaaslike geloofsgemeenskap, is 'n skepping van God in Jesus Christus deur die krag van die Heilige Gees, tot diens aan die Koninkryk van God (vgl. 7., Hoofstuk 2).

Dit is uiteindelik die visie van die kerk wat daaraan betekenis, rigting en energie/vitaliteit gee (Burger, 1999:43-45). Daarom is daar na aanleiding van die bogenoemde basisteoretiese beginsel ondersoek ingestel na die situasie-werklikheid. Die metateoretiese perspektiewe ten opsigte van hierdie betrokke basisteoretiese beginsel, sien na aanleiding van die literatuur en empiriese studie soos volg daaruit:

- Die werklikheid is dat die kerk nie meer altyd die kenmerke vertoon van 'n geloofsgemeenskap wat aan God behoort, deur Jesus Christus gestuur word en bestaan in en deur die krag van die Heilige Gees nie. Daar het 'n kultuurkerk-situasie ontstaan, met die gevolg dat baie Gereformeerde gemeentes gekenmerk word deur formalisme, kerkisme, selfgesentreerdheid, tradisionalisme en 'n na-binne-gerigtheid, eerder as deur 'n koninkryksgerigtheid. 'n Gebrek aan eensgesindheid, liefde teenoor mekaar, entoesiasme en opgewondenheid oor die geloofsgemeenskap en haar roeping in die wêreld, dui daarop



dat baie gemeentes nie meer bestaan vanuit en in die krag van die Gees nie. Hiermee het die Bybels-teologiese visie van die kerk in gedrang gekom (vgl. 6., Hoofstuk 3).

Volgens Burger (1991:37) kan daar sonder hierdie gedeelde visie binne die kerk, nie eens sprake wees van 'n lewende en effektiewe geloofsgemeenskap nie. Daarom is die daarstelling van riglyne, ten einde 'n regstelling te maak in die huidige skeefgetrekte visie, ook die wegspringplek vir die oorkoepelende riglyne ten opsigte van die rol van die geloofsgemeenskap in begeleiding tot belydenisaflegging. Simptome kan gedokter word, maar genesing vind plaas indien die oorsaak van die siekte geïdentifiseer en verwyder word. Die hart van die probleme in en rondom belydenisaflegging lê in die afwesigheid of oneffektiwiteit van die geloofsgemeenskap, wat op sy beurt weer nou verband hou met die afwesigheid of verdraaiing van die Bybels-teologiese visie van die kerk.

2.1.2 Riglyne ten opsigte van die herstel en vestiging van 'n Bybels-teologiese visie vir kerk

Aangesien 'n Bybels-teologiese visie van die kerk uiteindelik ten diepste gaan oor die identiteit van die gemeente, die missie of taak wat aan die kerk opgedra is, en die manier waarop die kerk die taak of opdrag gaan uitvoer (vgl. Burger, 1999:49), sal die riglyne onderskeidelik fokus op hierdie drie aspekte. Dit word egter voorafgegaan deur algemene riglyne ten opsigte van die herstel en vestiging van 'n Bybels-teologiese visie.

2.1.2.1 Algemene riglyne

- Die gemeente moet deur die kerkraad begelei word in 'n indringende selfondersoek en gemeente-analise, ten einde te bepaal wat die huidige stand van sake is ten opsigte van die gemeente se identiteit, missie (taak of opdrag) en manier waarop hulle die taak of opdrag uitvoer.
- Die resultaat van hierdie studie moet vergelyk word met dit wat die Bybel openbaar oor hierdie onderdele van die visie.
- Indien daar 'n verskil is tussen die werklike situasie en dit wat die Bybel sê oor die identiteit, missie (taak of opdrag) en manier waarop hulle die taak of opdrag uitvoer (bedienings strategie), moet hierdie verskil deur die verkondiging van die Woord binne



die erediens, tydens huisbesoek en kategese aangespreek word ten einde mense op te roep tot berou en bekering.

- Die uiteindelijke uitkoms van hierdie proses is die formulering van 'n eksplisiete visie vir die gemeente (identiteit, missie en bedieningstrategie) binne die raamwerk van die algemene Bybels-teologiese visie vir die kerk (soos uiteengesit in die eerste basisteoretiese beginsel), wat die spesifieke omstandighede van die gemeente in ag neem. Hierdie visie-vorming moet egter nie gejaagd plaasvind nie, maar rustig oor 'n bepaalde tydspan - met die maksimale inset van die gemeente self (vgl. Burger, 1991:55).
- 'n Deeglike situasie-analise, waarin samelewingstendense sowel as die plek van die gemeente binne sy onmiddellike konteks (stad, voorstad of dorp) en die breër konteks (die land en kontinent) verreken word, kan baie bydra om die missie en uiteindelijke bedieningsstrategie skerp te formuleer.
- Die vestiging van hierdie visie binne die gemeente is baie belangrik. Dit moet gedoen word deur die hele geloofsgemeenskap (jong en oud) op die regte manier oor die droom (visie) van die kerk geesdriftig te maak en te hou.
- Hierin speel die leiers binne die kerk 'n belangrike rol. Indien die predikant(e), ouderlinge en diakens hulle rol as "visioenêre leiers" binne die gemeente opneem, sal hulle entoesiasme en geesdrif 'n magtige getuienis en middel in God se hand wees.
- 'n Verdere wyse waarop die visie binne die gemeente gevestig word, is deur die Woordverkondiging wat prediking, huisbesoek en kategese insluit.
- Die erediens as sodanig speel ook 'n baie belangrike rol in die vestiging en instandhouding van die visie van die geloofsgemeenskap (vgl. Burger, 1991:62).
- Daar moet besondere aandag gegee word aan jongmense se deelname in en begrip van die visie van die gemeente. Die mate waartoe hulle identifiseer met die gemeente se visie (identiteit, missie en bedieningstrategieë) het 'n groot invloed op die jongmens se besluit om homself heelhartig by die gemeente te voeg, al dan nie. Hierin speel intensionele sosialisering (deur bv. kategetiese onderrig), sowel as onintensionele sosialisering (deur bv. informele ontmoetingsgeleenthede), 'n baie belangrike rol (vgl. 2.3, Hoofstuk 3). Indien daar verwag word dat jongmense deel moet voel van die visie en dit hulle eie maak, moet daar aandag gegee word aan beide hierdie fasette van sosialisering.



2.1.2.2 Die identiteit van die kerk/gemeente

Die identiteit van die kerk/gemeente as skepping van God in Jesus Christus, wat aan Hom behoort, moet gevestig word deur:

- Woordbediening, wat duidelik die absolute verdorwenheid, sonde en ellende van alle mense uitwys (HK 2-4; Rom. 3:10-12), sodat nasionaliteit, ras of kleur aan geen mens voorkeur bo 'n ander gee nie (vgl. 4.2, Hoofstuk 3).
- Woordbediening wat die verlossing uit genade, deur geloof in Jesus Christus verkondig aan sondaars, ongeag nasionaliteit, ras of kleur en hulle oproep tot geloof, berou en bekering.
- Woordbediening waarin daar gefokus word op die kerk as 'n gemeenskap van gelowiges wat in lyn met die voorafgaande, hulle sonde en ellende raaksien en waarlik in Christus glo en hulle volle saligheid in Hom verwag (vgl. NGB, art. 27). Van hierdie geloofsgemeenskap is Christus die Hoof, en hy voeg die lidmate saam in die eenheid van 'n ware geloof wat strek oor volks-, kultuur- en taalgrense heen.
- Die herwaardering van die Gereformeerde tradisie as 'n tradisie wat soek om God in alles sentraal te stel, wat 'n diep verbintenis het aan die eenheid van die kerk en 'n Bybelse geloof, wat verskeidenheid kan hanteer, in die reël versigtig is vir nasionale of volkskerke en wat altyd gereed is om te reformeer in nuwe situasies (vgl. Burger, 2001:18-25).
- Die vestiging van 'n Bybelse identiteit van die kerk as skepping van God in Christus, is primêr die verantwoordelikheid van die predikant as bedienaar van die Woord en die ouderlinge as dié wat oor die Woordbediening moet toesig hou. Daarom moet die vestiging van hierdie identiteit van die kerk, wat die hart van die evangelie raak, geskied by alle geleenthede waarby die Woord bedien word (waaronder, prediking, huisbesoek, bybelstudies/kleingroepe, kategese).
- Dit is baie belangrik dat kinders van kleins af bewus gemaak word dat die kerk 'n skepping van God is, wat aan Hom behoort. Die aard van jongmense se geloofsverbintenis tot God en die kerk met belydenisaflegging, hang nou saam met hulle begrip van die identiteit van die kerk.



2.1.2.3 Die missie van die kerk/gemeente

Die missie van die kerk, naamlik dat sy geroep en gestuur word deur Christus en dat sy uiteindelik nie 'n doel op sigself is nie, maar in hierdie wêreld in diens staan van die koninkryk van God, moet gevestig word deur:

- Woordbediening wat die noue band tussen die gemeente se identiteit (wie die kerk is) en missie (waarvoor die kerk hier is of waarvoor die kerk geroep en gestuur is) duidelik aantoon. Dit wat die kerk uiteindelik doen moet 'n uitvloeisel wees van haar nuwe identiteit in Christus (wie sy is). Daarom moet formalisme, kerkisme, selfgesentreerdheid, tradisionalisme en 'n na-binne-gerigtheid (wat die koninkryk en 'n na-buite-gerigtheid in gedrang bring) sterk aangespreek word in die bediening van die Woord.
- Die hele kwessie van die kerk se missie in die verkondigingsaktiwiteite van die gemeente (bv. prediking, huisbesoeke (lering), bybelstudies/kleingroepe) te herdink.
- Geleenthede te reël waar die gemeente (jonk en oud) saam kan dink, bid en praat oor die missie van die kerk en die spesifieke implikasies daarvan vir die gemeente binne sy onmiddellike konteks.
- Te fokus op al vier die bedienings (κοινωνία, κήρυγμα, λειτουργία en διακονία) van die kerk, omdat die missie van die kerk uiteindelik daardeur gedra word (meer gedetailleerde riglyne hieroor sal aan die orde kom in 2.2).

2.1.2.4 Die bedieningstrategie (die manier waarop die opdrag uitgevoer word)

Aangesien die uiteindelijke manier waarop die visie en missie verwerklik, baie sal afhang van die omstandighede en aangesien die vier kernbeginsels binne enige bedieningstasie naamlik κοινωνία, κήρυγμα, λειτουργία en διακονία in 2.2 in detail behandel sal word, word daar hier volstaan met riglyne ten opsigte van 'n bewuswording van die rol van die Heilige Gees in die vervulling van die kerk seroeping. Die Gees is uiteindelik die Een wat die gemeente deur die Woord bewus maak van haar roeping en terselfdertyd die krag, vitaliteit en entoesiasme gee wat nodig is om die roeping te volvoer:



- Die gemeente moet deurentyd bewus wees en deur die bediening van die Woord bewus gemaak word van hulle totale afhanklikheid van die Gees.
- 'n Gebrek aan entoesiasme, vitaliteit en ywer vir die roeping van die kerk moet toegeskryf word aan 'n afname in die bewustheid van totale afhanklikheid van die Gees en dit moet as sonde voor God bely word (vgl. 4.2, Hoofstuk 3).
- Daar moet binne die gemeente 'n verwagting wees en 'n sensitiwiteit gekweek word vir die leiding van die Heilige Gees.
- Dit gebeur prakties deur die hele bediening te omspan met 'n gees van gebed (vgl. Burger, 1999:120), omdat die kerk bely dat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (HK 45:116).
- Dit is veral belangrik om jongmense bewus te maak van die gemeente se afhanklikheid van die leiding van die Gees. Daarom moet hulle ook van kleins af leer om in hulle katkesasieklas te bid vir die kerk en die roeping van die kerk in die wêreld. Kinders moet van kleins af leer om voor te gaan in die gebed, sodat dit nie vir hulle 'n vreemde ervaring is as hulle in die belydenisklas kom nie.

2.2 'N FOKUS OP DIE GELOOFWAARDIGHEID VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP

2.2.1 Vertrekpunt

Dit word duidelik uit God se Woord dat Hy 'n hoë premie plaas op die geloofwaardigheid van die geloofsgemeenskap. Binne hierdie studie hou die term geloofwaardigheid in dat dit wat die gemeente is (die identiteit van die gemeente as 'n in-Christus-herskepte-geloofsgemeenskap), sê/bely, bid en doen (wat alles te doen het met die roeping van die gemeente) in kongruensie met mekaar moet wees. Die basisteoretiese beginsel wat hieroor handel is soos volg geformuleer:

- Die geloofsgemeenskap het 'n aantrekkingskrag en is geloofwaardig indien die vier wesenseienskappe van die geloofsgemeenskap naamlik κοινωνία, κήρυγμα, λειτουργία en διακονία in kongruensie met mekaar is en met volharding beoefen word (vgl. 7., Hoofstuk 2).



Die metateoretiese perspektiewe toon aan dat dit baie keer juis die ongeloofwaardigheid van die geloofsgemeenskap is wat jongmense in die kerk laat twyfel - en dit is soos volg geformuleer:

- Uit die groot hoeveelheid jongmense wat na belydenisaflegging nie meer by die onderskeie geloofsgemeenskappe inskakel nie, word dit duidelik dat die gemeentes hulle suigkrag verloor het. Die vernaamste oorsaak hiervan is die feit dat die κοινωνία, κήρυγμα, λειτουργία en διακονία (dit wat die gemeente is, sê, bid en doen) nie meer in kongruensie met mekaar is nie. Jongmense sien nie dat dit wat vir hulle geleer word sigbaar word in die bestaanswyse, aanbidding en dienswerk van die geloofsgemeenskap nie, en waar dit wel sigbaar word, word hulle nie betrek nie. Die prediking beantwoord dikwels nie die lewensvrae waarmee hulle worstel nie. Die gevolg hiervan is dat die huidige manier van kerk-wees nie meer geloofwaardig is nie. Die jongmense verstaan nie wat die kerk anders maak as ander geloofsgemeenskappe nie (vgl. 6., Hoofstuk 3).

Riglyne vir die herstel van die geloofwaardigheid van die geloofsgemeenskap is dus in orde.

2.2.2 *Riglyne vir die herstel van die geloofwaardigheid van die geloofsgemeenskap*

Hierdie riglyne word gegee na aanleiding van die vier bedienings van die gemeente wat die kern vorm van enige geloofwaardige bedieningstrategie. Daar sal spesifiek gefokus word op jongmense se deelname aan en betrokkenheid by die vier bedienings, ten einde hulle vertroue in die geloofsgemeenskap te herstel. Dit word egter voorafgegaan deur algemene riglyne ten opsigte van die herstel van die geloofwaardigheid van die geloofsgemeenskap.

2.2.2.1 *Algemene riglyne*

Die geloofwaardigheid van die geloofsgemeenskap kan herstel word deur onder andere die volgende riglyne in gedagte te hou:



- Die formulering van 'n bedieningstrategie wat ewe sterk rus in al vier bedienings van die gemeente, sal baie bydra daartoe dat die vier bedienings binne die gemeente in kongruensie met mekaar is, en dat die een nie uitgesonder word ten koste van die ander nie (vgl. 3.3.4, Hoofstuk 2).
- Daar moet dus méér gemaak word van 'n holistiese bediening waarin al vier die dienste van die kerk hulle regmatige plek kry.
- Daar moet in so 'n bedieningstrategie, wat geformuleer is vanuit die vier bedienings wat elk 'n opbou- en uitboukarakter het, in gelyke mate gefokus word op die gemeentese opbou na binne, net soos met die uitbou na buite (vgl. Burger, 1999:112).
- 'n Algemene riglyn vir die praktiese inkleding van 'n bedieningsstrategie wat geformuleer is vanuit en fokus op die vier bedienings, is die vorming van vier diensgroepe wat vir die gemeente rigting en leiding gee ten opsigte van die vier onderskeie bedienings. Die spesifieke diensgroepe kan al die aktiwiteite wat met daardie spesifieke bediening te doen het, koördineer en dit uitbou in die gemeente. Die leiers van die onderskeie diensgroepe kan op 'n gereelde basis bymekaar kom - onder leiding van die predikant - om alles te koördineer.
- Die diensgroepe moet daarop gerig wees om volwassenes en jongmense by die onderskeie bedienings te betrek.

2.2.2.2 Riglyne vir die herstel van jongmense se vertroue in die κοινωνία van die gemeente

Κοινωνία dui op die onderlinge gebondenheid van gelowiges met God en met mekaar en kom na vore in die gelowiges se onderlinge ondersteuning van en gemeenskap met mekaar (vgl. 3.2.4, Hoofstuk 2). Die metateoretiese perspektiewe het dit duidelik laat blyk dat gemeentes veral te kort skiet ten opsigte van hierdie warm, liefdevolle geloofsgemeenskap met mekaar (vgl. 4.4; 5.5, Hoofstuk 3). In Hoofstuk 2 is κοινωνία geïdentifiseer as die weseneseienskap of bediening van die gemeente, wat die konteks aandui waarbinne die κήρυγμα, λειτουργία en διακονία beoefen word (vgl. 3.2.4; 3.3.4, Hoofstuk 2). Na aanleiding van die metateoretiese perspektiewe oor sosialisering kan κοινωνία beskou word as 'n baie belangrike faset in onintensionele godsdienstige sosialisering (vgl. 2.2.2.2, Hoofstuk 3). Dit



is dus belangrik om aan die jeug se beleving van die koinoniale aktiwiteite in die gemeente aandag te gee:

- Omdat die jeug voluit deel is van die kerk, moet hulle geleer word om verantwoordelikheid vir mekaar te neem en aktief in die handeling van die gemeente deel te neem.
- Dit sal egter alleen geskied indien die jongmense die voorbeeld hiervan sien by volwassenes.
- Volwassenes moet moeite doen om die jongmense by hulle koinoniale aktiwiteite te betrek.
- Die koinonia tussen jongmense en volwassenes word verder bevorder indien jongmense by die gemeenteaktiwiteite betrek word.
- Praktiese maniere waarop dit kan gebeur, is deur:
 - Kampe wat geleentheid skep vir jongmense en volwassenes om met mekaar gemeenskap te beoefen. Die kampprogram moet dus so ingerig word dat dit nie die volwassenes en jongmense se aktiwiteite skei nie.
 - Wyksbyeenkomste, wat beplan word rondom die bevordering van gemeenskap tussen die volwassenes en jongmense.
 - Gemengde kleingroepe of bybelstudiegroepe wat die atmosfeer skep waarbinne volwasse en jong gelowiges met mekaar en met God gemeenskap kan beoefen.
- Aangesien die erediens 'n gereelde byeenkoms van die gelowiges is, moet dit so ingerig word dat daar ook in en rondom die erediens geleentheid is vir die beoefening van geloofsgemeenskap tussen al die gemeentelede maar spesifiek tussen jongmense en volwassenes.
- 'n Baie belangrike riglyn in die koinoniale verhouding van die gemeente onderling, maar veral in die verhouding tussen jongmense en ouer mense, is dat lidmate moet leer om hulle gebrokenheid en skuld onderling (ook in die verhouding tussen jongmense en ouer mense) te bely, en mekaar te broederlik te vermaan. Dit sal die persepsie wat daar by jongmense heers, naamlik dat die ouer mense super-heiliges is wat reeds die sonde oorwin het, en wat nooit geloofsworstelinge ondergaan nie, verander (vgl. 5.4.3, Hoofstuk 3). Deel van die gemeenskap met mekaar as gelowiges, is ook saam-worstel en stry teen die sonde - en dit is veral belangrik in die gemeenskap tussen volwassenes en jongmense.



- Daar moet in die lig hiervan ernstige aandag gegee word aan die vertrouensverhouding tussen al die lidmate, maar veral tussen dié van jongmense en volwassenes, sodat jongmense volwasse gelowiges in die gemeente met vrymoedigheid kan nader met hulle bekommernisse, vrese, hartseer en ook vreugdes.
- Dit is belangrik om die jongmense ook op die na-buite-gerigtheid van koinoniale aktiwiteite te wys.
- Die samekomste van die gemeente moet veral hierop fokus. Daarom moet die eredienste só ingerig wees dat die *κοινωνία* van die gemeente sigbaar word en deel is van die atmosfeer. In Handeling 2 was dit juis hierdie warm, liefdevolle geloofsgemeenskap van die samekomste van die gemeente, wat 'n suigrag was in die omgewing (vgl. 3.2.4, Hoofstuk 2). So 'n warm, liefdevolle atmosfeer van ware *κοινωνία* (wat natuurlik nie los gemaak kan word van die ander dienste nie) speel ook uiteindelik 'n groot rol in jongmense se besluit om hulleself aan die gemeente te verbind.
- Daar moet dus aandag daaraan gegee word dat die gemeente in hulle beoefening van koinonia met mekaar (veral in die erediens), sensitief is vir nuwe lidmate en besoekers. Jongmense kan hiervoor voorberei en toegerus word deur hulle aan te moedig om hulle vriende wat nie by 'n gemeente inskakel nie saam met hulle kerk toe te bring. By hierdie geleenthede kan daar besonder aandag aan die nuwelinge gegee word om hulle in te trek by die geloofsgemeenskap.

2.2.2.3 Riglyne ten opsigte van κήρυγμα as een van die bedienings van die gemeente

Κήρυγμα, of te wel *kerugmatiese diens* (soos wat dit in hierdie studie gebruik word), verwys na alle aktiwiteite in die gemeente wat primêr gefokus is op die Bybel en sy unieke boodskap – hetsy dit is om die boodskap beter te hoor, dit te verstaan, dit met ander te bespreek of om dit deur te gee aan mense wat dit nog nie ken nie. Die κήρυγμα (kerugmatiese diens) rus in die oortuiging dat die waarheid, wat aan die mens bekendgemaak is in die Bybel - en uiteindelik saamtrek in Jesus van Nasaret - dié weg tot die lewe bied (vgl. 3.3.1, Hoofstuk 2). Van hierdie waarheid is die geloofsgemeenskap (oud en jonk) die boodskapper (Erasmus, 2001:108). Daarom is riglyne ten opsigte van die konkretisering van die κήρυγμα binne die geloofsgemeenskap gepas.



Riglyne ten opsigte van die kerugmatiese diens wat fokus op die gemeente en spesifiek op jongmense:

- Κήρυγμα, as een van die bedienings, word goed gerealiseer in bedieningstrukture soos prediking, huisbesoek en kategeese.
- Hierdie waarheid lê 'n besondere verantwoordelikheid op die prediker, pastor en kategeet om die Woord van die Here so te bring dat dit tot alle lidmate (jonk en oud), in hulle omstandighede spreek.
- Die κήρυγμα moet op die hier en nou van die jeug insny en die nuwe, met die koms van Christus-aangebreekte werklikheid verkondig (Nel, 1998:89). Die jongmense se lewensomstandighede en spesifieke probleme moet in die Woordbediening (prediking, huisbesoek en kategeese) aangespreek word, sodat hulle die relevansie daarvan duidelik kan raaksien.
- Die verkondiging van die Woord tydens prediking, huisbesoek en kategeese is instrumente in die intensionele godsdienstige sosialisering van die jongmens, spesifiek ten opsigte van die vorming en ontwikkeling van normes en waardes, soortgelyk aan dié van die geloofsgemeenskap (vgl. 2.2.2.1, Hoofstuk 3). Daarom moet die Woordbediening gepaard gaan met praktiese riglyne vir die uitleef van die Skrifboodskap binne die leefwêreld van die jongmense.
- Riglyne vir die toepassing van die Woordbediening kan ook geformuleer word in deelnemende groepsbespreking, waar volwassenes en jongmense bymekaar kom, om spesifiek aandag te gee aan die uitdagings wat die toepassing van die Woordbediening vir jongmense bied.
- Daar moet verder ruimte gemaak word vir onintensionele kerugmatiese diens. Dit is belangrik om ingedagte te hou dat verkondiging deur daad vir die jongmens meer waarde het as verkondiging deur woorde. Dit wat die prediker, ouderling en kategeet buite die preek, erediens, huisbesoek en katekisasie om doen en sê, dra groter gewig as wat in die preek self gesê word en is van kardinale belang vir die uiteindelijke suksesvolle kommunikasie van die preek (vgl. Erasmus, 2001:109). Daar moet dus ook geleenthede geskep word waar jongmense kan sien hoe dit wat in die Woordbediening aan die orde gekom het, sigbaar word in die lewe van volwasse gelowiges.



- Die κήρυγμα moet in die lig van jongmense se belewenis van die geloofsgemeenskap as pessimisties, swaarmoedig en droefgeestig (vgl. 4.2, Hoofstuk 3), die Christelike hoop weer sterk verkondig. Jongmense moet ook die hoop in volwassenes sien dat God in beheer is en bly ten spyte van die gebrokenheid van die wêreld (vgl. Erasmus, 2001:109).
- Κήρυγμα, as die bediening van die Woord, werk uiteindelik op sy beste as dit omring word deur die regte liturgiese, koinoniale en diakonale aktiwiteite.

Riglyne ten opsigte van die kerugmatiese diens na buite:

- Elke lidmaat, en daarom ook die jongmense as volle lidmate van die kerk, het die opdrag om by te dra tot die taak van κήρυγμα, of te wel die kerugmaties diens van die gemeente.
- Daarom moet daar toerustingsgeleenthede gehou word waar jonk en oud die vaardighede aanleer om die kernboodskap van die evangelie waardeur hulle lidmate van die kerk geword het, eenvoudig te kan verwoord daar waar hulle woon, werk en skoolgaan. In die toerusting moet “blootstelling-geleenthede” geskep word waar jongmense deur rolspel of deur gesprekke met buitekerklikes praktiese ervaring opdoen en so vrymoedigheid kan kry.
- Verder moet daar baie meer klem gelê word op spontane getuienis van gewone gelowiges teenoor mekaar, maar ook in die wêreld. Hierdie eerlike getuienis van gelowiges is van die magtigste en effektiëste middels wat ons as kerk het vir die uitdra van die evangelie. Die voordeel hiervan is enersyds dat ongelowiges vir die Here en die kerk gewen kan word en andersyds dat dit die vertroue van jongmense in die kerk en die geloofwaardigheid van die kerk in die wêreld sal herstel.

2.2.2.4 Riglyne ten opsigte van λειτουργία as een van die bedienings van die gemeente

Λειτουργία dui op dit wat mense persoonlik, huislik en gemeentelik (kerklik) doen wanneer hulle God ontmoet, na Hom luister en Hom aanbid, godsdiens beoefen en Hom verheerlik (3.3.2, Hoofstuk 2). Alhoewel die duidelikste vorm van liturgiese diens binne die erediens na vore kom, word dit ook duidelik dat dit wyer strek as bloot formele liturgiese samekomste. Λειτουργία is iets wat mense ook vanuit die erediens van die gemeente saam met hulle die lewe moet inneem (Burger, 1999:205; Rom 12:1-2). Daar sal veral gefokus word op die



formele liturgiese samekoms van die gemeente in die erediens, met die erediens van die lewe as uitvloeisel. Die doel is uiteindelik riglyne vir 'n jeugsensitiewe liturgiek.

- In die erediens moet die uitgangspunt van 'n dinamiese liturgie ('n liturgie wat in Gees en waarheid beoefen word) gehuldig word, omdat dit die Heilige Gees is wat die gemeente bekragtig om God dinamies te ontmoet, te eer en te verheerlik (GKSA, 1997:738).
- Die geloof van die gemeente moet sigbaar word in die liturgie (Hand. 2:42; 3.2.3.4, Hoofstuk 2) sodat jongmense in die proses van begeleiding tot belydenisaflegging sal beseef dat God waarlik in die samekoms van die gelowiges teenwoordig is en dat die gemeente daar saamkom om Hom te ontmoet.
- So 'n kragtige, dinamiese liturgie, waarin die geloof van die gemeente sigbaar word, vloei voort uit die teenwoordigheid van God in die samekoms, die opregte verootmoediging voor God, die kragvolle spreek van God in die Woorddiens, die bewuste en deurleefde aanbidding van God in die antwoord van die gemeente en die wegstuur van die gemeente om God in huis, binnekamer en daaglikse lewe met oorgawe te dien (GKSA, 1997:738).
- Deur die erediens in te rig na gelang van die hoofmomente in 'n dinamiese liturgie (Die Ontmoetingsdiens, die Verootmoedigings- en Versoeningsdiens, die Woorddiens, die Antwoorddiens en die Wegstuur-seën), kan die doel van die liturgiese diens, naamlik die verheerliking en aanbidding van God, in Gees en in waarheid, realiseer.
- Dit is belangrik dat nie een van die hoofmomente in die erediens verhef word bo 'n ander nie. As lidmate byvoorbeeld nie bewus word van God se teenwoordigheid tydens die Ontmoetingsdiens nie, word die Woorddiens eerder 'n intellektuele ervaring as 'n aktiewe luister na God wat aan die woord kom.
- Dit is belangrik dat gemeentedele en veral jongmense hierin onderrig moet word, sodat hulle met begrip daaraan kan deelneem. Alhoewel 'n liturg voorgaan in die erediens, is dit die hele gemeente wat God ontmoet.
- Toerusting ten opsigte van die sin en noodsaaklikheid van gereelde erediensbywoning, t.o.v. wat 'n erediens werklik is en die belangrikheid om met aandag saam te bid, te sing en aktief deel te neem aan die Woorddiens, sal daartoe bydrae dat jongmense die erediens verstaan en beleef as 'n ontmoeting tussen God en sy gemeente.



- Aktiewe deelname deur die jeug in die erediens kan bewerk word deur meer aandag te gee aan die koinoniale en dialogiese karakter van die erediens (Erasmus, 2001:114).
- Κοινωνία in die erediens word veral bevorder deur sang. Binne die raamwerk wat die Sinode (GKSA, 1997:731-768) stel vir 'n dinamiese liturgie, moet daar aandag gegee word aan jongmense se behoefte na intense, ekspressiewe aanbidding (vgl. 4.3, Hoofstuk 3). In hierdie opsig speel die gemeentesang 'n baie belangrike rol, aangesien sang 'n aktiewe handeling is waarin die hele gemeente aan die gesprek met God deelneem. Gemeentesang moet só ingerig word dat lidmate en veral die jongmense daardeur aan hulle emosies soos dankbaarheid, opgewondenheid, blydschap, hartseer en sondebeseft uitdrukking gee, terwyl hulle God gesamentlik aanbid. Gemeentesang kan met groot vrug ingespan word om die feestelike karakter van die Gereformeerde erediens tot sy reg te laat kom.
- 'n Verdere belangrike riglyn geld ten opsigte van die gebed binne die erediens. Die voorganger moet sy gebed so inrig dat jongmense met die inhoud daarvan kan identifiseer. 'n Jong lidmaat kan ook van tyd tot tyd in die gemeente met gebed voorgaan.
- Jongmense kan verder by die erediens betrek word deur hulle 'n geleentheid te gee om die erediens binne die gestelde raamwerk saam met die predikant te beplan. Saam met die predikant kan hulle 'n tema vir die erediens bepaal en ook die liedere kies wat gesing moet word.
- Daar moet verder ook baie meer aandag gegee word aan simboliek in die erediens. Die benutting daarvan in die verryking van die aanbidding van die gemeente behoort die jeug ten goede te kom (vgl. Nel, 1998:90).
- Die gemeente en veral die jongmense, moet toegerus word en begelei word daarin om vanuit die ontmoeting met God in die erediens, ook in hulle daaglikse lewe van God se teenwoordigheid bewus te raak, op Hom te fokus, hulle voor Hom te verootmoedig, hulle behoeftes en nood aan Hom bekend te maak, oor sy magtige ingrype in hulle lewens verwonder te raak en hulle lewens uiteindelik aan Hom toe te wy.
- Die geloofwaardigheid van dit wat in die erediens gebeur, word bevestig en versterk deur die gemeente se liturgie in die “erediens van die lewe”. Dit is hierdie getuienis wat 'n suigkrag vorm - en ongelowiges en ook jong gelowiges wat nog in die proses is om 'n vaste verbintenis met God en die gemeente aan te gaan, nader trek.



2.2.2.5 Riglyne ten opsigte van διακονία as een van die bedienings van die gemeente

Διακονία verwys na die oproep van die evangelie tot die geloofsgemeenskap om God nie net te dien met gebede (λειτουργία) en woorde van getuigenis (κήρυγμα) nie, maar om Hom ook te dien met selfverloënde dae van liefdesdiens teenoor hulle medemense (vgl. 3.3.3, Hoofstuk 2). Die metateoretiese perspektiewe het die feit dat die διακονία dikwels nie realiseer nie, uitgewys as een van die groot oorsake van die kerk se ongeloofwaardigheid. Jongmense ervaar die kerk as selfgesentreerd (vgl. 4.2, Hoofstuk 3) terwyl hulle, in lyn met die Bybelse begrip van διακονία, 'n behoefte het aan dinamiese, sigbare gemeenskapsbetrokkenheid (vgl. 4.3, Hoofstuk 3; Nel, 1998:93). Die geloofwaardigheid van 'n geloofsgemeenskap word juis daarin sigbaar as hulle op grond van die groot ontferminge van God, hulleself vir Hom en vir hulle medemense gee as lewende en heilige offers (vgl. Rom. 12:1-2). Dit maak riglyne in hierdie verband van pas:

- Gemeentes moet hulle identiteit as diensvolk van God voortdurend ontdek, ontgin en leef en tegelyk die jongmense deel maak van die dienswerk, soos wat hulle daarvoor gereed is (vgl. Nel, 1998:93).
- Bewusmaking is die wegspringplek vir die begeleiding van mense tot selfopofferende liefdesdiens. Jonk en oud moet begelei word om die nood binne hulle bepaalde leefwêreld raak te sien, sodat hulle daardeur geraak (beweeg) kan word. Blootstelling van lidmate aan mense wat diens en hulp nodig het, is daarom belangrik.
- Blootstelling dien ook 'n verdere doel, omdat 'n teikenarea so geskep kan word waar dienswerk verrig kan word (vgl. Erasmus, 2001:115).
- Die totale bediening in die gemeente behoort uiteindelik daarop gerig te wees om gelowiges (jonk en oud) in die erediens, huisbesoek, katekisasie en bybelstudiegroepe toe te rus en te organiseer tot dienslewering.
- Daar moet geleenthede geskep word en daadwerklik daartoe gewerk word om lidmate, en veral jong lidmate, die geleentheid te gee om met hulle energie en gawes in die liggaam van Christus onderling en ook in die wêreld diensbaar te wees.
- Indien die diensgeleenthede nader gebring kan word, en ook meer persoonlik gemaak word, kan verwag word dat daar goeie meelewing en betrokkenheid by sal wees. Die dienslewering moet in die gemeenskap waarbinne die kerk hom bevind 'n verskil maak.



Jongmense kan byvoorbeeld saam met volwassenes betrokke raak by 'n kinderhuis in die betrokke stad of dorp. Jongmense kan 'n diensgroep op die been kry wat oumense in ouetehuse besoek.

- Behalwe vir georganiseerde geleenthede, moet daar ook ruimte gemaak word vir die inisiatief van veral die jong gemeentede, selfs by die bepaling van die gemeente se dienswerk. Jong lidmate wat inisiatief neem, moet toegelaat word om eienaarskap van die projekte te neem (vgl. Burger, 1999:258).
- Jongmense moet verder aangemoedig word om naas die diensprojekte waarby die gemeente amptelik betrokke is, ook betrokke te raak by openbare gemeenskapsdienste wat deur ander organisasies as die gemeente gereël word (Burger, 1999:258).
- Geloofsgesprekke met ander Christene oor hulle dienswerk kan lidmate - en veral die jong lidmate - aanmoedig en hulp verskaf om self by dienswerk betrokke te raak.
- Terugvoer oor lidmate se dienswerk is baie belangrik om uiteindelik die geloofsgemeenskap - en veral die jongmense - bewus te maak van die feit dat die gemeente 'n verskil maak in die omgewing waar hulle hulleself bevind. Dit versterk uiteindelik die geloofwaardigheid van die gemeente.

2.3 GEFOKUSDE BEDIENING VAN DIE JEUG DEUR DIE GELOOFSGEMEENSAP

2.3.1 Vertrekpunt

Die praktykteoretiese riglyne na aanleiding van die eerste twee basisteoretiese beginsels se wisselwerking met die onderskeidelike metateoretiese perspektiewe, het op 'n meer indirekte wyse betrekking op die rol van die geloofsgemeenskap in begeleiding tot belydenisaflegging. Hierdie eerste praktykteoretiese riglyne is egter baie noodsaaklik. Indien die geloofsgemeenskap nie 'n Bybelse visie het wat hulle identiteit, missie en bedieningsstrategie duidelik kommunikeer nie, en indien hierdie visie nie geloofwaardig konkretiseer daarin dat dit wat die gemeente is, sê, bid en doen in kongruensie met mekaar is nie, sal hulle nie in staat wees om jongmense te begelei tot belydenisaflegging as 'n werklike geloofsverbintenis nie. Die riglyne wat in hierdie afdeling aan die orde kom, is meer gefokus op volwasse gelowiges se spesifieke verantwoordelikheid teenoor jongmense. Die derde basisteoretiese beginsel lui soos volg:



- Binne hierdie geloofsgemeenskap het volwasse gelowiges die verantwoordelikheid om gemeenskap met jong gelowiges te beoefen deur hulle te aanvaar, te dien, met woord en daad te onderrig en hulle sodoende vir die geloofsgemeenskap te behou, te vorm tot geloofsvolwassenheid en te lei tot navolging van Christus (vgl. 7., Hoofstuk 2).

Die metateoretiese perspektiewe na aanleiding van hierdie basisteoretiese beginsel, het egter die volgende resultate opgelewer:

- Dit het duidelik geword dat die volwasse gelowiges binne die geloofsgemeenskap nie hulle verantwoordelikheid om gemeenskap met jong gelowiges te beoefen, deur hulle te aanvaar, te dien, met woord en daad te onderrig en hulle sodoende vir die geloofsgemeenskap te behou, nakom nie. Die vorming tot geloofsvolwassenheid word hoofsaaklik oorgelaat aan die formeel-aangewysde persone wat normaalweg die predikant en die hulpkategete is (vgl. 6., Hoofstuk 3).

Riglyne vir 'n verstelling in die huidige situasie, om dit in lyn te kry met die basisteoretiese beginsel, is dus in orde.

2.3.2 Riglyne vir 'n gefokusde beoefening van gemeenskap met jongmense

Aangesien die basisteoretiese beginsel die verantwoordelikheid van die volwasse gelowiges in die beoefening van gemeenskap met jong gelowiges spesifiek daarop fokus dat hulle die jongmense moet aanvaar, dien en met woord en daad onderrig, word die riglyne na gelang hiervan ingedeel.

Riglyne vir volwasse gelowiges om jong gelowiges te aanvaar:

- Volwasse gelowiges, as synde dié wat meer gevorderd is op die geloofspad, moet leer om nie die jongmense wat nog onvolwasse ("swak") is in die geloof, te veroordeel nie. Volwassenes het wel die verantwoordelikheid om die jongmense in liefde tereg te wys en te begelei op die geloofspad, maar dit is nie dieselfde as veroordeling nie. Veroordeling is koud en skuif mense weg. Dit skep die idee by jongmense dat hulle nooit goed genoeg sal



wees nie. Liefdevolle teregwyding trek nader en vereis 'n geloofsgemeenskap waarbinne jongmense die regte manier van optrede leer.

- Volwasse gelowiges moet versigtig wees om nie die oorsaak te wees vir jongmense se struikeling nie. Dit gaan veral hier oor dinge wat volwassenes baie keer van jongmense verwag om na te kom en te doen, op grond van tradisies, reëls en wette, en wat nie noodwendig Bybelse voorskrifte is nie. Volwassenes moet byvoorbeeld baie versigtig wees om 'n oordeel te vel oor jongmense op grond van hulle kleredrag of haarstyl. Jongmense moet aanvaar word ten spyte van hulle “andersheid”, sodat hulle binne die warmte van 'n liefdevolle geloofsgemeenskap hulleself aan God en die geloofsgemeenskap verbind. Dit is God se werk om dit wat in hulle lewens verkeerd is deur die krag van die Gees en Woord, liefdevolle vermaning (oor dit waarop dit regtig aankom) en die voorbeeld van die geloofsgemeenskap, te verander.
- Volwasse gelowiges het daarom die verantwoordelikheid om hulleself te ondersoek ten opsigte van hulle houding en optrede teenoor jongmense. Hulle moet hulle self afvra of hulle jongmense “aanvaar” of “verwerp” na aanleiding van hulle eie standaarde.
- Hulle moet hulle houding teenoor jongmense, wat vooroordeel en partydigheid betref, evalueer. Hulle moet bepaal of hulle jongmense regtig sien as broers en susters in Christus.
- Na aanleiding van hierdie selfevaluering moet volwassenes dit wat verkeerd is in hulle houding teenoor jongmense, biddend voor God as sonde bely; die areas waar lewens- en houdingsverandering nodig is identifiseer; en biddend deur die krag van die Gees aksiestappe neem om die verkeerde dinge reg te stel.⁶
- Volwassenes moet uiteindelik met die manier waarop hulle teenoor jongmense optree, vir hulle prakties aandui dat hulle vir die geloofsgemeenskap belangrik is.
- Volwassenes moet leer om jongmense te vertrou ten spyte van die feit dat die jongmense hulle dikwels teleurstel.
- Uiteindelik kom aanvaarding neer op emosionele steun in 'n tyd waarin jongmense nog besig is om hulle eie identiteit te vorm.

⁶ Die eerste vier rilyne is geformuleer na aanleiding van Getz (1976:47-60).



Riglyne vir volwasse gelowiges se diens aan jong gelowiges:

- As lede van die huisgesin van God, as deel van die liggaam van Christus, word lidmate geroep om slawe te wees vir alle ander lede van die familie en liggaam. Dit geld ook in die verhouding tussen volwassenes en jongmense.
- Die volwassenes moet moeite doen om uit te vind wat die behoeftes van jongmense is.
- Daar moet moeite gedoen word om uit te vind wat die probleme en bekommernisse van jongmense is.
- Daar moet moeite gedoen word om uit te vind wat jongmense opgewonde maak oor die lewe en hulle toekoms.
- Daar moet geleenthede geskep word waar volwassenes en jongmense op formele en informele maniere in kontak met mekaar kom, sodat hulle hulle behoeftes, probleme, bekommernisse, vreugdes en verwagtinge met mekaar kan deel en sodat volwassenes vanuit hulle ervaring raad en leiding aan die jongmense kan gee.
- Dit kan prakties gebeur deur kleingroepaktiwiteite, bybelstudiegroep- of wyksbyeenkomste (waarby jongmense en volwassenes betrokke is), so in te rig dat dáár ook gefokus word op jongmense. Die aktiwiteit moet so wees dat jongmense alles kan verstaan en betrek voel.
- Volwassenes kan jongmense verder dien deur hulle inisiatiewe te ondersteun. Volwassenes moet dit vir jongmense moontlik maak om jeugaksies te hou en hulle motiveer om ook by mekaar betrokke te wees en mekaar te dien.
- Ouderlinge en diakens wat oor die gawes beskik, kan spesifiek daarvoor getaak word om die gemeente te begelei in hulle betrokkenheid by jeugaksies.
- Die naskoolse jeug wat reeds belydenis afgelê het, kan getaak word om verantwoordelikheid te neem vir die skoolgaande jeug.
- Volwassenes moet jongmense bewus maak van die feit dat gelowiges mekaar nodig het binne die geloofsgemeenskap en moet jongmense ook begelei daarin om mekaar te dien.
- Dit kan realiseer deur die jeug op 'n gekontroleerde manier meer verantwoordelikheid te gee in die onderskeie bedienings van die kerk.
- Jongmense kan byvoorbeeld die geleentheid kry om vir die kerkraad kos te bedien tydens 'n kerkraadsvergadering en om ook 'n bepaalde deel van die vergadering by te woon.



- Lidmate in die besondere dienste (predikante, ouderlinge en diakens) moet veral daaraan aandag gee dat hulle in die oë van die jeug 'n dienende gestalte het. Daar mag geen koue afstand wees tussen die besondere dienste en jongmense nie.

Riglyne vir volwasse gelowiges om jong gelowiges met woord en daad te onderrig:

- In enige vorm van geloofsonderrig, moet die doel van die onderrig, naamlik die navolging van Christus, die opbou van die gemeente en sodoende die eer van God, die healtyd voor oë gehou word.
- Daarom moet geloofsonderrig 'n baie belangrike plek inneem in die jongmense se opbou en opleiding om God as deel van sy geloofsgemeenskap met vaardigheid in hierdie wêreld te verteenwoordig (vgl. Nel, 1998:90).
- Die onderrig van jongmense moet daarna streef om hulle deel-wees van die geloofsgemeenskap te bevestig, hulle te begelei tot 'n persoonlike verbintenis met belydenisaflegging as hoogtepunt en hulle in staat te stel om as Christene in die wêreld te leef.
- Daar moet dus baie meer gefokus word op geloofsonderrig, wat geskied langs die weg van sosialisering (Prins, 1991:258).
- Daar moet in die onderrig van jongmense rekening gehou word met intensionele en onintensionele sosialisering.
- Intensionele sosialisering moet geskied deur die bediening van die Woord in onder andere kategetiese onderrig, prediking in die erediens, huisbesoek, huisgodsdienste en bybelstudie in bybelstudiegroepe of kleingroepbyeenkomste. Daar moet selfs in hierdie formele vorme van onderrig rekening gehou word met die gedagte van sosialisering.
- Daarom mag die formele vorme van onderrig binne die gemeente nooit die verantwoordelikheid van enkelinge word nie. Dit bly die verantwoordelikheid van die geloofsgemeenskap (Nel, 1998:79).
- By al hierdie geleenthede moet die Woord só bedien word dat jongmense dit kan verstaan, in hulle lewens kan toepas en sodoende groei in hulle geloof.
- In die lig van die hele gedagte van onderrig as sosialisering, moet daar in alle fasette van Woordbediening met die oog op onderrig (veral in die kategetiese), gewaak word teen



formele, geoutomatiseerde transporterings van informasie (Nel, 1998:137). In die lig hiervan moet die hele “klaskamer”/ “skool-opset” van kategese heroorweeg word.

- Daar moet meer gebruik gemaak word van die radikale wese en karakter van die geloofsgemeenskap (vgl. Handeling 2:42-27; 3., Hoofstuk 2) as die konteks en plek vir geloofsonderrig. Dit hou in dat elke aspek van die kerklike lewe en al die bedienings van die gemeente, gebruik moet word vir onderrig van die jongmense (vgl. Getz, 1976:78).
- Daar moet op ’n meer bewustelike en intensionele wyse aandag gegee word aan onintensionele sosialisering in en deur die manier waarop die gemeente as ’n geloofsgemeenskap in hierdie wêreld ten dienste van die koninkryk van God bestaan.
- Prakties beteken dit dat jongmense die geleentheid moet kry waarby hulle kan sien hoe volwasse gelowiges Christus navolg in hulle koinoniale, diakonale, kerugmatiese en liturgiese aktiwiteite, sodat hulle deur die voorbeeld van volwassenes onderrig kan word (Breed, 1994:254).
- Die inrigting van kategese met ’n kleingroepbenadering as grondplan, kan byvoorbeeld baie bydra om die formele onderrig te laat plaasvind binne die konteks van geloofsgemeenskap tussen die katekisasie.
- In stede daarvan om jongmense van die res van die geloofsgemeenskap te skei, kan hulle met onderrig as doel in kleingroepe geplaas word, wat bestaan uit mense van verskillende ouderdomme. Binne so ’n kleingroep kan daar aandag gegee word aan die hartskenis sowel as verstandskennis wat noodsaaklik is vir die kind se geloofsgroei.

2.4 JONGMENSE AS ’N INTEGRALE DEEL VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP

2.4.1 Vertrekpunt

Jongmense se uiteindelijke deel-wees en deel-voel van die gemeente het op ’n indirekte manier reeds aan die orde gekom in die vorige riglyne. Die basisteoretiese ondersoek het egter in hierdie verband ’n eie basisteoretiese beginsel geartikuleer wat soos volg lui:

- Op grond van die verbond en die doop is kinders volwaardig deel van die geloofsgemeenskap, wat beteken dat belydenisaflegging ’n antwoord is op God se belofte as deel van die ondersteunende gemeenskap van gelowiges (vgl. 7., Hoofstuk 2).



Metateoretiese perspektiewe het die volgende situasie aan die lig gebring na aanleiding van hierdie basisteoretiese beginsel:

- Jongmense voel nie deel van die geloofsgemeenskap nie omdat hulle nie deur volwassenes ingetrek word en op hulle rol en verantwoordelikhede binne die geloofsgemeenskap gewys word nie. Die jongmense se belewenis is dat volwassenes hulle nie beskou as deel van die gemeente nie. Belydenisaflegging word dikwels deur jongmense en volwassenes gesien as 'n manier waarop jy deel word van die geloofsgemeenskap, eerder as 'n antwoord op God se beloftes as deel van die ondersteunende geméenskap van gelowiges (vgl. 6., Hoofstuk 3).

Dit is duidelik na aanleiding van die metateoretiese perspektiewe, dat die saak van jongmense se deel-wees en deel-voel besondere aandag moet geniet en spesifieke riglyne - ten einde 'n regstelling te maak in hierdie verband - is dus in orde:

2.4.2 Riglyne vir die regstelling in persepsies oor jongmense se deel-wees en deel-voel van die geloofsgemeenskap

- Die gemeente mag nooit die godsdiens van die jongmense los van die godsdiens van die volwassene bedink nie. Indien dit die geval is, moet daar by die volwasse gelowiges 'n hartsverandering en 'n fokusverskuiwing plaasvind.
- Die jeug moet nie beskou word as 'n losstaande groep mense in die gemeente nie. Hulle is wel 'n eiesoortige groep, maar hulle staan nie apart van die geloofsgemeenskap nie.
- Alhoewel die jeug vanweë hulle eiesoortige behoeftes spesifieke aandag nodig het en moet kry, moet hulle steeds as wesenlike deel van die gemeente benader en bedien word.
- Die jeug moet nie in enige van die fasette van gemeente-wees oor die hoof gesien of geïgnoreer word nie. Die gemeente bestaan nie (slegs) uit volwassenes nie, net so min as wat dit (slegs) uit die jeug bestaan. Daarom moet die jeug in elke faset van die bediening betrek word.



- Die jeug is die gemeente se verantwoordelikheid en nie net dié van 'n paar jeugliefhebbers nie.⁷
- Daarom moet daar ruimte gemaak word vir jongmense om in te skakel by gemeenteaktiwiteite.
- Daar moet vroegtydig begin word met die inskakeling van jongmense by gemeenteaktiwiteite. Jongmense moet as te ware in die gemeente ingroei. Dit help nie om eers ná belydenisaflegging te probeer om jongmense iewers te probeer inpas nie.
- Die feit dat die jongmense ten volle deel is van die geloofsgemeenskap op grond van God se verbintenis met hulle, moet duidelik aan jonk en oud verkondig word - sodat die persepsie dat hulle eers deel word ná belydenisaflegging, tot 'n einde kan kom.
- Net so min as wat gemeenteaktiwiteite net gerig moet wees op volwassenes, so min moet aktiwiteite net gerig word op jongmense. Daar is 'n pleidooi in huidige lektuur oor jeugbediening vir 'n meer inklusiewe benadering (vgl. Smith McCall, 2001:22; Nel, 1998; Miller, 1998:24).
- Daar moet weggedoen word met die idee dat jongmense niks met volwassenes te doen wil hê nie. Hierdie idee word dikwels as 'n verskoning gebruik vir volwassenes se onbetrokkenheid by die jeug, terwyl die oorsaak daarvan eintlik is dat volwassenes nie iets met die jeug te doen wil hê nie (vgl. Miller, 1998:24).
- Jeugprogramme moet poog om soveel moontlik volwassenes, en veral ouers, te betrek. Ouers moet 'n integrale deel uitmaak van enige jeugprogram (vgl. Smith McCall, 2001:22-23).
- In 'n gemeente in Kanada is byvoorbeeld 'n Jeugadvieskomitee op die been gebring nadat hulle jeuggroep-benadering tot jeugwerk (waarin die jeug van die res van die gemeente geïsoleer is), totaal misluk het. Hierdie groep kom een keer per maand bymekaar vir 'n kreatiewe dinkskrum oor maniere waarop die jeug 'n betekenisvolle plek binne die gemeente kan inneem. Hierdie Jeugadvieskomitee bestaan uit volwassenes en jongmense van verskillende ouderdomme. Die jongmense besluit uiteindelik na die dinkskrum wat hulle gaan doen en 'n klein groepie van die komitee, wat volwassenes en jongmense insluit, neem verantwoordelikheid vir die uitvoering van die gekose aktiwiteit of aktiwiteite. Die gevolg van hierdie benadering is dat jongmense en volwassenes saam eienaarskap van die idees neem (vgl. Miller, 1998:24-25).

⁷ Die eerste vyf riglyne is geformuleer na aanleiding van Nel (1998:78-79).



2.5 GELOOFSVERBINTENIS BINNE DIE GELOOFSGEMEENSAP

2.5.1 *Vertrekpunt*

Burger (1991:73) skets die belangrikheid van die geloofsverbintenis van lidmate deur te sê: “Solank individue nie ’n vaste, kontroleerbare geloofsverbintenis (“commitment”) aan die visie van die gemeente het nie, kan daar geen sprake wees van ’n lewende funksionerende geloofsgemeenskap nie.” Die belangrikheid van belydenis-van-geloof-aflegging as die hoogtepunt van so ’n vaste, kontroleerbare geloofsverbintenis aan God en aan die gemeente, kom duidelik na vore in die laaste basisteoretiese beginsel:

- Die jong gelowige moet as deel van die geloofsgemeenskap begelei word tot belydenisaflegging as die hoogtepunt van ’n persoonlike verbintenis aan God en die gemeente, wat gegrond is in kennis en die gepaardgaande persoonlike toe-eiening van die genade in Christus (vgl. 7., Hoofstuk 2).

Die metateoretiese perspektiewe skets egter die werklike situasie soos volg:

- Jongmense word nie as deel van die geloofsgemeenskap begelei tot belydenisaflegging as die hoogtepunt van ’n persoonlike verbintenis aan God en die gemeente nie. Die probleem is dat volwasse lidmate baie keer ’n voorbeeld stel van ’n vae verbintenis. Lidmate het nie meer ’n vaste verbintenis met die geloofsgemeenskap nie. Daar bestaan onder baie lidmate die idee dat daar tydens belydenisaflegging geen vaste verbintenis oor enige spesifieke geloofsinset gemaak word nie. Die outomatisme in belydenisaflegging het tot ’n groot mate daartoe bygedra dat dit ’n formaliteit geword het, en dat daar by baie min mense werklik nog ’n opgewondenheid is oor die geleentheid (vgl. 6., Hoofstuk 3).

Riglyne met die doel om die belangrikheid van ’n persoonlike verbintenis tydens belydenis-van-geloof-aflegging weer onder die geloofsgemeenskap se aandag te bring, is dus in orde.



2.5.2 Riglyne vir die beklemtoning van die verbintenisaspek in belydenis-van-geloof-aflegging

- Daar moet ernstig aandag gegee word aan maniere om 'n einde te bring aan die outomatisme in belydenisaflegging en om kategetiese as instrument in begeleiding tot belydenisaflegging ten volle te benut.
- Dit kan aangespreek word deur groter klem te plaas op die jongmense se aansoek om belydenis van geloof af te lê. Daar is wel 'n verpligting op jongmense om belydenis af te lê op grond van God se verbintenis met hulle, maar vanweë die persoonlike aard van die verbintenis, is die verpligting op die jongmense self om aansoek te doen vir die geleentheid om belydenis af te lê, wanneer hulle gereed is.
- 'n Verdere manier om die outomatisme in belydenisaflegging (wat die verbintenis-karakter van belydenisaflegging ondermyn) aan te spreek, is om belydenisaflegging nie aan 'n spesifieke ouderdom te koppel nie. Geloofsrypheid, 'n gewisse kennis en 'n vaste vertroue wat sigbaar word in 'n vaste verbintenis aan God en die gemeente, moet bepaal of 'n kind belydenis moet af lê al dan nie.
- Daar moet deeglik aandag gegee word aan die inhoud van die geloofsverbintenis, waarvan belydenisaflegging die hoogste punt is. Dit moet ook deeglik aan die jong mens gekommunikeer word. Die jong mens moet weet dat hy in die eerste plek antwoord op God se beloftes en homself daardeur persoonlik aan God self verbind om volgens sy wil te leef. Hierdie verbintenis gaan dus oor die toe-eiening van die genade in Jesus Christus. In die tweede plek verbind hy homself aan die kerk as 'n geloofsgemeenskap ('n skepping van God in Christus, deur die krag van die Gees) en nie aan 'n bepaalde kultuurgroep, ras of mense wat dieselfde taal praat nie.
- Daar moet weggedoen word met die gebruik dat jongmense skielik voor belydenisaflegging (en net dié een keer) intens deur 'n paneel van kerkraadslede ondervra word. Die fokus moet veel eerder val op deurlopende geloofsgesprekke wat nie skielik in die belydenisjaar begin nie, maar reeds vroeër in jongmense se lewens 'n aanvang neem. As die predikant(e) en ouderling(e) in 'n geloofsgesprek met die jongmens wat aansoek gedoen het om belydenis van geloof af te lê, agter kom dat hy die impak van sy verhouding met die Koning van die kerk nie mooi verstaan nie, moet onderrig voortgaan tot die volgende geloofsgesprek.



- Begeleiding moet nie stop na belydenisaflegging nie, maar voortgaan om die jongmens daarin by te staan om die nuwe verantwoordelikhede wat hy nou op sy eie skouers geneem het, te konkretiseer binne die geloofsgemeenskap.
- 'n Praktiese manier waarop daar aan die begeleiding in die finale fase voor belydenisaflegging - en ook daarna - aandag gegee kan word, is deur die implimentering van 'n mentorstelsel. Dit behels dat kinders wat aandui dat hulle belydenis van geloof wil aflê, vir 'n sekere tydperk toevertrou sal word aan 'n mentor buite hulle onmiddellike familie. Die doel van hierdie mentor is aan die een kant, om te bepaal of die jongmense wat aansoek doen, werklik geloofsryp is. Aan die ander kant is die opdrag van die mentor om die jongmense te begelei in die finale fases voor belydenisaflegging en meer aandag te gee aan die vertrouensaspek van geloof. So 'n mentor dien as 'n voorbeeld vir die jongmense in die uitlewing van die geloof wat hulle gaan bely, en ook die implikasies wat belydenisaflegging vir jou verantwoordelikhede in die gemeente inhou. Van hierdie mentor word verwag om vir 'n tydperk van min of meer ses maande voor belydenisaflegging en ses maande ná belydenisaflegging intens by die jongmens se lewe betrokke te raak.⁸
- Die mentorsbeginsel kan ook deurgetrek word na kleingroepe toe. 'n Kleingroep kan saam verantwoordelikheid aanvaar vir een of twee jongmense wat op die punt staan om belydenis af te lê - en saam met hulle baie intensief fokus op die implikasies van hulle keuse.
- Belydenisaflegging as liturgiese moment en as die geleentheid waarby die verbintenis waartoe die jongmens gekom het amptelik gemaak word, kan meer persoonlik ingeklee word. Die verbintenisaspek sal duideliker na vore kom en meer persoonlik beleef word indien jongmense 'n groter deel van die belydenisinhoud self bely en nie net ja antwoord op 'n aantal vrae nie.
- Daar moet meer aandag gegee word aan jongmense se behoefte aan simboliek, veral wat hulle persoonlike verbintenis met belydenisaflegging betref. Jongmense moet begelei word om self so 'n simboliese handeling te kies, sodat dit hulle eie is, en sodat hulle hulle verbintenis daaraan kan koppel en daarin kan identifiseer.

⁸ Vir 'n meer deeglike uiteensetting en voorbeeld van die funksionering van so 'n mentorstelsel, vgl. Vander Zee (1995:18-20) en Myers *et al.* (1993).



- Jongmense moet van kleins af leer om hulle geloof openlik te bely, sodat die geleentheid van belydenis nie vir hulle so vreemd is nie.
- Indien daar van jongmense verwag word om hulleself met belydenisaflegging persoonlik aan God en die gemeente te verbind, moet hulle verbintenis gedra word deur 'n kultuur van persoonlike verbintenis binne die geloofsgemeenskap waarvan hulle deel is. Volwassenes (en veral ouers) se persoonlike verbintenis aan God en die gemeente, bepaal tot 'n groot mate die aard van die jongmense se verbintenis.
- Jongmense moet in die voorbeeld van volwassenes se geloofsverbintenis sien waaraan en waartoe hulle hulleself verbind.
- Gemeentes sal daarom daarby baat vind om meer eksplisiet te wees oor wat lidmaatskap van die geloofsgemeenskap impliseer (vgl. Burger, 1991:96).
- Die saak van tug gaan hand aan hand met 'n meer definitiewe idee van lidmaatskap. Die beginsel is dat gelowiges mekaar in liefde moet hou aan dit waaraan hulle hulleself verbind het. Daar sal maniere bedink moet word waarop die belangrike saak van tug of geloofskontrolering op 'n positiewe wyse kan funksioneer (vgl. Burger, 1991:96).
- Daar moet 'n kultuur geskep word van verantwoordbaarheid teenoor mekaar, na aanleiding van die verbintenisse wat aangegaan is.
- Daar sal in die prediking - en ook in die eredienste - meer gemaak moet word van die verbintenis van die geloof.
- Daar moet meer geleenthede wees vir gelowiges om hulle verbintenis aan God en die gemeente, wat hulle amptelik gemaak het met belydenisaflegging, te hernu.
- Elke belydenisaflegging kan as só 'n geleentheid benut word.
- Die gemeente kan weer herinner word aan hulle verbintenis tydens belydenisaflegging, deur die formulier te laat afrol en weer te laat onderteken deur die volwasse lidmate - as 'n hernuwing van hulle verbintenis.
- Daar moet weer in die gemeentes 'n afwagting geskep word rondom die belydenisaflegging van jongmense as 'n geleentheid waar lidmate voor hulle oë kan sien hoe God se beloftes waar word.
- Dit kan gedoen word deur die jongmense wat belydenis van geloof gaan aflê, langer voor die tyd aan die gemeente bekend te stel. Die wyk of kleingroepe se aandag kan ook langer voor die tyd daarop gevestig word dat hulle in hulle kleiner kring iemand het wat van voorneme is om belydenis van geloof af te lê.



- Daar moet aan maniere gedink word om 'n groter deel van die volwasse geloofsgemeenskap by die liturgiese moment van belydenisaflegging te betrek.

3. SAMEVATTING

In Hoofstuk 2 is die belangrike rol wat die geloofsgemeenskap in die begeleiding van die jongmens tot belydenisaflegging speel, aangedui deur die formulering van basisteoretiese beginsels in dié verband. In Hoofstuk 3 is daar werklike situasie ontleed om vas te stel tot watter mate hierdie basisteoretiese beginsels in die praktyk van veral die GKSA realiseer. Die samevattende metateoretiese perspektiewe het dit duidelik gemaak dat daar definitiewe leemtes in dié opsig bestaan. Hierdie hoofstuk het gepoog om sekere praktykteoretiese riglyne te gee ten einde die nodige verstellings aan die praktyk aan te bring, om dit nader aan die basisteorie te laat funksioneer.

Ten opsigte van elke basisteoretiese beginsel kan die volgende oorkoepelende praktykteoretiese riglyne gestel word:

- In die begeleiding van jong gelowiges het die geloofsgemeenskap in die eerste plek die verantwoordelikheid om 'n visie vir die gemeente te formuleer wat die kerk erken as 'n skepping van God in Jesus Christus, deur die krag van die Heilige Gees, tot diensbaarheid aan die Koninkryk van God. Hierdie visie moet die onmiddellike konteks van die gemeente in ag neem en moet duidelik aan alle lidmate - en veral aan die jongmense - gekommunikeer word met woord en daad.
- In die begeleiding van jong gelowiges tot belydenisaflegging het die geloofsgemeenskap die verantwoordelikheid om te verseker dat dit wat die gemeente is (κοινωνία), sê (κήρυγμα), bid (λειτουργία) en doen (διακονία), in kongruensie met mekaar is. Ten einde kongruensie te bewerk, moet hierdie vier bedienings met volharding beoefen word en moet die jongmense by alles betrek word. Dit sal die uiteindelik visie van die gemeente as 'n geloofsgemeenskap wees - en sodoende die gemeente self geloofwaardig maak, nie net in die oë van ongelowiges nie, maar ook in die oë van jongmense wat in die proses is om 'n vaste verbintenis te maak. So 'n gemeente sal 'n suigkrag hê in die omgewing waar die Here haar geplaas het wat jongmense eerder sal nader trek, as wegstoot.



- In die begeleiding van jong gelowiges tot belydenisaflegging het die geloofsgemeenskap die verantwoordelikheid om gemeenskap met jong gelowiges te beoefen, deur hulle te aanvaar, te dien, met woord en daad te onderrig. Die aanvaarding van jongmense kom daarop neer dat volwassenes hulle vooroordele en vereistes ten opsigte van jongmense wat nie in Bybelse beginsels gefundeer is nie, ter syde moet stel en jongmense moet aanvaar as medegelowiges. Diens teenoor jong gelowiges kom neer op selfopofferende dae van liefde in diens van die koninkryk, wat spesifiek fokus op jongmense. Die oorkoepelende riglyn ten opsigte van onderrig van die jonggelowiges is dat dit nie oorgelaat moet word aan enkele nie, maar dat die geloofsgemeenskap hulle verantwoordelikheid as agent van godsdienstige sosialisering moet opneem. So sal jong gelowiges begelei word tot geloofsvolwassenheid en navolging van Christus - en sodoende vir die geloofsgemeenskap behoue bly.
- In die begeleiding van jongmense tot belydenisaflegging het die geloofsgemeenskap die verantwoordelikheid om die jongmense op grond van die verbond en die doop te beskou as deel van geloofsgemeenskap. Die persepsie dat kinders eers deel word van die geloofsgemeenskap ná belydenisaflegging moet verander. Volwassenes moet begelei word in 'n hartsverandering en 'n fokusverskuiwing, sodat belydenisaflegging 'n antwoord word op God se beloftes vanuit en as deel van 'n ondersteunende gemeenskap van gelowiges.
- In die begeleiding van jongmense tot belydenisaflegging het die geloofsgemeenskap die verantwoordelikheid om besondere aandag te gee aan die persoonlike geloofsverbintenis van die jongmens aan God en die gemeente. Die jongmense se persoonlike verbintenis moet egter gedra word deur 'n kultuur van persoonlike verbintenisse en verantwoordbaarheid vir die verbintenisse binne die geloofsgemeenskap. Belydenisaflegging moet uiteindelik die hoogtepunt van 'n persoonlike verbintenis aan God en die gemeente wees, wat gegrond is in kennis en die gepaardgaande persoonlike toe-eiening van die genade in Christus. Belydenisaflegging moet gebruik word om die hele gemeente weer hulle persoonlike verbintenis aan God en die gemeente te laat beleef.



HOOFSTUK 5

SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

1. INLEIDING

Hierdie studie het ondersoek ingestel na die rol van die gemeente as 'n geloofsgemeenskap in die begeleiding van jongmense tot belydenisaflegging. In Hoofstuk 1 is daarop gewys dat dit 'n navorsingswaardige tema is. Terwyl belydenis-van-geloof-aflegging 'n hoogtepunt van jongmense se persoonlike verbintenis aan God en die geloofsgemeenskap moet wees, blyk die teendeel hiervan uit die groot getalle jongmense wat die kerk verlaat ná belydenisaflegging. Die probleem is tot dusver tot 'n groot mate voor die voete van die jongmense geplaas, wat die volgende oorkoepelende navorsingsvraag na vore bring: Wat is die rol van die gemeente as 'n geloofsgemeenskap in die begeleiding van jong lidmate tot belydenisaflegging? Hierdie studie het dus ten doel gestel om die fokus te verskuif na die geloofsgemeenskap en dan meer spesifiek na die rol van so 'n geloofsgemeenskap in die begeleiding van jongmense tot belydenisaflegging - om hierin 'n oplossing vir die probleem te vind.

Die navorsingsmetode waarby daar in hierdie studie aansluiting gevind is, is die model wat Zeffass (1974:164-177) vir die Praktiese Teologie ontwerp het (sien 5., Hoofstuk 1), naamlik dat eers 'n basisteorie ontwerp word (Hoofstuk 2) waarna die praktyk metateoreties ondersoek word (Hoofstuk 3). Uiteindelik artikuleer praktykteoretiese perspektiewe 'n nuwe of verstelde teorie. Sodoende word vanuit die twee refleksiedomeine van basisteorie en metateorie (in hermeneutiese wisselwerking) 'n nuwe praktykteorie ontwerp (Hoofstuk 4).

In Hoofstuk 2 is die basisteorie ondersoek. Hierdie ondersoek het bestaan uit die volgende:

- 'n Sistematies-teologiese oorsig oor dít wat die Bybel oor die kerk (gemeente) openbaar (vgl. 2., Hoofstuk 2).
- 'n Prakties-teologiese oorsig oor die kerk as geloofsgemeenskap vanuit die eksegeese van Handeling 2:42-47, tesame met 'n oorsig oor die vier bedienings van die gemeente (vgl. 3., Hoofstuk 2).



- Perspektiewe op die gemeenskap van gelowiges, aan die hand van die “mekaar”-opdragte - met ’n fokus op die opdragte wat van besondere belang is in die lewe van jong gelowiges (vgl. 4., Hoofsuk 2).
- ’n Basisteoretiese begroding van belydenisaflegging vanuit ’n oorsig oor enkele belangrike begrippe, naamlik die verbond en die doop, met ’n besondere fokus op die verbinteniskarakter van belydenisaflegging. Die persoonlike verbintenis aan God en die gemeente het aan die orde gekom, deur die eksegeese van Matteus 16:15-18 en Johannes 20:28 (vgl. 5., Hoofsuk 2).

Die volgende basisteoretiese beginsels is vasgestel (vgl. 7., Hoofstuk 2):

- *Die visie van die geloofsgemeenskap:* Die kerk, wat die vorm aanneem van ’n plaaslike geloofsgemeenskap, is ’n skepping van God in Jesus Christus deur die krag van die Heilige Gees, tot diens aan die Koninkryk van God.
- *Die geloofwaardigheid van die geloofsgemeenskap:* Hierdie geloofsgemeenskap het ’n aantrekkingskrag en is geloofwaardig indien die vier wesensteenskappe van die geloofsgemeenskap, naamlik κοινωνία, κήρυγμα, λειτουργία en διακονία in kongruensie met mekaar is en met volharding beoefen word.
- *Gefokusde gemeenskapsbeoefening met jongmense binne die geloofsgemeenskap:* Binne hierdie geloofsgemeenskap het volwasse gelowiges die verantwoordelikheid om gemeenskap met jong gelowiges te beoefen deur hulle te aanvaar, te dien, met woord en daad te onderrig en hulle sodoende vir die geloofsgemeenskap te behou, te vorm tot geloofsvolwassenheid en te lei tot navolging van Christus.
- *Jongmense as deel van die geloofsgemeenskap:* Op grond van die verbond en die doop is kinders volwaardig deel van die geloofsgemeenskap wat beteken dat belydenisaflegging ’n antwoord is op God se beloftes, as deel van die ondersteunende gemeenskap van gelowiges.



- *Geloofsverbintenis binne die geloofsgemeenskap*: Die jong gelowige moet as deel van die geloofsgemeenskap begelei word tot belydenisaflegging as die hoogtepunt van 'n persoonlike verbintenis aan God en die gemeente, wat gegrond is in kennis en die gepaardgaande persoonlike toe-eiening van die genade in Christus.

In Hoofstuk 3 is daar metateoretiese ondersoek ingestel na die situasie-werklikheid om te bepaal tot watter mate die baisteoretiese beginsels in die praktyk van die GKSA, realiseer. Hierdie studie is as volg gedoen:

- Daar is vanuit die Sosiologie as hulpwetenskap ondersoek ingestel na godsdienstige sosialisering binne die geloofsgemeenskap (vgl. 2., Hoofstuk 3).
- 'n Literatuurstudie is gedoen oor die kerkbeskouing binne die breër Gereformeerde tradisie van die drie Susterkerke in Suid-Afrika (vgl. 3., Hoofstuk 3).
- 'n Literatuurstudie is gedoen oor die jongmense binne die breër Gereformeerde tradisie in Suid-Afrika se ontevredenheid met die huidige stand van sake in gemeentes, sowel as hulle verwagtinge en behoeftes as deel van die geloofsgemeenskap.
- Daar is veral aandag gegee aan die situasie binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) deur middel van 'n empiriese studie (vgl. 4., Hoofstuk 3). In hierdie studie is 'n kwalitatiewe metode gevolg, waar in-diepteonderhoude, aan die hand van vooraf-gestruktureerde vrae, met 'n vooraf-gekoose groep individue, gevoer is. 'n Stadsgemeente, twee semi-stadsgemeentes en 'n plattelandse gemeente is geïdentifiseer. Daar is altesaam met twintig lidmate uit vier gemeentes van die GKSA onderhoude gevoer.

In hoofsaak het die volgende metateoretiese perspektiewe aan die lig gekom (vgl. 6., Hoofstuk 3):

- Die geloofsgemeenskap is as een van die belangrikste agente in godsdienstige sosialisering geïdentifiseer, wat bevestig dat die geloofsgemeenskap 'n belangrike rol speel in die jongmense se uiteindelijke besluit om belydenis van geloof af te lê.
- Onintensionele sosialisering is baie belangrik in godsdienstige sosialisering en dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op elke volwasse gelowige binne die geloofsgemeenskap.



- Kontak tussen volwasse gelowiges en jong gelowiges is vanweë omgekeerde sosialisering belangrik vir die uiteindelijke welstand van die geloofsgemeenskap.
- Die werklikheid is dat die kerk nie meer altyd die kenmerke vertoon van 'n geloofsgemeenskap wat aan God behoort, deur Jesus Christus gestuur word, en bestaan in en deur die krag van die Heilige Gees nie. Daar het 'n kultuurkerk-situasie ontstaan met die gevolg dat baie Gereformeerde gemeentes gekenmerk word deur formalisme, kerkisme, selfgesentreerdheid, tradisionalisme en 'n na-binne-gerigtheid - eerder as deur 'n koninkryksgerigtheid. 'n Gebrek aan eensgesindheid, liefde teenoor mekaar, entoesiasme en opgewondenheid oor die geloofsgemeenskap en haar roeping in die wêreld, dui daarop dat baie gemeentes nie meer bestaan vanuit en in die krag van die Gees nie. Hiermee het die Bybels-teologiese visie van die kerk in gedrang gekom.
- Uit die groot hoeveelheid jongmense wat na belydenisaflegging nie meer by die onderskeie geloofsgemeenskappe inskakel nie, word dit duidelik dat die gemeentes hulle suigkrag verloor het. Die vernaamste oorsaak hiervan is die feit dat die κοινωνία, κήρυγμα, λειτουργία en διακονία (dit wat die gemeente is, sê, bid en doen) nie meer in kongruensie met mekaar is nie. Jongmense sien nie dat dit wat vir hulle geleer word sigbaar word in die bestaanswyse, aanbidding en dienswerk van die geloofsgemeenskap nie en hulle word nie daarby betrek nie. Die prediking beantwoord dikwels nie die lewensvrae waarmee hulle worstel nie. Die gevolg hiervan is dat die huidige manier van kerk-wees nie meer geloofwaardig is nie. Die jongmense verstaan nie wat die kerk anders maak as ander geloofsgemeenskappe nie.
- Dit het duidelik geword dat die volwasse gelowiges binne die geloofsgemeenskap nie hulle verantwoordelikheid nakom om gemeenskap met jong gelowiges te beoefen - deur hulle te aanvaar, te dien, met woord en daad te onderrig en hulle sodoende vir die geloofsgemeenskap te behou nie. Die vorming tot geloofsvolwassenheid word hoofsaaklik oorgelaat aan die formeel-aangewysde persone wat normaalweg die predikant en die hulpkategete is.
- Jongmense voel nie deel van die geloofsgemeenskap nie omdat hulle nie deur volwassenes ingetrek word en op hulle rol en verantwoordelikhede binne die geloofsgemeenskap gewys word nie. Die jongmense se belewenis is dat volwassenes hulle nie beskou as deel van die gemeente nie. Belydenisaflegging word dikwels deur jongmense en volwassenes gesien as 'n manier waarop jy deel word van die



geloofsgemeenskap, eerder as 'n antwoord op God se beloftes as deel van die ondersteunende gemeenskap van gelowiges.

- Jongmense word nie as deel van die geloofsgemeenskap begelei tot belydenisaflegging, as die hoogtepunt van 'n persoonlike verbintenis aan God en die gemeente, nie. Die probleem is dat volwasse lidmate baie keer 'n voorbeeld stel van 'n vae verbintenis. Lidmate het nie meer 'n vaste verbintenis met die geloofsgemeenskap nie. Daar bestaan onder baie lidmate die idee dat daar tydens belydenisaflegging geen vaste verbintenis oor enige spesifieke geloofsinset gemaak word nie. Die outomatisme in belydenisaflegging het tot 'n groot mate daartoe bygedra dat dit 'n formaliteit geword het en dat daar by baie min mense werklik nog 'n opgewondenheid is oor die geleentheid (vgl. 3.3; 5.5).

Die gevolgtrekking is dus dat daar sekere leemtes in die praktyk is wat veroorsaak dat die praktyk (Hoofstuk 3) nie met die teorie (Hoofstuk 2) ooreenstem nie.

In Hoofstuk 4 is sekere praktykteoretiese riglyne gegee ten einde die praktyk nader aan die teorie te bring. Die oorkoepelende riglyne, na aanleiding van elkeen van die basisteoretiese beginsels, is soos volg saamgevat:

- In die begeleiding van jong gelowiges, het die geloofsgemeenskap in die eerste plek die verantwoordelikheid om 'n visie vir die gemeente te formuleer wat die kerk erken as 'n skepping van God in Jesus Christus, deur die krag van die Heilige Gees, tot diens aan die Koninkryk van God. Hierdie visie moet die onmiddellike konteks van die gemeente in ag neem en moet duidelik aan alle lidmate, en veral aan die jongmense, gekommunikeer word met woord en daad.
- In die begeleiding van jong gelowiges tot belydenisaflegging, het die geloofsgemeenskap die verantwoordelikheid om te verseker dat dit wat die gemeente is (κοινωνία), sê (κήρυγμα), bid (λειτουργία) en doen (διακονία), in kongruensie met mekaar is. Ten einde kongruensie te bewerk moet hierdie vier bedienings met volharding beoefen word en moet die jongmense by alles betrek word. Dit sal die uiteindelik visie van die gemeente as 'n geloofsgemeenskap - en sodoende die gemeente self - geloofwaardig maak, nie net in die oë van ongelowiges nie, maar ook in die oë van jongmense wat in die proses is om 'n




vaste verbintenis te maak. So 'n gemeente sal 'n suigkrag hê in die omgewing waar die Here haar geplaas het - wat jongmense eerder nader trek, as wegstoot.

- In die begeleiding van jong gelowiges tot belydenisaflegging het die geloofsgemeenskap die verantwoordelikheid om gemeenskap met hulle te beoefen deur hulle te aanvaar, te dien en met woord en daad te onderrig. Die aanvaarding van jongmense kom daarop neer dat volwassenes hulle vooroordele en vereistes ten opsigte van jongmense wat nie in Bybelse beginsels gefundeer is nie, ter syde moet stel en jongmense moet aanvaar as medegelowiges. Diens teenoor jong gelowiges kom neer op selfopofferende daade van liefde in diens van die koninkryk, wat spesifiek fokus op jongmense. Die oorkoepelende riglyn ten opsigte van onderrig van die jong gelowiges, is dat dit nie oorgelaat moet word aan enkelinge nie, maar dat die geloofsgemeenskap hulle verantwoordelikheid as agent van godsdienstige sosialisering moet opneem. So sal jong gelowiges begelei word tot geloofsvolwassenheid en navolging van Christus - en sodoende vir die geloofsgemeenskap behoue bly.
- In die begeleiding van jongmense tot belydenisaflegging, het die geloofsgemeenskap die verantwoordelikheid om die jongmense op grond van die verbond en die doop te beskou as deel van geloofsgemeenskap. Die persepsie dat kinders eers deel word van die geloofsgemeenskap na belydenisaflegging, moet verander. Volwassenes moet begelei word in 'n hartsverandering en 'n fokusverskuiwing, sodat belydenisaflegging 'n antwoord word op God se beloftes vanuit en as deel van 'n ondersteunende gemeenskap van gelowiges.
- In die begeleiding van jongmense tot belydenisaflegging, het die geloofsgemeenskap die verantwoordelikheid om besondere aandag te gee aan die persoonlike geloofsverbintenis van die jongmens aan God en die gemeente. Die jongmense se persoonlike verbintenis moet egter gedra word deur 'n kultuur van persoonlike verbintenisse en verantwoordbaarheid vir die verbintenisse binne die geloofsgemeenskap. Belydenisaflegging moet uiteindelik die hoogtepunt van 'n persoonlike verbintenis aan God en die gemeente wees, wat gegrond is in kennis en die gepaardgaande persoonlike toe-eiening van die genade in Christus. Belydenisaflegging moet gebruik word om die hele gemeente weer hulle persoonlike verbintenis aan God en die gemeente te laat beleef.



Grafiese voorstelling van die rol van die gemeente as
'n geloofsgemeenskap in belydenisaflegging:



3. TERREINE VIR VERDERE ONDERSOEK

Gedurende hierdie studie het dit duidelik geword dat verdere studie in die volgende terreine van groot waarde sal wees:

- Die rol van die huisgesin in begeleiding tot belydenisaflegging.
- Die rol van die mentor in begeleiding tot belydenisaflegging.
- Die fundering van belydenisaflegging: 'n Dogmatiese studie.
- 'n Koinoniale benadering tot geloofsonderrig.
- Die invloed van onintensionele godsdienstige sosialisering op die jongmens se verbintenis aan God en die geloofsgemeenskap.



Die rol van die gemeente as 'n geloofsgemeenskap in begeleiding tot belydenisaflegging.

Terwyl belydenis-van-geloofaflegging die hoogtepunt van jongmense se persoonlike verbintenis aan God en die geloofsgemeenskap moet wees, blyk die teendeel hiervan uit die groot getalle jongmense wat die kerk verlaat na belydenisaflegging. 'n Literatuurstudie toon aan dat die pogings om die probleem op te los tot dusver tot 'n groot mate gefokus het op die jongmense wat in die proses is om belydenis af te lê. Hierdie studie stel ten doel om die fokus te verskuif na die geloofsgemeenskap en dan meer spesifiek na die rol van so 'n geloofsgemeenskap in die begeleiding van jongmense tot belydenisaflegging, om hierin 'n oplossing vir die probleem te vind. Die volgende oorkoepelende navorsingsvraag het na aanleiding hiervan aan die orde gekom: Wat is die rol van die gemeente as 'n geloofsgemeenskap in die begeleiding van jong lidmate tot belydenisaflegging? Die werkswyse was soos volg:

- Basisteoretiese beginsels is vanuit die Skrif geformuleer deur literatuurstudies en eksegetiese van toepaslike skrifgedeeltes.
- Metateoretiese perspektiewe het aan die orde gekom deur onder andere gebruik te maak van die hulpwetenskap *Sosiologie*. Dit rol van die geloofsgemeenskap as sosialiseringagent in die godsdienstige sosialisering van die jongmense is ondersoek. Die werklike situasie met betrekking tot die rol van die geloofsgemeenskap in belydenisaflegging het voorts metateoreties aan die orde gekom, deur middel van 'n literatuurstudie oor die situasie binne die breër Gereformeerde tradisie van die drie Susterkerke, sowel as 'n empiriese ontleding van die situasie in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA).
- Praktikteoretiese riglyne is gegee na aanleiding van die hermeneutiese wisselwerking tussen die basisteoretiese beginsels en die metateoretiese perspektiewe.

Die finale gevolgtrekking is dat die gemeente as 'n geloofsgemeenskap een van die belangrikste agente in die godsdienstige sosialisering van die jongmens is - en daarom 'n baie



belangrike rol speel in begeleiding tot belydenisaflegging. Die verantwoordelikheid van die geloofsgemeenskap lê veral op die volgende terreine:

- Die vorming van 'n Bybels-teologiese visie van die kerk/gemeente waaraan die jongmense hulleself kan verbind.
- Die konkretisering van daardie visie deur die vier bedienings (κοινωνία, κήρυγμα, λειτουργία en διακονία) met volharding te beoefen en die hele gemeente (oud en jonk) daarby te betrek, sodat dit wat die gemeente is, sê, bid en doen in kongruensie met mekaar is. Hierdie benadering sal geloofwaardigheid aan geloofsgemeenskap verleen en sodoende die jongmense nader trek.
- Gefokusde gemeenskapsbeoefening met jongmense deur besondere aandag aan die aanvaarding van jongmense, selfopofferende liefdesdiens aan jongmense en die onderrig van jongmense met woord en daad.
- 'n Verandering in persepsie en soms selfs 'n hartsgesindheidverandering ten opsigte van jongmense se deelwees van en inskakeling by die gemeente.
- Die skep van 'n kultuur waarin elke lidmaat erns maak met sy persoonlike geloofsverbintenis en bereid is om verantwoording te doen oor daardie geloofsverbintenis, sodat hierdie kultuur die uiteindelijke geloofsverbintenis van die jongmens tydens belydenisaflegging dra en die belangrikheid daarvan bevestig.



ABSTRACT

The role of the congregation as a community of believers in preparation for and guidance in confirmation.

Although confirmation should be the zenith of a young person's personal attachment to God and the congregation of believers, the exact opposite of this seems to be true when one considers the large numbers of young people that leave the church directly after their confirmation. A literature study shows that attempts to solve this problem have thus far to a large extent focussed on the young people in the process of preparing for confirmation. The purpose of this study is to shift the focus to the community of believers, more specifically to the role of such a community of believers in the guidance of young people in the process of preparing for confirmation, in order to find a solution to the problem. The following research question arose as a result: What is the role of the congregation as a community of believers in the guidance of young members through the confirmation process? The method employed was as follows:

- Basis-theoretical principles were formulated from Scripture as a result of literature studies and exegesis of relevant passages of Scripture.
- Meta-theoretical perspectives came to light by utilisation of the auxiliary science, Sociology, amongst other things. The role of the community of believers as a socialising agent of the youngsters was examined. The actual situation regarding the role of the community of believers in confirmation was examined meta-theoretically by means of a literature study on the situation within the broader Reformed tradition of the three Sister Churches, together with an empirical analysis of the situation within the Reformed churches of South Africa.
- Practical-theoretical guidelines were given following the hermeneutical interaction between the basis-theoretical principles and the meta-theoretical perspectives.

The final conclusion is that the congregation as a community of believers is one of the most important agents in the religious socialisation of young people and therefore plays a very



important role in preparing them for and guiding them in confirmation. The responsibility of the community of believers lies on the following levels:

- The shaping of a Biblical vision of the church or congregation that the young people can commit to.
- The concretion of this vision by means of the persistent practice of the fourfold ministry (κοινωνία, κήρυγμα, λειτουργία and διακονία), while simultaneously involving the whole congregation (young and old) in order that everything the congregation is, says, prays and does, is in congruence. This approach will lend credibility to the community of believers and by doing this the young people will be drawn closer.
- Focused community pursuit with special attention given to the acceptance of the young people, self-sacrificing and loving service towards the youths, as well as the verbal and practical teaching and instruction of the youngsters.
- A change in perception and sometimes a change of attitude of heart regarding the inclusion and participation of young people in the congregation.
- The creation of a culture in which every member earnestly considers his personal religious commitment and is prepared to be held responsible for this commitment. Such a culture of personal religious commitment, together with accountability to that commitment will carry the youths through their own personal commitment within confirmation, while confirming the importance of such a commitment at the same time.



SLEUTELTERME / KEY TERMS

Belydenisaflegging / Confirmation

Diakonia

Geloofsgemeenskap / Faith community

Gemeenskap van gelowiges / Communion of the Saints

Kerk (gemeente) / Church (congregation)

Kerugma

Koinonia

Leitourgia

“Mekaar”-tekste / The “One anothers”

Sosialisering / Socialization



BIBLIOGRAFIE

- ALEXANDER, D. & ALEXANDER, P. 1998. *Handboek by die Bybel*. Lux Verbi : Kaapstad. (*In Scholar's Library*) [CD-ROM.]
- ANON. 2002a. The "One Anothers" of the New Testament. [Web:] <http://harvestumc.com/groups3.html> [Datum van toegang: 10 Jun. 2003].
- ANON. 2002b. The one others of Scripture. [Web:] <http://www.gbfc.org/one-anothers.html> [Datum van toegang: 10 Jun. 2003].
- ANON. 2002c. One Another's. [Web:] http://www.mecf.net/one_anothers.html#top [Datum van toegang: 10 Jun. 2003].
- ANON. 2002d. One Others. [Web:] <http://www.marriedadults.com/oneanother.php> [Datum van toegang: 10 Jun. 2003].
- BANDURA, A. 1986. Social foundations of thought and action. A social cognitive theory. New Jersey : Prentice-Hall.
- BEASLEY-MURRAY, G.R. 1987. Word Biblical commentary Vol. 36. John. Waco, Texas : Word Books.
- BLAIKLOCK, E.M. 1961. The Acts of the apostles. London : Tyndale (The Tyndale New Testament Commentaries).
- BOER, J.H., *red.* 1996. Pentecostal challenge. Jos, Plateau State : Christian Reformed Church of Nigeria.
- BOSHOFF, C.H. 1983. Die jongmens in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Potchefstroom : PU vir CHO. (Ongepubliseerde verslag.)



- BOUWER, J. 2002. Dat hulle kan opgroei. [Web:] <http://www.radiokansel.co.za/berading/boek/hoofstuk16.html> [Datum van toegang: 10 Jun. 2003].
- BOY, N. 1991. Herderlike bediening aan die jeug na belydenisaflegging. *Die Goue Kandelaar*, 30:19-21.
- BREED, G. 1994. Kategese en Geloofsopvoeding. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – D.)
- BRUCE, F.F. 1952. The acts of the apostles: The Greek text with Introduction and Commentary. London : Tyndale Press.
- BURGER, C. 1991. Gemeente en Bediening: Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap. Kaapstad : Lux Verbi.
- BURGER, C. 1999. Gemeentes in die kragveld van die Gees. Stellenbosch : BUVTON.
- BURGER, C. 2001. Ons weet aan wie ons behoort. Nuut gedink oor ons gereformeerde tradisie. Wellington : Lux Verbi.
- BUYS, P.W. 1980. Gemeente en evangelisasie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir Reformatoriese Studies. Studiestuk nr. 196.)
- BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganse heilige skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- CALHOUN, C., LIGHT, D. & KELLER, S. 1997. Sociology. 7th ed. New York : McGraw-Hill.



- CALVYN, J. 1984 [1559]. Institusie van die Christelike Godsdiens. Uit die Latyn en Oud-Frans vertaal deur H.W. Simpson. 4 vols. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds.
- CALVYN, J. 1965 [1554]. The acts of the apostles I-13. Calvin's commentaries. Uit die Latyn vertaal deur J. W. Fraser & W.J.G. McDonald. Grand Rapids, Michigam : Eerdmans.
- COETZEE, J. 1998. Is jy 'n Stiefkind van die Moderne Kerk? Sonlandpark : Woordverspreiding.
- COMBRINK, V. 1987. Die Gemeenskap van die Heiliges. Potchefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir Reformatoriese studies. Studiestuk nr. 230.)
- DE BRUYN, P. 1997. Jou enigste troos. PU vir CHO : Potchefstroom. (*In Scholar's Library.*) [CD-ROM.]
- DE BRUYN, P.J. 1996. Sekularisasie en die roeping van die kerk. *In die Skriflig*, 30(1):73-95.
- DE KLERK, B.J. 1999. Voortgaande begeleiding van die na-belydenisgroep. *Die Kerkblad*: 31-32. 25 Augustus.
- DE KOCK, H.K. 2003. Pyprook, kleingroepies en ander kerkstories tussen Potch en Klerksdorp. Potchefstroom : Rissikstraat 160A.
- DE VILLIERS, J.L. 1985. Die Teologie van Handelinge. (*In Handleiding by die Nuwe Testament. Bundel V.* Pretoria : N.G. Kerk-Uitgewers. p.218-266.)
- DE WITT, M.W. & BOOYSEN, M.I. 1995. Socialization of the young child. Pretoria : Van Schaik.



- DREYER, T.J.F. 1995. Implikasies van die kommunikatiewe handelingsteorie vir 'n prakties-teologiese perspektief op ekklesiologie. *Hervormde Teologiese Studies*, 51(3):792-805.
- DU PLESSIS, I.J. 1993. Handeling. (In Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., reds. Die Bybel in Pratktyk. Vereniging : CUM.) (In Scholar's Library) [CD-ROM.]
- DU PLOOY, A. Le R. 1979. Ekklésia en Meerdere Vergaderinge. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – M.Th.)
- DU RAND, J.A. 1985. Die dinamiek van Christenskap – Koinonia. *Fax Theologia*, 5(1): 55-76.
- DU RAND, J.A. 1993. (In Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., reds. Die Bybel in Praktyk. Vereniging : CUM. p.1723-1754.)
- DUDLEY, C.S. 1994. Continual Confirmation. *Christian-Ministry*, 25:9, Jul-Aug.
- DUNN, D.W.R. 1999. The challanges facing the individual in and outside the Christian Church. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie – Th.M.)
- DUVENHAGE, S.C.W. 1962. Kerk, Volk en Jeug. Zaandijk : J. Heijnis Tsz.
- ERASMUS, J.A. 2001. Die praktyk van jeugbediening binne Gereformeerde gemeenteopbou. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling - M.Th.)
- GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1997. Handeling van die ses-en-veertigste nasionale sinode te Potchefstroom op 6 Januarie en volgende dae. Pretoria : V & R Drukkery.
- GETZ, G.A. 1976. Building up one another. Wheaton : Victor Books.



GROENEWALD, E.P. 1998. Die Evangelie van Johannes. Kaapstad : N.G. Kerk uitgewers.
(*In Scholar's Library.*) [CD-ROM.]

GROSHEIDE, F.W. 1942. Handeling. Amsterdam : H.A. van Bottenbrug (Kommentaar op het Nieuwe Testament).

GROSHEIDE, F.W. 1954. Mattheus. Kampen : Kok (Kommentaar op het Nieuwe Testament).

GROSHEIDE, F.W. 1962. Korte Verklaring der Heilige Schrift: Handeling. Kampen : Kok.

GUTHRIE, D. 1996. New Testament introduction. Downers Grove, Ill : Inter-Varsity Press.
(*In Scholar's Library.*) [CD-ROM.]

HAGNER, D.A. 1995. Matthew 14-28. Volume 33B. Dallas, Texas : Word Books.
(Word Biblical Commentary.)

HANEKOM, A.R. & HENDRIKS, H.J. 1996. Belydenisaflegging as oorgangsritueel.
Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif, 37(4):642-652.

HEITINK, G. 1999. Practical Theology: history, theory, action domains. Translated by Reinder Bruinsma. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

HENDRIKS, H.J. 1990. Komplementerende koinonia verbande. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 31(1):99-108.

HENRY, M. 1996. Matthew Henry's commentary on the whole Bible. Hendrickson : Peabody. (*In Scholar's Library.*) [CD-ROM.]



- HEYNS, J.A. 1981. Dogmatiek. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.
- HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. Eerste tree in die Praktiese Teologie. Pretoria : Gnosis.
- HEYSTEK, P.H. 2000. 'n Prakties-teologiese ondersoek van die "mekaar"-opdragte in die *corpus paulinum* met die oog op kerklike geloofsgemeenskap. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)
- HONEYCUTT, R.L. 1970. The child within the Old Testament community. (In Ingle, C., red. Children and conversion. Nashville, Tenn. : Broadman Press.)
- JOUBERT, S. 1999. Handelinge. (In Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., reds. Die Bybel in Praktyk. Vereniging : CUM. p.1645-1722.)
- KEENER, C. S. 1993. The IVP Bible background commentary : New Testament (Mt 16:18). Downers Grove, Ill : InterVarsity Press. (In Scholar's Library.) [CD-ROM.]
- KILIAN, A.P. 1992. Geloofsbeslissing en geloofsbelydenis: 'n Prakties-teologiese ondersoek na die teorie en praktyk van belydenisaflegging in die Nederduitse Gereformeerde kerk. Pretoria : UP. (Proefskrif – D.Div.)
- KNUTTILA, M. 1996. Introducing sociology. A critical perspective. Ontario : Oxford University Press.
- KÖNIG, A. 1995. Stof jou doop af. Kaapstad : Lux Verbi
- KRUGER, A.C.M. 1989. Identifisering van die begaafde voorskoolse kind. Pretoria: UNISA. (Verhandeling - M.Ed.)



- KÜNG, H. 1968. *The Church*. Uit die Duits vertaal deur Ray en Rosaleen Ockenden. London : Search Press.
- LAWSON, S.J. 2001. The Priority of Biblical Preaching: An Expository Study of Acts 2:42-47. *Bibliotheca Sacra*, 158:198-217, April-June.
- LEUSCHNER, F.W. 2001. Die Erediens as instrument in gemeentebou. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie – Th.M.)
- LOUW, D.J. 1996. Praktiese Teologie in sosiologiese perspektief – enkele kritiese vrae met die oog op teologiese teorievorming. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 11(1):23-37.
- LOUW, D.J. 1998. Hoe teologies is die Praktiese Teologie en hoe prakties is die Teologie? Ontwerp vir 'n prakties-teologiese hermeneutiek. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 13(1):43-63.
- LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1989. Greek English lexicon of the New Testament based on semantic domains. Vol. 1. New York : United Bible Societies.
- LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1995. Louw-Nida Greek-English Lexicon Based on Semantic Domains. New York : United Bible Societies. (*In Bible Works*.) [CD-ROM.]
- MACARTHUR, J.F. 1994a. Acts 1-12. Chicago : The Moody Bible Institute. (The MacArthur New Testament commentary.)
- MACARTHUR, J.F. 1994b. Romans 9-16. Chicago : The Moody Bible Institute. (The MacArthur New Testament commentary.)
- MILLER, P. 1998. Don't Start a Youth Group. *The Christian Ministry*, 29(3):24-25,36. May-June.



- MOLLER, F. 1999. Woorde van lig en lewe : 'n dogmatiese studie. Evangelie Uitgewers: Westhoven. (*In Scholar's Library.*) [CD-ROM.]
- MORGAN, G.C. 1946. The acts of the apostles. London : Picering & Inglis.
- MÜLLER, J. 1996. Om tot verhaal te kom: Pastorale gesinsterapie. Pretoria : RGN.
- MYERS, W.R., *red.*, HALSTEAD, G., KINDER, B., KIRCHHERR, R. & NELSON, T. 1993. *Becoming & Belonging*. Cleveland, Ohio : United Church Press.
- NEL, M. 1983. Die verbondskind. Potchefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir Reformatoriese studies. Studiestuk nr. 185.)
- NEL, M. 1994. Gemeentebou. Halfway House : Orion.
- NEL, M. 1998. Jeugbediening. 'n Inklusiewe gemeentelike benadering. Pretoria : RGN.
- OOSTENBRINK, J. & LOTTER, G. 1999. Die Groot God by kleingroepe. Potchefstroom : DPM.
- OOSTENBRINK, J.W. 1996. Korporatiewe spiritualiteit en kleingroepleierskap. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)
- ORTBERG, J. 1999. Build community. Grand Rapids, Michigam : Zondervan.
- PFEIFFER, C. F. 1962. The Wycliffe Bible commentary : New Testament. Moody Press: Chicago. (*In Scholar's Library.*) [CD-ROM.]
- POPENOE, D., CUNNINGHAM, P. & BOULT, B. 1998. Sociology. First South African edition. Suid-Afrika : Prentice Hall.
- POSTMA, W. 1918. Te vroeg belydenis van geloof. *Kerkblad*: 13-14. 15 Februarie.



- PRINS, J.G.M. 1991. Kategese en geloofsoordrag deur sosialisering. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 32(2):250-259.
- PSALMBOEK. 1999. Die berymde Psalms in gebruik by Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, en Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : Calvyn-Jubileumboekfonds.
- RICHARDS, L.O. & BREDFELDT, G.J. 1998. Creative Bible Teaching. Chicago : Moody Press
- RIDDERBOS, H. 1966. Paulus: Ontwerp van zijn Theologie. Kampen : Kok.
- RIDDERBOS, H.N. 1946. Korte Verklaring der Heilige Schrift: Mattheüs. Kampen : Kok.
- ROBERTSON, A. 1997. Word Pictures in the New Testament. Oak Harbor : Logos Research Systems. (*In Scholar's Library.*) [CD-ROM.]
- SCHAEFER, R.T. & LAMM, R.P. 1992. Sociology: a brief introduction. 2nd ed. New York : McGraw-Hill.
- SMELSER, N.J. 1995. Sociology. 5th ed. Englewood Cliffs, New Jersey : Prentice-Hall.
- SMITH MCCALL, P. 2001. All in the family: Don't isolate youth in 'youth programmes'. *Christian Century*, 118(13):22-23. 18-25 April.
- SNYMAN, W.J. 1977. Nuwe en ou dinge "uit die skat van die koninkryk". Potchefstroom : Pro Rege.
- SPOELSTRA, T.T. 1956. Te vroeg belydenis van geloof? *Kerkblad*: 6-7. 7 Maart.



- STEELE, D.M. 1995. With All God's People : Toward a Protestant Reclaiming of the Communion of the Saints. *Theology-Today*, 51:539-547.
- STRONG, J. 1996. The exhaustive concordance of the Bible. Ontario : Woodside Bible Fellowship. (*In Bible Works.*) [CD-ROM.]
- TOLMIE, F. 1999. Galasiërs. (*In Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., reds. Die Bybellenium. Vereniging : CUM. p.1547-1563.*)
- VAN BRUGGEN, J. 1990. Matteüs: Het evangelie voor Israël. Kampen : Kok (Commentaar op het Nieuwe Testament.)
- VAN DEN HEEVER, C. 2002. Fasette van gelowiges se betrokkenheid by mekaar. [Web:] <http://www.interkerk.com/koinonia1.html> [Datum van toegang: 10 Jun. 2003].
- VAN DER ELST, J & VAN DER WALT, E. 1998. Handleiding vir bibliografiese styl. Potchefstroom : PU vir CHO. (Diktaat D225/97.)
- VAN DER KLASTHORST. 2003. Schemes, vrouens, familie en karre: Hoe om jou kop bo die finansiële verdrinkwater te hou. Potchefstroom : Mooivallei plot nr. 6.
- VAN DER LINDE, G.P.L. 1962. Die Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)
- VAN DER MERWE, J.F. & BEUKES, M.J du P. 1991. Die aktualisering van die gemeenskap van die gelowiges binne die erediens. *Hervormde Teologiese Studies*, 47(3): 635-655.
- VAN DER MERWE, M. 1999. Wat vra jongmense van die Kerk? *Die Voorligter*, 64(4):22 April.



- VAN DER MERWE, R.M. 1997. Toelating tot diens van Woord na afsetting. Potchefstroom : PU vir CHO.
- VAN DER VEN, J.A., DREYER, J.S. & PIETERSE, H.J. 1997. Belief in God among South African youth and its relation to thier religious socialization and praxis. *Hervormde Teologiese Studies*, 53(3):867-873.
- VAN DER WALT, B. 1976. Rypheid en Aflegging van Geloofsbelydenis. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – Th.M.)
- VAN DER WALT, B.J. 1999. Naby God: Christen en kerk op die drumpel van spiritualiteit. Potchefstroom : Instituut vir Reformatoriese Studies. (Wetenskaplike bydraes vir die PU vir CHO. Reeks F2 : Brosjures van die Instituut vir Reformatoriese Studies. Nommer 74, 1999.)
- VAN DER WALT, S.J. 1950. Wanneer moet geloofsbelydenis gedoen word? *Gereformeerde Vroueblad*: 6-7. Oktober.
- VAN DER WATT, J.G. 1999a. Johannes. (In Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., *reds.* Die Bybellenium. Vereniging : CUM. p.1314-1370.)
- VAN DER WATT, J.G. 1999b. Kolossense. (In Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., *reds.* Die Bybellenium. Vereniging : CUM. p.1594-1606.)
- VANDER ZEE, L.J. 1995. Cultivating Faith. *Reformed Worship*, 36:18
- VAN GENDEREN, J. & VELEM, W.H. 1992. Beknopte Gereformeerde Dogmatiek. Kampen : Kok.
- VAN GORSEL, W. 1978. Doop en Belijdenis. Huizen : J. Bout & Zonen.



- VAN RENSBURG, F.J. 1993. (In Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., *reds.* Die Bybel in Pratyk. Vereniging : CUM. p.1723-1754.)
- VAN RENSBURG, F.J. 1993. Galasiërs. (In Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., *reds.* Die Bybel in Pratyk. Vereniging : CUM. p.1804-1820.)
- VAN WYK DE VRIES, K.S. 1956. Te vroeg belydenis van geloof? *Kerkblad*: 9-10. 4 April.
- VAN WYK, G. & VENTER, C.J.H. 1993. Die gelowige ouer as geloofsvoorbeeld: Praktiese-teologiese perspektiewe op toerusting. (Ongepubliseer.)
- VAN WYK, I.W.C. 1995. Die gemeenskap van die heiliges. *Hervormde Teologiese Studies*, 51(3):732-752.
- VAN WYK, J.H. 1972. "Rypheid" en belydenisaflegging van die geloof. *In die Skriflig*, 6(21):33-40, Maart.
- VAN WYK, J.H. 2001. Geloof, etnisiteit en kontekstualiteit: 'n Ondersoek na hulle relasie en relevansie vir kerk- en Christenwees. *In die Skriflig*, 35(3):347-371.
- VAN ZYL, A. 1997. Die Bybel verklaar: 1983-vertaling. Lux Verbi : Kaapstad. (In Scholar's Library.) [CD-ROM.]
- VAN ZYL, H.C. 1999. Matteus. (In Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., *reds.* Die Bybellenium. Vereniging : CUM. p.1111-1187.)
- VENTER, A.G.S. 1986. Die werk van die Heilige Gees in die opbou van die Kerk volgens Handeling. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)
- VENTER, C.J.H. 1992. Diakoniologie en rasionaliteit – 'n verkenning. *In die Skriflig*, 26(1):29-51.



- VENTER, C.J.H. 1996. Die Woord in die werklikheid. Wetenskapeteoretiese perspektiewe op Diakoniologie. *In die Skriflig*, 29(1&2):181-202.
- VERGEER, W.C. 1999. Romeine. (*In Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., reds. Die Bybellenium. Vereniging : CUM. p.1448-1491.*)
- VERSTEEG, J.P. 1980. Oog voor elkaar. Kampen : Kok.
- VORSTER, J.M. 1996. Is die kerk funksioneel? Gedagtes oor gereformeerde kerkvernuwing in 'n postmoderne konteks. Noordbrug : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- VOS, C.J.A. & PIETERSE, H.J.C. 1997. Hoe lieflik is u woning: Studies in Praktiese Teologie. Pretoria : RGN.
- WALVOORD, J. F. 1985. John. Wheaton, Illinois : Victor Books. (The Bible knowledge commentary.) (*In Scholar's Library.*) [CD-ROM.]
- WESTERHOF, J.H. 1976. Will Our Children Have Faith? New York : Seabury.
- WIERSBE, W. W. 1996. The Bible exposition commentary. Wheaton, Illinois : Victor Books. (*In Scholar's Library.*) [CD-ROM.]
- YURS, M.E. 1999. Confirmation or Graduation? Six ways to help youth and adults reaffirm their faith. *Christian-Ministry*, 30:16-19, Jul-Aug.
- ZERFASS, R. 1974. Praktische Teologie als Handlungswissenschaft. (*In Klostermann, F. & Zerfass, R. Praktische Teologie heute. München : Kaiser. p.164-177.*)
- ZWEMSTRA, H.M. 2003. Etiese riglyne vir die praktiese hantering van lui klasmaats en ander kabouters. Potchefstroom : Frangipanie.

